# PASTORALE BERADING VAN DIE VADER IN DIE POSTMODERNE GESIN.

**Innes Johannes Hermias Visagie**
**B.A., B.Th., B.A. Hons. (Filosofie), M.A. (Filosofie)**

Proefskrif voorgelê ter nakoming van die vereistes vir die
Philosophiae Doctor
in Pastoraal
aan die
Noordwes-Universiteit
(Potchefstroom kampus)

Promoter: Prof.dr. G.A. Lotter
Noordwes-Universiteit
Potchefstroom
Mei 2005

**HIERDIE STUDIE WORD OPGEDRA AAN ELKE VADER WAT DIE WONDER VAN VADERSKAP BELEEF, WIL VERRYK EN VERDIEP UIT DANKBAARHEID TEENOOR DIE VADER VAN ALLE VADERS: GOD DRIE-ENIG**

## VOORWOORD:

Dat ek my kon verdiep het in God se Vaderhart en daaruit vir my eie vaderskap kon tap, is 'n ervaring wat vir altyd vernuwend op my sal inwerk.

Graag wil ek langs hierdie weg my opregte dank en waardering teenoor elkeen uitspreek wat my in hierdie navorsingsproses ondersteun en bygestaan het:

- Prof. G.A. Lotter, my promotor, vir sy gemotiveerde en uiters bekwame leiding en veral omdat hy vir my die geleentheid tot hierdie navorsing moontlik gemaak het.
- Die personeel van die Teologiese- en Ferdinand Postma Biblioteek van die Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus vir professionele diens en hulpvaardigheid.
- My dank aan die Noordwes-Universiteit vir die finansiële ondersteuning wat ek ontvang het.
- Die respondente wat onderhoude toegestaan het.
- Kennisse, vriende en familie wat ondersteunend en geduldig was.
- Aan my kerkraad en die gemeente van King William's Town wat dit aan my gegun het om met hierdie navorsing besig te kon wees.
- Dankie aan my moeder wat as 'n jong weduwee beide die rol van moeder en vader moes opneem en met onderskeiding daarin geslaag het. Dankie aan my skoonouers wat reeds vir jare my ouers is.
- 'n Baie groot dank aan my familie vir hul onberekenbare opofferings. Aan Anne-Marie, my vrou, wat behalwe vir haar liefde, my ook nog *verstaan* en daarom *laat staan* het om deur die nagte te kon werk. Dan is sy ook nog die beste moeder wat 'n kind kan hê. Dankie aan my kinders, Herman, Regardt, Marna en Jozua. Geseënd met sulke wonderlike kinders, sal ek altyd, bewus van my tekortkominge, bly streef om 'n beter pa vir hulle te wees.
- Ek dank God wat ook hierdie kinderlike gebed as my Vader beantwoord het.

INHOUDSOPGAWE: Bladsy

HOOFSTUK 1

INLEIDING

1.1. Inleiding 12
1.2. Aanloop tot die ondersoek 12
1.3. Samevattend 15
1.4. Die postmoderne gees 16
1.5. Vaderskap binne die postmoderne tydsgees 17
1.6. Vaderskap binne die Bybelse konteks 18
1.7. Die navorsingsprobleem 18
1.8. Navorsingsdoelstelling 19
1.9. Sentrale teoretiese argument 19
1.10. Metode 19
1.10.1. Metateorie 20
1.10.2. Basisteorie 20
1.10.3. Praktykteorie 21
1.11. Hoofstukindeling 21
1.12. Skematiese voorstelling om korrelasie aan te toon 22

HOOFSTUK 2

METATEORETIESE PERSPEKTIEWE OP DIE ROL VAN DIE VADER IN DIE POSTMODERNE GESIN

2.1. Inleiding 23
2.2. Die definisie van 'n metateorie 23
2.3. Metateoretiese perspektiewe 24
2.3.1 Die aard en wese van vaderskap aan die verander 25
2.3.2 Die uitdaginge van hierdie veranderinge 26
2.3.3 Die teoretiese vertrekpunte van navorsing t.o.v. vaderskap 27

2.4. 'n Skematiese voorstelling ten einde die teoretiese navorsing te kan kategoriseer 27

2.5. 'n Ideologiese en mitologiese oorsig oor die rol en betekenis van die vaderfiguur 29

2.5.1. Vader as skepper in die mitologiese verhale 30

2.5.2. Verworwe vaderskap bring permanensie 33

2.5.3. Beperkinge op die man se onafhanklikheid en mag 33

2.5.4. Die vader as versorger 34

2.5.5. Metafore as hermeneutiese sleutels vir vaderskap 35

2.5.5.1 Die vader as koning 36

2.5.5.2 Die vaderskap as deel van 'n ewewigtige ouerskap ("dyadic parents") 36

2.6. Die invloed van die historiese en sosiale veranderinge op die ontwikking van die rol van die vader 37

2.6.1. Die jagters era 39

2.6.2. Die landbou era 39

2.6.3. Die patriargale vader 40

2.6.4. Die industriële era 41

2.6.5. Die twintigste eeu en die Twee Wêreld Oorloë 43

2.6.6. Die tydperk na die Twee Wêreld Oorloë 44

2.6.7. Die een-en-twintigste eeu 45

2.6.8. Opsommend 45

2.7. Die belewinge en rol veranderinge van die vaders in die moderne en postmoderne tyd 46

2.7.1. Vaderskap binne kerngesin toenemend ondersoek 47

2.7.2. Die rolle van die vader binne die kerngesin 48

2.7.2.1. Vier kategorieë van versorging 49

2.7.2.2. Toepassing van die versorgingskategorieë 50

2.7.2.3. Die bevindinge ten opsigte van elk van die vier kategorieë 50

2.7.3. Vaders ten opsigte van primêre versorging 51

2.7.4. Moeders ten opsigte van primêre versorging 53

2.7.5. Verdeling van versorgingstake binne die gesin 56

2.7.6. Die invloed van die veranderde versorgingsrolle op die vader en die moeder 58
2.7.7. Opsommend 63
2.8. Perspektiewe ten opsigte van die aard en wese van vaderskap vanuit die psigo-analitiese teorie 64
2.8.1. Vaderskap: die psigologiese uitwerking daarvan op die man 64
2.8.2. Die ontwikkeling van kind tot volwasse man en vader 69
2.8.3. Die psigo-analise van die vader-kind verhouding 79
2.8.3.1. Die invloed van die vader op seuns 84
2.8.3.2. Die vader en dogter verhouding 87
2.8.4. Sekere teoretiese aannames ten opsigte van die invloed van vaders verkeerd bewys 91
2.8.5. Samevattend 93
2.9. Veranderinge in die familie en gepaardgaande ontluikende beleide ("policies") of tendense 94
2.10. Vaderskap in die toekoms 94
2.11. Samevatting 95
2.12. Die empiriese navorsing 97
2.12.1. Inleiding 97
2.12.2. Doelwit 97
2.12.3. Kwalitatiewe ondersoek 97
2.12.4. Rasionaal 97
2.12.5. Metode van ondersoek 98
2.12.6. Vraelys: onderhoude met vaders 98
2.12.6.1. Persoonlike gegewens (vrae: 1- 3) 98
2.12.6.2. Huwelik (vrae: 4 - 7) 98
2.12.6.3. Ouerhuis (vrae 8 - 12) 98
2.12.6.4. Die uitwerking van vaderskap op jou lewe (vrae: 13 - 27) 99
2.12.6.5. Jou beskouing van vaderskap (vrae: 28 - 37) 100
2.12.6.6. Jou vaderskap en godsiens (vrae: 38 - 56) 100
2.12.6.7. Afronding (vrae: 57 - 58) 101
2.12.7. Mededelings deur respondente 102
2.12.7.1. Respondent A 102

2.12.7.2. Respondent B 104
2.12.7.3. Respondent C 106
2.12.7.4. Respondent D 107
2.12.7.5. Respondent E 108
2.12.8. Gevolgtrekkings uit empiriese ondersoek 110
2.12.8.1. Vaderskap en veranderinge 110
2.12.8.2. Die wese en aard van vaderskap volgens respondente 110
2.12.8.3. Die verhouding God die Vader en die vaderskap van die respondente 111
2.12.9. Samevattinge 111
2.13. Ten slotte 112

**HOOFSTUK 3**

**BASISTEORETIESE PERSPEKTIEWE TEN OPSIGTE VAN DIE ROL VAN DIE VADER TE MIDDE VAN DIE POSTMODERNISME**

3.1. Inleiding 113
3.2. Doelstellings vir hierdie hoofstuk 113
3.3. 'n Lewens-en-werklikheidsbeskouing en die ondersoek na die postmoderne vader 114
3.4. Afbakening 116
3.5. Metodologie 117
3.6. Die metafoor: vader 118
3.6.1. Die ontstaan en ontwikkeling van die vader-metafoor vir God soos ons dit in die Skrif vind 121
3.6.2. Die ontstaan en ontwikkeling van God as "manlik" 123
3.6.3. Van 'n patriargaal gestruktureerde samelewing tot patriargalisme 125
3.6.4. Patriargalisme en die feministe 126
3.6.5. Patriargalisme en die vader in die postmoderne era 130
3.7. Skrifgedeeltes oor die Vaderskap van God 132

3.7.1. Die Ou Testamentiese gebruik van die begrip "Vader" met verwysing na God 132
3.7.1.1. Deuteronomium 133
3.7.1.2. Jesaja 133
3.7.1.3. Jeremia 134
3.7.1.4. Maleagi 134
3.7.1.5. God as Vader van die koning van Israel 134
3.7.1.6. Die kindskap van Israel 135
3.7.1.7. Ander volkere se beskouinge van God of gode 136
3.7.1.8. Samevattend 136
3.7.2. Die Nuwe Testamentiese gebruik van die begrip "Vader" met verwysing na God 136
3.8. Die kulturele konteks van die familie opset in die vroeg Christelike kerk 140
3.9. Mensbeskouing en huweliksbeskouing om patriargalisme te oorkom 146
3.10. Gevaar om "vader" konsep van God te laat vaar 154
3.11. Voorlopige gevolgtrekkinge met betrekking tot die rol van die vader gegrond op basisteoretiese perspektiewe 155

HOOFSTUK 4

PRAKTYKTEORETIESE PERSPEKTIEWE VIR DIE PASTORALE BEGELEIDING VAN DIE VADER BINNE DIE POSTMODERNISTIESE ERA

4.1. Inleiding 157
4.2. Doelstelling 157
4.3. Afbakening van die hoofstuk 158
4.4. Aanleidende oorsake tot pastorale berading aan vaders 158
4.5. Die bron van kennis en inligting vir berading ten opsigte van vaderskap 161
4.6. Die verloop van die beradingsproses aan postmoderne vaders 161
4.7. Die psigologiese prosesse van verandering binne die vader tydens berading 163

4.8. Skriftuurlike riglyne vir postmoderne vaders 166
4.8.1. Postmoderne vaders aanvaar volle verantwoordelikheid vir hul kinders 167
4.8.2. Postmoderne vaders is op 'n voortgaande en deurlopende basis betrokke by hul kinders 170
4.8.3. Postmoderne vaders se emosionele betrokkenheid 170
4.8.4. Postmoderne vader en gesag 171
4.8.5. Vaders moet met kinders drome kan deel 172
4.8.6. 'n Aardse vader se nalatenskap en erfenis 173
4.8.7. Vaders moet so optree dat kinders se gesindheid teenoor hulle een is van respek en verwondering 173
4.8.8. Verwondering 173
4.8.9. Kinders volg die voorbeeld 174
4.9. Program vir postmoderne vaderskap 175
4.9.1. Inleiding: nuwe tendense van postmoderne vaderskap 176
4.9.2. Deel vaderskap ervarings 176
4.9.3. Vaders in die media 180
4.9.4. God as Vader is 'n voorbeeld van goeie vaderskap 181
4.9.4.1. God die Vader as voorbeeld van vaderskap 181
4.9.4.1.1. Inleidend 181
4.9.4.1.2. Basiese riglyne vir vaderskap na aanleiding van God se Vaderskap 182
4.9.4.2. Die genererende krag van God tot 'n nuwe begrip en uitleef van vaderskap 184
4.9.4.3. Hoe lyk God se Vaderhart? 185
4.9.5. Praktiese vaderskap: 185
4.9.5.1. Liefde (1 Korintiërs 13:4-5) 185
4.9.5.2. Kommunikasie (Jakobus 1:19) 185
4.9.5.3. Beskikbaarheid (Deuteronomium 6:7) 186
4.9.5.4. Voorsiening (1 Timoteus 5:8) 186
4.9.5.5. Opleiding (Spreuke 22:6) 186

4.10. Samevatting 186

**HOOFSTUK 5**

**FINALE SAMEVATTING**


| | | |
|---|---|---|
| **5.1** | **Samevatting van hoofstuk 2** | **188** |
| **5.2** | **Samevatting van hoofstuk 3** | **188** |
| **5.3** | **Samevatting van hoofstuk 4** | **189** |
| **5.4** | **Aanbevole terreine vir verdere studie** | **190** |
| **5.5** | **Abstract** | **190** |
| **5.6** | **Key terms** | **192** |
| **5.7** | **Opsomming** | **192** |
| **5.8** | **Sleutelterme** | **194** |
| **5.9** | **Bibliografie** | **195** |

**Cats in the Cradle: by Sandy and Harry Chapin:**

My child arrived just the other day
He came to the world in the usual way -

But there were planes to catch and bills to pay
He learned to walk while I was away
And he was talkin fore I knew it and as he grew he'd say
I'm gonna be like you, Dad
You know I'm gonna be like you.
*And the cat's in the cradle and the silver spoon*
*Little boy blue and the man in the moon*
*When you comin' home, Dad*
*I don't know when*
*But we'll get together then - you know we'll have a good time then*

My son turned 10 just the other day
He said, Thanks for the ball, Dad, com'on let's play
Can you teach me to throw?
I said not today, I got a lot to do
He said, That's okay
And he walked away but his smile never dimmed
It said :
I'm gonna be like him, yeah,
you know I'm gonna be like him.

*And the cat's in the cradle and the silver spoon*
*Little boy blue and the man in the moon*
*When you comin' home, Dad*
*I don't know when*
*But we'll get together then-*
*you know we'll have a good time then*

Well he came home from collge just the other day
So much like a man I just had to say
Son, I'm proud of you, can you sit for a while
He shook his head and said with a smile
What I'd really like, Dad, is to borrow the car keys
See you later, can I have them please?

*When you comin home, Son?*
*I don't know when*
*But we'll et together then*
*You know we'll have a good time then*

I have long since retired, my son's moved away
I called him up just the other day
I said I'd like to see you if you don't mind
He said, I'd love to, Dad - if I can find the time

You see my new job's a hassle and the kids have flu
But it's sure nice talkin to you, Dad
It's been nice talking talking to you

And A I hung up the phone, it occurred to me -
He'd grown up just like me; my boy was just like me

*And the cat's in the cradle and the silver spoon*
*Little boy blue and the man in the moon*
*When you comin' home, Son?*
*I don't know when*
*But we'll get together then, Dad,*
*We're gonna have a good time then*

# HOOFSTUK 1

## 1.1 INLEIDING

'n Nuwe verstaan van wat vaderskap in die postmoderne tyd beteken is besig om vorm aan te neem. (Sullivan, 2000:46)

## 1.2. AANLOOP TOT DIE ONDERSOEK

Dit is hoofsaaklik die sosiale en historiese ontwikkelinge en veranderinge wat daartoe bygedra het dat populêre opvattinge, maar ook wetenskaplike teorieë ten opsigte van families, kinders, ouerskap en daarom ook vaderskap oor tyd heen verander het (Lamb, 1986:4). Daarom is sommige navorsers oortuig daarvan dat om die heersende beskouinge van familieverhoudinge reg te verstaan, dit nodig is dat daar na die kontemporêre geskiedenis gekyk moet word (Cabrera *et al.*, 2000:127). 'n Kort historiese oorsig dui daarop dat vaders in Amerika gedurende die tweede helfte van die negentiende eeu hul plase en klein eenmansbesighede verlaat het ten einde werk te soek in die ontluikende industriële ekonomie. Die implikasie hiervan was dat die werkplek van die vader hom weggeneem het van sy huis. Dit het meegebring dat die vaderlike taak om kinders op te voed in die hande van die moeders gelaat is. Gevolglik het die rol van die vader in die twintigste eeu hoofsaaklik daaruit bestaan dat die vader as 'n afwesige broodwinner opgetree het (Palkovitz, 2002:38). Populêre opvattinge en wetenskaplike teorieë ten opsigte van die rol van die vader gedurende die "broodwinners-era" was byvoorbeeld dat die vader slegs 'n broodwinner is, sy sukses in die samelewing bepaal word deur sukses wat hy behaal met die inbring van die brood. Hoe groter die salaris, hoe beter vader en versorger is hy (Bernard, 1995:153). Die vader funksioneer nog as patriarg in die sin dat hy slegs by die kinders betrokke gemaak word ten tye van dissipline wanneer hy van buite deur die moeder ingeroep word om te straf, ("Wag tot jou pa by die huis kom"). Daar was ook die algemene opvatting dat die konstante teenwoordigheid van die moeder tuis, as die primêre versorger van die kind die implisiete aanname versterk dat die vader-kind verhouding min invloed uitoefen op die ontwikkeling van die kind. Hierdie populêre opvatting was deur die loop van die twintigste eeu deurentyd versterk en ondersteun deur teorieë vanuit die ontwikkelings sielkunde (Cabrera *et al.*, 2000:127).

Sosiale veranderinge veral teen die einde van die twintigste eeu sou egter meebring dat beide die populêre en die wetenskaplike sieninge ten opsigte van die rol van vaders, moeders en die wyse waavolgens die familie funksioneer drasties sou verander.
Die sosiale veranderinge in Amerika wat hierdie evolusionêre ontwikkeling van die rol van die vader tot gevolg gehad het, word in vier tendense saamgevat:

- **Die toenemende toetrede van die vrou tot die arbeidsmark**

  Seker die grootste enkele faktor wat bygedra het tot die omwenteling van die wyse waarop die familie bestaan en daarom ook die rolverandering van die vader binne die familie was die toetrede tot die arbeidsmark deur die moeders. Statistieke ten opsigte van die Amerikaanse samelewing dui daarop dat tussen 1830 en 1940 daar wel vrouens betrokke was by familie besighede of in fabrieke, maar slegs totdat hulle getrou het. Daarna het hulle teruggekeer na die huise vir die versorging van die kinders. In 1950 was 12% van die arbeidsmag getroude vrouens met voorskoolse kinders. Teen 1997 het dit met 2/3des tot 20% gestyg. Dit het onder andere meegebring dat in 1995 amper 10 miljoen kinders onder die ouderdom van 6 jaar in versorgingseenhede geplaas was omrede hulle moeders en vaders albei gewerk het. Terselfdertyd het die proporsie van families waar die vader die hoofbroodwinner is skerp afgeneem en slegs een kwart van kinders leef in families waar die vader die alleen broodwinner is (Cabrera *et al.*, 2000:127).

- **Die afwesigheid van baie mans van hulle families**

  Die toenemende afwesigheid van vaders neem die tweede posisie in van sosiale faktore wat bydraend daartoe was dat die struktuur van die familie drasties verander het. Gedurende 1960 was slegs 6% van families gelei deur die vrou as hoof van die gesin, terwyl in 1998 het dit gegroei tot 24% en volgens alle aanduidings is die getal goed oppad na 50%. Die probleem met hierdie verskynsel van die afwesige vader is die feit dat navorsing die negatiewe effek wat dit op kinders tot gevolg het uitwys; swak skoolprestasies, 'n geringe invloed op en bydrae tot die arbeidsmag,

voortydige swangerskap en hoë risiko gedrag is 'n paar van die gevolge van die feit van die afwesige vader (Cabrera *et al.*, 2000:127,128).

- **Die toenemende betrokkenheid van ander vaders of mans in kinders se lewens**

  Die toenemende verbrokkeling van huwelike en die daaropvolgende nuwe verhoudings wat onstaan bring mee dat kinders toenemend met "bykomende" vaders in hulle lewe te make kry. Hierdie nuwe "uitgebreide" familie het dan tot gevolg dat die funksioneringswyse van die gesin heelwat veranderinge ondergaan (Cabrera et al., 2000:128).

- **Die toenemende kulturele diversiteit in Amerika**

  Die hoë immigrasie tendens veral vanuit nie-Europese lande het tot gevolg gehad dat die rasse en etniese samestelling van Amerika drasties verander het. Hierdie verskynsel het tot gevolg gehad 'n toenemende bewuswording van die eiesoortige verstaan van vaderskap binne verskillende kulture en dit het weer tot gevolg gehad die ernstige bevraagtekening van 'n sogenaamde universele konsep van wat vaderskap behels (Cabrera *et al.*, 2000:128).

Navorsers dui ook op die gevolge van die twee Wêreldoorloë wat in Amerika bygedra het tot die feit dat die moeders in die afwesigheid van vaders al hoe meer die rol van die vaders moes oorneem (Mander, 2001:142). Na die oorloë het die ekonomie geleidelik weer begin herstel en het die man geleidelik weer sy monopolie as hoofbroodwinner teruggewen. Die vrou moes weer terugkeer tot die huis. Hierdie ommekeer sou egter van korte duur wees (Palkovitz, 2002:39). Die vrou sou spoedig vanweë verkillende redes soos byvoorbeeld 'n hoër lewensstyl, haar posisie op die arbeidsmark weer terugneem.

In Suid-Afrika laat elkeen van bogenoemde tendense ook toenemend hul invloed geld. Die vrou het oor die afgelope dekades toenemend die arbeidsmark betree, met die gevolg dat al meer kinders addisionele (betaalde) versorgers nodig het. Daarby het dit

ook die gevolge dat die versorgingstaak tussen pa en ma herverdeel word. Die hoë egskeidingsyfer in Suid-Afrika wat tot gevolg het dat kinders toenemend met ander mans wat betrokke raak in die familie te make kry, is alreeds 'n werklikheid in Suid-Afrika.

Hierdie tendense het tot gevolg dat die persepsie van vaderskap aan 'n deurlopende proses van verandering onderworpe is.

Studies dui ook daarop dat die toenemende snel veranderinge op sosiale gebied beide die akademiese en die populêre persepsies oor die rol van die vader voortdurend vernuwe. Die evolusionêre ontwikkeling van die rol van die vader kan soos volg beskryf word:

- die *koloniale vader,*
- die *broodwinner wat ver van die gesin* verwyderd was,
- *die moderne vader wat betrokke is by die familie,*
- tot by vandag se vader wat gesien word as die *"co-parent"* (Cabrera *et al.*, 2000:127; Eekelaar en Šarčević, 1993:x).

## 1.3. SAMEVATTEND

Alhoewel navorsing oor vaderskap eers teen die einde van die 20ste eeu begin momentum kry het, dui onlangse navorsingsverslae dit duidelik aan dat 'n herdefinisie vir vaderskap besig is om plaas te vind (Sullivan, 2000:46). In 1996 is navorsing deur GALLUP gedoen oor die stand van vaderskap in Amerika na aanleiding van die volgende stelling deur die National Center for Fathering: *"the most significant family, or social problem facing America is the physical absence of the father from the home."* (Gallup Organization of Princeton, 1996.) 'n Amerikaanse advertensieburo het in 'n "*Lifestyle Survey*" gevind dat die jonger geslag mans meer erns maak met vaderskap as die ouer geslag mans (Gallup, 1996). Verdere navorsing het bevind dat die teenwoordigheid van vaders by die geboorte van 'n kind sedert 1974 tot 1996 van 27% tot 90% gegroei het (Gallup, 1996). Navorsing in 1987 het bevind dat 30% van vaders loopbaangeleenthede ter wille van hul kinders sou prysgee, terwyl in 1991 so veel as 75% van vaders bereid was om vinnige bevordering in die werkplek prys te gee ter wille daarvan om meer tyd met die kinders deur te bring (Gallup, 1996).

## 1.4. DIE POSTMODERNE GEES

Uit navorsing is dit duidelik dat die postmodernisme 'n groot invloed uitoefen op die kulturele bestaan van die mens. Thompson (2000:4) maak die stelling: "'n Nuwe gees is vaardig in die kulturele landskap van die Westerse samelewing. Dit is 'n rigting en atmosfeer wat genoem word postmodernisme. Hierdie rigting is in reaksie teen die optimisme en standpunte van die modernisme."(Uit die Afrikaanse abstrak)

Volgens Hassan het die term *postmodernisme* 'n cliché woord geword en tog is dit baie moelik om die saak wat dit beteken duidelik te omskryf (vergelyk Boyne en Rattansi, 1990:9). Kortliks sou mens kon sê dat een van die belangrike eienskappe van die postmoderne era die bevraagtekening is van enige waarheid wat aanspraak sou maak op absoluutheid (Best en Kellner, 1991:39). Daarteenoor word toenemende erkenning gegee aan die relatiwiteit van die waarheid binne 'n bepaalde konteks. Postmodernisme wil dus sê dat daar geen groot globaal aanvaarbare narratief of universeel geldige opvatting oor 'n saak bestaan nie (Thompson, 2000:9). "Hence, no single theory or method of interpretation by itself can grasp the plurality of discourses, institutions, and modes of power that constitute modern society." (Best en Kellner, 1991:40.) Die realiteit is te multidimensioneel vir een groot narratief of teorie om uitputtend of universeel geldig te spreek oor byvoorbeeld iets soos vaderskap. Thompson (2000:9) stel dit so:

> "Postmodernism is often described as a 'suspicion of metanarratives,' i.e., the big stories explaining everything else. On the one hand, it repudiates the objectivity of certain knowledge and universal absolutes; and on the other hand, it embraces radical hermeneutics, pluralism, and relativism."

Postmodernisme gee juis legitimiteit aan die *lokale*-narratief (Boyne en Rattansi, 1990:39). Met ander woorde die eie soortigheid binne die plaaslike konteks waar 'n verskynsel (soos vaderskap) funksioneer word nou uitgelig as uniek en kreatief en om daardie rede word dit gevier ("*celebrated* "). Hierdie plaaslike of kontekstuele opvatting en praktyk van 'n verskynsel word nie omvorm om gelyk te word aan 'n sogenaamd algemeen, geldige verstaan van 'n bepaalde verskynsel nie.

## 1.5 VADERSKAP BINNE DIE POSTMODERNE TYDSGEES

Toegepas op die verskynsel van vaderskap sal die postmodernisme dus erkenning verleen aan die verskeidenheid van relatiewe opvattinge (of lokale narratiewe) ten opsigte van vaderskap wat daar binne die multikulturele samestelling van die *global village* bestaan.

Oor die begrip "vaderskap" bestaan daar dus volgens die postmodernisme geen enkele, objektief-aanvaarde narratief van wat dit beteken om 'n vader te wees nie. 'n Vader kan 'n broodwinner wees, maar hy kan ook 'n tuisversorger wees terwyl sy vrou die broodwinner is. Anders gestel: volgens die postmodernisme het elke plaaslike sosiale konteks sy eie spelreëls (Boyne en Rattansi, 1990:39) en moet aanvaar word dat daar dus 'n oneindige hoeveelheid van gekontekstualiseerde sieninge oor vaderskap bestaan en wat in die praktyk van vaderwees funksioneer.

Bydraend tot die bewuswording van die relatiwiteit van bestaande opvattinge en teorieë oor vaderskap was die immigrasie tendense in Amerika veral vanuit nie-Westerse lande. In Suid-Afrika is dit die na-apartheidsera wat groter blootstellinge aan ander verskillende kultuurgroepe tot gevolg het, wat bydra tot die bewuswording van die relatiwiteit van sieninge ten opsigte van wat vaderskap behels.

Die toenemende vertegnologisering van die moderne wêreld wat dit onder andere toenemend maklik maak met moderne kommunikasiemiddele om kennis te neem van gebeure en bestaanswyses van elke groep tot aan die eindes van die aarde het tot gevolg dat die mens bewus word van die diversiteit van bestaanswyses regoor die wêreld. Dit plaas toenemend die druk op die vraag of een bepaalde opvatting (my of ons opvatting) van vaderskap noodwendig die enigste, absolute of korrekte een is (Du Toit, 2000:29).

Die bestendige broodwinnersfase uit die moderne era met sy industriële tydvak word nou in die postmodernefase grondig herwaardeer en dit bring mee dat die betekenis van wat vaderskap behels in groot onsekerheid gedompel is.

Saam met die snel veranderinge op sosiale en historiese gebied en saam met die paradigma skuif vanaf die moderne na die postmoderne bevind die vader vandag homself in 'n vakuum van praktiese kennis wanneer dit kom by die uitleef van sy vaderskap.

Hierdie verabsolutering van die relatiewe bied juis uitdagings aan hierdie navorsing wat 'n basisteorie met 'n universele wydreikte vanuit die Skrif ten opsigte van vaderskap wil ontwikkel.

## 1.6 VADERSKAP BINNE DIE BYBELSE KONTEKS

Binne die konteks van hierdie ondersoek dien die Bybel as die Bron waarin die Christen sy sentrale narratief vir 'n bepaalde handeling bly soek (Chambers *et al.*, 1974:150). Vir die protestantse gelowige bly die Bybel die openbaringsbron waarin die objektief geopenbaarde waarheid bekendgemaak is. Hierdie bron bly dan ook steeds die metanarratief vir die lewe van die gelowige. In hierdie sin is die protestantse gelowige dan nie postmodernisties nie. Hierdie proefskrif wil juis vanuit die Skrifopenbaring ondersoek hoe die Woord as metanarratief vaderskap beskryf.

## 1.7 DIE NAVORSINGSPROBLEEM

Die oorkoepelende vraag is:

**Wat is die vader se rol in die postmoderne gesin en hoe kan die vader pastoraal begelei word in daardie rol?**

Hierdie vraag val soos volg uiteen:

- *Wat is die invloed van die postmoderne tydsgees ten opsigte van die rol van die vader?*
- *Hoe die Skrif vaderskap binne die metafoor van die Goddelike vaderskap beskryf?*
- *Watter kontoere kan getrek word vir 'n model met die oog op pastorale berading vir die vader binne die postmoderne era?*

## 1.8 NAVORSINGSDOELSTELLING

Die oorkopelende navorsingsdoelstelling is:

*Om die vader se rol in die postmoderne gesin te verduidelik en hoe die vader in hierdie rol pastoraal begelei kan word*

**Dit verdeel in die volgende doelwitte**:

- Om die invloed van die postmoderne era ten opsigte van die rol van die vader na te vors.
- Om ondersoek in te stel na die Skrifperspektiewe oor die rol van die vader binne die metafoor van God as 'n Vader.
- Om kontoere vir 'n model met die oog op pastorale berading vir vaders binne die postmoderne era daar te stel.


## 1.9 SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT

*Die postmoderne tydsgees waarbinne die mens homself op die oomblik bevind veroorsaak dat die siening van die vader se rol besig is om te verander en daarvoor bied die Skrif se beskrywing van die rol van die vader binne die metafoor van God as Vader duidelike koersaanduidings.*

## 1.10 METODE

Vir die metode van ondersoek vir die studie word die voorbeeld van die model van Zerfass (1974:166) gebruik wat bestaan uit 'n basis-, 'n meta- en 'n praktykteorie. Die orde van die ondersoek sal verskil in die sin dat daar eers na die metateorie gekyk gaan word as 'n kontekstuele raamwerk van die beïnvloeding van die tydsgees op die rol van vaders en daarna sal die basisteorie ontwerp word wat uiteindelik sal oorgaan na die praktykteorie. Die belangrikste motivering vir hierdie keuse is die feit dat die (postmoderne) tydsgees die aard van die vrae na en uitdagings vir vaderwees daarstel waarop die basisteorie dan die rigtinggewende antwoorde kan gee.

*Skematies kan dit soos volg voorgestel word*:




**1.10.1. METATEORIE**

Die beïnvloeding van die tydsgees op die samelewing word aangedui vanuit die beoordeling van ander wetenskappe, soos die sosiologie en die filosofie.

Ter bereiking van *doelwit 1* sal 'n teoretiese studie gedoen word waarin literatuur met behulp van 'n rekenaargesteunde databasissoektog gevind, geanaliseer en geëvalueer word.

Die invloed van die postmodernisme op die rol van die vader sal nagevors word deur kwalitatiewe navorsing. Ten einde doelwit 1 te bereik sal persoonlike onderhoude, met ten minste 5 vaders gevoer word. Hierdie navorsing deur middel van onderhoudvoeringe het ten doel om bestaande teorieë en bevindinge ten opsigte van wat vaderskap in die postmoderne tyd behels met eie navorsing te bevestig, te weerlê, uit te brei of te verfyn, afhangende van die bevindinge.

**1.10.2. BASISTEORIE**

Ter bereiking van *doelwit* 2 sal Skrifperspektiewe oor die onderwerp nagevors word. Skrifgedeeltes soos byvoorbeeld Matteus 7 vers 11, Efesiërs 6 vers 4, 1 Joh 3 vers 1 sal volgens die histories-grammatiese metode gedoen word (vergelyk De Klerk, *et al.*, 2004).

### 1.10.3. PRAKTYKTEORIE

Skrifgefundeerde riglyne word geformuleer om vaders te begelei en toe te rus vir hulle rol as vaders te midde van postmodernisme. Ten einde *doelwit* 3 te bereik sal beradingsmodelle en toerustingsmateriaal nagevors word met behulp van 'n rekenaargesteunde basissoektog waar relevante materiaal en literatuur gevind, geanaliseer en geëvalueer sal word om sodoende 'n eie praktykteorie daar te stel. Ten einde hierdie praktykteorie te bereik, sal daar voortdurend 'n hermeneutiese wisselwerking wees tussen die basisteorie en die metateorie.

## 1.11 HOOFSTUKINDELING

Die hoofstukindeling is soos volg:

HOOFSTUK 1 - Inleiding

HOOFSTUK 2 - Metateoretiese perspektiewe op die rol van die vader in die postmoderne gesin [deur middel van literatuurstudie en 'n empiriese ondersoek.]

HOOFSTUK 3 - Basisteoretiese perspektiewe ten opsigte van die rol van die vader te midde van die postmodernisme

HOOFSTUK 4 - Praktykteoretiese perspektiewe vir die pastorale begeleiding van die vader binne die postmodernistiese era

HOOFSTUK 5 - Finale samevatting en aanbevelings

## 1.12 SKEMATIESE VOORSTELLING OM KORRELASIE AAN TE TOON

| PROBLEEMSTELLING | DOELSTELLING | METODE |
|---|---|---|
| Hoe beïnvloed die postmodernisme die rol van die vader? | Om die invloed van die postmodernisme op die verstaan van vaderskap aan te dui. | Rekenaargesteunde data basissoektogte vir literatuur en analise van literatuur oor filosofiese en sosiologiese teorieë, sowel as persoonlike onderhoude met vaders |
| Watter Skrifperspektiewe is daar oor die rol van die Vader? | Om Skrifperspektiewe ten opsigte van die rol van die vader te ondersoek | Eksegese van ter saaklike Skrifgedeeltes rakende vaderskap |
| Watter Bybelsgegronde berading en toerusting kan aangebied word om vaders te help ontwikkel tot die volle potensiaal van vaderskap? | Om 'n Bybelgegronde beradings en toerustingsmodel vir die ontwikkeling van vaderskap daar te stel. | Rekenaargesteunde data basissoektogte vir literatuur en toerustings materiaal en die analise daarvan. Formulering van kontoere van 'n model. |

# 2. HOOFSTUK 2

## METATEORETIESE PERSPEKTIEWE OP DIE ROL VAN DIE VADER IN DIE POSTMODERNE GESIN

### 2.1 INLEIDING

In hoofstuk 1 onder *metode* is melding gemaak van die feit dat die model van Zerfass (1974:164-177) in hierdie navorsing gebruik word ten einde op 'n wetenskaplike wyse na die rol van die vader in die postmoderne gesin te gaan kyk. Daar is ook in hoofstuk 1 uitgewys dat die orde van Zerfass se model naamlik; 'n basis-, gevolg deur die meta- en dan voltooi in die praktykteorie, effens omgekeer gaan word. Daar sal eers gekyk word na die metateorie.

**MOTIVERING**

Soos aangedui in hoofstuk 1 is die belangrikste motivering vir hierdie keuse my teoretiese vertrekpunt dat die (postmoderne) tydsgees die aard van die vrae na en uitdagings vir vaderwees daarstel.

Navorsing begin waar 'n verskynsel of gebeure belangstelling prikkel. "Dikwels is die beweegrede geleë in blote nuuskierigheid en verwondering oor 'n interessante verskynsel of iets raaiselagtig." (Mouton, 1988:34.) Hierdie verskynsel is dikwels reeds deur ander navorsers al bekyk en daarom is dit myns insiens die logiese stap om eers te kyk na ander navorsers se beskouinge en bevindinge ten opsigte van hierdie waarneming. Daarna is dit belangrik om te vra: "Wat is my lewens-en-wêreldsbeskouing en hoe beïnvloed dit my waarneming en evaluering van die verskynsel?" Die vraag na my "lewens-en-wêreldsbeskouing" is 'n basisteoretiese gerigte vraag. Hierdie basisteorie word dan in hoofstuk 3 nagevors.

### 2.2. DIE DEFINISIE VAN 'N METATEORIE

Volgens Mouton (1988:196) word in die wetenskapsfilosofie vandag algemeen aanvaar dat geen wetenskaplike gevolgtrekking *konklusief* deur empiriese navorsingsbevindinge

bewys kan word nie. By enige navorsing is daar altyd onbewese aannames vanwaaruit vertrek word tydens die wetenskaplike ondersoek. In verskillende stadia van die wetenskaplike navorsingsproses en om verskillende redes, is die wetenskaplike genoodsaak om die aannames onderliggend aan spesifieke teorieë wat nie in die betrokke studie getoets word nie, as waar te aanvaar.

'n Metateorie is dus die aannames of vooraf-oortuigings wat 'n rigtinggewende rol speel in die proses van navorsing deur die navorser. Volgens Mouton (1988:196) moet wetenskaplikes die *metateoretiese* aannames (*of "commitments, presuppositions, beliefs"*) wat in sy navorsing geld, duidelik ekspliseer.

Die metateorie is egter ook die teorie waarin wetenskaplike vertrekpunte uitgespel word wat raakvlakke met ander vakke deel vanwaaruit navorsingspojekte oor dieselfde onderwerp van studie gedoen is. Volgens Mouton (1988:196) moet die navorsingsprojek binne 'n breëre raamwerk van relevante teorieë weerspieël word.

**SAMEVATTEND**

'n Metateorie is dus 'n benadering tot die wetenskap. 'n Spesifieke benaderinge tot die wetenskap (metateorie) korreleer met 'n bepaalde paradigma waarin die wetenskaplike en ook ander navorsers hulself bevind. Die metateorie (benadering tot die wetenskap) is die teorie wat die paradigma waarin die wetenskaplike navors legitimeer. Die metateorie van 'n bepaalde paradigma voorsien die raamwerk vir sinvolle samewerking met ander navorsers in dieselfde paradigma en dit help vir sinvolle kommunikasie met ander wetenskappe (Pieterse, 1994:95).

## 2.3 METATEORETIESE PERSPEKTIEWE

In hierdie hoofstuk gaan daar gekyk word na relevante metateoretiese perspektiewe ten einde die rol van die vader in die postmoderne gesin deur middel van 'n literatuurstudie en 'n empiriese ondersoek te definieer.

### 2.3.1. DIE AARD EN WESE VAN VADERSKAP AAN DIE VERANDER

Die een groot metateorie (*of commitments, presuppositions, beliefs*) wat veral gedurende die negentiger jare by die meeste ondersoeke na die aard en wese van vaderskap as 'n uitgangspunt bestaan het, was die metateorie of oortuiging dat die "kultuur" of dan die wese en aard van vaderskap dramaties verander het (La Rossa, 1995:448). La Rossa praat van die "*changing father hypothesis*" (La Rossa, 1995:448). In die voorafgaande periode was navorsing waarby die vader betrek was nie gerig op die wese en aard van vaderskap nie. Navorsing wat enigsins die vaderfiguur aangehaak het, het dit byna terloops gedoen en het eintlik net gefokus op die gevolge vir die gesin of die kinders wanneer die vader afwesig was as gevolg van faktore soos byvoorbeeld by afsterwe of egskeiding (Shulman & Seiffge-Krenke, 1997:1).

Trudie Knijn het die soeke na 'n nuwe definisie vir vaderskap nie net as 'n veranderinge ten opsigte van die aard van vaderskap genoem nie, maar is van mening dat vaderskap as 'n konsep met 'n definitiewe inhoud in 'n krisis verkeer en juis daarom is 'n nuwe definisie noodsaaklik. "Fatherhood is in a state of crisis." (Knijn, T. 1995:1.) Sy gee twee redes aan waarom sy so sterk oor die saak voel. Eerstens verklaar sy dat die inhoud van "vaderskap" deesdae (negentigs) debatteerbaar is, terwyl dit vroeër oor vanselfsprekende inhoude beskik het. Tweedens voer sy aan dat die bevraagtekening van wat "vaderskap" behels, skielik meegebring het dat vaders nou heeltemal visie verloor het op wat vaderskap *behoort te* wees. Vaders weet skielik nie meer wat van hulle as vaders verwag word nie. Veranderinge in die aard en wese van vaderskap het gewoon baie verwarring by vaders meegebring. Vaderskap is in 'n krisis gedompel.

In die inleidende paragraaf van die boek "Becoming a Father" (Shapiro *et al.*, 1995:3) word die verandering in die aard en wese van vaderskap sedert 1965 as *dramaties* bestempel.

Meer onlangse navorsing laat egter die klem heelwat minder val op die bewusmaking dat die aard en wese van vaderskap verander het. Onlangse navorsing aanvaar eerder die verandering en vernuwing as 'n gegewene en fokus veel eerder daarop om die aard van die nuwe "vaderskap" te beskryf en ook modelle te ontwikkel aan die hand waarvan

vernuwing en verandering op voortgaande basis begelei kan word (Palkovitz, 2002:91; Ballard en Greenberg, 1995:155; Osheron, 1995:198).

Die postmoderne tydsgees manifesteer dan ook sigself in hierdie bestaansfeer van die mens. Anders gestel: die aard en die wese van vaderskap is nie meer 'n onveranderlike wat "afgelees" word vanaf 'n bo-tydelike, onveranderlike kriterium vir vaderskap nie. Vaderskap in die postmoderne eeu word telkemale in reaksie op die onmiddellike konteks ge-herkonstrueer en ge-herdefinieer en op 'n voortgaande basis keer op keer oor gekonstrueer. Relatiwiteit en gepaardgaande onsekerheid ook ten opsigte van wat vaderskap behels is tekenend van die postmodernistiese invloed (Du Toit, 2000:31).

Ook hierdie eie navorsing word gedryf vanuit die metateorie (of dan oortuiging) dat die aard en wese van vaderskap vanweë verskillende faktore dramaties verander het en saam daarmee op 'n weg van voortgaande veranderinge en vernuwinge geplaas is. Daar sal egter gepoog word om vanuit die basisteorie te dui op "*onveranderlike*" aspekte van vaderskap en wat tot die wese van vaderskap behoort. Hierdie onveranderlikes is juis onveranderlike gegewenhede gesien vanuit die voorafkeuse vir die bepaalde basisteorie.

### 2.3.2. DIE UITDAGINGE VAN HIERDIE VERANDERINGE

Veranderinge ten opsigte van die rol van die vader as sodanig, beteken nie noodwendig dat dit net negatief beoordeel moet word nie. Dit kan vele positiewe winspunte oplewer. Volgens Knijn (1995:1) sal die winspunte egter net moontlik wees indien vaders die uitdaging tot die ontwikkeling van nuwe vorme en strukture van vaderskap toe-eien en mee werk aan die vestiging van nuwe en beter verhoudinge met hul kinders. Die gees van die postmodernisme wat vanweë die klem op die relatiwiteit van ons uitkyke op sake (soos wat vaderskap behels), moet dus nie net negatief beoordeel word nie. Die postmoderne gees bied juis aan ons die geleentheid om by herhaling ons vertrekpunte en verstaan van sake weer te her-evalueer. Die basisteorie bied egter te midde van hierdie voortgaande relatiwiteit en gepaardgaande onsekerheid en onstabiliteit, die nodige absoluutheid.

Wat egter aanvaar moet word is dat soos met enige ander veranderinge, ook die veranderinge ten opsigte van vaderskap, angs en weerstand teen veranderinge tot gevolg het. Hierdie veranderinge kan selfs tot geweld en ander persoonlike *issues* aanleiding gee (Knijn: 1995:1). Griswold (1998:13) byvoorbeeld sê: "For some, the demise of the father is part of the slow erosion of male dominance, a sign that increasing numbers of women have the money and the gumption to make it on their own."


### 2.3.3. DIE TEORETIESE VERTREKPUNTE VAN NAVORSING T.O.V. VADERSKAP

Die literatuurstudie dui daarop dat navorsing wat ten opsigte van die veranderende aard en wese van vaderskap gedoen is vanuit 'n aantal verskillende teoretiese benaderings geskied het. Van die belangrikste teoretiese benaderings wat gevolg was, is die sosialiserings-teorie, die mikrostrukturele-teorie, psigoanalitiese verklarings en die sosiale-aanleer-teorie (Daly, 1995:23). Die invalshoek van hierdie proefskrif is om die navorsing na die aard en wese van vaderskap binne die volgende vier kategorieë te groepeer.

## 2.4. 'N SKEMATIESE VOORSTELLING TEN EINDE DIE TEORETIESE NAVORSING TE KAN KATEGORISEER

Ten einde 'n struktuur te verleen aan die bestaande navorsing ten opsigte van vaderskap sal die navorsing wat uit die literatuurstudie na vore tree in die volgende vier kategorieë hanteer word: (1) 'n mitologiese en ideologiese oorsig oor die rol van die vader. (2) Die invloed van die historiese en sosiale veranderinge op die ontwikking van die rol van die vader. (3) Die belewinge en rol veranderinge van die vaders in die moderne en postmoderne fase van vaderskap. (4) Die psigo-analitiese beskouinge ten opsigte van die rol en funksie van die vader.

2.4.1. Figuur 1




Daar sal gepoog word om die navorsing wat deur middel van die literatuurstudie geïdentifiseer is binne die voorgestelde raamwerk in figuur 1 te groepeer.

1. Die eerste kategorie sal 'n oorsig wees oor die ideologiese en mitologiese beelde van vaderskap oor die eeue heen. Dit bied 'n breë raamwerk van verstaan ten opsigte van vaderskap voordat daar met die volgende kategorieë meer op die praktiese aspekte van vaderskap in die posmoderne era gefokus word.
2. Binne die tweede kategorie sal die navorsing wat dus primêr die fokus laat val op die invloede wat die historiese en sosiale veranderinge op die ontwikkeling van die rol van die vader gehad het onder die vergrootglas geplaas word. Dit sal insluit faktore soos die rolverwagtings ten opsigte van vaders soos wat dit bestaan het in die breëre sosiale konteks op gegewe tydstippe van die historiese ontwikkeling, die beeld van die vader in die samelewing, ensovoorts.
3. Die derde kategorie sal poog om die bevindinge van navorsing wat gefokus het op die ervarings en belewinge van die vader te midde van al hierdie veranderinge en invloede te groepeer. Byvoorbeeld die ervaringe van die vader as gevolg van die invloede wat die lede van die gesin self op die vader het. Of die omstandighede binne die gesin wat skielik verander het en saam daarmee dan ook die belewing van die nuwe rolveranderinge wat plaasvind. Die postmodernisme se invloed op die rol van die vader is deel van hierdie ondersoek.

4. Vierdens sal daar gekyk word na die vader as **persoon** met sy bepaalde psige in die middel. Beide die invloede van die makro- en die mikrokonteks word innerlik deur die vader as persoon volgens sy eie psigologiese samestelling verwerk en dit moet iewers in berekening gebring word. Daar sal ook vanuit die psigo-analise gekyk word na die rol wat die vader speel ten opsigte van die ontwikkeling van die kind en ook omgekeerd.

Hierdie struktuur maak egter nie aanspraak daarop dat die werklikheid as sodanig in kompartemente ingedeel kan word nie. Bostaande indeling is bloot ter wille van ordening en verheldering.

## 2.5 'N IDEOLOGIESE EN MITOLOGIESE OORSIG OOR DIE ROL EN BETEKENIS VAN DIE VADERFIGUUR

In die lig van die definisie van 'n metateorie (sien hier bo) bied die oorsig oor die ideologiese en mitologiese beskouing eintlik die paradigma waarbinne die wetenskaplikes ten opsigte van vaderskap werk en gaan dit dus die metateorie vooraf.

As hulp ten einde tot 'n nuwe definisie van die vaderfiguur in die postmoderne tyd te kom, is dit nodig om na die ideologiese oertipe van die vaderfiguur (en moederfiguur) soos dit vanaf die Grieks-mitologiesewêreld en vanaf die Oosters-mitologiesewêreld aangekom het te gaan kyk. Die mitologie dien as 'n hermeneutiese proses ten einde die vaderfiguur te definieer en bied 'n paradigma vir die verstaan van die rol van die vader in die postmodernisme.

Reeds uit die oertipe mitologiese uitbeelding van ouers, kry 'n mens aan die eenkant die ouer (gewoonlik die moeder) wat verantwoordelikheid geneem het vir die aktiwiteite wat *binne* die grense van die gesin aandag moes kry. Aan die anderkant was daar die ouer (gewoonlik die vader) wat die verantwoordelikheid opgeneem het in die wêreld buite die grense van die gesin (Colman, 1981:3). Volgens die Griekse mitologie was die figure wat verantwoordelikheid geneem het vir die wêreld buite die grense van die gesin die "hemelruim-vaders" genoem (byvoorbeeld Kronis en Zeus). Die metgeselle was die "aard-moeders" (Gaea en Rhea) genoem. In die Chinese kosmologie is dit Yang wat die *manlike hemelruim* met sy sterk ligte verteenwoordig en Yin wat die *sagte aarde* met

haar skaduwees en emosioneel vroulike kant verteenwoordig. Daar bestaan 'n lang tradisie waarin die aarde en die natuur *ons moeder* genoem word (Grey, 2001:34). Daar was egter ook in die mitologie voorbeelde waar hierdie rolle omgedraai was. In Egipte kry ons byvoorbeeld dat Nut as vrou die hemelruim verteenwoordig, terwyl Geb die man is wat die vrugbare aarde verteenwoordig (Colman, 1981:3).

### 2.5.1 VADER AS SKEPPER IN DIE MITOLOGIESE VERHALE

Ouerskap begin met die voortbring van 'n nuwe lewe. Dit is die man wat deur die storting van sy saad lewe bring wanneer daar eenwording plaasvind met die vrou. Om lewe te kan voortbring of te skep is die oertipe definisie van wat dit behels om 'n vader te wees. Jordaan (2005:3) sê: "Die man het die vrou geneem, sy saad gestort en sy het dit ontvang. 'n kind is verwek en word deur die vrou gesoog en versorg. In dié biologiese gebeure het patriargie sy rudimentêre beslag gekry as die heerskappy en dominasie van die man." Al misluk die man in al sy ander rolle as vader, maar hy het lewe voortgebring is hy 'n suksesvolle vader (Colman, 1981:9). Volgens die mitologiese verhale ontwikkel hierdie vermoë van die man om lewe te wek tot 'n baie meer abstrakte funksie. Die vrou se "blote" betrokkenheid by die geboorte en versorging van die kind bly 'n konkrete proses. Volgens verskillende mitologiese verhale word die allesvoorafgaande en eerste lewegewende skeppingsdaad meermale aan 'n manlike godheid toegeskryf (Colman, 1981:9). Colman beskou die Christendom ook as mitologies en verwys na God in die Ou Testament as 'n "Patriargale God" wat die eerste Skepper van alles is. Hy skep dan vir Adam, die man wat voorts outonoom gaan skep, terwyl Eva uit die rib geneem is of gemaak is. Daarna onttrek God en bekyk die ontwikkeling op 'n afstand en sien hoe die familie fouteer en uit die tuin van Eden geskop word. In die Nuwe Testament verskyn die manlike God weer in sy hoedanigheid as Skepper en poog om as God die Vader sy manlike outoriteit te hervestig nadat dit deur die oorspronlike sondeval verlore geraak het. God as die hemelruim-figuur doen dit dan deur sy saad te plant in 'n aardse vrou. God inisieer dan die plan van verlossing en Maria skenk geboorte aan Jesus wat dan namens God die plan van aksie uitvoer. God as Vader is die Skepper en die Beoordelaar, maar Hy handel nie direk in die lewens van aardse wesens nie. Die Vader as Skepper se funksionering is veels te abstrak en te ge-idealiseerd as die meer konkrete funksie van die vrou en moeder, soos wat dit in Maria uitgebeeld word.

Ironies genoeg is dit juis hierdie abstrakte lewegewende of skeppende vermoë van die man as vader wat hom dan wegneem van sy familie en in die pad staan van 'n emosioneel betrokke verhouding met sy vrou. Sy skeppende en lewegewende vermoëns gaan spoedig oor tot 'n meer abstrakte uitleef daarvan. Die vader se skeppende funksie word die *metafoor* vir sy abstrakte skeppende vermoëns om geboue te bou, stede te ontwikkel, kunswerke (die grootste kunstenaars en die beroemdste sjefs in die wêreld is hoofsaaklik mans) voort te bring, godsdiens te skep, ensovoorts (Colman, 1981:10). Die man skep dus nie net 'n kind nie, maar die kind word simbolies van alle ander tipe skeppings van die man.

Juis hier lê die botsing van die man as skepper met die rol van daaglikse versorger. Die daaglikse praktyk van die vaderrol staan in die pad van die kreatiewe aktiwiteite van die man. Die vraag is hoekom sal die vader aandag gee aan die daaglikse eise van vaderskap wanneer die kreatiewe drang en roeping van skepper wink? Soos Colman (1981:10) dit stel: Waarom sal die vader moet luister na die geskree van babas of luister na die babbeltaal van kindertjies as hy liewer na klanke van musiek en die geknetter van 'n vuur in die kaggel kan luister? Waarom sal die man sy persoonlike doelwitte prysgee, ter wille van die groep (familie)? Waarom sal die man verlore raak in die eise van die klein familie-eenheid in plaas van skeppend doenig wees in die groter gemeenskap? Waarom tevrede wees met beperkte outoriteit (binne die gesin), terwyl daar gestreef kan word vir veel meer mag in die groter gemeenskap?

Nog 'n sage uit die geskiedenis van die volkere wat hierdie konflik helder weerspieël kom uit die kultiese wêreld van die Hindus. Die sage handel oor Saubhari wat sy lewe hoofsaaklik aan die hoër geestelike dinge gewy het, verwyderd van die normale aardse sake en begeertes van die alledaagse mens. Vir die doel om weg te kom van alles en in diepe meditasie te kan voortgaan het Saubhari 'n waterpoel gekies om in te bly. Hy het in die poel, onder die water gaan bly, met die oog daarop om vir baie jare te mediteer oor die hoër geestelike dinge van die lewe. Skielik eendag was hy egter wakker geruk vanuit hierdie diep geestelike werksaamheid deur 'n toneel te aanskou waar 'n ou vis (pa), totaal verlore is in sy spel met al sy nasate wat om hom swem. Net daar besluit Saubhari om liewer in hierdie plesier, van saam met jou kinders die lewe te geniet, op te gaan.

Saubhari vertrek op soek na 'n geskikte vrou en hy nader 'n koning wat vyftig dogters het. Saubhari, deur sy buitengewone vermoëns om homself as buitengewoon mooi te projekteer, slaag deur middel van hierdie illusie om al vyftig dogters op hom verlief te maak. Die koning gee toestemming dat hy al vyftig dogters kan trou. Saubhari bou toe vyftig kastele in die bos en begin met die proses om kinders te *skep* (voort te bring). Net soos die ou groot vader-vis in die water het Saubhari betrokke geraak by sy kinders, kleinkinders en agter kleinkinders. Saubhari het egter agter gekom dat hy al hoe meer in afwagting vir die toekoms begin leef het, in plaas van om met die proses van versorgende ouerskap aan sy bestaande kinders en kleinkinders aandag te gee. Die proses om telkens weer nuwe lewe te wek en die nuuskierigheid oor nog 'n nuwe lewe het hom voortdurend oorheers. Die illusie van versorgende vaderskap wat aan hom onsterflikheid belowe het, het nie gerealiseer nie. Dit is 'n illusie aangesien die versorgende vaderskap nie in staat was om hom te verhef bokant die verlange na steeds meer vaderskap, meer skeppende aktiwiteite nie. Weereens besluit Saubhari om sy vrouens en kinders te verlaat en om hom toe te lê op die voorgeskrewe oefeninge wat die mens bevry van die dinge wat aards en verganklik is. Saubhari verwerf weereens die dinge wat onverganklike waarde het en nie ondergeskik is aan die eindelose kringloop van geboortes en sterftes nie. Die sage probeer aandui dat die bestaanswyse van die man waar hy los is van die aardse dinge, gewone alledaagse lewensprosesse en verhoudinge beter is as die bestaanswyse waar die illusie geskep word dat 'n sinvolle bestaan te vinde is in die vaderlike versorging van kinders en 'n gesin (Colman, 1981:11). Hierdie fabel word dan ook aangebied as verduideliking waarom baie mans trou en 'n gesin kry, maar dan ervaar dat dit geen bevryding en verruiming tot gevolg het nie. Liewer bring dit ervaringe van inperking en isolasie en daarom soek die man daarbuite in die sfeer buite die grense van die gesin na 'n sinvolle wyse van bestaan.

Hierdie "mitologiese" verklaring van die manlike hunkering na die skeppende aspek van vaderskap in die hemelruim buite die grense van die gesin en weg van die versorgende aspekte wat volg op die skeppingsdaad, is volgens die mitologie tiperend van die konflik wat dikwels in mans as vaders afspeel. Vanuit die basisteorie sal die balans getrek kan word tussen verantwoordelik beplande skepping en *kreatiewe* versorgende verantwoordelikheid wat op die skeppingsdaad volg. 'n Meer korrekte verstaan van God as die Skepper en Onderhouer (*Kreatiewe* Voorsiener) sal hiertoe kan bydra

## 2.5.2. VERWORWE VADERSKAP BRING PERMANENSIE

In terme van die mitiese beskouing van die vaderfiguur bly die man se verworwe vaderskap hom altyd by. Wanneer die man dus wegbreek van die "benouende" alledaagse bestaanswyse , hetsy vanweë omstandighede buite sy beheer of vanweë sy eie keuse soos byvoorbeeld as gevolg van 'n egskeiding, word hy egter nooit weer vry van sy vaderlike identiteit wat intussen tot stand gekom het nie. Hierdie vaderlike bewussyn wat nou in die man leef word nie uitgewis deur enige wetlike of sosiale of selfs mediese ingrype soos met 'n aborsie nie (Colman, 1981:13). Deur sy vaderskap word die man se vermoë om nuwe lewe te skep en te vorm geaktiveer en gee dit ook rigting vir sy lewe vorentoe. Deur die skep van 'n nuwe lewe het die man ook volgens die mitologiese siening homself "onsterflik" gemaak. Solank daar 'n nageslag is sal die man se bestaan nooit uitgewis kan word nie. Aristoteles het gesê dat die mees natuurlike optrede van lewende wesens is om ander lewe soos hyself te produseer en deur so 'n stap deel te kry aan die ewigheid en die goddelike. Plato het na ouerskap verwys as 'n middel tot onsterflikheid (Colman, 1981:13).

## 2.5.3. BEPERKINGE OP DIE MAN SE ONAFHANKLIKHEID EN MAG

Volgens die mitologiese geskiedenis werk die onvermoë van die man om hierdie lewegewende of skeppende vermoëns alleen (sonder bemiddeling van die vrou) uit te leef stremmend in op die man se hunkering na totale onafhanklikheid. Dit beroof hom as't ware van sy almag en outonomie. Vanuit die mitologie is daar ook vele verhale van die man of god wat sy eie te kort om self die lewe soos 'n vrou uit sy eie liggaam tot vrug te bring te oorkom met buitengewone ingrype. So byvoorbeeld het Dionysus vir ses maande in die moeder se baarmoeder gegroei, maar met die afsterwe van die moeder het Zeus self ingegryp en die kind in sy been ingeplant en daar gedra tot die volle tyd wat nodig was (Colman, 1981:18). Die mitologie verbeeld die man se hunkering na 'n vry wese, maar dit verraai ook iets van die reduserende beskouing van die vrou as bloot 'n "nuttigheids"-objek wat 'n funksie moet vervul naamlik om die kind tydens swangerskap te dra. Dit herinner die man die heeltyd aan sy afhanklikheid van die vrou en die mitologiese verhale bied wyses waardeur hierdie afhanklikheid deurbreek kan word.

### 2.5.4. DIE VADER AS VERSORGER

Sommige vaders word in die mitologie egter ook uitgebeeld as persone wat 'n ryke vrugbaarheids- en versorgende persoonlikheid openbaar. Hierdie uitbeelding stel die vader as aards en vrugbaar voor. So byvoorbeeld was verskillende gode aangewys as beskermhere van woude, riviere, bosse, ensovoorts. Daar is byvoorbeeld Bachus (die god van wyn) wat sterflike mense moes help met die maak van wyne. Pan in die Griekse mitologie en Faunus in die Romeinse mitologie was beide beskermgode vir die woude (Colman, 1981:28.). Hierdie beelde van die vrugbare aard-figure was as baie sterk en manlik uitgebeeld, alhoewel dit versorgende funksies behels het. Die oorgang vir hierdie mitologiese figure om skeppend te wees en daarna vol te hou met die versorgende rol was dus nie feministies uitgebeeld nie en in die mitologie het hierdie versorgende taak op 'n baie natuurlike wyse verloop. Vir mans in die werklikheid (buite die mitologiese wêreld) was dit egter nog nooit maklik gewees om juis die skeppende met die versorgende te integreer nie.

In die mitologiese wêreld word die manlikheid van die man (vader) onder ander deur die manlike geslagorgane uitgebeeld word. Die uitbeelding van die vader wat warm en vrugbaar is soos die aarde, se manlikheid word ewe-eens deur die uitbeelding van die penis deur die eeue heen uitgebeeld. By die dominerende vader of dan die "hemelruim" vader word die penis as die *swaard* uitgebeeld wat dui op die dominerende gesagsfiguur wat net verower deur te skep en daarna aan te beweeg. By die vrugbare aardse vader was die penis die *simbool van vrugbaarheid.* In die mitologie is vele uitbeeldinge van godfigure met buitengewoon groot penisse in die posisie van 'n ereksie nie tekenend van dominansie nie, maar tekenend van 'n ryke en warme vrugbaarheid en van versorging, byna soos 'n moeder (Colman, 1981:26). Na die vestiging van die Christelike era is vele van die uitbeelding en verering van die manlike geslagsorgaan uit die samelewing verbied.

### 2.5.5 METAFORE AS HERMENEUTIESE SLEUTELS VIR VADERSKAP

Waar die mitologiese wêreld die kreatiewe beelde (verhale) is om verduidelikend om te gaan met die konkrete en mistieke bestaan van die mens (die vader), beklemtoon dit tog die belangrikheid van die beeldryke metafore as verstaansraamwerke vir die lewe. Binne die Westerse kultuur tot met die moderne eeu, was die vader normaalweg die *hemelruim-ouer* en die moeder die *aardse-ouer*. Die tradisionele rol van die vader as die hemelruimfiguur wat in die sfeer buite die grense van die familie werksaam was, het dus die rolle vertolk soos om broodwinner te wees, om betrokke te wees by die kognitiewe ontwikkeling van die kind, om sekere sosiale vaardighede te ontwikkel wat buite die grense van die familie of dan in die wêreld daarbuite benodig word en om sekere morele waardes aan te leer (Robinson & Barret, 1986:41). Die postmoderne tydsgees waar alles relatief en daarom voortdurend aan die verander is, het natuurlik die grond voorberei om weg te beweeg van die eeu-oue uitbeelding van 'n vader wat net skeppend betrokke raak by die vrou en daarna uit die knus familienessie beweeg en in die hemelruim daarbuite verder sy skeppende vermoëns te gaan uitleef. Die grond word deur die postmodernisme voorberei vir 'n groter betrokkenheid by sy "skepping" en by die mede-skepper (vrou) in die praktyk. Navorsing ten opsigte van die postmoderne vader het bevind dat die vader duidelik 'n behoefte het ten opsigte van die nouer betrokkendheid by die familie, maar dat min uitbeeldinge ("*images*") bestaan vir hierdie verhoudingsdimensie om dit suksesvol uit te leef. Die ontwikkeling van 'n nuwe beeld ("*image*") waarin die postmoderne en meer die demokratiese en medeversorgende vader homself mee kan identifiseer blyk dringend nodig te wees. "In the past few years, there seems to have been a reversal of fortunes in the attempt to rediscover." (Grossman, 1987:110.)

Coleman het dan ook gepoog om deur middel van metaforiese beelde ("*images*"), vaderskap vir vaders hanteerbaar en navolgbaar te maak. Die volgende metaforiese uitbeelding van vaderskap is aan die hand gedoen.

### 2.5.5.1 DIE VADER AS KONING

Coleman gebruik die beeld van 'n koning om die vader wat betrokke wil wees by die sake in die wêreld buite die grense van gesin (soos die hemelruim-vader), maar terselfdertyd betrokke wil wees met die dag tot dag versorging van die gesin, te beskryf. Die uniekheid van die vader as koning lê egter daarin dat hy totale beheer van die gesin wil oorneem. Die moeder bly ondergeskik in alles, selfs in die daaglikse versorging voer sy die take uit in opdrag van die vader (Colman, 1981:48). Hierdie koninklike vader kan natuurlik ook baie streng oorkom en totaal outoritêr optree, hoewel daar soms ook koninklike vaders is wat baie versorgend en liefdevol kan optree.

### 2.5.5.2. DIE VADERSKAP AS DEEL VAN 'N EWEWIGTIGE OUERSKAP ("DYADIC PARENTS")

Hierdie ouerskap kan voorgestel word as 'n outydse skaal waar die twee arms van die skaal eweveel gewig op moet hê. Hierdie vader kom ooreen met die koninklike vader in die opsig dat hy ook daarna streef om die sake buite die gesin te behartig, maar ook om aan die sake binne die gesin te wil mee doen. Die ewewigtige vader verskil egter van die koninklike vader in die opsig dat hy juis hierdie totale verantwoordelikheid in *samewerking* met die moeder opneem. Die vader het dus 'n ewewigtige moeder nodig. 'n Moeder wat ook graag by beide die wêrelde betrokke wil wees (Colman, 1981:59). In terme van die mitologiese taal is dit ouers wat beide die hemelruim funksies en die moederaarde funksie tussen die ouers eweredig verdeel (Colman, 1981:6). Robinson praat van die "androgiene vader" en bedoel daarmee die minder tradisionele vader. "Androgien" beteken ook waar die twee geslagte (se rolle) binne een persoon verteenwoordig word. Hierdie vaders is in staat om net so suksesvol betrokke te wees by die meer versorgende take binne die grense van die gesin as buite die grense van die gesin. Hierdie androgiene vader bied aan mans die moontlikheid van 'n nuwe meer bevrydende verstaan van wat manlikheid behels en dit het 'n meer betrokke modus van vaderskap tot gevolg wat nuwe geleenthede vir persoonlike groei en herevaluering van sy menswees bied (Marciano, 1986:28). Jordaan (2005:3) sê: "Die groeiende kultuur van androgenie dui ook nie op seksuele identiteitsverandering nie, maar eerder op 'n bevestiging deur mans en vroue dat hulle menswees en liggaamsbeeld nie bepaal hoef

te word deur stereotipes oor 'manlikheid' en 'vroulikheid' nie, maar hoe gemaklik hulle daarmee is om alles wat hulle is as mense tot uitdrukking te bring."

In die postmoderne tyd waar gelykheid van geslagte aan die orde van die dag is, kry hierdie nuwe benadering van die minder tradisionele vader en die meer eweredige verdelinge van hemelruim - en aardse take tussen albei ouers veel meer erkenning binne die postmoderne gesinsopset.

## 2.6. DIE INVLOED VAN DIE HISTORIESE EN SOSIALE VERANDERINGE OP DIE ONTWIKKING VAN DIE ROL VAN DIE VADER

Navorsing wat vertrek vanuit die invloede wat die makro konteks op die aard en wese van vaderskap het, word geloods vanuit wat genoem kan word die struktureel-funksionalistiese teorie.

Vanuit die Sosialiserings-teorie is die werke van Parson en Bales (Daly, 1995:23) 'n voorbeeld van wat bekend staan as 'n struktureel funksionalistiese benadering. Met ander woorde die funksie en rol wat die *samelewing* (die makrokonteks) van die vader verwag, bepaal of beïnvloed dan ook die wyse waarop die vader homself sien en waarvolgens hy dan ook as vader optree. Die vader internaliseer hierdie kulturele waardes en stereotipes van vaderskap. Die vertrekpunt is dus dat vaderskap as 'n universele verskynsel nie bestaan op grond van instinkte, kliere of hormoonsamestellings of geneties bepaalde gedrag nie. Die rol van die vader is gebaseer op kultuur gevormde en tradisionele bestaanswyses wat van die een geslag na die ander oorgedra word en daarom ook verander en aangepas kan word (Benson, 1986:30). Hierdie kultureel gevormde diskoers wat oor eeue heen ontstaan en verfyn is, het die ware aard van wat manwees en vrouwees behels, in die verlede gedikteer. Hierdie proses het die verkeerde kulturele persepsie laat ontwikkel dat manwees en vrouwees biologies bepaald is (Jordaan, 2005:3).

As gevolg van stereotipes en kondisionering van seksrolle gebeur dit dikwels dat mans wat eintlik oor baie warme en versorgende vermoëns beskik, die versorging van hulle kinders oorlaat in die hande van moeders wat weer baie koud en afsydig is, met geen natuurlike aanvoeling vir die versorgende taak nie. Hierdie stereotipe verblinding

veroorsaak dan dat daar nie rasionele besluite geneem kan word ten opsigte van die verdeling van die take of rolle wat gespeel moet word nie (Colman, 1981:114).

Aan die anderkant is daar natuurlik sekere seksrol stereotipes wat onomruilbaar is. Swangerskap en borsvoeding is belangrike fisiese en psigologiese faktore in ouerskap wat aan die moeder verbind is. Hier is dit veral vanuit die basisteorie bevestigend, omdat God die mens as man en vrou geskape het. Daar is dus duidelik vanuit die geskape gegewendheid onomruilbare funksies, maar die fisiese versorgende ingesteldheid of aanvoeling hoef nie noodwendig geslag gebonde te wees nie. En so ook hoef die hemelruimfunksionering nie net aan die manlike geslag gebonde te wees nie. Hierdie stereotipe was deur die eeue kultureel gekondisioneer, al was daar genoeg bewyse van uitsonderings deur die eeue. Hierdie stereotipe was later selfs met vergrype aan die Skrif binne die Christelike konteks geregverdig en ondersteun. In hierdie proefskrif wil ek juis die punt maak dat dit 'n vergrype aan die Skrif was en dat bevryding daarin te vinde is dat hoewel sekere fisiologiese eienskappe aan 'n bepaalde geslag gebonde is, dit nie Skriftuurlik waar is dat die aanvoeling en gawe om of meer fisies versorgend ten opsigte van die gesin op tree of om meer beskermend en meer by die wêreld daarbuite suksesvol betrokke te wil wees, aan 'n bepaalde geslag gebonde is nie of dat daar noodwendig vir die een ouerskapfunksie of vir die ander ouerskapfunksie geskies moet word nie. Juis moet elke ouer in beide hierdie rolle funksioneer en moet die ouers gesamentlik sorg dat hulle die terreine eweredig verdeel. Ook God tree wisselend op as die versorgende aardfiguur en die skeppende hemelruimfiguur. Die postmodernisme se winspunt vir vaderskap is daarin geleë dat postmodernisme die geneigdheid het van relativering. Hoewel dit in sekere situasies die waarheid van relativering te ver voer, het dit weer op bepaalde ander terreine die winspunt dat sekere stereotipes wat as absolute waarhede gesien word, wel gerelativeer word. Die stereotipe dat die fisiese versorgende vermoëns net aan die geslag van die vrou gekoppel word en dat die hemelruimrol net aan die manlike geslag gekoppel word, word juis onder die invloed van die postmodernisme bevraagteken en gerelativeer. Dit maak die pad oop vir die moderne vader om meer volledig en omvangryk sy ouerskap te kan uitleef. Dit maak ook die pad oop dat as Christen ek die Skrif nuut oor hierdie onderwerp kan verstaan. Nuut in die sin dat ons oë oop gaan vir die moederskap dimensie van God wat saam met sy vaderskap dimensie bestaan.

By die aanvaarding van die invloed van die sosiale bepaaldheid van die stereotipes van seksrolle, is dit nodig om te gaan kyk na die historiese verloop van die vaderfiguur. Daar is ook reeds in hoofstuk 1 aangetoon dat dit hoofsaaklik die sosiale en historiese ontwikkelinge en veranderinge is wat daartoe bygedra het dat populêre opvattinge, maar ook wetenskaplike teorieë ten opsigte van families, kinders, ouerskap en daarom ook vaderskap, oor tyd heen verander het (Lamb, 1986:4).

### 2.6.1. DIE JAGTERS ERA

Een van die mees uitstaande invloede vanuit die makro-perspektief was die *broodwinner*srol vir die familie wat sterk deur die samelewing op vaders af geforseer was en tot 'n mate vandag nog steeds 'n sterk invloed is. Die ontwikkeling van die vader of man as broodwinner is deeglik nagevors deur Jessie Bernard (1995:147). Haar en ander navorsing het dit duidelik uitgewys dat die rol van die man as broodwinner eers 'n baie "onlangse" ontwikkeling in die samelewing is. Tydens die era waar die man as jagter en die vrou as versamelaar ("*gatherer*" - deur byvoorbeeld vrugte van die bome te pluk en bymekaar te maak) gefunksioneer het, is bevind dat die man slegs een-vyfde van die voedsel ingebring het, terwyl die vrouens vir die res gesorg het. Hewlett (Shulman & Seiffge-Krenke, 1997:3) verwys na die Aka dwergies wat as jagter-versamelaar gemeenskap ("*hunter-gatherer societies*") gefunksioneer het en dat dit 'n gemeenskap was waarin die vader eintlik geen rol gehad het om te speel ten opsigte van die versorging van die ma of die pasgeborene nie. Moeders en pasgeborenes het selfs apart van die gemeenskap gebly. In hierdie gemeenskappe was die aard van die verhouding tussen man en vrou 'n baie onpersoonlike een en die emosionele band van die vrou was nie met die man nie, maar slegs met die kinders (Benson, 1986:87).

### 2.6.2. DIE LANDBOU ERA

In die voor-industriële era, veral tydens die era waar gemeenskappe hoofsaaklik rondom landbou-aktiwiteite gefunksioneer het, is bevind dat vrouens tot vier- vyfdes van die benodighede vir die daaglikse bestaan voorsien het (Bernard: 1995,149).

Die era van die landbou het wel tot gevolg gehad dat meer hande nodig was om die landerye te bewerk en om die herderstaak ten opsigte van diere uit te oefen. Gevolglik

moes die vrouens meer kinders (hande om te werk) in die lewe inbring. Hulle is dus effens uit die voorsienings rol uitgeskuif (Shulman & Seiffge-Krenke, 1997:3). Die man het nou groter beheer begin uitoefen ten opsigte van die hele familie en die landbou opset en het nie net die landbou produkte en plaasdiere as hul besittings beskou nie, maar ook die vrou en haar kinders word as sy besittings gesien. In hierdie landbou era was die kinders dus 'n ekonomiese bate deurdat hulle sekere take op hulle kon neem. Kinders het die ekonomiese basis verbreed (Colman, 1981:94). Die man het dus die hande arbeid van sy vrou en kinders besit en hy het die alleen-reg gehad om die hande arbeid wat hulle buite die huis verrig het te verruil vir vergoeding wat hy dan geneem het (Shulman & Seiffge-Krenke, 1997:4). Hierdie wending in die landbougemeenskappe word dan ook aangedui as die opkoms van die patriargale sisteem.

### 2.6.3. DIE PATRIARGALE VADER

'n Patriargale sisteem is per definisie 'n sisteem waar die man as 'n verhewe spesie bo die vrou voorgehou word. "In all cultures, whatever the value on women and women's productive or reproductive capacities, men's existence and work is regarded as more honorable and more important." (Marciano, 1986:17.)

Die patriargale sisteem het gedurende die sewentiende eeu as gevolg van die vele veranderinge wat op die sosiale gebied plaasgevind het, tesame met die toenemende kerklike invloed op die samelewing goed gevestig geraak. Onder hierdie sisteem het mans veel meer beheer oor hulle huise (gesinne) verkry as ooit te vore. Selfs magte wat vroeër aan kerkleiers en regeringleiers behoort het was oorgeplaas op die man as hoof van die huis. “Fathers were not only responsible for providing for or protecting their families, they also gained moral and religious authority.” (Shulman & Seiffge-Krenke, 1997:4.) Gedurende hierdie fase was die man nie soseer die alleen broodwinner nie, maar was hy die alleen heerser oor vrou en kinders. In die voor-industriële era met die vader se werkplek nog steeds by die huis en naby die woonplek, kon hy sy posisie van outoriteit, as patriarg bly handhaaf het. Die industriële era sou egter hierdie patriargale styl begin ondermyn (Benson, 1986, p 94).

## 2.6.4. DIE INDUSTRIËLE ERA

Dit was egter eers gedurende die industriële era dat die vader en man ontwikkel het as die hoofinbringer van inkomste en dus hoofvoorsiener vir die gesin (Bernard: 1995:149). Met die industriële era wat aangebreek het en die gemeenskappe wat verstedelik het, het die vrou se rol as "broodwinner" of voorsiener later totaal op die agtergrond geskuif. Dat die mans met die industriële rewolusie weg van die huis gewerk het (in teenstelling met die landbou - en jagters era), het tot gevolg gehad dat die vrou tuis moes bly om na die kinders en die huishouding om te sien. Gevolglik het die pa die rol as broodwinner finaal oorgeneem (Palkovitz, 2002:38).

Hierdie rol as broodwinner van die gesin het natuurlik hoë verwagtinge en uitdagings aan die man en vader gestel. Hy moes letterlik gesproke die brood*wenner* wees. Hoe *meer brood* ingebring is, hoe hoër was die man of pa in die samelewing aangeslaan. 'n Suksesvolle man en pa is 'n *wenner* van *baie* brood. Die druk was al hoe meer dat hy moes wen, moes suksesvol wees en moes domineer. Selfs sy manlikheid is gekoppel aan suksesse wat hy met hierdie rol as broodwinner behaal het. Die suksesvolle man was die man wat finansiële suksesse gewaarborg het en die addisionele troosprys is dat die suksesvolle broodwenner vrygestel is van ander take in die gesinsopset (Bernard, 1995:153).

Die gevaar van hierdie situasie was dat die man en vader dus al sy eiers in een mandjie geplaas het. Hy was dus *net* suksesvol indien hy 'n goeie broodwinner was. Die keersy hiervan was dat hy op geen ander manier (soos betrokkenheid binne die gesin) kon opmaak indien hy op die gebied van broodwinner gefaal het nie. In die oë van die samelewing was *om brood-te-wen* vir die gesin die enigste manier om suksesvol te wees as man.

Hierdie hoë eis, was 'n baie eensydige en verskraalde kriterium van wat suksesvolle vaderskap behels. Dit het dan ook dikwels sy tol geëis wanneer vaders in die lig van daardie maatstaf misluk het. Emosionele ontrekking, selfmoord, ontvlugting deur alkohol of ander chemiese misbruike, of egskeiding is deel van die prys wat betaal word in die aangesig van hierdie eensydige kriterium (Cornell, 1998:189).

In 'n gedig deur Brad Sachs (1995:60) met die titel "*Breadwinner*" word iets van hierdie leegheid van die broodwinners rol weergegee.

*I can loaf no longer*
*But must soon labor for bread alone*
*Since my wife will be mother.*
*I have sought this for years, it seems,*
*I will be Stanley Kowalski*
*Broad and drenched*
*Heaving hunks of meat up to my nursing honey*
*With a bellow of love.*
*I will be Ward Cleaver*
*Home for lunch and lectures*
*To my trapping boys.*
*I will be the father*
*Hot, irritable, untalkable-to*
*Until an hour*
*After two drinks and a shower.*
*I will be confused*
*Proud of my doughy wallet*
*Sore of my daily eviction*
*From the cave I will Cautiously re-enter each evening*
*This curious victory*
*Slung like a club*
*Across my stalwart back*

Vanuit die basisteorie in die volgende hoofstuk sal hierdie oordrewe opgawe van broodwinner gerelativeer kan word vanuit die vertrekpunt van God as die Voorsiener *par excellence.*

Die industriële era het ook die grond voorberei vir die oorgang van die patriargale outoritêre styl van die vader na 'n meer pragmatiese styl. Die vader se posisie van outoriteit by sy gesin in die voor-industriële era was ook daarin gegrond dat hy as jagter of as landbouer (boer) sy eie baas was. Hy het vir homself gewerk en naby sy huis

gewerk. Hy was dus in beheer van sy werk sowel as van sy gesin. Gedurende die skuif na die industriële era het die vader vir 'n instansie gaan werk. Sy posisie van outoriteit was daarmee gekompromitteer. Dit was die begin van die verwatering van die sterk patriargale sisteem (Benson, 1986:98). Die vader wat gedurende die industriële era vir lang periodes weg van sy huis gewerk het, kon nie meer alle beheer oor die gesin uitoefen nie. Gevolglik het 'n meer pragmatiese benadering vir die funksionering van die huisgesin die plek begin inneem van die ou patriargale sisteem.

### 2.6.5. DIE TWINTIGSTE EEU EN DIE TWEE WêRELD OORLOË

Gedurende die 20ste eeu het die rolverwagting van die vader as broodwinner nog sterker ontwikkel. Die sosiale status van die man en sy gesin was gekoppel aan die man (vader) se vermoë om as broodwinner suksesvol te wees (Palkovitz, 2002:39). Studies in die ontwikkeling van die kind waar die vader by betrek was, was hoofsaaklik beperk tot hierdie enkel dimensie van vaderskap, naamlik dat hy moet sorg vir die sosio-ekonomiese status van die familie en dit is goed nagevors wat hierdie posisie op die ontwikkeling van die kind tot gevolg het (Pederson, 1987:2).

Gedurende die twee wêreld oorloë was die rol as broodwinner tydelik verdring deur die feit dat mans en vaders vir lang periodes van die huis af afwesig was. Vrouens en moeders moes noodwendig die arbeidsmark betree het en het beide die rol as versorger tuis en as broodwinner begin oorneem (Palkovitz, 2002:39).

Na die twee oorloë het die ekonomiese opbou proses in die na-oorlogse wêreld weer begin. In die middel sewentiger jare het die ekonomie weer sodanig herstel dat die man opnuut sy plek kon inneem in die arbeidsmark. Steeds was hy weg van die huis af as broodwinner en die vrou het weer teruggekeer na die versorging tuis. Die man se posisie as broodwinner was weer opnuut gevestig. Die vader was hoofsaaklik 'n broodwinner (Palkovitz, 2002:39).

Toegepas op die rol van die vader kan dus afgelei word dat die vader vanweë die hoë eise wat deur die broodwinnersrol aan die man gestel was, veroorsaak het dat die vader baie min tuis was om tyd met die kinders te kon deurbring. Hy was dus ook onbetrokke by die ontwikkelings fases van die kind. Daarby saam was die vader as broodwinner

ook in 'n onaantasbare kategorie geplaas (verskraalde patriargalisme) in die sin dat met sy terugkeer na 'n dag se geveg op die markplein, hy dan geregtig was om moeg te wees en nie belas te word met die versorging van die kinders nie. Die vrou se moegheid na 'n dag se harde werk in die huis, was nie as geldig beskou nie, deels omdat haar werk in gebreke gebly het om inkomste te genereer en deels omdat sy "tuis" is en kan rus wanneer sy wil. Trouens die man word met sy tuiskoms verder deur die vrou versorg ten opsigte van kos wat voorgesit word en klere wat weer reggekry word, sodat die man môre weer op die arbeidsmark kan gaan veg! Enkele geleenthede waar die hulp van die man wel ingeroep was om 'n vaderlike funksie te vervul, was wanneer die ma uit magteloosheid met dissipline die hulp van die sterker figuur moes inroep. Navorsing aan die begin jare ten opsigte van die rol van die vader, was baie gefokus op die dissiplinêre rol wat die vader (soms in samewerking met die moeder) ten opsigte van die kind gespeel het (Pedersen, 1987:4). Hier was die vaderrol nagevors vanuit die persepsie dat die vader die een is wat van buite af net dissipline moes kom toepas het binne die huis. Sy gesag is ingeroep!

### 2.6.6. DIE TYDPERK NA DIE TWEE WÊRELD OORLOË

Die vrou en moeder sou egter nie in die na-oorlogse tyd weer heeltemal terugkeer net tot die tuiste-skepper-rol nie. Nadat iets gesmaak is van die ontluiking van eie persoonlike ontwikkelinge en talente en namate daar iets van die onafhanklikheid beleef is, sou die vrouens toenemend die arbeidsmark betree. Voeg daarby die toenemende hoë lewenskostes en die vrou was genoodsaak om die arbeidsmark te betree ten einde die inkomstes van die huishouding aan te vul. Die uitbreiding van 'n meer diensgerigte sektor in die ekononomie het ook meer werksgeleenthede vir die vrou geskep en vrouens het mettertyd self meer professioneel gekwalifiseerd geraak (Hochschild, 1995:443). Juis hierdie permanente toetrede van die vrou tot die arbeidsmark, was een van die groot demografiese veranderinge wat die vraag na die presiese aard en wese van wat vaderskap behels op die tafel geplaas het. Aangesien die man en pa dan net suksesvol as man en pa was omdat hy die suksesvolle broodwinner was, wat is hy dan nou vandat die moeder net so en soms "meer" suksesvol is noudat sy "broodwinner" en in sommige gevalle selfs hoofbroodwinner geword het? Die vraag is: Is die ma 'n suksesvolle *pa* noudat sy ook broodwinner geword het. Of is sy die "super-vrou" noudat sy broodwinner is en tergelykertyd die hoofdraer van die verantwoordelikhede tuis is?

Omgekeerd is die vraag of die pa nou ook *ma* word deurdat hy meer take by die huis verrig? Verder: Neem die vaders dieselfde presentasie verantwoordelikhede tuis op hom as wat die moeders "broodwinners" gewig op haar neem? Is daar 'n gelyke verdeling van versorgende verantwoordelikhede?

### 2.6.7. DIE EEN-EN-TWINTIGSTE EEU

Volgens navorsing wil dit tog voorkom asof dit die tendens is dat vaders al hoe meer op emosionele wyse en ook tydsgewys by sy gesin betrokke raak in die een-en-twintigste eeu . Sommige navorsers het bevind dat vaders vandag net so betrokke by sy gesin en kinders is as wat die moeder is (Palkovitz, 2002:41). Die praktiese groter lading van die ma wat ook 'n voldag werk op die markplein moet nakom, het genoodsaak dat die vader meer verantwoordelikhede tuis op hom sou neem. Sy nouer betrokkenheid by die binnewerke van die gesin het dus ook tot gevolg gehad dat die vader nie langer meer die groot en sterk, maar emosioneel onbereikbare figuur gebly het nie. Die afskeid van patriargalisme hang ook toenemend saam met die feit dat die man die patriargale sisteem onder andere al hoe meer emosioneel beperkend en rigied ervaar het (Marciano, 1986:19). Die vader het 'n unieke posisie in die emosionele sentrum van die gesin begin inneem, soos wat die moeder haar posisie in die sentrum van die markplein kom inneem het. Die gesagposisie in die huis van een persoon (patriargale sisteem) het begin plek maak vir 'n meer demokratiese besluitnemingstyl (Benson, 1986:145).

### 2.6.8. OPSOMMEND

As gevolg van groot veranderinge op die makrokonteks van die samelewing het daar 'n groot skuif plaasgevind ten opsigte van die posisie van die vader in die postmoderne gesin. As die byna oorbodige figuur in die jagters-versamelaars gemeenskap, het die vader gedurende die landbou - en industriële era verskuif na 'n *brood*nodige, maar steeds emosioneel-afwesige figuur, tot vandag waar die vader ekonomies en emosioneel die sentrum posisie van die gesin met die moeder deel.

Hoewel struktureel-funksionele teoretiese verklarings van samelewingsverskynsels in die laaste tyd taamlik sy invloed verloor het, en die vader baie meer in die emosionele

sentrum van die gesin kom staan het, is die verwagting dat die vader die broodwinnersrol in die familie moet vertolk, egter steeds sterk aanwesig.

## 2.7. DIE BELEWINGE EN ROL VERANDERINGE VAN DIE VADERS IN DIE MODERNE EN POSTMODERNE TYD

Risman and Schwartz (Daly, 1995: 23) se benadering is meer mikrostruktureel gerig en onderbeklemtoon die invloed van die vroeëre sosiaal-strukturele invloede. Hulle fokus eerder op die feit dat mans en vrouens op 'n voortgaande basis hul rolle kreatief herdefinieer na gelang van verskillende uitdagings wat deur verskillende fases van die lewe aan hul gestel word en na gelang van die wisselende interaksies met mekaar. So byvoorbeeld kan 'n enkel-pa sonder voorafgaande blootstelling aan die primêre versorgingsrol van die kind, skielik, omdat die omstandighede dit van hom verlang ('n egskeiding byvoorbeeld), 'n baie goeie primêre versorgingsrol uitleef. Hierdie benadering en ook ander soortgelyke studies bevestig die feit dat mans of vaders dus kan verander en vernuwe namate omstandighede dit van hul verlang. Greif en DeMaris (1995:196) het navorsing gedoen wat oor 'n vyf jaar periode gestrek het ten opsigte van vaders wat na 'n egskeiding drastiese aanpassings moes maak. In die ondersoek is bevind dat die oorgroter meerderheid aanvanklik 'n swaar tyd van aanpassing deurgaan. Die periode word dan gevolg deur 'n periode waar dinge meer stabiliseer. Een derde van vaders na die egskeiding vaar volgens hul bevindinge uiteindelik (na verloop van tyd) baie goed, een derde ervaar steeds aanpassingsprobleme en die oorblywende derde lê iewers tussen hierdie uiterste groepe. Juis die mikro veranderinge binne die gesinsopset het die vaders genoop om aanpassinge te maak.

Die mikrokonteks het dus te make met die vraag na die rolle van elkeen van die gesinslede soos wat hulle dit self binne die mikrokonteks uitwerk (Backett, 1987:75). Hoewel die mikrokonteks-gerigte navorsings die fokus rig op die binnewerke van die gesin en die rol van die vader binne die kerngesin, kan dit tog nie weggeredeneer word dat sommige van die veranderinge in die mikrokonteks voorafgegaan word deur die veranderinge op die makrokonteks nie. Die makro - en die mikrokontekste staan nie los van mekaar nie, maar beïnvloed mekaar wedersyds. Die postmodernisme (makrokonteks) dra byvoorbeeld verder daartoe by dat veranderinge van rolle binne die gesin vinniger verander. Waar rolle vroeër onveranderlikes was wat voorgeskryf was

vanuit 'n bepaalde metafisiese werklikheid gedurende die moderne era, bring die relatiwiteits gees van die postmodernisme 'n makliker aanvaarding van rolveranderinge soos wat dit vanuit die praktyk om aanpassings vra.

Die veranderinge binne hierdie mikrokonteks waarbinne die postmoderne pa homself as vader bevind, het meegebring dat die pa meer bewus en soms ook meer betrokke geraak het by die versorging en opvoeding van die kind. Hierdie bewussyn en groter betrokkenheid van die postmoderne pa ten opsigte van die versorging van kinders in die huishouding het gevolglik ook in die navorsingswêreld onder die soeklig gekom.

## 2.7.1. VADERSKAP BINNE KERNGESIN TOENEMEND ONDERSOEK

Die man as postmoderne vader se veranderde rol binne die familie opset, sy aspirasie om kinders te wil hê en vir hulle te wil sorg en die graad waartoe hulle slaag om hierdie aspirasie in die praktyk waar te maak, het in die laaste tyd veral vanuit die *sielkunde en die sosiologie* aandag gekry. Die vaderrol van mans en die spesifieke dinge wat hulle in die huis doen, het onder die soeklig gekom. Hier kan byvoorbeeld gewys word na McKee en O'Brien (1982) *The father figure*, Jackson (1983) *Fatherhood*, Russell (1983) *The changing role of fathers*, Lewis (1986) *Becoming a father*, Lewis en O'Brien (1987) *Reassessing fatherhood. New observations on father and the modern family*, Lamb (1987) *The father's role: Cross-culture perspectives*, Sandqvist (1987) *Fathers and family work in two cultures*, Wheelock (1990) *Husbands at home. The domestic economy in a post-industrial society*, Bozett en Hanson (1991) *Fatherhood and families in cultural context*, Hood (1993) *Men,work and family*,Van Der Lippe (1993) *Arbeidsverdeling tussen mannen en vrouwen. Een interdisciplinaire studie naar betaald en huishoudelijk werk binnen huishoudens*, Mozes-Philips en Ester (1993) *Zorgen voor de toekomst. Een onderzoek naar carrièreperspectieven van verzorgende vaders* en De Jong en van Olde (1994) *Hoe ouders het werk delen. Onderzoek naar de tot standkoming van de verdeling van het betaalde werk en het werk tuis tussen partners met jonge kinderen* (Van Dongen, 1995:91). Uit al hierdie navorsing is bevind dat vaders vandag soek na 'n nouer betrokkenheid by hul kinders en is bevind dat vaders vandag baie meer betrokke by hul kinders is, as wat die geval was tussen hulleself en hul vaders.

Die bevindinge het ook daarop gedui dat die oorgang van die *onbetrokke* vader na die *meer betrokke* vader nog 'n proses is wat nie afgehandel is nie. Daar is bevind dat hoewel vandag se vaders, veral waar die moeders ook werk, meer betrokke is by hul kinders dit inderwaarheid meer gefokus is op die meer ontspanne en aangename aktiwiteite. Die meer noodsaakliker roetine take bly steeds vir die moeder gereserveer.

Van Dongen (1995:96) wys byvoorbeeld in sy ondersoeke daarop dat postmoderne vaders wel meer betrokke is by die versorging van die kinders, maar vaders neem nie noodwendig die "verantwoordelikhede" wat hand aan hand met versorging loop op hulle nie. Die besluitnemende verantwoordelikheid word nie gelykop tussen vader en moeder verdeel nie. Van Dongen se bevinding is dat vaders net die moeders "uithelp" deur sekere versorgende take uit te voer. Dit is take waaroor die moeder besluit en wat die moeder vir die vader vra om te doen. Die moeder bly steeds die finale verantwoordelike persoon vir die versorging.

Hierdie bevinding vind 'n mens deurlopend by talle navorsers hoewel die tendens daarop dui dat groter betrokkenheid wel aan die toeneem is. In hoofstuk drie sal ek probeer om vanuit die basisteorie te probeer aantoon dat die primêre verantwoordelikheid vir die versorging van sowel die kinders as vir die vrou en moeder van die kinders eintlik volgens die priestelike opdrag by die vader geleë moet wees. Die moeder is die een wat die vader moet uithelp en nie anders om nie.

## 2.7.2 DIE ROLLE VAN DIE VADER BINNE DIE KERNGESIN

Soos wat die opvattinge ten opsigte van die aard van optredes van die twee geslagte deur tyd heen verander, so verander die opvattinge en verwagting van wat goeie vaderskap en goeie moederskap behels ook. Vandag is daar 'n groot uiteenlopendheid oor wat vaderskap en moederskap behels. Ook word deur navorsing bevind dat individue se opvattinge ten opsigte van vaderskap (en moederskap) dikwels baie verskil van dit wat in die praktyk ervaar word (Dickie, 1987:117).

Die postmoderne vader se groter betrokkenheid by die bestaansaktiwiteite van sy gesin manifesteer op verskillende wyses. Die vader het 'n medeversorgende rol ten opsigte

van primêre versorgingstake soos kinders bad en kosgee, kinders rondry, inskakeling met kinders op emosionele gebied, ensovoorts (Hawkins *et al.*, 1995: 41).

Ten einde die versorgingsrol van die vader na te vors, het Finch en Groves eers 'n algemene omskrywing van die begrip "versorging" probeer gee. Versorging word gedefinieer as "liefdesarbeid" volgens Finch en Groves (Van Dongen, 1995:97). Volgens die navorsers is dit moeilik om dit in konkrete gestaltes te omskryf. Dit is 'n kombinasie van liefde en arbeid. Dit is ook al beskryf as deel van moederlike instinkte, as 'n moeilik en veeleisend gegewene (Ruddick soos aangehaal deur van Dongen, 1995:97). Versorging sluit in dat 'n mens prakties, maar ook emosioneel 'n ander persoon versorg. Fisher en Tronto (soos aangehaal deur van Dongen, 1995:97) definieer versorging as "an activity that includes everything we do to maintain, continue, and repair the world surrounding us so that we can live in it as well as possible."

Fisher en Tronto het die volgende vier kategorië van versorging geïdentifiseer; "om om te gee" vir iets ("*Caring about*"), "om iemand te versorg"("*taking care of*"), "sorg te verleen" ("*Caregiving*") en "sorg te ontvang" ("*Care-receiving*") (Van Dongen, 1995:98).

**2.7.2.1. VIER KATEGORIEË VAN VERSORGING**

- Omgee vir iets het te make met die feit dat jy "geraak" is deur 'n situasie van nood. Hierdie "geraak wees" hoef nie noodwendig net natuurlik en spontaan te wees nie, maar kan ook aangeleer en ontwikkel word, sodat daar 'n bewuswording van nood en 'n sensitiwiteit vir nood ontwikkel.
- Om iemand te versorg beteken dat jy na 'n volgende vlak van versorging beweeg, naamlik om verantwoordelikheid op jou te neem vir die nood en behoeftes wat jy by 'n ander persoon waargeneem het. Dit lei tot aksies wat jy onderneem om hierdie behoefte aan te spreek.
- Om te *sorg* sluit juis die konkrete take in wat jy uitvoer ten einde die nood te verlig by die persoon wat versorg word.
- Sorg ontvang beteken dat die persoon by wie die nood waargeneem was, nou 'n ervaring het dat sy nood verlig is.

### 2.7.2.2. TOEPASSING VAN DIE VERSORGINGKATEGORIEË

Toegepas op versorging van kinders beteken dit volgens Fisher en Tronto (Van Dongen, 1995:98) dat

- die versorgers of ouers vanweë hul liefde vir die kinders die fisiese, verstandelike en emosionele behoeftes van die kind raak sien *("Caring about")*;
- dat daar spontaan verantwoordelikheid aanvaar word, opgeneem word vir die versorging van hierdie kind se behoeftes, ("*Taking care of*") en
- dat daar spesifieke take uitgevoer word, soos voer en sus, om die behoeftes aan te spreek ("*Caregiving"*) en
- die kind se reaksie op hierdie versorging is die erkenning van die *sorg* wat ontvang is. ("*care-receiving*")

Van Dongen het hierdie vier kategorieë van Fisher en Tronto gebruik en empiriese ondersoek aan die hand daarvan gaan doen by 215 vaders wat sy ewekansig gekies het. Die finale bevinding was dat al hoe wel postmoderne vaders meer "betrokke" geraak het by die versorging van hul kinders dit eintlik net impliseer het dat hulle meer sensitief geraak het vir die situasies waar die moeders vanweë al die eise van die postmoderne tyd nie by al haar versorgende pligte ten opsigte van die kinders kan uitkom nie. In werklikheid was daar dus net 'n bewuswordingsproses, maar geen oorgaan tot die volgende fase waar die vaders self verantwoordelikheid vir die versorging van die kinders op hulle geneem het nie.

### 2.7.2.3. BEVINDINGE TEN OPSIGTE VAN ELK VAN DIE VIER KATEGORIEË IS DAT:

- Vaders vandag wel baie meer sensitief is vir die behoeftes van hulle kinders as wat hul eie vaders ten opsigte van hulle behoeftes was. Tog verweer hulle hulself deur te sê dat vanweë die lang afwesigheid van die huis op daaglikse basis en vanweë hoë werkslading, baie ander behoeftes wat by die moeders en kinders aanwesig was, ongemerk by hulle as vaders verby gegaan het.

- Ten opsigte van die spontane aanvaarding van die versorgende verantwoordelikheid, is bevind dat (36.5%) van die vaders gevoel het dat die verantwoordelikheid van broodwinner nou gedeel word. Die meeste vaders (63,5%) het gevoel dat die finansiële versorging steeds primêr hulle verantwoordelikheid was. Dit was ook die vaders wat baie toegewyd aan hulle werke was. Ten opsigte van die verantwoordelikheid van die versorgingstaak van kinders was die verdeling minder duidelik, aangesien 51.4% van die vaders glo dat die versorgingstaak gedeel moet word en 48.6% van mening is dat die primêre verantwoordelikheid van fisiese versorging by die moeder lê.

### 2.7.3. VADERS TEN OPSIGTE VAN PRIMÊRE VERSORGING

Die ondersoek het wel bevind dat vaders hoewel hulle baie langer ure werk, tog voel hulle is net so aanspreeklik soos die moeders vir die versorging van hulle kinders. In werklikheid of dan in praktyk egter bly die moeder steeds sit met die grootste verantwoordelikheid vir hierdie versorgingstaak. Mans het ook te kenne gegee dat hulle meer tyd met hulle kinders sou wou deel was dit nie vir hulle werk nie. Ten opsigte van die invloed van die man se werksure ten opsigte van sy betrokkenheid by die gesin en huishouding, is bevind dat hoewel mans dikwels die uitspraak maak dat die lang vaste werksure in die pad staan van 'n groter betrokkenheid by die gesin, meer ure tot hulle beskikking nie beteken meer betrokkenheid nie. Volgens ander navorsing is die bevinding dat gesinne waar mans oor meer fleksie werkstyd beskik en dus meer tyd vir die gesin beskikbaar het, die gesin op twee terreine benadeel word. Eerstens is mans wat meer tyd beskikbaar het mans wat hul brood met minder werksure verdien (skofte, ensovoorts.) en daarom is die gesin op finansiële gebied swakker daaraan toe. Tweedens was die emosionele betrokkenheid van die vader nie groter nie. Die navorsing dui wel daarop dat die mans wat ongereelde ure werk meer huishoudelike take verrig, maar nie noodwendig meer emosioneel betrokke was nie (Staines, 1986:43).

Wanneer dit in die praktyk kom by die werklike dade van versorging is die moeders veral van kleiner kinders meer betrokke by die kinders as die vaders. Beide moeder en vader in die ondersoek van Fisher en Trono het wel gevoel, gegewe die beskikbaarheid van die vader, dat hy voldoende verantwoordelikheid vir die versorging van die kinders op

hom neem. Dus selfs die persepsie by moeders kom daarop neer dat vaders nie regtig primêr verantwoordelik is of hoef te wees vir die versorging van die kinders nie. In werklikheid beleef die moeder en die vader dat die moeder die primêre versorger is al het die ingesteldheid van die vaders vandag baie verander. 'n Voorbeeld hiervan is wanneer die vader by sekere geleenthede vir die moeder ten opsigte van die versorging van die kinders instaan, die moeder steeds die een is wat sorg dat alles reg en gereed is vir die vader ten einde hom in staat te stel vir die nakoming van hierdie versorgingstaak. Die moeder sal byvoorbeeld vooruit die kos maak wat die vader aan die kinders moet gee waneer sy weg is van die huis vanweë werksverpligting of ander redes en die vader die kinders moet versorg. Dit bevestig die bevinding dat die moeders in die praktyk steeds finaal die fisiese versorger is.

Daar is egter ook gemeenskappe waar hierdie rolle in 'n sekere sin omgeruil is. Interessante navorsing wat gedoen is deur Margaret Mead (Colman, 1981:116) onder die Manus van New Guinea, is waargeneem dat die vaders vroegoggend reeds uitgaan om vis te vang en dan wanneer die dag begin is hulle terug van die ekspedisie. Vir die res van die dag, moeg gewerk deur die vroeë visvang ontspan hulle deur met die kinders te speel, terwyl die moeders dan vir die res van die dag werk deur die vangste te verwerk, ensovoorts. Mans in hierdie kultuur begin so vroeg moontlik ook die fisiese versorging van die kinders op hulle neem. Hierdie vroeëre betrokkenheid geskied meestal speel-speel deur die kind te kielie en fisies te pamperlang, terwyl die harde take en dissipline aan die moeder oorgelaat word. Wanneer die moeder die kind sekere vaardighede geleer het soos om aan 'n grootmens se nek vas te hou, nie in die water te val nie en nie aan vuur te vat nie, is die kind gereed om saam met die vader op al sy vroegoggend ekspedisies te gaan . In die Manus gemeenskap word die pa as die avontuurlustige en lekker ouer ervaar, terwyl die moeder as vervelig en onaangeneem beleef word. Die moeder bly ook in die oë van die kind namate hy groot word net 'n bruikbare instrument, veral wanneer daar waargeneem word hoedat die vader dikwels voor die kinders die vrou mishandel. Die kinders identifiseer hulle daarom ook baie vroeg liewer met die vader. Binne hierdie gemeenskap het Mead dan ook as deel van 'n eksperiment die gemeenskap aan poppe blootgestel. Met hierdie eksperiment is gevind dat dit die seuns was wat gewoond was dat die vaders die versorgende funksie vervul het gevolglik was dit hulle wat dan ook met die poppe gespeel het en nie die dogters nie.

Hierdie popspeel aktiwiteit word in die Westerse kultuur beskou as aktiwiteit net vir dogtertjies (Colman, 1981:117).

## 2.7.4. MOEDERS TEN OPSIGTE VAN PRIMÊRE VERSORGING

Navorsing bevestig egter dat binne die meeste gemeenskappe die vrou die primêre versorger is (Shulman & Seiffge-Krenke, 1997:10). Ook die navorsing van Coltrane bevestig dat die vrou grotendeels die primêre versorger in die huis is. Hoewel die vrou in die samelewing gedurende die na-oorlogsjare ook die arbeidsmark suksesvol betree het en 'n gelyke vennoot is wanneer dit kom by die "wen-van-brood", dui die navorsing daarop, dat die vrou steeds meer huishoudelike funksies as die man op haar vurk het (Coltrane, 1995:263).

Ook Hochschild se navorsing het bevind dat al is die man behulpsaam met die huishoudelike werk en kinderversorging, die vrou steeds haarself as die finale aanspreeklike een ervaar vir die versorging van die huistake en die kinders (Hochschild, 1995:445). In haar navorsing wat gestrek het oor 'n tydperk van agt jaar het Arlie Hochschild dit empiries gestaaf dat vrouens beslis 'n "tweede skof" werk verrig in vergelyking met mans (Hochschild, 1995:443).

In die navorsing wat Cohen gedoen het onder vaders wat 'n buitengewone ingesteldheid en behoefte ten opsigte van die versorgende dag tot dag aktiwiteit van hul gesin gehad het, was hulle bevinding dat die meeste van die vaders steeds betrokke was in die wêreld buite die gesin, maar dat hulle bo en behalwe dit gepoog het om nou betrokke te wees by die gesin. Die meeste vaders het egter teleurstelling ervaar en gevoelens van mislukking beleef ten opsigte van hulle vaderskap. Hulle het gevoel dat die harde werklikheid van die wêreld daarbuite hulle te veel weggehou het van die kinders en dat hulle veel meer uit die vaderskap wou gehaal het. Baie het gevoel dat hulle aan die begin groot verwagtinge gehad het vir hul vaderskap maar dat hulle dit langs die pad iewers verloor het (Colman, 1981:113).

Ten spyte van die aanduiding dat die vrou steeds die finale aanspreeklike een voel wanneer dit kom by die primêre versorgingsfunksie van die gesin, is die tendens dat die postmoderne man meer betrokke wil raak. Hierdie nuwe benadering van die man om

vandag meer versorgend betrokke te wil wees by sy gesin, is die gevolg van 'n persoonlike en bewuste keuse wat gemaak word op grond van die grootliks afwesigheid van 'n dominerende patriargalistiese stereotipe vaderrol en die toenemende praktiese omstandighede van die gesin wat daarna vra. In die verlede was dit eerder die kultuur bepaalde stereotipe wat dominerend 'n rol op die vader afgeforseer het. Die vaderrol was in die verlede meestal bepaal deur die voorgeskrewe rol wat die gemeenskap aan die man of vrou voorgeskryf het. In die postmodernisme waar realtiwiteit die gewigtigheid van die rolverwagtinge van die gemeenskap eenkant toe geplaas het en groter gewig aan die individu se eie voorkeure en afkeure gegee het, word die keuses van paartjies wat rolle wil omruil of meer eweredig wil verdeel net al hoe makliker.

Hierdie toenemende persoonlike keuses van hoe om vader te wees geskied omdat die man ook begin ontdek het dat dit nie 'n geval is dat hy nie oor die vermoëns beskik tot versorging nie en ook is die hele wegbeweeg van stereotipes in die postmoderne fase, 'n heerlike groei en ontdekkingsfase vir die nuwe geslag pa. Ook volgens Coleman is dit nie 'n geval dat mans nie oor die vermoëns beskik om primêre versorgers te wees nie, maar "The real issues are, first, choosing the image for oneself; second, accepting what must be given up as well as what may be gained; third, establishing a relationship with a partner who will support the choice." (Colman, 1981:118.)

Vandag in die postmoderne wêreld is daar al hoe meer mans wat 'n minder "macho" rol en 'n meer gelyke versorgende rol in hul verhouding uitleef, nog voordat daar sprake is van kinders. Baie min van hierdie mans dink aan die gevolge wat so 'n meer versorgende rol tot gevolg kan hê wanneer vaderskap eers sy verskyning maak. Ander mans weer het wel al vooraf aan vaderskap gedink en is veel meer bereid om ook wat vaderskap betref hierdie meer versorgende funksie te vervul.

Dat daar nuwe probleme ontdek word namate die nuwe vaderrol gevestig raak val ook nie te ontken nie. Navorsing het bevind dat mense (ouers) die heen-en-weer beweeg van die een funksie na 'n ander funksie, van 'n broodwinnersrol in die wêreld daarbuite en dan weer na 'n versorger van die gesin in die binnekring, nie so maklik is nie. Bedags moet mans en vrouens in die hemelruimwêreld meedoënloos en kompetisie gerig optree om later die dag tuis te kom en dan die rolle om te keer deur versorgend op te tree. Die manier waarop hierdie oorgang bewerk word is 'n gebied waar daar vele geleenthede is

vir die ontwikkeling van tegnieke ten einde ouers in hierdie skuif by te staan. Die tradisionele "rolle" is geneig om hier mettertyd die oorhand te kry. Daar is dikwels druk vanuit die buite-wêreld, dat indien jy dit regtig in die buite-wêreld wil maak, jy uiteindelike 'n keuse ten gunste van die tradisionele broodwinnersrol moet maak. Dit sal gevolglik meebring dat die man al hoe minder daarin gaan slaag om sy versorgende rol te kan uitleef by die huis. Of die tradisionele rolverwagting kry die oorhand in die sin dat die vrou wat in die buite-wêreld funksioneer, tog uiteindelik in haar onderbewussyn weet dat haar versorgende funksie vir die familie groter gewig dra en daar dus tye gaan kom wat sy ook die familiepligte bo die werkpligte sal moet stel. Daar is ook bevind dat sommige mans hierdie wisseling tussen rolle net suksesvol kan laat plaasvind wanneer daar substansie misbruik plaasvind.

Een van die konstante verskynsels wat deur die navorsing aangetref word is die feit dat die vaderskap steeds in 'n oorgangsfase verkeer. Ook La Rossa in 'n artikel oor vaderskap het die onderskeid gemaak tussen die *kultuur* van vaderskap wat dan op die gedeelde normes, waardes en opvatting rondom mans en vaderskap dui en die *praktyk* van vaderlike gedrag met ander woorde dit wat daagliks wel plaasvind in die praktyk van vaderskap. In die artikel word aangedui dat daar 'n diskripansie is tussen die kultuur en die praktyk. Bedoelende dat ten opsigte van die hipotese dat vaderskap verander het, dit veel eerder voorkom of die kultuur van vaderskap al in 'n mate verander het, maar dat die praktyk nie noodwendig al so ver gevorder is nie. Die man sou meer by die kinders betrokke wou wees, maar in die praktyk is daar eintlik nog min werklike veranderinge (La Rossa, 1995:457). Ten minste kan daar dan wel beweer word dat die gewilligheid by die vader aanwesig is, alhoewel nie veel daarvan in die praktyk te sien is nie.

Die verskuiwing in die kultuur van vaderskap en selfs in 'n geringe mate in die praktyk van vaderskap word deur baie verskillende praktiese omstandighede veroorsaak. Namate die vrou byvoorbeeld meer tuis geraak het op die markplein, het sy ook soos die man begin neersien op die sleurwerk van die huishouding. Dit het tot gevolg gehad dat goedkoper arbeid gehuur was vir die huishoudelike sleurwerk. Daar waar huishoudings egter nie die huur van arbeid kon bekostig nie, is daar hoë spanning binne die huwelik indien die man nie bereid is om sy gewig ten volle in te gooi nie (Hochschild, 1995:444). Verdere navorsing het dan ook bevind dat die hoofrede vir die toename in egskeiding in die moderne tyd nie is omdat meer vrouens die werkplek betree het of as gevolg van

ander bydraende faktore soos drankmisbruik, emosionele of fisiese mishandeling of finansiële swaarkry nie, maar juis die man se totale onwilligheid en selfs onvermoë om regtig sy plek by die huis vol te kan staan (Hochschild, 1995:443).

Nog probleme wat gepaardgaan met die rolveranderinge van die vader en moeder is dat baie vrouens die buite-wêreld of dan hemelruimwêreld wil betree sonder om hulle rolle as versorgers prys te gee. Ook anders om; baie vaders wil juis betrokke wees met die versorging van kinders, terwyl hulle ewe suksesvol betrokke wil wees in die wêreld buite die huis en die basiese versorgings area. Binne die gelyke vennootskap is daar ruimte vir hierdie benadering mits albei die ouers bereid is om plek plek iets van die tradisionele rolle prys te gee in ruil vir dit wat hulle bykry.

Die primêre versorgingsrol wat volgens tradisie van die Westerse kultuur aan die vrou as moeder opgedra word sal ook krities bekyk word vanuit die basisteorie in die volgende hoofstuk aangesien die rol as priester onder andere tog 'n versorgende rol blyk te gewees het.

### 2.7.5 VERDELING VAN VERSORGINGSTAKE BINNE DIE GESIN

Die navorsing vanuit 'n sosiale hoek na die vraag hoe en waarom huishoudelike take onderling tussen man en vrou verdeel word, het die volgende interessante bevindinge opgelewer. Volgens navorsing word daar op die oppervlakte gepoog om 'n billike uitruilling van take en verdeling van take tussen man en vrou te beding. Die beginsels vir hierdie billike uitruiling en onderhandeling van huishoudelike en kinderversorgingstake is dat dit vanuit 'n rasionele basis moet geskied met inbegrip van die beskikbaarheid van tyd van die man en vrou, asook die inagneming van aspekte soos beskikbare betaalde arbeid, aard van huishoudelike take en ontspanning. Wanneer taak toewysing in die praktyk egter plaasvind, begin paartjies met mekaar op nie-rasionele wyses onderhandel en soms meeding. Die goed bedoelde rasionele gronde vanwaaruit in die teorie vertrek word, word in die praktyk verruil vir die beginsel van hoe groter jou magsbasis is vanwaaruit jy na die onderhandelingstafel gaan, hoe beter kom jy uit die onderhandeling. Dit beteken dat minder van die onaangename en selfs gewone huishoudelike verpligtinge op jou afkom, namate jou magsposisie groter is as die ander party s'n in die onderhandelingsproses. Jou magsbasis word bepaal deur aspekte soos jou sosio-

ekonomiese status in die samelewing, jou geleerdheidspeil wat bereik is en jou inkomste (Van Dongen, 1995:92). Hierdie manupilasie vanuit 'n posisie van mag, maak dit natuurlik baie moeilik om van "billike" en rasioneel objektiewe onderhandelingsprosedures te praat. Die werklikheid in hierdie onderhandelingsproses is die feit dat nog die man, nog die vrou enigsins 'n vrye en konteksiose individu is. Daar is steeds te veel voorafgaande rolverwagtings vir 'n moeder en vir 'n vader in die samelewing (makrovlak) wat die keuses vir die take eintlik vooraf reeds laat val (mikrovlak). Verder is bloot net die beginsel van 'n rasionele besluitnemingsproses as beginsel vir onderhandeling oor taakverdeling 'n moeilik haalbare idee. Dit is tog onmoontlik wanneer dit kom by die versorging van 'n kind om oor elke moontlike voor en nadeel wat elke versorgingstaak kan inhou, rasioneel te gaan besin, alvorens daar besluit word watter taak die man en watter een die vrou gaan neem. So ook speel elke persoon se voorkeure en afkeure, gewoontes en persoonlikheidstipes 'n bepaalde rol in die besluitnemingsproses.

'n Tweede faktor wat 'n rol speel wanneer die verdeling van huishoudelike take en kindversorgende take plaasvind, is die ideologiese siening wat daar bestaan ten opsigte van die manlike of vroulike geslag. Die algemene bevindinge is dat mense met 'n lae geleerdheidsvlak meer konserwatief is ten opsigte van hul sieninge van geslagsrolle, terwyl diegene met 'n hoër geletterdheidsvlak, minder tradisionele sieninge ten opsigte van geslagrolle handhaaf. Dit het tot gevolg dat die verdeling van take by 'n paartjie met 'n laer geletterdheidsvlak sal geskied langs die lyne van dit wat tradisioneel as take vir die vrou en die man beskou word. By paartjies met 'n hoër geletterdheidsvlak sal die tradisionele rolverwagting minder van 'n invloed hê, aangesien hierdie paartjies meer dink in terme van geslagsgelykheid. Van Dongen beweer verder dat haar navorsing daarop dui dat al hoe minder take aan 'n spesifieke geslag gekoppel word (Van Dongen, 1995:93). Jordaan (2005:3) sê: "op 'n heel ander vlak bied die sloping van patriargale konvensies oor manwees en vrouwees nuwe uitdagings in die verhoudings tussen die geslagte en die vergestalting van nuwe menslike moontlikhede en die samelewing."

### 2.7.6 DIE INVLOED VAN DIE VERANDERDE VERSORGINGSROLLE OP DIE VADER EN DIE MOEDER

Die vraag is ook watter uitwerking het die feit dat die vader meer en meer versorgende take binne die huishouding op hom neem ten opsigte van homself as vader en op die moeder as sodanig? Die algemene opvatting en verwagting bestaan dat namate die vrou meer tot die arbeidsmark toetree en die man noodwendig meer huishoudelike take op hom neem dit bydra tot groter gelukkigheid binne die familie opset. Navorsing het egter bevind dat dit nie in alle omstandighede noodwendig die geval is nie. Baie vrouens is nie gelukkig met die toenemende betrokkenheid van die vaders binne die huishoudelike versorging van die gesin nie. Die verklaring hiervoor hang saam met die tradisionele rolverwagting van die geslagte. Die vrou, alhoewel sy toenemend die arbeidsmark betree, beleef steeds dat haar terrein eintlik die huishouding is en dat met die groter betrokkenheid van die vader in die huishoudelike take van versorging, hy haar domein by haar kan verower en van haar kan wegneem (Lamb *et al.*, 1986:69). In sommige gevalle is die moeder ook nie altyd so tevrede met die gehalte van take wat die vader in sy groter betrokkenheid lewer nie. Dit lei dikwels tot wrywing binne die familie opset (Lamb *et al.*, 1986:71).

Die rolverandering van die postmoderne vader het ook sekere uitwerkinge op die vader. Gedurende die periode wanneer die kinders gebore word en die postmoderne vader meer by sy gesin betrokke wil wees, val gewoonlik saam met die periode waar hy in sy beroepslewe juis op die punt staan om met ekstra ure en insette sy plek in die arbeidsmark te vestig. As gevolg van die langer werksure is dit dus baie moeilik om meer tyd af te staan aan sy gesin. Uit navorsing blyk dit dat in die praktyk groter betrokkenheid van vaders by die dag tot dag aktiwiteite binne die gesin hoofsaaklik gevind word daar waar die vader sy werk verloor het of waar verminderde werksure as gevolg van swak ekonomiese toestande gevolg het. Daarom soos reeds vroeër aangetoon leer die praktyk dat by gesinne waar groter vaderskap-beskikbaarheid gevind word, dit gewoonlik gepaard gaan met finansieel swakker omstandighede. Die jong vader wat meer by sy gesin betrokke wil raak moet dus die moeilike keuse maak tussen die vestiging van 'n goeie finansiële toekoms vir sy gesin ten koste van groter betrokkenheid by die gesin of anders om. Daarby is die opvatting in die arbeidsmark dat vaders wat te veel betrokke wil wees by hulle gesinne, vaders is wat nie ernstig is ten

opsigte van hulle beroep nie en dit kan slegte gevolge vir die vaders op die arbeidsmark inhou (Lamb *et al.*, 1986:73).

Dat die versorgende rol 'n bepaalde emosionele en persoonlike groei tot gevolg het binne die persoon wat hierdie keuse maak is gewis so en hierdie veranderinge binne die persoon spoel dan ook oor tot binne die werksverband. Nou volg daar sekere veranderinge. Vir die man raak sy gesin die belangrike instelling en hy verander dalk van werk. Hy word 'n skrywer, betree die akademie of besigheidswêreld en begin werk vanuit die huis uit om meer en meer tyd saam met die kinders deur te bring (Colman, 1981:120). Dit staan juis in die teken van die postmodernisme. Die korporatiewe wêreld waar alles gelyk moet wees en waar almal donker pakke en dasse dra en lang ure weg van die gesinne leef, is besig om in die postmodernisme plek te maak vir die meer versorgende man as vader, wat sy tyd meer effektief met sy familie wil deurbring.

Vir baie mans is dit egter nie so maklik om hierdie rolverandering te maak nie. Jy kry 'n man wat moeg is vir die gejaag in die wêreld daarbuite, wat moeg is vir die baie ryery werk toe en terug, moeg is vir die stereotipe en tog kan hy nie die skuif maak om van die broodwinnersrol en emosioneel afwesige vader daarbuite na die versorgende en betrokke vader oor te gaan nie. Hy is gewoon nie emosioneel daartoe in staat nie, aangesien die innerlike paradigmaskuif nog nie plaasgevind het nie. Die basiese versorgende rol kan net nie vir so iemand 'n langtermyn vervulling hê, aangesien so iemand steeds sukses meet aan die hand van die riglyne wat nog in die moderne wêreld geld, naamlik om baie brood te wen (Colman, 1981:121).

Mans wat wel in staat is om 'n meer versorgende rol op te neem, het nog 'n verdere probleem om te oorkom. Hierdie man moet nog sy lewensmaat help verstaan dat daar sekere take en funksies is wat hy daarbuite gehad het, wat sy nou op haar sal moet neem indien hy suksesvol wil wees in die opneem van meer van die versorgende funksies, tuis. Mans wat wel die versorgende rol totaal op hulle wil neem sal dikwels 'n maat moet soek wat gewillig is om ten volle in die wêreld daarbuite te gaan staan. Tog is daar min vrouens wat bereid is tot hierdie totale omruil van rolle. Dit is een ding om met tye uit die roetine van die daaglikse huishoudelike verantwoordelikhede en versorging te kom, maar dit is 'n totaal ander storie om vervang te word deur die man en te sien hoedat die kinders na die vader toe hardloop vir versorging en ondersteuning in

plaas daarvan om na die ma toe te kom. Die ideaal in die postmoderne wêreld is dat daar 'n gelykwaardige rolverdeling van take en funksies moet plaasvind tussen die ouers. In die volgende hoofstuk sal met die basisteorie wat vanuit die Skrif ontwikkel word, aangesluit word by hierdie ideaal van gelykwaardige verdeling van ouerskaptake.

Met die veranderinge binne die mikro opset het die rol veranderinge ook by die man sekere verwarringe op belewingsvlak meegebring. Die pa wat 'n meer versorgende rol begin aanneem het binne die familie, het dikwels gevoel dat hy besig is om "moederlik" te wees in plaas van "vaderlik". Voorts het die mans ook dikwels dit moeilik gevind om in een opsig sag en versorgend te wees en terselfdertyd soos 'n man te voel (Colman, 1981:1).

Tog dui die navorsing daarop dat vandag se vaders meer betrokkenheid by hulle gesinne najaag en daar is selfs sterk aanduidings dat hierdie vaders bereid is om sekere beroepsmoontlikhede prys te gee vir hierdie behoefte tot groter betrokkenheid by die gesin. Een rede hiervoor is juis die mans se swak verhouding wat hulle met hulle eie vaders gehad het (Lamb *et.al.* 1986:76). Groter betrokkenheid by die gesinne het ook groter emosionele beloning vir vaders tot gevolg, alhoewel daar baie ander emosionele negatiewe ervarings was soos ervarings van geïsoleerdheid van vriende en kollegas, ensovoorts.

Die innerlike warboel wat die postmoderne vaders beleef is dat sommige vaders aan die eenkant die rol wil speel wat tipies dié is van die ou tradisionele vaderfiguur, naamlik om die familie teen die vyande van die wêreld te beskerm en wag te hou oor hulle. Aan die ander kant is daar die toenemende behoefte om meer van die dag tot dag versorging en emosionele betrokkenheid ook te ervaar. In die postmoderne wêreld of dan oorgangsfase van die moderne na die postmoderne is beide hierdie rolle vaag en swak omlyn. Daar is byvoorbeeld nie meer 'n letterlike wolf om van die deure af weg te hou nie. Families bly vandag binne moderne en beveiligde huise. Geeneen van hierdie take wek meer by die vader die energie op waar hy kan ervaar en beleef dat hy ridderlik is in die uitvoering van sy taak nie. Sy opgang by die werk in die wêreld buite die huis is nie meer soos in die moderne era so belangrik om suksesvol te wees nie. Dit is nie meer 'n geval van hoe meer brood jy inbring hoe meer suksesvol is jy as vader nie. Vaderskap en manwees vra in die postmoderne tyd veel meer as net om 'n suksesvolle

broodwinner te wees. Aan die anderkant is dit ook so dat vele mans en vaders wel die behoefte het om meer by die daaglikse versorging betrokke te raak, dus iets van die emosionele betrokkenheid te wil beleef, maar hiervoor voel baie mans en vaders weer nie toegerus nie en ervaar hulle dat dit dalk hulle manlikheid in gevaar kan stel. Daarby oorheers opvattinge soos dat die vrou met iets spesiaal toegerus is om binne hierdie versorgende tuiste-wêreld suksesvol te kan funksioneer, iets waarmee hulle as mans nie kan kompeteer nie. Net so heers daar dikwels ook nog 'n nie-geldige opvatting dat die mans weer iets het om binne die sake-wêreld daarbuite te kan funksioneer en dit daarom beter as die vrou kan doen. Tussen hierdie twee pole voel baie vaders vandag dat hulle tussen die twee stoele deurval.

Daar moet ook gewys word op die rolverandering wat by die postmoderne kind plaasgevind het en die invloed wat dit op die vader het. Waar kinders gedurende die landbou era 'n ekonomiese bate was omdat hulle sekere take op die plaas en sekere take binne die klein familiebesighede op hulle kon neem, is kinders vandag 'n baie groot finansiële las op ouers. In 'n hooggespesialiseerde wêreld met 'n hoë premie op die skoolfase wat die kind se totale bestaan in beslag neem, asook die postmoderne tydsgees waar die kind moet speel en ontdek in plaas van 'n bruikbare entiteit vir die vader te wees, verrig kinders nie gedurende hul opgroeifase enige arbeid nie. Kinders het wel 'n ander rol wat hulle speel ten opsigte van die ouers. Kinders kan die leemte vul daar waar vaders voel dat hulle werk of persoonlike doelwitte leeg en betekenisloos is. Kinders bied byvoorbeeld warmte en kameraadskap. Kinders vorm 'n gemeenskappie in die kleine. Daar kan op hulle nommer gedruk word, saam met hulle vakansie gehou word, saam met hulle vreugdes en verdriet gedeel word. Die vader as hemelruimfiguur wat hoofsaaklik in 'n wêreld daarbuite funksioneer, waar versorging en vertroeteling totaal afwesig is, het dikwels die meeste behoefte aan die warmte wat kinders bied. Dikwels wag die vader wat as die tradisionele hemelruimfiguur funksioneer net totdat die kinders groot genoeg geword het sodat hulle by hom kan aansluit daarbuite in die werklike wêreld waar hy opereer. Dit bied aan hom die vooruitsig van emosionele warmte daarbuite, eendag wanneer sy kind groot is en by hom kan aansluit (Colman, 1981:95).

Groter vaderlike betrokkenheid by gesinne het voordele en nadele volgens navorsing wat gedoen is. As nadele geld die verminderde inkomste, minder

bevorderingsgeleenthede, huwelikswrywing, die isolasie en verveling wat die dag tot dag huisverpligtinge inhou, sosiale isolasie van ander volwassenes, kollegas en families. Aan die voordelekant kan gewys word op die persoonlike genoegdoening as gevolg van meer betrokkenheid by die kinders, sowel as die beter posisie vir 'n groter beïnvloeding van die kinders ten opsigte van lewenswaardes en aspirasies (Lamb *et al.*, 1986:71).

Die bevinding is dat navorsing oor die rol van die vader in die konteks van groter betrokkenheid nog nie oor 'n lang periode gedoen is nie. Alle navorsing is slegs oor kort periodes gedoen.

Onsekerheid bestaan ook oor die redes vir vaders se groter betrokkenheid by gesinne. Is die groter betrokkenheid die gevolg van 'n voorafgaande willekeurige besluit gegrond op 'n bepaalde ideologiese standpunt? Of is die rede vir die groter betrokkenheid bloot die gevolg van sekere vaders se bepaalde persoonlikheidstipe wat meer emosionele warmte soek en meer versorgend van nature is? Of is dit slegs die veranderende sosio-ekonomiese omstandighede byvoorbeeld dat die man sy werk verloor het en die vrou wel 'n beroep beoefen en daarom die broodwinnersrol oorgeneem het, met die gevolg dat die man die versorgende funksie vervul wat die nouer betrokkenheid by die gesin tot gevolg het? In werklikheid bly die persentasie vaders wat wel meer betrokke is by die gesin steeds baie laag (Lamb *et al.*, 1986:80). Dit bevestig weereens die feit dat die kultuur van vaderskap verander het (met ander woorde die gewilligheid om te verander), maar dat die praktyk nog min veranderinge weerspieël.

Hoewel navorsing in gebreke bly ten opsigte van verklarings vir die postmoderne vader se nouer betrokkenheid by die gesin kan uit die navorsing die voorlopige gevolgtrekking gemaak word dat in die meeste gevalle die toenemende rolveranderinge op gesinne afgedwing word as gevolg van die ekonomiese veranderinge. Die vraag sou gevra kon word oor *hoe* die aanpassings binne die gesin gemaak sou gewees het indien rolveranderinge plaasgevind het as gevolg van 'n ideologiese besluit deur die familie? Gesien vanuit die basisteorie (hoofstuk 3) sou ek wou betoog dat veranderinge en aanpassings binne die familie opset moet wegbeweeg vanaf die tradisionele opvattinge en dat die rede vir hierdie wegbeweeg gegrond moet wees op 'n ideologiese besluitneming (van uit die basisteorie) en nie bloot as gevolg van die invloede vanuit die sosiale veranderinge nie.

Toenemend het die behoefte ontstaan om 'n meer omvattende konsep van 'n vader te vind. 'n Uitbeelding wat meer inhou as die opvatting dat 'n vader 'n onbeholpe buitestaander of net 'n voorsiener of 'n inbreker ("*intruder*") is (Colman, 1981:2; Grossman:1987:110).

Hierdie proefskrif word gemotiveer vanuit die metateorie dat die vader in wese deel uitmaak van die kern van die gesin. Hierdie wesentlike rol van die vader binne die gesin is nie 'n teruggrype na 'n patriargale vaderfiguur nie. Die vaderfiguur onder die patriargale ideologie het tot gevolg gehad dat die vader as 'n hulpelose buitestaander net met 'n outokratiese gesagstyl inspraak op die gesin kon hê. Die opvatting van hierdie navorsing is om aan te toon dat die vader saam met die moeder die sentrale pilaar vir die gesin uitmaak ten opsigte van die emosionele versorging, praktiese versorging (wat die finansiële saam met die ander dag tot dag versorging insluit) en die geestelike versorging van die gesin. Die vader en die moeder vorm as ouers die as waarom die gesin draai, maar die posisie van die man in die *ouerskapsdualiteit* is 'n demokratiese en gelykwaardige posisie waar daar nie ruimte is vir 'n van "bo-na-onder" - rangorde styl nie. Die sentrale posisie word op 'n deurlopende basis voortdurend "verwerf" en "verdien" deur 'n "van-onder-af-dienende" vaderskapstyl. Die vader is die fondament waarop die huis (gesin) gebou staan.

### 2.7.7 OPSOMMEND

Navorsing wat gedoen is vanuit die mikrovlak benadering het bloot net probeer aandui dat veranderende omstandighede (makro-vlak) wel verwerk word op die mikrovlak van die gesin. Verder dat ook vaders in staat is om aanpassings te maak ten opsigte van sy rol as vader wat op mikrovlak dikwels afwyk van die tradisionele rol wat van vaders verwag was.

'n Uitvloeisel van die postmoderne era is juis die feit dat die verskillende beelde ("*Images*") van vaderskap besig is om sterk op die voorgrond te tree. Die vader as die outokratiese vaderfiguur met sy tekortkominge maak al hoe meer plek vir die vaderbeeld waar die meer versorgende kant van sy vaderskap beklemtoon. Uitbeeldinge van die vader as gelyke vennoot op die versorgende terrein van ouerskap tree ook sterk na die

vore. Saam met die postmodernisme kom daar ook 'n nuwe beskrywing van wat manlikheid en vaderskap behels (Colman, 1981:111). "The earth father image is exploding into consciousness, demanding exploration and recognition." (Colman, 1981:111.) Ter wille van die wisselwerking tussen die metateorie en die basisteorie sal daar ook in die volgende hoofstuk gekyk word na die veranderinge en aanpassings wat binne die mikrokonteks plaasvind en of daar 'n vergelyking getref kan word met "mikroveranderings" by God as Vader?

## 2.8 PERSPEKTIEWE TEN OPSIGTE VAN DIE AARD EN WESE VAN VADERSKAP VANUIT DIE PSIGOANALITIESE TEORIE

Die invloed van vaderskap op die psigologiese ontwikkeling van die man is ten spyte van die groeiende navorsingsmateriaal ten opsigte van die aard en wese van vaderskap vandag, baie min nagevors (Palkovitz, 2002:33). Ook Shulman bevestig dat die rol wat die vader ten opsigte van die psigopatologie by adolessente speel nog baie braak lê. Die bietjie navorsing sover dui daarop dat vaders se gedrag wel deeglike impak het op die psigopatalogie, maar baie navorsing moet nog gedoen word (Shulman & Seiffge-krenke, 1997:155).

### 2.8.1 VADERSKAP: DIE PSIGOLOGIESE UITWERKING DAARVAN OP DIE MAN

Die ontwikkeling van die man, van adolessensie tot volwassene is in die sielkunde en die psigo-analise op "normale" wyses in die algemeen bestudeer. Eers onlangs is die fokus gerig op die invloed wat vaderskap as sodanig het op die ontwikkeling, verandering en transforasie van die man as volwassene (Pollack, 1995:317). Hierdie navorsing het Pollack laat sê: "Fatherhood is one of men's greatest opportunities to change." (Pollack, 1995:323.) Onlangse navorsing word al hoe meer uitgebrei ten einde 'n wye verskeidenheid van aspekte rondom vaderskap te ondersoek. Studies is byvoorbeeld gerig op die uitwerking wat die swangerskapperiode op die ontwikkeling van die man het. Daar is gevind dat selfs tydens die afwagtingsperiode op vaderskap, heelwat emosionele omwentelinge in die psige van die man plaasvind (Gurwitt, 1995:295). Wolson (1995:286) byvoorbeeld fokus 'n hele artikel op die trotse gevoel wat by vaderskap tydens swangerskap opwel. Navorsing dui op die stres waardeur ook vaders gaan gedurende die swangerskapfase van die moeder. Die verskil lê daarin dat

vaders meer bekommerd is oor die vraag of hy as alleenvoorsiener in staat sal wees om twee afhanklikes finansieel te kan versorg (Pedersen, 1987:13).

Die Boston universiteit het 'n *Ouer- en Swangerskap* navorsings-projek geloods met 90 paartjies wat deelgeneem het. Uit hierdie projek is heelwat data versamel ten opsigte van die invloed wat vaderskap op die ontwikkeling van die man gehad het (Pollack, 1995:318). Die ondersoek het oor 'n tydperk verloop en het begin tydens die swangerskapperiode waarin die paartjies hulle bevind het. Na die geboorte van die kind is die ondersoeke na 1, 2 en 5 jaar se verloop opgevolg. Uit hierdie ondersoeke het dit duidelik aan die lig gekom dat daar by hierdie vaders mettertyd 'n groot *balans* ingetree het. Daar het 'n skuif plaasgevind van waar die man net vir homself en vir die bevordering in sy beroep geleef het tot iemand wat homself ook emosioneel verbind aan sy famlie en hulle belange gelyke en soms meer gewig laat dra as sy eie. Juis daarin het die transformasie gelê dat die man sy totale selfsugtige ingesteldheid op die bevordering van homself op die arbeidsmark gerelativeer het, omdat daar emosionele gewaarwordinge oor sy familie met die geboorte van sy kind na vore getree het. "This man has gone from being *'100% selfish'* through a *'balancing act'* to having his role as a father become the most important thing in his live."(Pollack, 1995:325.)

Behalwe die emosionele gewaarwordinge, het ook ander aspekte van die man se persoonwees en menswees wat hy vroeër totaal onderdruk het, na vore gekom. "Men's nurturant urge, often suppressed in boyhood and adult socialization tasks, can be stimulated dramatically by becoming a father." (Pollack, 1995:317.) Hyman stel dit so: "they confronted the opportunity to reintegrate the lost aspects of their gendered self-identities and to expand their capacities to relate." (Hyman, 1995:262.) Die man se oorspronklike selfsugtige gerigtheid om op die arbeidsmark te alle koste te presteer, hang nou saam met die steeds invloedryke makro-sosiale druk dat suksesvolle manwees gewaarborg word deur die posisie te bereik van 'n suksesvolle broodwinner. In die vaderwordproses vind daar 'n emosionele bevryding plaas. Die man word deel van hierdie nuwe emosionele dimensie, deel van die kern van die gesin met sy omgee en versorgende verhoudings en dit bring 'n nuwe dimensie in sy bestaans- en ervaringwyse.

Hyman wys ook daarop dat hierdie noue betrokkenheid met die nuwe baba dikwels 'n emosionele warboel in die man se mondering veroorsaak wat hy eers moet deurwerk. Daar word gewys daarop dat hierdie intieme verhouding met die baba, veroorsaak dat die pa nou sy "manlikheid" opnuut moet definieer ten einde wel in staat te wees om emosioneel betrokke te bly by hierdie baba van hom, terwyl hy tog aan die anderkant steeds man is of homself as manlik ervaar en beleef (Hyman, 1995:263).

Ander emosionele belewinge soos 'n ervaring van jaloersheid oor die emosioneel noue band tussen ma en kind wat die vader waarneem en dikwels van uitgesluit voel, moet ook deurgewerk word (Hyman, 1995:265). Hierdie verwerkingsproses bring noodwendig dan groei en veranderinge in die man na vore.

Alhoewel vaderskap ook soms tot gevolg het dat die man harder spook op die arbeidsmark ten einde ekstra voorsiening (*"nest-feathering")* te maak vir die gesin, bly die nuwe emosionele dimensie in sy verhoudinge met sy familielede nie in die slag nie (Pollack, 1995:321).

Saam met hierdie harder werk-gerigtheid van die pa, kom ook die ontwikkeling by die vader van die gevoel dat hy as die groot beskermer van die ma en die kind moet funksioneer (Diamond, 1995:243). Hierdie beskermingsdrang manifesteer op verskillende wyses, onder andere deur die fisiese vashou van die ma of die aanhoudende optel van die kind. Hierdie beskermende aksie van die vader het ook sy neerslag in die psigiese ontwikkeling van die kind en word daar op die manier aan die universele behoefte van die kind, om ook deur die vader vasgehou te word, voldoen. Die universele behoefte van die opgroeiende kind om deur die vader vasgehou te word en beskerm te word, is goed weergegee deur 'n lied uit die Amerikaanse jazz wêreld met Ira Gershwin as die sanger:

*"There's a somebody I'm longing to see*
*I hope that he*
*Turns out to be*
*Someone who'll watch over me....*
*Won't you tell him please to put up some speed*
*Follow my lead*
*Oh! How I need*
*Someone to watch over me." (Diamond, 1995:252.)*

In hierdie nader-beweeg aan die vrou-kind-versorgings opset by die huis, leer die pa ook sekere versorgings *skills* aan sodat hy by geleentheid selfs heeltemal vir die moeder kan instaan wanneer dit nodig mag wees.

Al bogenoemde emosionele gewaarwordinge en bewuswordinge van wat vaderskap behels lê natuurlik ook opgeneem in die rol wat God as die Vader ten opsigte van Sy kinders vertolk en daar sal ook in die volgende hoofstuk hieraan aandag gegee word.

Bogenoemde aspekte dui daarop dat 'n volwasse man (vader) gekenmerk word as iemand wat balans kan handhaaf tussen medeversorgende ouerskap aan die eenkant en om broodwinner te wees aan die anderkant. Dieselfde beginsel is dan ook van toepassing op die vrou. Haar volwassenheid lê daarin dat sy nie net die tuisversorger van die kinders moet wees nie, maar dat sy terselfdertyd ook die arbeidsmark ten volle kan ontgin (Pollack, 1995:323).

Wanneer die man vader word en hierdie meer emosionele ervaring en emosionele betrokkenheid ontwikkel, is daar uit die ondersoeke verder bevind dat die man aan die eenkant iets begryp van wat sy pa moes beleef het toe hy vader geword het. Die navorsing het egter ook bevind dat die meeste mans hul eie praktiese beoefening van vaderskap as baie beter in vergelyking met die gehalte vaderskap wat hulle van hulle vaders ontvang het, evalueer. Nuwe vaders probeer juis opmaak vir die koue-op-'n-afstand-ervaring wat hulle in hulle eie verhouding met hulle vaders beleef het. Daarby wil die nuwe vaders ook aan hulle nuwe geslag 'n beter voorbeeld van vaderskap stel vir die toekoms (Pollack, 1995:324).

Die meer emosionele betrokkenheid wat daar by vandag se vaders aanwesig is, teenoor die vaders van vroeër waar daar min te siene was van emosionele warmte en betrokkenheid, word in alle navorsing oor vaderskap aangetoon. Osherson (1995:208) vestig ook die aandag op die verlange om reg te kom met die nuwe, meer emosionele verhouding van vaders met sy familielede. Hy begin deur die vraag te vra oor hoe vaders hierdie nuwe gemengde gevoelens moet hanteer? Hy wys op die manlike beelde wat ons uit die verlede het, beeld van wilde, ruwe mans met lang baarde en lang hare tot

op die grond, mans met vuur in hulle mae, heldefigure uit kinderverhale, beelde wat almal waarde het, maar hy soek na 'n uitbeelding om die nuwe geslag vaders uit te beeld. Vaders wat warm, betrokke, omgee mense is. Vir hom lê die antwoord daarin dat nuwe vaders uitgebeeld moet word deur die beeld van onhandigheid ("*clumsiness*"). Hy haal die woorde van 'n vader aan wat saam met sy seun na 'n plek ver weg van sy tuis omgewing op 'n naweekkamp gegaan het en waar daar aan die praktyk van vaderskap gewerk was. Op 'n vraag waarom hierdie vader die kamp bygewoon het, het hy gesê: "Because my son and I are trying to learn a new dance, how to dance together, he and I. The women in our family are graceful dancers, they know how to do this. My son and I need a place where we can be clumsy together." (Osherson, 1995:208.)

Vaderskap in die postmoderne eeu gesien vanuit die psigo-analise, het dus te make met die bewuswording en erkenning van die emosionele belewinge van die man rondom alle aspekte van vaderskap. Hierdie fokus vanuit die psigo-analise het natuurlik ook 'n totaal nuwe perspektief geplaas op die navorsing na die rol van die vader ten opsigte van die psigiese ontwikkeling van die kind. In die verlede was die hoofklem by die vader se rol op die ontwikkling van die kind net beperk gewees tot die invloed van die afwesige pa (Popenpoe, 1998:41;Pedersen, 1987:3). Bevindinge met afwesige vaders was dat by kinders en veral seuntjies oor vyf jaar (as gevolg van egskeiding, werksverpligtinge of oorlog verpligtinge gedurende die 2de wêreld oorlog) daar probleme was ten opsigte van intellektuele ontwikkelinge, akademiese prestasies, kognitiewe styl, seksrol-identifikasie, moreel-etiese ontwikkeling, ensovoorts (Pedersen, 1987:3). Nuwe navorsing is veel eerder gerig op die positiewe uitwerking van die nuwe postmoderne pa wat homself emosioneel verbind het aan sy gesin.

Postmoderne vaders het nie alreeds gearriveer nie. Vaders vandag worstel steeds om maniere te vind oor hoe om goeie vaders vir hulle kinders te wees, soos dit blyk uit ondersoeke na aktiwiteite waarin vaders betrokke is by hulle kinders. In 1990 is daar in Amerika begin met 'n "vader-groep" ten einde die vaders te begelei in hulle soeke na 'n leiding om goeie vaders vir hulle kinders te wees. Die volgende vrae het vanuit hierdie groep as belangrike vrae deur vaders na vore gekom (Shecket, 1995:142);

1. Op watter wyse kan ek 'n vader wees vir my kinders sodat dit anders en beter kan wees as dit wat ek van my vader ontvang het?

2. Waar is die rolmodelle vir my ten opsigte van vaderskap?
3. Ek mis ons huwelik soos wat dit was nog voor die kinders op die toneel verskyn het.
4. Hoe kan ek 'n goeie vader wees en ook nog 'n goeie werknemer wees by die plek waar ek werk?
5. Hoe kan ek die beste kinderversorgers vir my kinders identifiseer?
6. Hoe kan ek kennis en vertroue opbou ten einde die mediese behoeftes wat by my kind ontstaan te kan hanteer?
7. Wat kan 'n mens realisties van 'n 2 jaar oue kind verwag?
8. Aan die einde van die werksdag wanneer ek huistoe gaan is ek gespanne; hoe kan ek daardie oorgang gemakliker maak?
9. My vrou is so geokkupeer met ons kind, dit voel asof ek my beste vriend verloor het. Asof my beste vriend dood is!
10. Watter dissiplinêre tegnieke is die beste ten opsigte van die opvoeding van my kinders? Ek wil nie my kinders slaan nie, maar ek wil tog hulle laat verstaan dat ek bedoel wat ek sê.

### 2.8.2 DIE ONTWIKKELING VAN KIND TOT VOLWASSE MAN EN VADER

Die ontwikkeling van die manlike kind tot volwasse man en later vader, staan nie los van die wisselwerking tussen die invloed van die vader (en moeder) op die seun en die invloed van die seun op die vader nie. Uit navorsing oor die postmoderne pa, kom dit ook duideliker na vore dat die psigiese gewaarwordinge van die moderne vader en die psigiese gewaarwordinge van die kind nie onafhanlik en los van mekaar staan nie. Die pa en die kind verhouding behels 'n wedersydse beïnvloeding en vorming van mekaar.

Navorsers verskil baie oor die presiese stadium waarop die kind bewus word van die vader en die vader se invloed op die ontwikkelling van die kind dus begin. In werklikheid is daar geen verbaal gevormde herinneringe nie en ook geen ontwikkelde konsepte of beelde van die vroegste bewussyn van 'n kind se lewe nie. Daarom bly die vraag na die presiese oomblik van bewuswording net goeie raaiwerk. Daar is sommige volwassenes wat vae sensoriese indrukke, onduidelike skaduagtige vorms en onsekere emosies uit die vroegste periode van hulle lewe herroep. Dit bly egter baie vaag. Coleman *et al.* (1981:77) is egter van mening dat al is daar hoe min herinneringe van 'n bewussyn van die self, die vroeë invloed van die vader op die kind van kardinale belang vir die vorming

van die kind is. Wanneer 'n mens probeer om die totstandkoming van die selfbewussyn vas te stel, dan kan 'n mens aanneem dat daar vroeg reeds sekere belewinge is wat ervaar word. Eerstens het 'n mens die baarmoeder wat donker is met 'n konstante temperatuur. Hierdie baarmoeder is gevul met die hartklop van die moeder, die geluide van die moeder se verteringstelsel en dat die baarmoeder beweeg saam met die bewegings van die moeder. 'n Mens sou kon aanvaar dat die ontwikkelende fetus van hierdie aktiwiteite bewus is, maar dat die fetus sigself nie van die onmiddellike kan distansieer om 'n bewussyn van 'n "ek" teenoor die gewaarwordinge rondom hom of haar, te ontwikkel nie. Die brein kan dus na alle waarskynlikheid ten opsigte van die geluide en bewegings reageer, maar die fetus het geen bewussyn van 'n "ek" of die bewussyn van 'n ouer of 'n versorger nie (Colman, 1981:77).

Die oorgang na 'n bewussyn van sy eie individualiteit en losstaande van die ouers, is egter nie 'n oombliklikke gebeurtenis nie. Hierdie "psigologiese geboorte" as die proses waardeur 'n individu sy eie "ek" ontdek, sy bewussyn van homself, is veel meer kompleks as die fisiese geboorte en dit neem ook veel langer. Geleidelik groei die kind tot sy selfbewussyn (Gordon, 1975:114). Die aanvanklike proses waarin die kind homself begin losmaak van die eenheid met sy onmiddellike versorgende milleu en 'n selfbewuswording begin ontwikkel neem ten minste drie jaar (Colman, 1981:78). Ten einde hierdie proses te voltooi moet die kind hierdie deelbestaan met die aardversorger (moeder) deurbreek. Die einddoel van hierdie proses is om 'n persoonlike identiteit te ontwikkel. Daar moet dus 'n bewuste "ek" ontwikkel wat in onafhanklikheid van die moederfiguur begin funksioneer.

In die tradisionele familie opset speel die vader dikwels die rol van die ouer wat die kind "weglok" vanuit die eenheidsband met die moeder tot 'n onafhanklike individu. As die "hemelruimfiguur" is die vader gewoonlik die prototipe van die buite-wêreld. Die vaderfiguur as die "hemelruim-ouer" verteenwoordig die *op-my-eie-wees*, onafhanklik en avontuurlik. Die bewuswording van die vader se gerigtheid op die buite-wêreld is 'n belangrike fase in die ontwikkeling van die kind teenoor die aardversorger se gerigtheid na binne. Die vader se rol is dus om die familie-eenheid te bou, deur die eensydige moeder-kind band losser te maak en om die kind in aanraking te bring met die objektiewe wêreld daarbuite (Colman, 1981:79). Hierdie tradisionele familie waar die vader die "hemelruimfiguur" en die moeder die "aardfiguur" is, was nog altyd die

standaard uitbeelding van die ontwikkeling binne die gesin. In die meer postmoderne gesin is daar variasies op hierdie tema waar die vader byvoorbeeld van geboorte af die "aardfiguur" is en gevolglik nie die buite-wêreld versinnebeeld nie. In die lig van die postmodernisme waar geen een ouer meer die dominante een buite of binne die gesin is nie, sal daar ook gekyk moet word na die ontwikkeling van die kind binne hierdie postmoderne era.

Terug by die tradisionele gesin waar die vader die "hemelruimfiguur" is en die moeder die "aardfiguur", is die eerste kennisname van die kind ten opsigte van die vader baie romanties (Colman, 1981:79). Die vader as die verteenwoordiger van die buite-wêreld mag wel effens afsydig en buite bereik wees, maar hy word dikwels gesien en beleef as 'n held (Lamb, 1997:9). Uit navorsing word verhale vertel van kinders wat hulle vaders sien uitbeweeg na die buite-wêreld en met "oorwinnings" terugkom. Geskenke en verhale van daarbuite en kinderlike visualisering van wat die vader daarbuite doen vul die kind met verwondering (Colman, 1981:82).

Die ironie van hierdie heldebeeld van die vader is dat hy dikwels in die praktyk nie kan lewer dit waarvoor hy vereer word nie! Vyfjarige kinders se antwoord op die vraag: "Hoekom is daar pa's?" was: "om vir ons te sorg!" By verdere navrae is gevind dat onder versorging nie verstaan word die daaglikse versorging van kos en klere nie, maar die vader versorg deur te beskerm. Byvoorbeeld indien daar 'n brandgevaar sou ontstaan of 'n aardbewing sou plaasvind, sal die vader vir die kinders se veiligheid sorg. Die konsensus was selfs dat as ma weg is (wat vir jou daaglikse versorging verantwoordelikheid neem) dan roep jy die vader in wat sal sorg. Maar ook hierdie versorgingsbegrip wat die kind ten opsigte van die vader het, moet reg verstaan word. Ten tye van die afwesigheid van die versorgende moeder *sorg die vader deur 'n ander moeder of 'n ander versorger in te roep* om vir die daaglikse versorging te sorg! Wanneer daar nog verder vir die vyfjarige gevra was na die rol wat die vader speel ten opsigte van die daaglikse versorger, het dit duidelik geraak dat die vader wat hoofsaaklik gevisualiseer word as die held, glad nie so gewild is nie. Die vader gee min drukkies, sit nie die kinders in die bed nie, maar skreeu 'n bevel uit dat hulle moet gaan slaap, terwyl hulle dikwels nog besig is met 'n taak of speletjie. Vaders word ook geweldig kwaad en is te kwaai om mee te praat. Vaders belowe dikwels ook dinge soos dat hy gaan saam

speel of die kind saam gaan neem na die werk, maar doen dit meestal nie, aangesien hy nie die tyd het nie (Colman, 1981:83).

Navorsing het tog bevind dat daar wel vaders is wat reeds baie vroeg in die lewe van die kind betrokke geraak het met intieme versorgingstake. Dit is ook bevind dat daar waar vaders reeds van baie vroeg af 'n noue emosionele band met die kind het dit die gevolg is van die feit dat die vader nou betrokke is by die primêre versorgingstaak van die kind (Colman, 1981:117). In sommige gevalle is bevind dat sommige kinders soms meer rustig is en kalmte ervaar binne die vader se arms as in die moeder se arms. Die gevolgtrekking weereens is om nie as vanselfsprekend te aanvaar dat omdat vrouens die biologiese swangerskap en borsvoed "toerusting" het, vrouens noodwendig die versorgende funksie of persoonlikheid ook het nie. Dit is ook belangrik om nie te aanvaar dat vrouens omdat hulle dikwels fisies swakker is, dit noodwendig so is dat sy nie in die wêreld daarbuite suksesvol kan wees nie. Trouens in die postmoderne tyd waar fisiese kragte lank nie meer die belangrikste vereiste is vir die hemelruim-wêreld nie, is dit net soveel makliker vir die fisies swakker persoon om op gelyke vlak met die fisies sterker persoon mee te ding.

Shulman en Seiffge-krenke (1997:27) erken wel dat dit verkeerd sal wees om te sê dat vaders net as gevolg van hulle (default) emosionele onbetrokkenheid "toevallig" 'n bydrae lewer tot die ontwikkeling van die adolessent. Vaders se betrokkenheid op die meer fisies aktiewe vlak soos byvoorbeeld om speletjies saam met die kinders te speel, is binne daardie konteks nouer betrokke by die kind as die moeders. Daarby bring vaders ook van vroeër af die boodskap oor dat adolessente jongmense persone is op wie 'n mens kan peil trek en op hul eie kan laat, terwyl moeders die kinders baie langer as 'n afhanklike in alles sien en ook so behandel (Shulman & Seiffge-krenke, 1997:30). Brownfield het bevind dat adolessente wat hulle wel kan identifiseer met vaders minder geweldadig is (Shulman & Seiffge-krenke, 1997:31). Vaders se betrokkenheid bring dus 'n balans tussen noue verhouding en 'n onafhanklike verhouding (Shulman & Seiffge-krenke, 1997:31).

Wanneer die vader se bydrae ten opsigte van die ontwikkeling van die kind geëvalueer word, moet die kwantitatiewe betrokkenheid van die vader nie die enigste meting wees nie. Shulman maak die stelling dat vaders meer gefokus is op die uitkomste wat bereik

behoort te word binne elke stadium van ontwikkeling waardeur die kind gaan oppad na volwassenheid. Vaders maak ook die kind meer bewus van hierdie vlakke van ontwikkeling wat bereik moet word oppad na die volwassenheid. Dit is dan ook die rede waarom die aanvanklike fisieke betrokkenheid en ondersteuning van die vader aan die adolessent later plek maak vir 'n meer intellektuele ondersteuning (Shulman & Seiffge-krenke, 1997:44).

Deel van die ontwikkeling van die adolessent is om hom of haar voor te berei vir die lewe daarbuite. Die vader lewer ook ten opsigte hiervan 'n groot bydrae. Die vader word gesien as 'n voorbeeld hoe om met die wêreld daarbuite oor die weg te kom (Shulman en Seiffge-krenke, 1997:47). Hierdie voorbeeld van die vader bied aan die adolessent die geleentheid om 'n verstaan en siening van homself te ontwikkel en ook om 'n filosofiese benadering tot die lewe te ontwikkel geskoei op die een wat deur die vader uitgeleef word (Shulman en Seiffge-krenke, 1997:47).

Steeds bly die vaderfiguur die een wat die noue band tussen moeder en kind deurbreek. Uiteindelik groei die kind tot verdere volwassenheid en begin die kind al hoe meer besef dat die vader heldfiguur in werklikheid net 'n reële persoon is met sy eie beperkinge. Met hierdie ontdekking is dit veral die seun wat teleurgesteld is in die vader wat nie die held, die almagtige en alomteenwoordige god is wat hy gedink het die vader is nie. Die seun draai dan dikwels teen die vader en wys juis sy foute uit. In hierdie fase word die foute dikwels buite verhouding opgeblaas en baie vaders wat tot voor hierdie fase nog ervaar het hoedat die seun hom aanbid, word skielik onkant gevang. Vaders reageer dan dikwels deur futiele kragmetinge met die seun te midde van hierdie fase. Die kind deurgaan 'n psigologiese proses waarin die posisie verskuif word van die eenkant waar die vader geïdealiseer was tot 'n her-evaluasie van die vader wat kan lei tot die ander uiterste waar die vader as heldfiguur verwerp word (Colman, 1981:84).

Namate die kind groei en 'n eie wêreld van vriende buite die gesin begin vestig, word die vader dikwels vergelyk met die vaders van sy vriende. In hierdie vergelykende fase word daar meer balans gevind, aangesien die tekortkominge van die vader ook waargeneem word in die tekortkominge van ander se vaders. Die kind ontdek dikwels ook goeie punte van sy eie vader wat afwesig is by sommige van die vriende se vaders. Dit bring 'n balans in die ervaring en persepsie van die eie vader.

Die rol wat die vader speel by die ontwikkeling van die adolessent moet verstaan word teen die agtergrond van die behoeftes van die adolessent in sy ontwikkeling. Havinghurst (Shulman & Seiffge-krenke, 1997:36) het die eise wat adolessente mee te doen kry in hulle ontwikkeling, soos volg gelys:

- Om emosionele onafhanklikheid van ouers en ander volwassenes te bereik.
- Om jou liggaam te aanvaar en jou liggaam suksesvol te gebruik
- Verdere ontwikkeling van intellektuele vermoëns en konsepte.
- Begeer en verkry sosiaal verantwoordelike optrede
- Bereik 'n nuwe en meer volwasse verhouding met jou gelykes
- Behaal 'n manlike of vroulike sosiale rol
- Berei voor vir die huwelik en vir 'n familielewe
- Begin te kies en voor te berei vir 'n beroep
- Ontwikkel 'n stel waardes en 'n etiese sisteem as 'n riglyn vir optredes.

Volgens Shulman speel die vader 'n baie belangrike rol ten einde 'n goeie balans te bring tussen die self (van die adolessent) en ander (mense wat die adolessent se lewe betree). Grotevant en Cooper (Shulman & Seiffge-krenke, 1997:20) se navorsing bevestig die bevinding dat ouers 'n groot rol speel ten einde die adolessent te help in sy ontwikkeling tot 'n onafhanklike individu, maar ook as iemand wat terselfdertyd in verhouding staan met ander mense.

Hulle deel die ontwikkeling van selfstandigheid in die volgende kategorieë in.

- Daar ontwikkel 'n selfversekerdheid in die sin dat die adolessent bewus word van sy eie mening ten opsigte van 'n saak en die verantwoordelikheid opneem om hierdie siening duidelik te kommunikeer.
- Die bewustelike uitspreek van verskille in sieninge tussen die self en ander se opinies.
- 'n Openheid ten opsigte van ander se opinies
- 'n Sensitiwiteit en respek ten opsigte van ander.

In hierdie ontwikkeling speel die ouer 'n belangrike rol juis ook deur dit wat die ouers teenoor mekaar en ten opsigte van die adolessent illustreer. Dit was egter eers onlangs dat die rol wat die vader speel in hierdie ontwikkelingsproses onder die soeklig gekom het. Hier is bevind dat die tradisionele vader wat in die meeste gevalle nie so nou betrokke is by die adolessent nie, vir die adolessent, sonder dat dit die bedoeling is, geleentheid bied om sodoende meer ruimte te hê om onafhanklik te ontwikkel. Tradisionele vaders het 'n nie-ondervragende benadering. Kinders hoef nie permanent verslag te doen oor wat hulle besig is om te doen nie. Kinders word op hul eie gelaat in hul kamers en dit dra by daartoe dat die adolessent meer vryheid het om te ontwikkel binne sy eie ruimte (Shulman en Seiffge-krenke, 1997:25). Vanuit die basisteorie in hoofstuk drie, gaan aangetoon word dat die vader wat wel emosioneel betrokke is met "korrekte" betrokkenheid by die adolessent beter ondersteuningsruimte kan bied vir die adolessent om in te ontwikkel. Dit is 'n ruimte wat geskep word nie as gevolg van 'n onvermoë tot liefdevolle betrokkenheid by die adolessent nie (soos dikwels met die tradisionele vader die geval is), maar eerder as gevolg van 'n bewustheid by die adolessent dat my vader my so belangrik ag en vertrou dat hy doelbewus daardie ruimte skep!

Die volgende stap vir die jong volwassene is om die oorgang te maak (na-skool) vanaf die beskermende huisgesin en skoolgemeenskap na die wêreld daarbuite. Die wêreld buite die gesin bied aan die kind die geleentheid om onafhanklik te ontwikkel en leer die kind om selfstandig te funksioneer in die minder beskermde buite-wêreld wat op daardie stadium van ontwikkeling hoofsaaklik die skoolgemeenskap is. Hier ontwikkel die individu 'n verdere, eie identiteit binne die vriendekring en dikwels word die familie nie hier ervaar as 'n ondersteuningsbasis nie, maar eerder as 'n struikelblok in die pad. In hierdie proses word die moeder in die tradisionele gesinsopset geïdentifiseer met die kleinwêreldjie van die huisgesin, terwyl die vader gesien word as die een wat reeds daarbuite in die wêreld staan. Gedurende hierdie fase van die ontwikkeling is daar 'n dualistiese belewing van die vaderfiguur. Aan die eenkant is die vader die model waarna gestreef wil word, aan die anderkant is die vader ook dikwels die een wat verwerp word. Die kind wil of soos sy pa wees (reeds van baie kleins af) of hy wil totaal nie soos sy pa wees nie, veral waar die vaderfiguur in die wêreld daarbuite, volgens die kind se oordeel, misluk het. Die status soos gemeet aan die ekonomiese posisie of die sosiale posisie wat die vader bereik het in die wêreld daarbuite word vergelyk met ander lede

van die samelewing. Pedersen (1987:2) verwys na die vader as die bepaler van die sosio-ekonomiese status van die familie. Die begeerte om soos die pa te wees kan ook gebaseer word op die posisie van mag wat die kind sien die pa in die huis beklee (Coleman *et al.*, 1981:86).

Ook dogters wil dikwels soos hulle vaders wees, veral wanneer hulle die moeder beleef as 'n mislukking. Die psigologie van die suksesvolle professionele vrou vandag het onder andere te make met die positiewe identifisering van die dogter met die vader as die hemelruimfiguur (Colman, 1981:87).

Vaders kan ook dikwels hulleself sien as 'n mislukking in sy eie oë en hulle is geneig om hul kinders te wys op ander voorbeelde wat nagevolg moet word. Die kind word voortdurend bewusgemaak om meer en hoër hoogtes te bereik as wat hy as vader bereik het. Hierdie verwarring tussen wat die vader self uitbeeld (deur die dinge wat hy doen) en dit wat die vader heeltyd vir die kind voorhou om te bereik het dikwels 'n negatiewe gevolg by die kind. Die kind ervaar mettertyd 'n moedeloosheid omdat die kind nie meer weet wat die pa regtig van hom of haar verwag nie (Coleman *et al.*, 1981:87).

Dit gebeur ook dat kinders teleurgesteld is in die dubbele standaarde van die vader . Byvoorbeeld die seun van 'n polisie man wat ontdek dat die vader voorgee dat hy vir hierdie hoë standaarde van reg en geregtigheid staan, maar intussen is hy ewe korrup, of die predikant wat van waarheid en liefde preek, maar by die huis leef daarvan niks in die behandeling van sy gesin nie en dan gebeur dit dikwels dat die kind juis alles verwerp waarvoor die vader staan en uiteindelik juis identifiseer met alles wat anti-vader is.

Wanneer die vader as hemelruimfiguur nie meer gesien word as 'n god of held nie, kom baie versteekte negatiewe gevoelens teenoor die vader skielik na vore. Die vader het nou skielik feilbaar geword. Dikwels gebeur dit dat wanneer die vader as heldefiguur verdwyn, die seun of dogter 'n subtiele vrees het vir die werklike persoon wat nou waargeneem word en kan tot gevolg hê dat die kind tydelik ervaar dat daar geen vader is nie en selfs dat al die wonderlike ervarings wat daar met die vader gedeel was net alles voorgee en nie reëel was nie. Veragting en bejammering is dan die dominante

emosies teenoor die vader (Coleman *et al.*, 1981:89). Die vader verloor sy vertroue in sy eie vermoëns en sien hoedat die kind selfstandig en onafhanklik ontwikkel en dit gebeur dat die kind nou op hierdie vreemde en swak figuur begin neersien.

Dikwels word hierdie fase deur die seun getransendeer en beweeg hy aan om sy eie toekoms te vorm en kan hy glad nie die mislukking van sy vader se bestaan verwerk nie. Voorbeelde is mense soos James Joyce, D.H. Lawrence, Beethoven, ensovoorts (Coleman *et al.,* 1981:90). Jung het deur navorsing aangetoon dat die vader se invloed op die kind veral wanneer die kind 'n volwassene geword het en besig is om sy volwasse lewe te vestig, steeds buitengewoon sterk is, sterker as dié van die moeder en dikwels behandeling nodig is om die persoon uit die struktuur van vaderlike invloed te bevry (Jung, 1985:230).

Werklike ouers kan ook vervang word deur 'n ander stel ouers te wil "aanneem" of deur fantasieë waar die kind 'n prins of prinses is en hoop om deur 'n koning uit hierdie ordinêre bestaan gered te word.

Nog 'n verskynsel van die verwerping van die hemelruimfiguur in die fase van ontnugtering waar die jongman die vader vervang met God as Vader. Coleman pas hierdie teorie ook op Jesus Christus toe. Jesus Christus was nie in staat om die feit dat die eenvoudige Josef sy pa was te verwerk nie en daarom los hy die probleem op deur Sy Vader in die hemel se werk hier op aarde voort te sit (Coleman *et al.*, 1981:90).

Dogters se reaksie gedurende hierdie ontnugteringsfase van groot word, het dikwels 'n ander soort reaksie. Tradisioneel is daar minder van 'n magstryd tussen vader en dogter aangesien daar nie soveel "oorlogsvelde" is wat hulle en die vader deel, soos in die geval van seuns en vaders nie, en ook het die dogters nie so baie wapens waaroor hulle beskik om die vaders aan te vat nie. Dogters se keuses in die lewe word baie beïnvloed deur die pa se goedkeuring al dan nie, ongeag of dit gefantaseer word en of die goedkeuring reëel is. Die dogter se groot probleem is om vas te stel presies wat die pa se goedkeuring sal wegdra. Dogters ontdek dikwels dat hulle die vaders baie gelukkiger maak deur die bak van koekies en so meer in plaas van om die beste netbalspeler te wees of deur mannetjiesagtige gedrag te openbaar. Daarom besluit sommige dogters

om net soos pa te wees in plaas van om te kompeteer met moeder of ander vrouens (Coleman *et al.*, 198:91).

Soms vorm pa's en dogters 'n vennootskap teen moeders, veral die moeders en vrouens wat minder goed voel oor hulle eie vader as die "hemelruimfiguur" en daarom meer bedreig as trots voel op die ambisieuse dogter.

Verder is dit natuurlik 'n baie algemene probleem tussen pa's en dogters wanneer dit kom by die ontwikkeling op seksuele gebied. Selfs tussen die vaders en dogters waar daar 'n goeie fisiese verhouding was in terme van vertroeteling, is dit moeilik om 'n liefderyke verhouding nadat die dogter puberteit bereik het, te bly handhaaf (Coleman *et al.*, 1981:91). Dit gebeur gewoonlik waar die vader as 'n hemelruimfiguur geromantiseer is. Gedurende die ontwakingsperiode is daar skielik nou 'n reële (seksueel reële) verhouding moontlik en die vader onttrek sy fisiese vertroeteling en die dogter rebelleer teen hierdie koue verhouding. Dikwels is die vorm wat hierdie rebellie aanneem, om seksueel gerig te raak op mans wat nie die vader se goedkeuring wegdra nie. Soms kan dit ook wees om 'n beroep te kies waarmee die vader ontevrede sal wees (Coleman *et al.*, 1981:91).

In die ontwikkling van die kind is dit veel makliker om 'n held vir 'n vader te hê en dan tydens volwassewording die werklike vader te verwerp as 'n vyand of as 'n mislukking, as om gedurende die puberteitjare die werklikheid van 'n reële persoon met tekortkominge en swakhede te verwerk en deel van jou bestaan te maak. Deel van die volwassewordingsfase het die element van verwerping, maar meestal vind dit nie plaas deur die vader dood te maak nie (sien die Oedipus-verklaring hierna). Normaalweg is die strategie om geduldig te wees in die ontwikkeling van 'n eie selfstandigheid en met verloop van tyd nie noodwendig as oorwinnaar oor die vader uit te tree nie, maar wel as die een wat die vader as hemelruimfiguur oorleef het. Die rolle word op 'n latere ouderdom omgeruil en dan vind 'n mens dat die kind nou die eens magtige (hemelruimfiguur) vader moet help loop, help *ontmagtig* deur die motor van hom weg te neem, ensovoorts.

Wanneer die kind eendag self 'n ouer word, is die biologiese siklus van vaderskap voltooi.

### 2.8.3 DIE PSIGO-ANALISE VAN DIE VADER-KIND VERHOUDING

Een van die hermeneutiese sleutels waarmee in die psigo-analise gewerk word om die kind in sy verhouding tot die vader en ouer te verstaan is die mitologiese verhaal van Oedipus. Hierdie verhaal het Freud vanuit die Griekse mitologie geneem om sekere psigopatologiese tendense by die kind aan te dui. Ten einde die idioom te verstaan waarin die psigo-analiste hul gesprek voer ten opsigte van die wedersydse beïnvloeding en relasie tussen vader en kind, is dit nodig dat die Oedipus mitologie kortliks weergegee word.

In die Griekse tragedie word die mitologiese figuur Laius, koning van Tebes, deur 'n orakel in kennis gestel dat hy 'n seun gaan verwek, maar dat die seun eendag wanneer hy volwasse is vir Laius gaan doodmaak. Toe Oedipus gebore is, het Lauis opdrag gegee dat die seun op die berg gelos moet word om te sterf. Die drama begin dus met die vader wat die seun as 'n bedreiging ervaar en die seun wil doodmaak (Coleman *et al.*, 1981:96) en later is dit Oedipus wat weer die drang ontwikkel om sy pa se plek in te neem. Die drama tipeer die onderliggende spanning tussen 'n vader en 'n seun. Dit gee iets weer van die vrese van vernietiging of uitwisting wat deur altwee beleef word. Die natuur en ook die werklikheid bevestig dat hierdie vrees tot 'n mate geregverdig is. Onder diere is dit bevind dat ter wille van die afbakening van die territoriale gebied en ten einde sy heerskappy binne 'n trop te behou, die mannetjie dikwels baie aggressief teenoor die jong mannetjies optree (Shulman & Seiffge-krenke, 1997:55). Hierdie onderliggende stryd tussen vader en seun volgens die mite, vorm dan ook die grondslag vir veral Freud se teorieë ten opsigte van die psigoanalise van die vader en kind verhouding.

Volgens Freud (die vader van die psigo-analise) kom die vader op die toneel wanneer die kind die ouderdom van drie jaar bereik. Dit is dan ook die tyd volgens Freud dat die Oedipus probleme begin. Tot op daardie stadium is die moeder en die jongeling onafskeidbaar en ‘n eenheid (Shulman & Seiffge-Krenke, 1997:6). By diere, sowel as minder ontwikkelde samelewings en ook in laer klasse van menslike bestaan, vind ‘n mens dat die moeder en die kind selfs saam slaap, heel apart van die vader. Wanneer die tyd dan weer ryp is dat 'n volgende kind verwek moet word, word die jongeling skielik ontnugter deurdat hy agterkom hy is nie die enigste een aan wie die moeder aandag aan

kan gee nie. Die totale afhanklikheid en eenheid met die moeder word deurbreek. Die andersheid waarop die vader die kind fisies hanteer as baba in vergelyking met die moeder se hantering sowel as die vader se inbeweeg tussen moeder en kind weerhou die kind om te verval in die vals ervaring dat die werklikheid uit 'n enkele twee-rigting verhouding tussen die kind en een ander persoon (die moeder) bestaan (Blos, 1985:25). Op hierdie tydstip in die diereryk waar die diere (veral sjimpansee mannetjies) gereed is om met die wyfie te paar, poog die kleintjie om hierdie *indringer* tussen hom en sy ma te verjaag. Die mannetjies kan dan dikwels baie aggressief optree teenoor die kind.

Toegepas op die mens is dit hierdie vreesaanjaende ontmoeting tussen die kind en die vader wat seksueel geïnteresseerd is in die ma, wat volgends Freud simbolies is van die ervaring wat die driejarige kind in verhouding met sy vader beleef. Tot hiertoe was die kind opgeneem in ‘n tweeledige verhouding met die moeder, maar hierdie verhouding gaan nou oor in ‘n drieledige verhouding. Volgens Freud is dit 'n baie negatiewe ervaring vir die kind en dit word versinnebeeld deur die Oedipus mite.

Saam hiermee volg nou ook ander verandering in die verhouding; waar die verhouding met die moeder harmonieus en wederkerig was, ontstaan daar nou ‘n kompetisie met die vader (Shulman & Seiffge-Krenke, 1997:6). "The oedipal father is by definition the restraining and punishing father under whose threat of retaliation the little boy abandons his competitive strivings, as well as his patricidal and incestuous animus." (Blos, 1985:10.) Volgens Freud buig die kind wel die knie voor die vader en word die vader vir die seun die model aan die hand waarvan die seun dan sy eie *superego* ontwikkel. Hierdie siening van Freud waar die vader die model vir die seun word en die moeder die model vir die dogter wanneer dit kom by die ontwikkeling van die superego, is egter deur latere studies (sien verder in hierdie hoofstuk 2) weerlê.

Latere studies deur Mahler en Melanie Klein (Shulman & Seiffge-Krenke, 1997:6) het getoon dat die vader op ‘n heelwat vroeëre ouderdom op die toneel verskyn as wat Freud dit wou hê. Hiervolgens kom die vader op die toneel wanneer die kind as kleuter begin streef na onafhanklikheid, terwyl die kleuter ook steeds afhanklikheid van die ouer nodig het. Omdat vaders dan ook geneig is om minder besitlik as moeders op te tree in hulle verhouding met kinders, vind die kleuter dat die vader die persoon is by wie sy

strewe na groter onafhanklikheid beter tot sy reg kom, terwyl afhanklikheid en versorging by die ma weer meer aandag geniet.

Al hierdie Freudiaanse en Neo-Freudiaanse teorieë reflekteer eintlik net die onderskeie rolle wat die samelewing aan die "op-'n-afstand", gesagvolle vader voorskryf en die nabye, versorgende ondergeskikte figuur as moeder toe skryf. Juis hierdie kategoriese beskrywinge kan deurbreek word wanneer vanuit die basisteorie (hoofstuk 3) daar korrektief op die wedersydse verhoudinge ingespeel word.

Die psigoanalitiese benadering tot die ontwikkeling van die kind in die verhouding met die ouers het herleef met die werk van Chodorow (Daly, 1995:24). Chodorow het opnuut weer die fokus laat val op die invloed van die moeder ten opsigte van die grootmaak van die kinders. Die teorie beweer dat die moeder as gevolg van haar primêre versorgingsrol en nouer betrokkenheid by die grootmaak van haar dogter, die dogter juis tot 'n volwassene groei aan die hand van die moeder se voorbeeld, wat gevolglik ewe maklik haar rol as moeder kan volstaan. Daar vind 'n makliker identifikasie van rolverwagting plaas omdat ma en dogter dieselfde geslag is. Aangesien die ma ewe-eens die primêre versorgingsrol ten opsigte van die grootmaak van die seun vertolk, bly die seun asgevolg van die afwesigheid van die vader tydens hierdie primêre versorgingsfase, in gebreke om uit te vind en aan te leer wat die vader se rol behoort te wees. Daarom beweer Chodorow dat die afwesigheid van die vader in die primêre versorgingsfase beperkend inwerk op die man se rolkapasiteit.

Ander studies deur navorsers wat gefokus het op die invloed van die afwesigheid van die vader gedurende die primêre versorgingsfase het egter Chodorow se bewerings gerelativeer en het veel eerder tot die gevolgtrekking gekom dat die afwesige vader tot gevolg het dat seuns in hul latere jare sukkel om hul te kan identifiseer met spesifieke geslagsrolle en identiteite (Daly, 1995:24).

Volgens die psigoanalise herhaal die Oedipus-gebeure sigself vandag op baie verskillende maniere. Die verhouding tussen 'n vader en sy kind is in terme van die Oedipus-analogie een waar die vader poog om die seun wat net potensieel 'n bedreiging is te vernietig (Balmary, 1979:8). Hierdie kompetisie geneigdheid lê vandag verskuil agter inhuldigingsrituele en nasionalistiese oorloë.

Volgens die psigoanalise moet die vader sy drang tot vernietiging as volwassene verwerk en hy moet ook die onvermydelike aanvaar dat sy kinders hom uiteindelik sal verbygaan. Die bedreiging wat die vader van die dogters ervaar is dikwels nie dieselfde as wat die seuns bied nie. Dogters bied die gevaar van 'n ontoelaatbare seksuele drang wat by die vader mag onstaan, of om die geliefde dogter te verloor aan 'n jongman op die toneel. Obsessiewe gedrag soos die beheer oor die tipe klere wat die dogter toegelaat word om te dra (sy mag nie verleidelike klere aantrek wanneer sy uitgaan nie), waar sy gaan rondloop, en vir wie sy mag sien of nie, ure waarop sy moet in wees, is almal maniere waarop die vader sy vrese ervaar en wil beheer. Vaders raak bewus van die dogters se seksuele ontwaking en die pa is bang dat dieselfde bewuswording by die ander mense (mans) daarbuite sal volg en met 'n oordrewe gerigtheid op byvoorbeeld haar kleredrag probeer hy kontroleer dat sy nie in die moeilikheid sal beland nie. Die vader is dan vasgevang in 'n tweeledige rol ten opsigte van sy dogter. Aan die eenkant wil hy graag hê dat 'n jongman haar die lewe moet inneem en gelukkig maak, maar aan die anderkant wil hy ook die dogter net vir homself hê en sodoende word elke jongman 'n bedreiging vir hom (Coleman *et al.*, 1981:97).

'n Ooridentifikasie wedersyds tussen ouer en kind is 'n volgende voorbeeld van wedersydse destruktiewe gedrag. 'n Kind wat totaal sy ouers se drome uitleef het geen benul van wat dit behels om 'n eie lewe te lei nie. 'n Vader wat sy eie persoonlike strewes eenkant plaas ter wille van sy kinders offer 'n groot deel van sy bestaan op. Tog is dit feitlik onmoontlik vir 'n ouer om hom of haar totaal van enige suksesse of mislukkings by 'n kind los te maak. 'n Pa is trots op sy kind wat goed doen op skool en kan selfs dink dat hy beter is as sy vriend wie se kind nie so goed vaar nie, of die pa voel sleg omdat die kind so 'n moelikheidmaker op skool is. Dikwels is die pa nie altyd openlik oor of bewus van hierdie gevoelens ten opsigte van die kinders nie en verkeer hy onder die indruk dat hierdie gevoelens geen uitwerking op hom het nie. Navorsing het egter die teenoorgestelde bevind. 'n Vader sal byvoorbeeld sy lewe lank daaraan wy om daarbuite 'n posisie van mag in te neem, geld te maak, in sy loopbaan suksesvol te wees en skielik wanneer hy ontdek hy het 'n kind wat rebels en vervreemd geraak het, voel al die prestasies van sy lewe daarbuite leeg en sinloos. Hy word onkant gevang met die emosies ten opsigte van sy kind wat hy nooit in sy bestaan erken het nie (Coleman *et al.*, 1981:99). Die man ontdek dat die energie waarmee hy sy suksesse in die lewe

bereik het nie soseer persoonlike ambisie was nie, maar energie wat hy opgebou het vanuit sy verhouding met sy gesin.

Namate die vader se eie vaderskap ontwikkel en sy eie kinders al hoe groter raak, ontwikkel daar weer 'n nuwe band van die vader met sy eie vader. Heel waarskynlik raak die vader bewus van sy eie kinders wat besig is om by hom verby te gaan en ten einde 'n identiteit te soek waarin hy weer kan kontinuiteit vind soek hy identifisering by sy vader.

In die latere jare van die kind gaan die vader-kind verhouding weer oor tot die fase waarin vader en kind mekaar weer wil probeer vind. Rekonsiliasie met die vader (en die moeder) is nie 'n maklike proses nie. Die vader-ervaring waarmee die kind sit, is gewoonlik oorlaai met die herinneringe aan die streng ingrype van die vader gedurende die adolossente fase. Hoewel versoening, veral wanneer die kind ook reeds 'n gevorderde vader is en in sy loopbaan gestabiliseer is, makliker raak en 'n voortgaande proses is, moet onthou word dat daar dikwels 'n ander ouer persoon gedurende hierdie fase as raadgewer kan optree of as 'n wyse persoon kan optree. Mans in die middeljare het steeds die behoefte aan 'n wyse vaderfiguur en meestal is dit nie die eie vader wat daardie rol vertolk nie (Coleman *et al.*, 1981:105).

Rekonsiliasie tussen vaders en kinders vra veral dat die vader die balans moet handhaaf tussen sy leidende rol om die jong leeus te lei tot selfstandigwording en dat daar nie 'n deurlopende magstryd tussen die pa-leeu en die kinders moet wees nie. Die tradisionele vader wat as die hemelruimfiguur funksioneer moet so vroeg as moontlik verby die magstryd beweeg. Hy moet beide die rol van die hemelruimfiguur en die versorgendefiguur transendeer ten einde 'n wyseman vir sy kinders te word. Hierdie meer gevorderde tipe vaderskap kom soms voor waar die vaderskap na die volgende fase van vaderskap oorgaan naamlik oupaskap. Hoewel oupaskap dikwels sy eie unieke probleme tot gevolg het, soos ervaringe vanuit die verlede toe die oupa self nog 'n seun was en wat sy verhouding met sy oupa was, is dit dikwels ook 'n fase wat met groter geduld, met meer tyd en ervaring op hande aangepak word met die hoop om minder foute te maak (Robinson & Barret, 1986:74). In 'n onderhoud met 'n 86-jarige oupa is bevind dat hy (nog sterk en gesond en besig met sy daaglikse stokperdjies) die een is by wie sy kleinkinders opdaag gedurende krisisse soos byvoorbeeld met 'n buite

egtelike swangerskap, 'n oordosis dwelms of bloot net 'n onderonsie met hul eie ouers. Die oupa het daarin geslaag om die beperkinge van die vader as hemelruimfiguur en die moeder as die primêre versorger en die gepaardgaande sinlose magstryd suksesvol te transendeer (Coleman, 1981:108). Hy is net besig met onbevange vaderskap (Cunningham-Burley, 1987:96).

Uit al bogenoemde navorsing is dit al hoe duideliker dat die vader wat eens op 'n tyd nooit geag was as 'n belangrike vennoot in kinderontwikkeling nie, deesdae al hoe meer by navorsing ingetrek word. Vandag is al hoe meer gedragsielkundiges bereid om erkenning te gee aan die moontlikheid van 'n versorgende rol en funksie van die vader. Hierdie tendens is besig om die jarelange aanvaarde teorie dat vaders vir die eerste drie jaar geen bydrae ten opsigte van die ontwikkeling van die kind te lewer het nie, te agterhaal (Lamb, 1997:112). Die tyd is aan die uitloop vir psigoterapeute wat feitlik nooit die vader intrek wanneer hulle besig is met kinders wat gedragsprobleme het nie (Coleman, 1981:117).

### 2.8.3.1. DIE INVLOED VAN DIE VADER OP SEUNS

Die verhouding tussen vader en seun word beskryf as die van 'n spieëlbeeld. Selfs Kierkegaard het as filosoof hierdie standpunt gehandhaaf dat die vader homself sien in die oë van sy seun en dat die seun opkyk na die vader om daarin sy toekoms te sien (Shulman & Seiffge-krenke, 1997:57).

Binne die konteks van die ontwikkeling van die kind moet die Oedipus-teorie steeds in ag geneem word. Hoewel vaders en seuns nie vandag regtig meer oor grondgebied afbakening in kompetisie is nie, het navorsing bevind dat ten minste 700 kinders elke jaar in Amerika sterf en nog meer word geslaan en mishandel en dat die grootste oortredes die vaders is (Shulman & Seiffge-krenke, 1997:55). Onbewese aannames word gemaak dat vaders vandag nog in hulle spel met hul seuns dikwels in kompetisie met sy seuns verkeer. Speletjies en selfs verbale kragmetinge tussen vaders en seuns kom dikwels voor. Vaders sien ook in sy seun sy eie beeld en omgekeerd. Ook sien vaders dat die seun die "opvolger" en voortsetter van homself gaan wees (Shulman & Seiffge-krenke, 1997:57). Hierdie interaksie dui ook op twee tendense in die verhouding tussen vaders en seuns. Aan die eenkant is daar die fisiese nabyheid, soos in stoeiery

en spelery. Hierdie aanraking van mekaar as vaders en seuns speel is 'n heerlike ervaring wat deur beide die vader en seun geniet word omrede hulle lief is vir mekaar. Terselfdertyd is hierdie speletjie tog ook 'n aktiwiteit wat met 'n mate van aggressie en kompetisie gepaardgaan (Blos, 1985:28). Dit dien dus ook om te bepaal of die seun al sterker en beter is as die vader. Daar is die aangename ervaring van eenheid wat tydens die interaksie van die speletjie geniet word en tog ter gelyker tyd is daar ook kragte wat gemeet word met mekaar en dit bring verwydering. Met die kragte meet neem vader en seun posisie in teenoor mekaar. Hoewel binne die konteks van die Oedipus-teorie die vader die kind wil vernietig (Shulman & Seiffge-krenke, 1997:58; Blos, 1985:28), is met navorsing tog bevind dat die vader beskermend optree teenoor die kind (Shulman & Seiffge-krenke, 1997:59).

Hierdie stryd of kompetisie tussen vaders en seuns is 'n universele verskynsel wat onder alle kulture voorkom, maar dit neem natuurlik verskillende vorme aan binne elke kulturele konteks (Shulman *et al.,* 1997:62). In Papa Niew Ghuina byvoorbeeld word die lewensproses waarin die seun van kind tot volwassene ontwikkel binne 'n ritueel begelei. Die seuns word gedurende die ritueel letterlik van die vrouegemeenskap afgesny en totaal onder beheer van 'n paar manne geplaas. Gedurende hierdie periode word hulle deur die manne of dan die inisieerders wat die vaders verteenwoordig, geweldig verneder, gespot, afgebreek en gestraf, en dit sluit selfs in dat stukkies vel van die penis afgesny word, sodat daar ook bloed kan vloei. Dit dien alles daartoe dat enige kleinserigheid wat moontlik mag bestaan of verwyfde maniertjies wat die seun dalk mag hê, met die rituele uit hom gehaal word. Dit stel die seun dan in staat om as volwaardige man na die grootmenswêreld te kan oorgaan. In hierdie proses waar die seun aan uiterste swaarkry onderworpe word, gebeur dit dikwels dat gedurende hierdie periode daar vanaf die ouer mans se kant sterk oordrewe verhoudings met die seuns opgebou word. Te midde van die rituele waar die seuns ru en rof behandel word, om van alle verfynde maniertjies en reaksies ontslae te raak, word daar weer aan die anderkant tog met aktiwiteite soos die voorsiening van oorvloed van kosse en aktiwiteite soos gesamentlike oefeninge en speletjies 'n ervaring van nou betrokkenheid geskep. Die doel agter die oormaat voedsel en oormaat saam speletjies speel is om die seuns te laat verstaan dat vaders en mans selfs beter moeders uitmaak en mans daarom beter is as vrouens (Shulman & Seiffge-krenke, 1997:62). Gedurende hierdie tyd kan dit gebeur dat die jong adolessent en die ouer man in 'n wêreld van onrealistiese fantasieë begin

opgaan. Hierdie verhouding word soms so ver gevoer dat daar in sommige gevalle sprake is van homoseksuele verhoudings wat ontstaan en identiteitsverwarringe wat ontstaan.

Op soortgelyke wyse kan mens na die inisiasieproses in die Xhosa-kultuur kyk. Die ritueel sluit in dat die seun besny word en vir drie of meer weke in die veld gelos word om te kyk of hy alleen kan oorleef sonder kos en huislike beskerming. Die doel is om ten einde te kan toon dat hy "mans" genoeg is om te oorleef!

Soorgelyke resultate was ook die sekondêre gevolg van die weermagopleiding in die destyse Suid-Afrikaanse Weermag gedurende die jare 60 tot 80. Die basiese opleiding het nie net bestaan uit die aanleer van oorlogstegnieke nie, maar gedurende die opleiding is omstandighede geskep waarin die seuns verneder is, swaargekry het. In die proses het die seuns hul "seunlikheid" afgelê, selfdissipline geleer en as manne in die bosoorlog gaan veg.

In die ontwikkelde en Westerse wêreld vandag lê hierdie ontwikkelingsproses vanaf adolessent na volwassenheid op 'n minder rituele vlak. Tog kan sekere ontwikkelingstendense binne die ouer-kind verhouding steeds geïdentifiseer word. Sekere voorregte gaan saam met sekere stadiums van ontwikkeling (Shulman & Seiffge-krenke, 1997:63). Ook *rituele* soos om 'n leerlinglisensie te kry, 'n lisensie te kry, die eerste bier te mag drink, die eerste keer seks met 'n mesie te hê, is dalk almal Westerse rituele wat steeds aan die orde van die dag is en waardeur seuns moet gaan ten einde oor te gaan van 'n jong seun na die wêreld van die manne.

Aggressie tussen geslagte in die Westerse konteks word ook opgelos namate die vader die seun se onafhanklikheidswording en individualiteit erken en aanvaar en tog nog steeds 'n verhouding met die seuns bly handhaaf. Die Oedipus-verhouding word dus tog deurbreek namate die volwassenheid van die seun deur die vader erken word.

In die volgende hoofstuk sal hierop teruggekom word, aangesien die versoening wat Christus as die Seun gebring het tussen God en mens en daarom tussen mens en mens (soos tussen Griek en Jood) ook versoening tussen vader en seun gebring het.

Daar is natuurlik ook baie voorbeelde waar die verhouding tussen vader en seun net eenvoudig nie opgelos word nie of verkeerd ontwikkel, byvoorbeeld waar daar 'n sterk oorheersende ma en 'n swak pa is wat nie die seun in sy ontwikkeling kan ondersteun nie. Of waar die seun geen identiteit van homself ontwikkel het nie en hy totaal deur die vader oorheers word, of waar die seun heeltemal wegbreek van die familie en daar gevolglik geen bande tussen seun en vader meer bestaan nie (Shulman & Seiffge-krenke, 1997:66). Hierdie toestand van vervreemdheid kan dus bly voortbestaan sonder dat daar ooit versoening kan kom. Weereens binne die konteks van Christus se versoening is daar hoop vir enige pa en seun.

### 2.8.3.2. DIE VADER EN DOGTER VERHOUDING

Waar die verhouding tussen vader en seun die skopus bied dat die seun 'n eie individualiteit en identiteit ontwikkel soms met die hoop dat die seun die vader se identiteit of wese sal voortsit, is die aard van die verhouding tussen vader en dogters van 'n heel ander soort (Shulman & Seiffge-krenke, 1997:70). Navorsing het byvoorbeeld aan die lig gebring dat vaders baie meer met hul vyf maande oue dogters praat as met seuns (Shulman & Seiffge-krenke, 1997:71). Die vaders was ook dikwels oorbeskermend gewees teenoor die dogters wat dan die beeld skep dat die vaders die dogters besit. Vandag het die bordjies ietwat verander. Histories gesien vind 'n mens die volgende: die moeder se rol was om die vader (en die seun in sy ontwikkelingsproses om eendag by die vader oor te neem) wat die wêreld daarbuite moes verower, te ondersteun en by te staan as hulp. Die dogter word groot gemaak met die idee dat sy hierdie hulpverlenende taak van die moeder aan die vader (en aan die seun in sy ontwikkeling om by die vader eendag oor te neem) eendag moet gaan uitleef ten opsigte van haar man wanneer sy gaan trou. Dogters was in die verlede selfs verplig gewees om met vyandelike hooggeplaastes te trou sodat daar dalk vennootskappe ter wille van die oorwinning van die wêreld, gesluit kan word met die vyande. Die ontwikkeling van haar eie identiteit, persoonlikheid en wil was beslis nie belangrik geag in die verlede nie.

Ook in die mitologie vind hierdie bereidheid om die dogters op te gee vir moontlike vennootskappe en vriendskappe neerslag. Agamemnon, wat die Griekse vloot aangevoer het in sy optog teen Troje, willig in om sy dogter, Iphigeneia, te offer ten einde die godin Artemis se kwaad te kalmeer en om haar guns te wen. Agamemnon

betoon egter nie genade met sy dogter nie, maar behandel haar op brutale wyse ten einde te bevestig dat hy in beheer van die vloot bly.

Ook in die Bybel lees ons van Jefta wat sy dogter in 'n soortgelyke verhaal "offer" ter wille van 'n saak. Jefta lei die Israeliete in 'n oorlog teen die Ammoniete en lê 'n belofte af dat indien God aan hom die oorwinning gee, hy die eerste persoon wat na die oorwinning na hom kom om hom te groet aan God sal offer. Na die oorwinning kom Jefta dan ook aan by sy huis en sy dogter is die eerste wat hom tegemoet kom. Jefta het by sy belofte gebly en wel sy dogter geoffer (Rigters 11)!

'n Soortgelyk verhaal is dié van Lot in Genesis 19, waar Lot tydens sy verblyf in Sodom twee engele by hom laat oornag het. Die inwoners van Sodom omsingel die nag die huis van Lot met die idee om die mans (engele) te verkrag. Lot bied aan dat sy twee dogters wat nog maagde was, wel deur die mans verkrag kan word in ruil vir die beskerming van die twee engele (Genesis19)!

Dit is ook belangrik om die reaksie vanuit die dogters se oogpunt na te gaan. Verhale uit die verlede (sien Jefta se dogter se reaksie) dui daarop dat dogters baie keer gewilliglik die offer aanvaar het wat sy moes bring. Die rasionaal daaragter is baie uiteenlopend. Vanuit die geskiedenis gesien is daar die teorie dat die vrou bloot net as 'n minderwaardige mens beskou was en gevolglik haarself ook as minder werd as die saak waarvoor sy haarself moes prysgee gesien het.

Vanuit die psigoanalitiese gesigspunt heers daar in die onderbewussyn vyandskap tussen dogter en moeder. Volgens Freud ontstaan daar 'n vyandskap tussen die moeder en die dogter, aangesien die moeder aan haar 'n ondergeskikte geslagsorgaan geskenk het. Die volmaakte orgaan, die penis, was die dogter nie beskore nie. Die dogter begin nou verlang na die vader om haar uit hierdie ondergeskikte posisie te verlos. Op grond hiervan bestaan die teorie dat die seun makliker die Oedipus-stryd oorkom, omdat hy die voorrreg het dat beide die vader en moeder se ondersteuning hoofsaaklik op hom toegespits is. Die dogter beleef hierdie ontwikkeling moeiliker, veral as daar nie 'n sterk band tussen vader en dogter bestaan nie. In die afwesigheid van 'n noue verhouding tussen vader en dogter ontwikkel die dogter dikwels dan 'n idealisering van die vader en fantaseer sy rondom die vader en is daar selfs tekens van flirtasie met die vader. Die

dogter stel haar dus gerieflik ondergeskik aan die vader as deel van haar fantasering oor die vader en daarom is sy bereid om die offers wat haar vader van haar vra (vergelyk Jefta) te bring (Shulman & Seiffge-krenke, 1997:74).

Gilbert wys ook daarop dat die vader die verteenwoordiger van die buite-wêreld is en dat hierdie buite-wêreld slegs deur die vrou betree kan word in haar ondergeskiktheid aan die vader en later aan haar man. Nie net is die vader daar om haar te beskerm teen die wêreld daarbuite nie, maar ook teen die wêreld binne die gesin wat soms dreigend is. 'n Sterk vader word ook gesoek veral wanneer stiefmoeders die toneel betree en dogtertjies die beskerming van die pa soek teen die stiefma (Shulman & Seiffge-krenke, 1997:75).

Blos verleen 'n verdere nuanse ten opsigte van die geslagsidentifikasie gedurende die adolessente ontwikkeling. Volgens Blos (Shulman *et al.*, 1997:77) vind daar 'n positiewe Oedipus-ontwikkeling plaas waar die adolessent hom/haar identifiseer met die teenoorgestelde geslag ouer. Daar vind egter ook 'n negatiewe Oedipus-ontwikkeling plaas waar die adolessent hom/haar moet identifiseer met dieselfde geslag. Hiervolgens moet die dogter haar aanvoeling vir haar vader afsweer en haarself fokus op haar moeder. Hierdie identifikasie met die moeder, hou die gevolge in dat die dogter nou haar rol van 'n aktiewe een na 'n passiewe een moet verander. Dit is om die penis op te gee en die vagina te aanvaar en om die vader as objek te verruil vir die moeder as objek. Van die dogter word dus veel meer verwag om op te gee in haar ontwikkeling as 'n adolessent, terwyl van die seun bloot net verwag word om die moeder te verruil vir die vader. Hoe verder die adolossensie aanstap en die geslagsontwikkeling toeneem, kom die verdere eis na vore, waar die adolessent ook moet begin onafhanklik raak van dieselfde geslag ouer (Shulman & Seiffge-krenk, 1997:77).

Studies het ook bevind dat die geslagsrypwordingsproses by dogters veel meer konflikte tussen dogters en ouers tot gevolg het as wat dit spesifiek konflikte tussen seuns en ouers tot gevolg het (Shulman & Seiffge-krenke, 1997:78). Die rede hiervoor is dat dogters in hulle volwassewordingsproses meer deur die ouers (die vader) teen die gevare van die jong jagters in die samelewing beskerm word. Die dogters is nie die jagters nie en gevolglik word die seuns nie "opgepas" teen die gevare nie.

Navorsing dui ook daarop dat dogters baie meer aandag van die ouers kan ontvang en dit hou die gevaar in dat die dogter deur die oormaat van sosiale aandag wat sy van haar ouers se kant ontvang haar ontwikkeling tot 'n onafhanklike persoon sal kortwiek. Mans toon die tendens om hulleself as onafhanklike wesens te sien, terwyl vrouens meer geneig is om hulleself te sien funksioneer binne verhoudinge. Dames beskou verhoudinge ook as veiligheidsnette waarin hulle beskerming ontvang (Shulman & Seiffge-krenke, 1997:79).

Studies het ook bevind dat vrouens makliker oor intieme dinge kan kommunikeer, dikwels meer oop is en hulleself baie meer oopstel teenoor ander mense as in die geval van mans. Die navorsing wat Nydegger en Mitteness (Shulman & Seiffge-krenke, 1997:79) gedoen het, het gevind dat vaders meer rigtinggewend optree in hul verhouding met seuns en dat as gevolg daarvan daar dikwels baie konflikte ontstaan. Daar word minder ingemeng met die dogters en die verhouding is dus baie meer kalm.

Navorsing oor die rol en die aard van vaderskap is ook gedoen vanuit die teorie wat beweer dat geslagsidentiteit en rolverwagtings gevorm word deur waarneming en nabootsings van sosiale gedrag (Daly, 1995: 25). Hierdie navorsing het egter bevind dat a) kinders nie noodwendig die voorbeeld van iemand met dieselfde geslag meer naboots as van iemand met 'n teenoorgestelde geslag nie of b) dat die kind sy ouer wat dieselfde geslag met hom/haar deel nie noodwendig meer naboots as die ouer met die teenoorgestelde geslag nie. Die gevolgtrekking is dus dat seuns byvoorbeeld nie noodwendig hul rol as vader of dan hul vaderidentiteit konstrueer slegs vanuit die voorbeelde van manlike persone of hul vaders nie (Daly, 1995: 25). Daar is dus ook ander voorbeelde of modelle wat nageboots word.

Bostaande studies het bevind dat daar veral drie tipes rolmodelle is wat 'n groot invloed uitoefen op kinders wanneer gesoek word na modelle waarmee geassosieer kan word en ook nageboots en aangeleer kan word. Eerstens is daar die sogenaamde simboliese uitbeelding wat die uitbeelding van persone in die media insluit. Tweedens kry ons konkrete invloedryke figure soos ouers en onderwysers. Derdens speel die patroon waarvolgens mense optree binne 'n gegewe sosiale situasie ook 'n belangrike rol wanneer gesoek word na modelle waarmee geassosieer kan word (Daly, 1995:25).

### 2.8.4 SEKERE TEORETIESE AANNAMES TEN OPSIGTE VAN DIE INVLOED VAN VADERS VERKEERD BEWYS

Vroeëre navorsing ten opsigte van die vader se invloed op die ontwikkeling van seuns se manlike identiteit het van die veronderstelling uitgegaan dat vaders in 'n groot mate verantwoordelik was vir die ontwikkeling en vestiging van die seun se identiteit as man (Lamb, 1995:145). Die verrassende bevindinge van die meeste van hierdie studies was dat vaders nie 'n noemenswaardige rol gespeel het om hulle seuns in mans te laat verander nie. Indien dit die geval is, wat was dan die bydrae of watter rol het die vader om te speel by die ontwikkeling van die kind, ook wanneer dit dan oor sy geslagsidentiteit gaan?

Volgens Lamb het navorsers aanvanklik nooit navorsing gedoen rondom die rede waarom seuns hulle identiteit op dié van die vaders wil skoei nie (Lamb, 1995:146). Met latere navorsing is hierdie vraag wel gestel en daar is bevind dat goeie verhouding tussen 'n vader en sy seun tot gevolg het dat die seun homself makliker identifiseer met die "manlikheid" soos dit deur die samelewing waarin die seun grootword, voor gehou word. Sy "manlike identiteit" het volgens die bevindinge nie soseer te make gehad het met die manlike identiteit van die vader nie, maar met die tipe manlike identiteit van die kultuur. Dit was egter wel die goeie verhouding tussen vader en seun wat hierdie identifikasie met die samelewing se voorbeeld van manlikheid makliker gemaak het. Andersom gestel: indien die seun - en vaderverhouding swak was, al was die vader ook hoe erg manlik, vind die seun dit moeiliker om homself te identifiseer (nie met die vader nie), maar met die tipe van manlikheid wat deur die samelewing voorgestaan word (Lamb, 1995:146).

Soortgelyke bevindinge is gemaak ten opsigte van ander relevante navorsingsonderwerpe. Byvoorbeeld die vraag hoe suksesvol beïnvloed die vader se eie suksesse in die samelewing die kind se vermoë om te presteer en ook suksesvol te wees? Die voorveronderstelling was weereens dat vaders wat suksesvol in die samelewing presteer se invloed op kinders so sal wees dat hulle ook suksesvol in die samelewing sal wil wees. Die bevinding het egter die veronderstelling verkeerd bewys. Die positiewe beïnvloeding op kinders om suksesvol te presteer, het eerder gekom vanuit die feit dat die verhouding tussen kind en vader positief was en nie of die vader

self suksesvol was al dan nie. Die vader se warme liefde en emosionele betrokkenheid het 'n groter rol gespeel as sy eie suksesvolle prestasies of doelgerigtheid in die samelewing (Lamb, 1995:147).

Dieselfde resultate is gevind ten opsigte van die psigologiese en sosiale aanpasbaarheid en gebalanseerdheid van die kind. Die warme betrokkenheid van die vader (dit sluit natuurlik die moeder in) het 'n veel groter en belangriker invloed as die vraag oor hoe goed die pa self in die samelewing aangepas is. Die belangrike bevindinge is dus dat die vader se eienskappe as ouer, veel belangriker was as die vader se eienskappe as man in die samelewing.

Ten opsigte van die navorsing dat vaders afwesig was (byvoorbeeld soos met 'n egskeiding), was die veronderstelling dat seuns wat groot word in 'n huis waar daar nie 'n vaderfiguur is nie en dus nie 'n geslagsrolmodel is nie, geslagsidentiteitsverwarring by die kind tot gevolg gaan hê. Weereens is die verwagting deur die navorsing verkeerd bewys. Seuns het gewoon normaal ontwikkel al was daar geen vaderfiguur om die geslagrolmodel uit te beeld nie (Lamb, 1995:148). Daar was wel bevind dat baie ander probleme voorgekom het by die ontwikkeling van kinders wanneer die vader afwesig was. Hierdie probleme was die gevolg nie van die afwesigheid van die geslagsrolmodel nie, maar as gevolg van faktore soos die swakker finansiële posisie van die enkelouer (ma) en die gepaardgaande verhoogde stres faktore wat saamhang met die finansiële swakker posisie en die stres wat saamhang met die spanning na die egskeiding tussen die ouers. Dit alles dui op die groot rol - ekonomies, sosiaal en emosioneel - wat die vader speel by die ontwikkeling van die kind.

Groter betrokkenheid van vaders by kinders (alhoewel die groter betrokkenheid nie noodwendig beteken dat die vaders meer take as die moeders op hulle neem nie) het drie positiewe gevolge:

1. Wanneer beide ouers baie nou betrokke is by hulle kinders, het die ouers dikwels 'n minder geslagsgerigte betrokkenheid en groei die kinders ook op met 'n minder geslagstereotipe siening.
2. Waar albei ouers betrokke is vind daar ook baie meer kognitiewe stimulasie en ontwikkeling plaas aangesien die kind blootgestel word aan twee verskillende tipe benaderings.

3. En laastens, wanneer die vader meer betrokke is by die kind is dit gewoonlik 'n begeerte en behoefte by die vader vir groter emosionele betrokkenheid en indien dit gerealiseer word in die praktyk is die vader self 'n gelukkiger persoon. Die vader dra dus by tot verdere geluk in die huis. Wanneer die vader meer betrokke is en die moeder groter vryheid het en haar beroep beoefen met die gevolg dat sy sodoende op daardie terrein verder ontwikkel, is sy 'n gelukkiger persoon en dra verder by tot die geluk van die gesin (Lamb, 1995:151).

### 2.8.5. SAMEVATTEND

- Dit is bevind dat groter emosionele betrokkenheid van die ouers se kant af, ook warmte en 'n omgee-versorgende betrokkenheid, meer bydra tot die vorming van positiewe ingestelde kinders ongeag of die betrokke ouer die vader of die moeder is. Ouerlike eienskappe is veel belangriker as geslagseienskappe.
- Tweedens is bevind dat kinders met 'n ervaring van baie sekuriteit in die huis, wat 'n noue verhouding met die ouers insluit, sosiaal veel beter aangepas en gelukkiger is as diegene wat 'n gebrek daaraan het.
- Derdens is bevind dat die familie as geheel 'n groter invloed op die gesin het as net die rol van een figuur (bv. die vader). Daarom is dit belangriker dat al die verhoudinge onderling in die familie goed moet wees.
- Vierdens is die gevolgtrekking dat vaders wel 'n belangrike invloed het op die ontwikkeling van die kind, maar dat die uiteenlopende rolle wat die vader vertolk ook moet insluit die feit dat hy 'n emosioneel warm en goeie verhouding met sy kind(ers) in die huis moet hê. Dit moet ook insluit dat die vader suksesvol in die samelewing moet wees, ook as broodwinner, en dat hy ook 'n suksesvolle huweliksmaat vir sy vrou of dan die moeder moet wees.
- Vyfdens is bevind dat in die postmoderne konteks die behepteid van die vader se betrokkenheid ten opsigte van die vorming van die manlike geslagsidentiteit by seuns plek gemaak het vir 'n meer buigsaamheid ten opsigte van manlikheid en vroulikheid (Lamb, 1995:153).

## 2.9. VERANDERINGE IN DIE FAMILIE EN GEPAARDGAANDE ONTLUIKENDE BELEIDE ("POLICIES") OF TENDENSE

Ten slotte moet dit ook onder die aandag gebring word dat veranderinge ten opsigte van die aard en wese van vaderskap en ouerskap stadig deursuur na nasionale regeringsbeleid ten opsigte van vaderskap en ouerskap (Sullivan, 2000:24). Palomba (1995:183) wys daarop dat regeringsbeleide dwarsoor die wêreld nooit objektief was ten opsigte van die rolle van mans of vrouens wanneer dit by ouerskap gekom het nie. Regeringsbeleide lê ingebed in die kultuur van die mense van die land. Sy wys op die ooreenkomste tussen verskillende regeringsbeleide oor ouerskap wêreldwyd en wil daarmee aandui dat beleide wêreldwyd nog min begrip ontwikkel vir die verantwoordelikheid van die vader wanneer dit kom by die versorging van die kind. Die beleid ten opsigte van kraamverlof vir die vader ("*paternal leave*") is 'n bewys daarvan dat daar min waarde geheg word aan die rol van die vader ten opsigte van die versorging van kinders. Daar is egter wel tekens dat hierdie benadering ook aan die verander is. So byvoorbeeld gee die regeringsbeleid van Swede tien dae "vaderlike-kraamverlof" ("*paternal leave*") aan die vader en in Denemarke kry mens twee weke vaderlike-kraamverlof. Die oogmerk is dat die vaders tuis kan wees met die aankoms van die baba. In Swede (Hochschild, 1995:446) het elke werkende paartjie by die geboorte van hul kind 12 maande betaalde ouerskapverlof ("*parental leave*"). Nege maande verlof is teen 90% van die salaris en drie maande is teen 300 dollars per maand. Die paartjie kan self besluit hoe hulle die verlof tussen hulle wil verdeel. Verder bepaal die regeringsbeleid dat werkende ouers van kinders onder 8 jaar oud geregtig is om net 6 ure per dag teen 6 ure betaling te werk. Daar is selfs versekering beskikbaar vir die periode van ouerskap wat ouers in staat stel om finansieel te oorleef wanneer hulle inkomste verloor as gevolg van besoeke aan skole waar hul kinders skoolgaan of wanneer siek kinders by die huise deur die ouers opgepas moet word.

## 2.10 VADERSKAP IN DIE TOEKOMS

Navorsing oor vaderskap dui daarop dat daar in die verlede nie modelle ontwerp was vir die proses om vaderskap te definieer en die konsep van vaderskap verder te ontwikkeling nie. Daly (1995:280) wys op die afwesigheid van enige modelle en dui aan uit empiriese ondersoeke dat 'n menigte mans wat vader geword het, gesoek het na 'n

rolmodel wat hul kon volg, maar dit nie kon kry nie. Selfs die rol wat mans se eie vaders gespeel het, het nie voldoen aan die standaarde wat nuwe vaders gesoek het nie, met die gevolg dat mans die ervaring het dat daar geen model is wat navolgenswaardig is nie. "The absence of influential father figures in their day-to-day lives made the social construction of the fatherhood identity extremely difficult. For these men, there was no reference group that could serve as a point of comparison for shaping their identity formation." (Daly, 1995:34.)

As gevolg van die afwesigheid van navolgenswaardige voorbeelde van vaderskap sê Daly (1995:34) ontstaan daar wat hy noem gefragmenteerde modelle van wat vaderskap behels. Hier toon hy aan dat mans dikwels aspekte van vaderskap aflees by verskillende persone wat besig is met die versorgingstaak van kinders. Selfs sekere aspekte van versorging deur die moeder en ander vrouens word soms deur mans in hul identiteitvorming van vaderskap geïnkorpureer (Daly, 1995:36).

Uiteindelik wil hierdie navorsing dan ook 'n model ontwikkel aan die hand waarvan die aard en wese van vaderskap afgelees, en oor en oor gerekonstrueer kan word. Per definisie kan geen model vir vaderskap ontwikkel word binne die postmoderne tydsgees nie, maar vanuit die basisteorie van hierdie proefskrif kan so 'n model wel ontwerp word. Hierdie studie wil nie die ontwerpte model voorhou asof dit 'n absolute waarheid is nie, maar wel dat dit 'n gekonstrueerde model is, maar gekonstrueer nie net vanuit veranderende praktyk omstandighede nie, maar ook op onveranderlike beginsel vertrekpunte. Daarmee word dus implisiet toegegee dat rekonstruksie van die model op 'n voortgaande basis gedoen moet word. Aan die anderkant vanuit die basisteorie is daar wel sekere "onveranderlikes" wat 'n gegewene bly ongeag die relatiwiteit van die die gekonstrueerde model van vaderskap.

## 2.11. SAMEVATTING

Ongeag die teoretiese vertrekpunt vanwaaruit die aard en wese van vaderskap ondersoek word, staan een ding duidelik uit: die beskrywing en bepaling van wat vaderskap behels sal altyd 'n onafgehandelde saak wees. Met verandering van tyd en omstandighede sal ook die definisie en die praktyk van vaderskap voortdurend geherdefinieer word. Reeds in 1959 het Hess en Handel in 'n studie getiteld *Family*

*Worlds*, volgens Daly (1995:25) oortuigend aangetoon dat die patrone waarvolgens die lede van 'n familie optree nooit onveranderlik is nie. Die gedragspatrone bly altyd aan verandering onderworpe onder andere omdat die status van die gesinne ook voortdurend verander en veranderde gedragspatrone noodwendig daaruit ontstaan. Hieruit moet ons dus aflei dat ook die wese en aard van vaderskap nooit 'n afgehandelde werklikheid is wat finaal gedefinieer sal kan word nie. "From a social constructionist perspective, fatherhood is an ongoing project of action that involves the creation and reformulation of role through observation, communication, and negotiation." (Daly, 1995:38.) Daarmee is dan ook klaar gesê dat die soeke na die aard en die wese van vaderskap vierkantig geplaas word binne die tydsgees van die postmodernisme. Aan die ander kant gee Daly (1995:38) toe dat hoewel die aard en wese van vaderskap op voortgaande wyse herontwerp word, daar tog tradisionele waardes, norme en standaarde is wat stremmend inwerk op die voortgaande herontwerp van wat vaderskap behels. Postmoderne navorsers (Cheal, 1991:1) is egter baie versekerd dat strukturele uniformiteit in die proses van verbrokkeling is, met die gevolg dat die grense tussen wat *behoort* te wees en wat *is*, besig is om te vervaag. Postmodernisme vertrek onder andere vanuit die uitgangspunt dat daar nie so iets soos 'n objektiewe waarheid met 'n universele geldigheid bestaan nie (Thompson, 2000:9). Daar bestaan volgens die postmodernisme geen objektiewe universeel geldige waarheid oor wat vaderskap presies sou behels nie. Die navorsing soos na verwys in die voorafgaande paragrawe bevind hulself dus midde die gees van die postmodernisme wanneer daar tot gevolgtrekking gekom word dat die aard en wese van vaderskap nooit afgehandel is nie. In plaas van 'n vertroue in 'n objektiewe universeel geldige waarheid, vind die eksponente van die postmodernisme hul veel eerder tuis met " radical hermeneutics, pluralism, and relativism." (Thompson, 2000:9.)

Hierdie postmodernistiese vertrekpunt word ook in hierdie navorsing tot in 'n mate onderskryf aangesien dit duidelik is dat die aard en wese van vaderskap voortdurend verander namate die aard en wese van die gesin (ouers wat skei, enkelouers, ensovoorts) en namate die samelewing (oorlog, demografiese veranderinge, ensovoorts) waarbinne die gesin hulleself bevind verander. Tog sal daar in die hoofstuk wat handel oor die basisteorie aangedui word dat die aard en wese van vaderskap beslis nie totaal uitgelewer mag wees aan relativisme nie. In daardie hoofstuk sal

aangedui word dat die basisteorie van hierdie navorsing nie een is waarin absolute relativisme aanvaar word nie en daarmee ook dan nie volbloed postmodernisme nie.

## 2.12. DIE EMPIRIESE NAVORSING

### 2.12.1. INLEIDING

Naas die metateoretiese navorsing oor die aard van vaderskap in die postmodernistiese tyd was daar vir hierdie studie ook empiriese navorsing gedoen. Vir hierdie doel is daar van onderhoude aan die hand van spesifieke vrae gebruik gemaak.

### 2.12.2. DOELWIT

Die doel was om vas te stel hoe vaderskap deur jong vaders gesien en beleef word, asook wat die uitwerking van vaderskap op jong vaders in die postmoderne tyd is. Daar is ook met hierdie empiriese ondersoek probeer vasstel of die respondente se sieninge van God se Vaderskap enige uitwerking op hul eie vaderskap gehad het en wat die aard van hierdie uitwerking was.

### 2.12.3. KWALITATIEWE ONDERSOEK

Die empiriese ondersoek is gedoen aan die hand van 'n kwalitatiewe ondersoek. Daar is met vyf vaders as respondente wat ten minste een kind gehad het, onderhoude gevoer. Hierdie onderhoude was gevoer aan die hand van 'n vraelys wat by 2.12.6 aangebring is.

### 2.12.4. RASIONAAL

**Die rasionaal agter die onderhoude was om vas te stel**

- Of vaderskap verandering in die lewe van die respondent tot gevolg gehad het.
- Wat die respondent se siening is van die wese en aard van vaderskap
- Of Godsdiens 'n beduidende rol speel in die respondent se beskouing en uitleef van vaderskap en of hul beskouing van God se Vaderskap 'n rol speel in die respondent se beskouing en uitleef van vaderskap

## 2.12.5 METODE VAN ONDERSOEK

Die ondersoek metode was om persoonlike onderhoude aan die hand van 'n vraelys te voer

## 2.12.6. VRAELYS: ONDERHOUDE MET VADERS

### 2.12.6.1. *PERSOONLIKE GEGEWENS* (Vrae: 1-3)

1. Ouderdom
2. Kwalifikasies:
   2.1 Hoogste graad van skoolopleiding
   2.2 Naskoolse opleiding
3. Huidige beroep

### *2.12.6.2. HUWELIK (Vrae: 4 - 7)*

4. Huwelikstaat
5. Huweliksdatum
6. Kinders: Ouderdomme en geslag
7. Stokperdjies en tydverdryf

### *2.12.6.3 . OUERHUIS (Vrae 8 - 12)*

8. Hoeveel kinders was julle in die gesin?
9. Wat was jou rangorde?
10. Hoe het jy jou ouers se huwelik beleef?
11. Vertel my meer van jou pa en jul verhouding?
12. Het die ervaring van jou eie vader se vaderskap ten opsigte van jou as kind op enige manier 'n uitwerking gehad op hoe jy jou vaderskap verstaan en uitleef?

### *2.12.6.4 DIE UITWERKING VAN VADERSKAP OP JOU LEWE (Vrae: 13 - 27)*

13. Hoe oud was jy toe jy jou eerste kind gehad het?
14. Vertel my iets oor die voorafbeplanning en aanloop tot jou vaderskap?
15. Watter praktiese veranderinge het in jou lewe plaasgevind as gevolg van die feit dat jy 'n vader geword het?
16. Is daar enige praktiese take in die fisiese versorging van jou kinders waarby jy betrokke is?
17. Dra jy en jou lewensmaat eweveel verantwoordelikheid ten opsigte van die fisiese versorging van jul kind(ers)?
18. Was die verdeling van verantwoordelikhede altyd so of het dit en hoekom het dit verander?
19. Watter taak vind jy die moelikste om te verrig wanneer dit kom by die fisiese versorging van jou kind(ers)?
20. Het jou vaderskap enige veranderinge meegebring oor hoe jy oor jouself voel en dink?
21. Watter tipe emosies het jou vaderskap by jou tot gevolg gehad?
22. Het jou vaderskap enige veranderinge meegebring oor hoe jy oor die toekoms dink?
23. Het die gevolge van jou vaderskap enige invloed of veranderinge ten opsigte van jou werk meegebring. Oor hoe jy oor jou werk voel, die voordelige of nadelige uitwerking wat dit op jou werk gehad het?
24. Watter tipe veranderinge het jou vaderskap tot gevolg gehad ten opsigte van jou verhouding met jou lewensmaat?
25. Watter tipe veranderinge het jou vaderskap tot gevolg gehad ten opsig van jou siening van jou eie ouers en vader?
26. Watter tipe veranderinge het jou vaderskap tot gevolg gehad ten opsigte van jou vriendekring?
27. Het jou vaderskap enige veranderinge tot gevolg gehad ten opsigte van jou betrokkenheid by jou gemeenskap en kulturele aktiwiteite?

### 2.12.6.5. *JOU BESKOUING VAN VADERSKAP (Vrae: 28 - 37)*

28. Behoort die fisiese versorging van kinders gelyk op tussen 'n vader en 'n moeder verdeel te word? Wat is jou opinie?
29. Is daar sekere take ten opsigte van jou kinders wat net 'n pa kan doen?
30. Is daar sekere dinge ten opsigte van jou kinders wat net 'n pa behoort te doen?
31. Is daar sekere take ten opsigte van jou kinders wat net 'n ma kan doen?
32. Is daar sekere take ten opsigte van jou kinders wat net 'n ma behoort te doen?
33. Beskryf hoe jy die rol van die vader sien?
34. In alledaagse taal, wat behels dit om 'n goeie vader te wees?
35. Wat beskou jy as 'n vader se belangrikste take?
    - ten opsigte van sy kinders?
    - ten opsigte van sy vrou?
36. Is daar enige iets uit jou agtergrond of verlede wat ek behoort te weet om jou as vader beter te verstaan?
37. Hoe het jy geleer om 'n vader te wees?

### 2.12.6.6. *JOU VADERSKAP EN GODSIENS (Vrae: 38 - 56)*

38. Beskou jy jouself as 'n Christen?
39. Hoe gereeld lees jy Bybel?
40. Hoe sou jy die kwaliteit van jou gebedslewe beskryf?
41. Het vaderskap jou ingesteldheid ten opsigte van godsdiens verander?
    - In terme van jou geloof?
    - In terme van jou godsdienstige optrede en uitleef van jou oortuigings?
42. Het vaderskap jou morele uitkyk op sake verander?
43. Hoe sou jy die kwaliteit van jou betrokkenheid by jou plaaslike gemeente beskryf?
44. Tot watter mate beïnvloed jou verhouding met die Here soos jy Hom leer ken vanuit die Bybel jou alledaagse lewe?
45. Het jou vaderskap enige verandering by jou tot gevolg gehad ten opsigte van jou siening van God die Vader?
46. Wat verstaan jy onder metaforiese taalgebruik?
47. Aanvaar jy dat beelde oor God soos herder, koning, vredevors, ens metaforiese spreke oor God is?

48. Is die verwysing na God as Vader 'n metaforiese spreke oor God? (Verduidelik jou siening)
49. Is God 'n man?
50. Wanneer jy dink aan God as 'n Vader, watter tipe gedagtes kom by jou op?
51. Wanneer jy dink aan God as 'n Vader, watter tipe emosies ervaar jy?
52. Noem eienskappe van God se Vaderskap? Met ander woorde: Watter kenmerke het God dat Hy 'n Vader genoem word?
53. Het jy voor hierdie onderhoud al daaraan gedink dat 'n mens 'n vergelyking tussen jou eie vaderskap en God se Vaderskap kan trek?
54. Is daar enige eienskappe van God se Vaderskap wat jy sou wou toepas en deel wou maak van die manier waarop jy vandag 'n vader is en wil wees? Noem en bespreek hulle.
55. Sou jy meer oor God se Vaderskap wou leer ten einde jou eie vaderskap dienooreenkomstig te wil verryk?
56. Vandat jy 'n vader is, het jou ervaring van God en jou opinie oor God verander?

### *2.12.6.7. AFRONDING (Vrae: 57 - 58)*

57. Het jy enige laaste gedagtes oor vaderskap? Dinge wat ons nie bespreek het nie, maar wat jy tog dink belangrik is ten opsigte van vaderskap?
58. Het jy enige vrae of opmerkings ten opsigte van hierdie onderhoud? Enige voorstelle hoe om hierdie onderhoud beter en makliker te maak?

## 2.12.7. MEDEDELINGS DEUR RESPONDENTE

### 2.12.7.1. Respondent A

#### 2.12.7.1.1. Persoonlike gegewens

Respondent A is 25 jaar oud en die vader van 2 dogters. Hy is 'n baie sporttiewe persoon en neem steeds aktief deel aan georganiseerde sport. Hy het na skool 'n eie besigheid ontwikkel. Hy is getroud in 2002 en was dus ten tye van die onderhoud 3 jaar getroud.

#### 2.12.7.1.2. Ouerhuis

Hy kom uit 'n ouerhuis waar sy ouers geskei was en daarna versoen is en weer met mekaar getrou het. Hy het sy pa as baie streng en tog ondersteunend ervaar, veral ten opsigte van sy sport. Hoewel sy pa baie streng was het hy hom ook tog as 'n vriend ervaar. Hy het 'n goeie verhouding met sy vader gehad.

#### 2.12.7.1.3. Uitwerking van vaderskap op jou lewe

Die aanloop tot sy vaderskap was gekenmerk deur die ervaring van 'n swangerskap voor die huwelik. Aangesien die verhouding vooraf goed was het daar 'n goeie huwelik gevolg. Na die huwelik was ook die tweede baba onbeplan. Sy huwelik en die twee kinders bring egter groot vreugde vir hom as vader.

Die vader is baie nou betrokke by die fisiese versorging van die kinders en het uit 'n ouerhuis gekom waar hy op 'n vroeë ouderdom blootstelling gehad het aan die fisiese versorging van kinders omrede sy ouer broer reeds getroud was met 'n gesin. Hy ervaar dat hy net soveel verantwoordelikhede vir die fisiese versorging van die kinders op hom neem as die moeder.

Die veranderinge wat vaderskap op sy lewe gehad het was hoofsaaklik positief. Die negatiewe aspekte is hoofsaaklik beperk tot die feit dat hy sekere persoonlike vryhede prysgegee het ter wille van sy verantwoordelikhede by die kinders.

Positief beleef hy emosionele gevoelens van trots en blydskap en warmte. Hy ervaar ook trotsheid ten opsigte van homself as 'n vader. Hy het meer verantwoordelik geword, beter beplanning ten opsigte van die toekoms begin doen, 'n groter verantwoordelikheidsbesef ten opsigte van sy werk ontwikkel, nuwe dimensies in sy lewensmaat ontdek soos dit na vore gekom het in haar interaksie met die kinders. Hy ervaar dat hul in die kinders iets kosbaars saam deel en dit maak die verhouding soveel meer besonders. Hy het heelwat meer begrip vir sy eie vader ontwikkel en het veel meer betrokke geraak by die gemeenskap hoofsaaklik deur inskakeling by die skool en kerk.

### 2.12.7.1.4. Beskouing van vaderskap

Hy is van mening dat in vandag se lewe waar beide ouers broodwinners is, albei ouers die verantwoordelikheid van die versorging van die kinders op hul moet neem. Daar is nie een soort taak wat net deur of 'n vader of 'n moeder gedoen kan word nie. Hoewel hy bewus is van die meer patriargale manier waarop sy eie vader 'n vader in die huis was, is hy van opinie dat die vaderskapstyl vandag veel anders is en dink hy dit is reg dat vaders veel meer betrokke by die fisiese versorging van kinders behoort te wees. 'n Goeie vader moet sorg vir sy kinders en met finansiële beplanning sorg dat daar vir hulle 'n toekoms is om te gaan leer.

### 2.12.7.1.5. Vaderskap en godsdiens

Die vader is wel 'n belydende Christen wat getrou Bybel lees en gereeld bid. Vaderskap het in terme van die inhoud van sy geloof nie veel verander nie. Hy het wel ook sy kinders op sy gebedslysie bygevoeg. Prakties is erediens bywoning moeiliker met die klein kindertjies.

Hy verstaan die betekenis van metafore. Hy verstaan dat God as Vader 'n metaforiese spreke oor God is. Dit wek egter by hom geen ingewikkelde kritiese vrae op soos of God

manlik is of nie. Vir Hom is God 'n Vader met die belangrike betekenis dat Hy vir Hom sorg en daarom bid hy tot God.

Sy vaderskap het nie sy opinie oor God as Vader verander nie en dit was eers ten tye van die onderhoud dat hy bewus geword het van die feit dat daar vergelykings tussen sy vaderskap en God se Vaderskap getrek kan word.

Die behoefte is uitgespreek dat hy wel meer oor God se Vaderskap wil leer sodat hy ook sy vaderskap daarmee kan verryk.

**2.12.7.2. Respondent B**

**2.12.7.2.1. Persoonlike gegewens**

Hy is 35 jaar oud en het na matriek 'n diploma gedoen. Hy werk vir die plaaslike regering as rekonsilieerder. Sy stokperdjies is visvang en metaalwerk.

Hy is met sy tweede vrou getroud. Met die eerste huwelik was daar 'n onbeplande baba en dit het aanleiding gegee tot 'n gedwonge huwelik. Die huwelik het geëindig in 'n egskeiding. Na die tweede huwelik is daar nog 'n dogter (5 jaar), en 'n seun (1 jaar) gebore.

**2.12.7.2.2 Ouerhuis**

Die vader kom uit 'n huis waar sy ouers se huwelik baie goed was. Hy het sy vader as baie streng ervaar hoewel hy min pak gekry het. Hy is bewus van die feit dat daar 'n baie sterk band van liefde in die gesin bestaan het. Hulle was baie godsdienstig grootgemaak. Sy vader was egter baie patriargalisties in die huis en sy ma moes die huiswerk doen terwyl sy pa die broodwinner was. Hy was die oudste van twee kinders in die huis. Hy is van opinie dat sy vader verkeerd was om nooit met hulle of voor hulle oor dinge soos seks en dwelms te gepraat het nie.

### 2.12.7.2.3. Uitwerking van vaderskap op jou lewe

Vaderskap het aanvanklik 'n groot negatiewe uitwerking op sy lewe gehad deurdat hy teen sy ouers se wil in getrou het met die meisie wat swanger was. Haar ouers het veral op die huwelik aangedring. Die vaderskap uit die tweede huwelik het rondom meer positiewe ervaringe gedraai.

Vaderskap het baie beperkinge op hul finansies geplaas. Aan die ander kant het dit weer sy lewe baie verryk en sou hy dit ook nie anders wou gehad het nie. Sy vaderskap het hom laat besef dat hy nie veel weet van vaderskap nie en hy probeer leer by ander en uit die ervaringe wat hy in sy eie ouerhuis opgedoen het.

Die kinders het by hom verskillende emosies soos vreugde, blydskap en trotsheid tot gevolg. Hy besef ook dat hy groter verantwoordelikheid ten opsigte van sy werk en finansiële beplanning moet toepas. Hy bewonder sy vrou se geduld met die kinders. Hy probeer nie dieselfde foute wat sy pa gemaak het herhaal nie. Deur vaderskap het hy meestal vriende wat ook kinders het. Hy ervaar nie groter betrokkenheid by gemeenskaps-aktiwiteite nie.

### 2.12.7.2.4. Beskouing van vaderskap

Die vader moet 'n rolmodel wees vir die kinders. Die moeder is ook 'n broodwinner en na regte behoort beide die ouers ewe veel verantwoordelikhede op hulle te neem ten opsigte van die fisiese versorging van die gesin. Hy voel skuldig dat hy te min tyd aan sy kinders spandeer en hoewel hy ook al die take wat saam met die fisiese versorging van die kinders gaan gedoen het, doen sy vrou dit die meeste. Sy stokperdjie om metaalwerk te doen, hou hom elke aand in die werkskamer waar hy hierdie stokperdjie beoefen.

### 2.12.7.2.5. Vaderskap en godsdiens

Hy is 'n Christen wat gereeld Bybel lees en gereeld bid. Hy gaan nie altyd so gereeld kerk toe nie, aangesien gereelde besoeke aan hul ouers en ook visvang hom van die kerk af weghou.

Hy verstaan wat 'n metafoor is, maar beskou God as manlik en dat Hy werklik 'n Vader is. Tog is die term Vader vir hom 'n sagter term wat hom laat ervaar hy is nader aan God wanneer hy Hom aanspreek as Vader. Wanneer hy aan God as Vader dink, bring dit die positiewe ervaring mee dat God Iemand is wat vir hom en sy gesin kan sorg deur beskerming.

Hy het nog nooit daaraan gedink om sy eie vaderskap aan die hand van God se Vaderskap te meet nie en sou graag meer van God se Vaderskap wou ontdek en dit toe te pas op sy eie vaderskapstyl. Hy spreek 'n duidelike behoefte uit dat hy meer oor vaderskap sou wil leer.

**2.12.7.3 Respondent C**

**2.12.7.3.1 Persoonlike gegewens**

Die vader is 31 jaar oud. Na matriek het hy 'n N5 diploma gedoen en studeer tans deur die pos. Hy is 'n bestuurder by 'n groot materiaalfabriek. Sy belangstelling is hoofsaaklik om sy liggaam te bou. Hy het 'n dogter van 7 jaar en 'n seun van 3 jaar.

**2.12.7.3.2. Ouerhuis**

Sy vader het baie vroeg gesterf. Hy onthou daarom min van wat dit beteken om 'n vader te hê. Hy was net 5 jaar oud toe sy vader gesterf het. Hy was die jongste van twee kinders en drie half broers en susters. Wat hy wel van sy pa weet is dat hy as polisieman baie streng en rigied was.

**2.12.7.3.3. Uitwerking van vaderskap op jou lewe**

Die negatiewe uitwerking van vaderskap is bloot die inperking van vrye tyd en die feit dat hulle nie kan kom en gaan soos hulle wil nie. Hy ervaar dit egter nie as te negatief nie aangesien vaderskap vir hom die sin is vir sy bestaan. Hy leef net vir sy kinders. As gevolg van sy kinders ervaar hy ook die lewe baie meer emosioneel verrykend. Hy is baie kalmer, rustiger en ervaar baie trotsheid.

### 2.12.7.3.4. Beskouing van vaderskap

Sy opinie is dat die vader net so betrokke moet wees by die fisiese en emosionele versorging van die kinders as wat die moeder is. As vader moet hy daar wees vir sy kinders. Die vader is die finansiële voorsiener en moet by die kinders 'n goeie karakter ontwikkel. Die vader moet ook sorg vir die dissipline. Daar is niks wat die ma kan doen wat die vader nie ook kan doen nie.

### 2.12.7.3.5. Vaderskap en godsdiens

Hy is 'n Christen wat sy Bybel gereeld lees en gereeld bid. Hy probeer ook sy daaglikse lewe inrig volgens dit wat die Here wil soos hy dit lees in die Woord. Sy vaderskap het nie veel veranderinge tot gevolg gehad ten opsigte van sy siening van God nie. Ten spyte daarvan dat hy die teorie handhaaf dat hy sy lewe inrig volgens die wil van God, het hy nog nooit rigting en leiding vir sy eie vaderskap gesoek in die lig van God as Vader nie.

### 2.12.7.4. Respondent D

### 2.12.7.4.1. Persoonlike gegewens

Die vader is 35 jaar oud en het na matriek nog 'n 4 jaar teologie opleiding gedoen. Hy was 'n pastoor in die AGS kerk, maar is huidig 'n onderwyser by 'n skool. Sy stokperdjies is visvang, sport en lees. Hy is die vader van 'n seuntjie van 7 maande oud.

### 2.12.7.4.2. Ouerhuis

Sy ouers se huwelik was vir hom 'n voorbeeld van 'n goeie huwelik en is die raamwerk vir sy eie huwelik. Sy verhouding met sy eie vader was en is steeds baie goed. Sy vader was met die nodige respek vir hom soos 'n vriend.

### 2.12.7.4.3. Uitwerking van vaderskap op jou lewe

Hy was 'n hele paar jaar getroud voordat hulle 'n kindjie ryker geword het. Hulle was dus goed gevestig in hul patrone en die koms van die kind het dus baie roetine veranderinge tot gevolg gehad. Die begroting het verander en sy opinie oor kinderopvoeding het ook verander. Hy het baie vervulling ervaar en dink anders oor die toekoms.

### 2.12.7.4.4. Beskouing van vaderskap

Hy is van opinie dat die take van fisiese versorging gelykop tussen vader en moeder verdeel moet word. Hy is van opinie dat die vader hoof is van die huis en die gesagstruktuur van die hele huishouding in plek moet hou, maar nie op 'n outokratiese wyse nie. Die vader lei liewer deur 'n voorbeeld vir sy kind te wees en die styl moet so wees dat die kind dit wil navolg. Die vader moet koning, priester en profeet wees.

### 2.12.7.4.5. Vaderskap en godsdiens

As iemand wat lank in die bediening gestaan het, het hy wel geleer om prakties te leef volgens die wil van die Here soos geopenbaar in die Bybel. Hy het daarom ook al baie nagedink oor die aard van God se Vaderskap en die lyne na sy eie vaderskap deurgetrek.

Sy opinie oor God en sy eie kindskap is ook deur sy vaderskap beïnvloed. Sy ervaring is dat terwyl hy sy kind styf vashou en uit liefde alles vir sy kind wil gee en wees, hy dikwels daaraan dink dat God die Vader ook so oor hom voel en ingestel is.

### 2.12.7.5. Respondent E

### 2.12.7.5.1. Persoonlike gegewens

Die vader is 37 jaar oud en het na matriek 'n BSc. en 'n honneursgraad gedoen. Hy is 'n bestuurder vir die Staatsdepartement wat met Bosbou gemoeid is. Sy belangstelling is padwedlope en motorfiets ry.Hy het 'n dogter van 6 en van 4 jaar oud

### 2.12.7.5.2. Ouerhuis

Hy het sy ouerhuis as baie stabiel beleef, maar min gesien van warm, persoonlike liefde tussen pa en ma. Hy was die middelste van drie kinders.

Sy verhouding met sy vader was dat hulle gemiddeld goed tot oor die weg gekom het, hoewel hy sy vader nie baie ondersteunend ervaar het ten opsigte van dinge soos betrokkenheid by sy sportaktiwiteite nie. Hy beskou homself as net so 'n introvert soos sy vader en is van mening dat dit bygedra het tot hul gemiddelde vader-seun-verhouding. Op hoërskool was daar 'n periode van 4 jaar waar hy en sy pa vanweë 'n onderonsie nie met mekaar gepraat het nie.

### 2.12.7.5.3. Uitwerking van vaderskap op jou lewe

Die skedulering van hul tyd het drasties verander. Al die beplanning van die lewe draai nou om die kinders. Finansiële beplanning moes aangepas word.

### 2.12.7.5.4. Beskouing van vaderskap

Hy is van opinie dat die fisiese versorgende take gelykop tussen die vader en moeder verdeel moet word, alhoewel hy op die oomblik net sowat 30% van die take op hom neem. Die rol van die vader is om lief te wees vir jou kinders en wanneer 'n mens lief is vir jou kinders sal die regte dinge deur jou gedoen word. Hy probeer 'n voorbeeld vir sy kinders wees en 'n vader behoort leiding en raad vir kinders te kan gee. 'n Vader behoort 'n goeie fondasie in kinders te lê, sodat hulle kan kies tussen wat is reg en wat verkeerd is.

### 2.12.7.5.5. Vaderskap en godsdiens

Hy is 'n Christen wat gereeld sy Bybel lees en bid. Sy eie vaderskap het nie veel veranderinge in sy verhouding met God te weeg gebring nie. Hy is wel meer dankbaar in die algemeen. Hoewel hy van opinie is dat hy as Christen sy lewe moet inrig volgens die

wil van die Here soos geopenbaar in die Skrif, het hy nog nooit die Vaderskap van God ondersoek om daaruit riglyne vir sy eie vaderskap te kry nie.

## 2.12.8. GEVOLGTREKKINGS UIT EMPIRIESE ONDERSOEK

### 2.12.8.1. VADERSKAP EN VERANDERINGE

By al die respondente het die koms van kinders radikale veranderinge ten opsigte van dinge soos tydskedulering en finansiële beplanning tot gevolg gehad.

Anders as waaraan hulle gewoond was in hul eie ouerhuise, deel die vaders baie van die fisies versorgende take van die gesin.

Die kenmerke van die postmoderne gesin soos die gelykop verdeling van fisies-versorgende take, die feit dat al die moeders ook broodwinners is en die feit dat die vaders minder outokratiese en patriargalisties is was aanwesig by die respondente.

### 2.12.8.2. DIE WESE EN AARD VAN VADERSKAP VOLGENS RESPONDENTE

Die empiriese ondersoek het ook bevestig dat vaders onduidelikheid beleef ten opsigte van wat hul taak as vaders uniek maak en hoe dit verskil van dié van 'n moeder. Vaders en moeders is vandag albei broodwinners en beide is betrokke by al die take vir die fisiese versorging van die kinders. Baie abstrakte en teoretiese voorbeelde van take soos dat vaders kinders se karakter moet bou, dat vaders dissipline moet handhaaf, ensovoorts, is aangedui as vaderlike take, maar in werklikheid is dit aspekte wat moeders net so goed doen. Vaders in die postmoderne tyd het nie duidelikheid oor die aard van hul vaderskap nie.

### 2.12.8.3. DIE VERHOUDING GOD DIE VADER EN DIE VADERSKAP VAN DIE RESPONDENTE

Met die een uitsondering van die respondent wat teologiese opleiding gehad het en in die bediening gestaan het, was daar by al die ander respondente 'n gebrek aan relasionele denke ten opsigte van God as Vader en hulle eie vaderskap.

### 2.12.9. SAMEVATTING

Hierdie empiriese ondersoek bevestig die radikale veranderinge wat vaderskap in die postmoderne tyd ondergaan. Dit wys op verskillende leemtes naamlik dat vaders eintlik daagliks voel-voel hul weg ten opsigte van vaderskap baan. Daar is geen formele en gevestigde opvattings oor vaderskap in hierdie postmoderne tyd nie. Hoewel eie ouerhuise stabiel was, bied die aard van vaderskap van hul eie vaders nie die ideaal waarvolgens hul hul eie vaderskapstyl wil ontwikkel nie. Die teendeel is eerder waar. Hul eie vaderskapstyl is liewer een wat die teenoorgestelde is van dit wat hul by hul eie vaders ondervind het.

Al die respondente as postmoderne vaders ervaar baie emosionele warmte in hul verhouding met hul kinders. Hierdie emosionele positiewe bewelinge maak ook die lewe in die algemeen vir hulle sinvol.

Die ondersoek bevestig die behoefte aan 'n praktykteorie ten opsigte van vaderskap vir die vader in die postmoderne tyd. Al die respondente het ook hul behoefte uitgespreek vir 'n praktiese handleiding ten opsigte van vaderskap vandag.

Die ondersoek het ook duidelik die tekort aan teologiese denke by die respondente bloot gelê. Hoewel al die respondente Christene was en betrokke was by hul kerke en hul Bybel gereeld lees, was daar nie veel gevorderdheid ten opsigte van hul teologiese en godsdienstige denke nie. Dit is tog duidelik dat die kerk nie daarin slaag om die lidmate wat vaders is bewustelik toe te rus ten opsigte van hul vaderskap nie. Die respondente self slaag ook nie daarin om die verband tussen eie vaderskap en die Vaderskap van God te lê nie. Die ondersoek het ook laat blyk dat die eerste verstaan van die "Vaderskap" van God nie gesien word as 'n metaforiese spreke oor God nie. Die

menslike vaderskap vanwaaruit die metafoor *Vader* vir God ontspring het, was nooit in hul denke oor God die Vader aanwesig nie. God die Vader is maar net 'n sagter en net nog 'n benaming vir God. Na die bewusmakingproses dat God die Vader 'n metaforiese spreke ten opsigte van God is en dat God ook met die metafoor Moeder onder woorde gebring kan word, het daar 'n bewuswording ontstaan vir die "vaderskap" van God die Vader. Die behoefte om meer te wete te kom oor die aard van God se Vaderskap in terme van hoe om 'n vader soos God te wees is dan skielik uitgespreek. Die behoefte aan 'n basisteorie oor God se Vaderskap en aardse vaderskap is duidelik deur die empiriese ondersoek uitgewys.

## 2.13 TEN SLOTTE

Beide die literatuurstudie en die empiriese ondersoek soos gedoen in hierdie hoofstuk het dit uitgewys dat daar 'n sterk behoefte is vir die ontwikkeling van 'n basisteorie en 'n praktykteorie ten opsigte van vaderskap in die postmoderne tyd. Die volgende twee hoofstukke sal gestalte probeer gee aan hierdie teorieë.

# 3. HOOFSTUK 3

## BASISTEORETIESE PERSPEKTIEWE TEN OPSIGTE VAN DIE ROL VAN DIE VADER TE MIDDE VAN DIE POSTMODERNISME

## 3.1 INLEIDING

Hoewel Zerfass (1974:164-177) se praktiese-teologiese model gebruik word om op 'n wetenskaplike wyse na die rol van die vader te midde van die postmodernisme te kyk, is daar reeds in hoofstuk een gemotiveer dat 'n basisteorie eers in hoofstuk drie aan die orde gaan kom. Die rede vir hierdie keuse volg op die volgende verstaan van die navorsingproses: navorsing begin waar 'n verskynsel of gebeure belangstelling prikkel. "Dikwels is die beweegrede geleë in blote nuuskierigheid en verwondering oor 'n interessante verskynsel of iets raaiselagtig." (Mouton, 1988:34.) Hierdie verskynsel is dikwels reeds deur ander navorsers bekyk en daarom is dit volgens die navorser se mening die logiese stap om eers te kyk na ander navorsers se beskouinge en bevindinge ten opsigte van hierdie waarneming. Hierdie navorsing lê dan op die metateoretiese vlak wat reeds in hoofstuk 2 aandag gekry het.

Daarna is dit belangrik om te vra: "Wat is my lewens-en-wêreldbeskouing en hoe beïnvloed en bepaal my lewens-en-wêreldbeskouing my waarneming en evaluering van die verskynsel?" Die vraag na 'n lewens-en-werklikheidsbeskouing is 'n basisteoretiese gerigte vraag. Anders gestel: wanneer daar gevra word wat 'n bepaalde lewens-en-werklikheidsbeskouing te sê het ten opsigte van die spesifieke verskynsel wat waargeneem word, dan is dit die begin van die ontwikkeling van 'n basisteorie. Volgens die definisie van Venter (1993:247) is 'n basisteorie die "ontginning van teologiese vertrekpunte, primêr vanuit die Skrif."

## 3.2 DOELSTELLINGS VIR HIERDIE HOOFSTUK

Die navorsing sal fokus op die:

- Ontstaan en ontwikkeling van die Vader-metafoor in die metaforiese spreke oor God.

- Wyse waarop die verstaan van God as Vader deur die tye heen gekontekstualiseer is
- Wyse waarop God as Vader sinvol vir die postmoderne vader gekontekstualiseer kan word.

## 3.3 'N LEWENS-EN-WERKLIKHEIDSBESKOUING EN DIE ONDERSOEK NA DIE POSTMODERNE VADER

Met die erkenning van die bestaan van 'n voorafgaande lewens-en-werklikheidsbeskouing bevind hierdie proefskrif sigself binne die raamwerk van 'n denker soos Dooyeweerd wat die neutraliteit van die positivisme bevraagteken het. Dooyeweerd het die neutraliteitspostulaat van die positivisme bestry en aangetoon dat daar 'n "bowe-teoretiese geloofsbetrokkenheid van *(die)* denke *(is)* wat in 'n bepaalde kyk op die ontiese apriorieë van die werklikheid tot uitdrukking kom." (Mouton, 1987:137 kursivering deur die navorser.) Dooyeweerd formuleer daarom die probleemstelling van sy filosofie as die blootlegging van die feit dat alle wetenskaplike en filosofiese sisteme gebonde is aan voorwetenskaplike oortuigings.

Hierdie proefskrif erken die bestaan en die rol van die voorafgaande lewens-en-werklikheidsbeskouing ten opsigte van die verskynsel van vaderskap. Nie net erken die proefskrif die teenwoordigheid van 'n lewens-en-werklikheidsbeskouing by die navorsing nie, maar plaas dit aktief op die tafel as die basiese vertrekpunt vanwaaruit na die verskynsel van vaderskap gekyk gaan word. Daarmee val die vertrekpunt van hierdie proefskrif, afgesien van die raakpunte wat daar wel bestaan, buite die sfeer van die modernisme. Binne die paradigma van die modernisme word die rede ingespan om 'n praktiese verskynsel wetenskaplik te analiseer en uiteindelik aan die hand van 'n gepostuleerde absolute waarheidsbeginsel objektief probeer beskryf. So 'n modernistiese-teorie maak aanspraak op absolute waarheid en dra dus die karakter van 'n basisteorie. Die "kenbron" van die modernistiese basisteorie is hoofsaaklik die rede. Die "kenbron" van hierdie proefskrif is egter bo-en-behalwe die rede en die wetenskap, ook die uitsprake van die Skrif en die realiteit van vader-verhoudinge. In hierdie sin word daar aangesluit by Louw se organiese benadering ten opsigte van die rol van die Skrif in die ontwikkeling van 'n basisteorie (Louw, 1998: 369).

In kritiek op die absolute karakter van die modernisme het Foucault egter aangetoon dat hierdie neutrale en objektiewe gedagte nie so neutraal is nie en hy sien dit eerder as "internal components of power and domination." (Best en Kellner, 1991:38.) Die postmodernistiese teorieë wil nie aanspraak maak op absolute geldigheid nie, maar wil liewer die diversiteit en relativiteit van die verstaan van die werklikheid erken. "Postmodern theory rejects unifying or totalizing models of theory as rationalist myths of the Enlightenment that are reductionist and obscure the differential and plural nature of the social field..." (Best en Kellner, 1991:38.)

Daarom binne die paradigma van die postmodernisme kan die ontwikkeling van 'n teorie nie aanspraak maak op absolute waarheid nie. Hierdie proefskrif gee wel erkenning aan die feit dat die werklikheid meer-dimensioneel is en geen teorie aanspraak kan maak op absolute geldigheid nie. Aangesien geen kennis neutraal is nie, word in hierdie proefskrif 'n positiewe keuse gemaak vir 'n bepaalde lewens-en-werklikheidsbeskouing vanwaaruit 'n teorie tot 'n basisteorie verhef word. Erkenning word dus wel gegee aan die onvoltooidheid en daarom relatiwiteit van 'n gekose Christelike lewens-en-werklikheidsbeskouing. Die Skrif as openbaringsbron vir hierdie Christelike lewens-en-werklikheidsbeskouing is wel absoluut en onveranderlik, maar die konstruering van 'n Christelike lewens-en-werklikheidsbeskouing op grond van die Skrif is 'n menslike aktiwiteit en gaan daarom gebuk onder die beperkinge van menslike insigte. 'n Mens se Christelike lewens-en-werklikheidsbeskouing moet dus op 'n voortgaande basis in die lig van die Skrif ondersoek word, maar omdat die Skrif as openbaringsbron absoluut en volkome is plaas dit die proefskrif buite die grense van die postmodernisme. Daar is per definisie van postmodernisme nie 'n bo-tydelike absolute en onveranderlike inhoud vir vaderskap nie. Hierdie proefskrif vertrek egter vanuit 'n Christelike lewens-en-wêreldbeskouing gebaseer op die openbaringe van die Skrif en gaan dus wel vanuit die basisteorie dan rigtinggewende antwoorde ten opsigte van die verskynsel van vaderskap gee. Die basisteorie sal ook aandui dat sekere vrae wat ontspring vanuit die postmoderne tydsgees "ongeldig" verklaar word gegewe die raamwerk (of magsbasis volgens Foucault) van die basisteorie (Best en Kellner, 1991:38). Inbegrepe in die Christelike basisteorie lê die beginsel opgesluit dat nie alles wat *kan*, noodwendig *mag* nie. Juis daarom het die basisteorie van hierdie proefskrif tog "internal components of power and domination." (Best en Kellner, 1991:38.) Vanuit die postmoderne tydsgees geredeneer, is die basisteorie ook maar net 'n raamwerk met 'n relatiewe skopus op die

werklikheid, maar in hierdie proefskrif verkry dit die status van 'n basisteorie aangesien daar 'n keuse vir die vertrekpunt geval het. Die basisteorie sal dus plek-plek ook die postmoderne tydsgees te bowe gaan en dien om perspektiewe oop te maak. Hierdie perspektiewe val, indien net vanuit die postmodernistiese-tydsgees as verstaansraamwerk geredeneer word, in die postmodernistiese blindekol en is dus per definisie nie vanuit die postmodernisme sigbaar nie. Die realiteit van die postmodernistiese tydsgees sal egter deurgaans in gedagte gehou en verdiskonteer word indien nodig.

Saamgevat: Die voorwetenskaplike oortuiging vanwaaruit hierdie proefskrif vertrek is 'n fundamenteel Christelike oortuiging. Hierdie voorwetenskaplike oortuiging word verder gekwalifiseer deur die vertrekpunt van 'n Bybelse visie op die werklikheid. Hiermee word God se soewereiniteit oor die hele geskape werklikheid erken soos dit in die Skrif na vore kom. Daarmee gaan saam die eis van gehoorsaamheid aan die mens op alle lewensterreine wat ook die wetenskap insluit. Wetenskap is dus nie neutraal of outonoom nie, maar word belig vanuit die openbaring van God soos ons dit vind in die Bybel.

Vervolgens sal daar primêr vanuit die Skrif as openbaringsbron 'n teologiese beskouing as 'n basisteorie ontwikkel word aangaande die wese van vaderskap

## 3.4 AFBAKENING

3.4.1 *Die vader as metafoor vir God*: Wanneer oor God as 'n Vader gepraat word, moet in berekening gebring word die feit dat die Skrif hier in metaforiese terme oor God spreek. Daar sal gekyk word na die gepaardgaande implikasies wat dit inhou vir ons verstaan van wie God is en ons verstaan van vaderskap as sodanig.

3.4.2 Die ontstaan en ontwikkeling van die Vader-metafoor in die Skrif. (Ou en Nuwe Testament)

3.4.3 Die ontstaan en ontwikkeling van die patriargalisme en die poging om dit Skriftuurlik te regverdig.

3.4.4 Die familiebeskouing in die Romeinse konteks

3.4.5 Die man-en-vrou as beelddraer van God.

## 3.5 METODOLOGIE

Dit wat die Skrif as geopenbaarde bron ten opsigte van vaderskap bekendstel, sal as bron dien vir die ontwikkeling van 'n basisteorie en normatief ingespan word vir die pastorale begeleiding en toerusting van aardse vaders in die postmoderne tyd waarin ons leef.

Daar moet egter heeltyd ingedagte gehou word van die wisselwerking tussen die meta- en die basisteorie. Die manier waarop die aardse vader sy eie vaderskap verstaan, word op *metateoretiese* vlak gedeeltelik bepaal deur kontekstuele gegewendhede (faktore soos sy verhouding met sy eie vader, die opvattinge oor vaderskap binne die kulturele konteks waarin hy grootword), gedeeltelik deur genetiese gegewenhede en gedeeltelik deur sy innerlike vermoë (menslike vryheid) om die voorafgaande te transendeer. Hierdie faktore het reeds in hoofstuk twee ter sprake gekom, maar dit het inderdaad ook invloed op die ontwikkeling van die (dikwels onbewuste) basisteorie vanwaaruit die mens leef.

Op *basisteoretiese* vlak werk ook die bekendmakinge oor God as Vader en oor vaderskap as sodanig soos ons dit in die Skrif vind normgewend en rigtinggewend in op die verstaan van vaderskap by die individu. Die metateoretiese faktore word dus ook deur die basisteorie beïnvloed en omgekeerd. Die manier waarop ons God verstaan, werk dus rigtinggewend en transformerend in op die verstaan van aardse vaderskap by gelowiges en die kultuurkonteks waarin hul leef en die kultuur konteks werk weer rigtinggewend en transformerend in op die manier waarop die gelowige die Skrif (ten opsigte van vaderskap) lees en verstaan.

Kenners is dit eens dat een van die mees konstante uitbeeldinge van die tipe identiteit waaroor 'n mens volgens die Skrif moet beskik in 'n geloofsverhouding tot God, is die beeld van kindwees. In samehang hiermee is die mees konstante beeld van God dié van 'n ouer en wat dan hoofsaaklik as 'n vader uitgebeeld word (Sawyer, 2002:115).

Wanneer na die Skrif gekyk word op soek na riglyne vir vandag se lewe (postmodern) dan moet daarteen gewaak word dat verkeerde metodes van omgang met die Skrif nie ingespan word nie, want dit kan aanleiding gee tot verkeerde gevolgtrekkings. Die

literêre konteks van die Bybelteks moet in berekening gebring word, maar so ook die historiese konteks waarin die Bybelteks geleë is (Sawyer, 2002:116). In samehang hiermee moet Ricoeur (1974:469) ook verstaan word wat aandui dat "vaderskap" in die Skrif 'n proses eerder as 'n struktuur is en dat dit 'n dinamiese en 'n dialektiese samestelling het. "This is how familial relational biblical imagery should be read, rather than imposing on it a static understanding of fatherhood that simply mirrors contemporary ideals offering only the illusion of permanence." (Sawyer, 2002:116.)

## 3.6 DIE METAFOOR: VADER

Ter wille van 'n verantwoordelike lees van die Skrif as die openbaringsbron vir die ontwikkeling van 'n basisteorie ten opsigte van vaderskap, is dit belangrik om die metaforiese spreektaal van die Skrif ernstig op te neem (Nell, 2002:34). Metaforiese spreke is waar onbekende entiteite of nie-empiries kenbare entiteite *in terme van* of *na analogie van* bekende entiteite beskryf word (Barbour, 1974:12). Insigte wat volg op die raaksien van analogieë tussen bekende en onbekende entiteite genereer op sigself weer nuwe insigte en stel die ondersoeker in staat om op metaforiese wyse God beter te verstaan. (Visagie, 1987:66) "To use the word 'father' as a metaphor for God is therefore to speak of a familiar being - father - in such a way as to suggest the unfamiliar and indeed the unspeakable - God." (Reinhartz, 1999:7.) Die geloof-spreke oor God soos ons dit in die Skrif kry bedien sigself ruimskoots met metaforiese taalgebruik. Metaforiese taalgebruik is die moedertaal van die geloof (Aulén, 1970:90).

Wanneer aanvaar word dat die Skrifskrywers gebruik maak van metaforiese spreekwyses ten opsigte van God, plaas dit onmiddellik die vaderskap van God binne die speelveld van die indirekte spreekwyse. Wanneer die Skrif oor God praat as 'n Vader is die vraag dus of dit 'n metaforiese uitspraak ten opsigte van God is, of is God werklik 'n Vader? Is hierdie spreke oor God gebore na analogie van aardse vaderskap, òf is God werklik 'n Vader? Is God dus in terme van ander metaforiese beskrywinge soos Koning (om sy regerende karakter te beskryf), Rots (om Sy betroubare karakter te beskryf) ook metafories 'n Vader ten einde sy versorgende karakter te kan beskryf, of is Hy werklik 'n Vader? Hierdie proefskrif vertrek vanuit die aanvaarding (in ooreenstemming met baie ander navorsers) dat die vaderskap van God metaforiese spreke oor God is (Nell, 2002:86). God is tog immers Gees!

Wanneer die metaforiese karakter van die spreke oor God ontken word beland 'n mens in verskillende penaries ten opsigte van Skrifuitsprake oor God. Smail maak die punt in sy boek "The forgotten Father" dat Jesus Christus se verhouding met God as "Vader" van fundamentele belang is vir die verstaan van die Evangelie (Smail, 1983:49). Hy wys daarop dat volgens Johannes 5:18 Jesus Christus verwerp was juis omdat Hy God sy *Vader* genoem het en Homself gelyk gestel het aan die Vader! Hierdie argument bring 'n mens onder die besef dat Smail self nie die metaforiese karakter van God se Vaderskap ernstig geneem het nie. Trouens die mense het Jesus Christus verwerp omdat Hy Homself *gelyk* met *God* gestel het en nie oor sy "Vaderskap" nie.

Hoewel die Skrif die bron is vir 'n basisteorie, moet die metaforiese spreke van die Skrif steeds in berekening gebring word. Die Skrifuitsprake oor God is wel normatief en rigtinggewend, maar ons moet in gedagte hou dat hierdie "Vader"-metafoor reeds gevul is met menslike ervaringe en kennis. Die absolute karakter van die Skrif wat as normatief vir die gelowige geld, mag nie inhou dat die relatiwiteit en die kontekstualiteit van die Skrif ontken word nie. Ook Karl Barth het in die opsig dalk die metaforiese spreke oor God te lig geskat ten einde by sy eie teologiese verstaan van die openbaring te pas. In sy *Dogmatics in Outline* verraai Barth dit soos volg: "It is ... not that there is first of all human fatherhood and then a so-called divine fatherhood, but just the reverse; true and proper fatherhood resides in God and from this fatherhood what we know as fatherhood among us man is derived." (Smail, 1983:58.) Wanneer 'n mens die metaforiese spreke konsekwent verreken, moet aanvaar word dat dit juis die aardse vaderskap is wat as die bekende dien om die onbekende God te beskryf! Dit klink goed bedoel om soos Barth die Vaderskap van God bo die beperkte en menslike beeld van vaderskap te wil verhef om van daaruit aardse vaderskap te dikteer, maar die beginsel van die metaforiese spreke is dat dit juis die menslike vaderskap is wat die mens in sy spreke as analoog gebruik om oor God te kan praat.

Hierdie vrae het natuurlik implikasies vir die teoloog se siening van die Skrif. Aangesien hierdie proefskrif nie primêr 'n dogmatiese studie is nie, maar vanuit die hoek van die praktiese teologie geskryf word, is dit nie die plek vir 'n volledige bespreking van die verskillende Skrifbeskouinge nie. Hier word bloot volstaan met die feit dat daar gewerk word met die beskouing dat die Skrif openbaringe van God bevat, maar dat hierdie

openbaringe verpak is in mensgemaakte houers. God maak sigself bekend as God, maar ten einde by die mense op wat vir die mens 'n begrypbare wyse is uit te kom, ontmoet God die mens binne menslike metafore deur soms Vaderlik, soms Moederlik, soms Herderlik, soms Koninklik, ensovoorts, sigself te laat voorstel deur die skrywers. Dalk is dit die rede hoekom dit so moelik is om God met sy bekendstelling aan Moses as "Ek is wat Ek is" in Eksodus 3:14 te verstaan (Rasche, et.al. 1995:2). Hierdie openbaring van God sluit nie duidelik aan by 'n menslike verstaanshorison nie en daarom bly dit 'n moeilike gedeelte in die Skrif. Die metafore van God as Vader en ook as Man (eggenote) of Bruidegom is beelde na analogie van die bestaan van die mens in 'n gesinsopset (Mills, 1998:74). Die probleem met die mens vanweë sy sondige natuur is dat die mens geneig is om hierdie mensgemaakte of kultuurgevormde houers waarin God Homself verstaanbaar aan die mens bekendmaak tot "afgodsbeelde" te wil verhef. Die gebod om geen afbeeldinge van God te maak nie, moet in die konteks van die postmodernisme verstaan word as die verbod op die verabsolutering van die kultuur gevormde houers of *beelde* waarin God toelaat om deur die mens onder woorde gebring te word. Die verabsolutering van die Vaderbeeld is dan 'n sprekende voorbeeld van die oortreding van die eerste gebod. Miskien was Barth alreeds te bewus van die verwronge voorbeelde van aardse vaderskap wat daar bestaan het in die negentiende eeu en die kritiek van die feministe teen patriargalisme (Biezeveld, 1996:273), dat hy God wou "red" van hierdie verwronge beelde. Barth het egter die fout gemaak om die konteks van die negentiende eeu te gaan inlees in die tekste van die Skrif waar daar oor God as vader gespreek word. Daarmee het Barth in dieselfde slaggat as die feministiese teologie getrap. Wanneer ons erken dat God se vaderskap metaforiese taalgebruik is en dat God dus na aanleiding van die aardse vaderskap beskryf word, dan beteken dit dat die vaderkonsep onder die mense van daardie (wat dus in die Bybelse tyd geleef het) tyd van so 'n positiewe aard was, dat dit gebruik was om God daarmee tot uitbeelding te bring. Dit is daarom belangrik om die ware aard en rol van die vader in die Bybelse tye te gaan ondersoek en te gaan kyk na watter positiewe rol die aardse vader gespeel het dat dit bygedra het tot die ontwikkeling van 'n teologie waarin God as Vader aangeroep was.

### 3.6.1. DIE ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN DIE VADER- METAFOOR VIR GOD SOOS ONS DIT IN DIE SKRIF VIND

Die ontwikkeling van die begrip "vader" as metaforiese spreke oor God het hoofsaaklik ontstaan gedurende die ballingskap-periode. Daar is redelik konsensus dat dit in hierdie periode was wat die Ou Testamentiese teologie 'n hoogtepunt beleef het en dat dit gedurende hierdie tyd was dat die teologie 'n meer formele vorm begin aanneem het (Gerstenberger, 1996:1). Drie belangrike fases waarin die ontwikkeling van die volk Israel ingedeel kan word, is soos volg: Die oudste periode (1300 -1000 voor Christus) was die periode waar die volk nog in stamme onder stamvaders bestaan het. Hierdie periode word gevolg deur die fase waar die konings oor die volk regeer het (1000 - 587 voor Christus). Daarna volg die eksiliese en die na-eksiliese periode (587 - 200 voor Christus). In die eksiliese en na-eksiliese tydperk het die formele vorming van die Ou Testamentiese teologie sy beslag gekry, ten einde die volk wat nou verspreid in ballingskap onder die vreemde regering van die Babiloniërs en die Perse gewoon het. Gedurende hierdie periode was dit van kardinale belang dat die volk 'n gevestigde formele teologie moes hê sodat hulle as een volk (hoewel verspreid onder vreemde regering) aan God getrou kon bly (Gerstenberger, 1996:1). Dit was gedurende hierdie periode wat na God as Vader na analogie van die aardse vaders begin verwys is (Dille, 2004:176). Vervreemd van hulle eie land en onder vreemde regering, ver weg in ballingskap word daar nie meer na God geroep as Magtige Koning om in te gryp en te red nie. Daar is nie meer 'n eie koning vir die volk nie en die koning in die land van ballingskap is 'n vreemde koning. Die koning metafoor het sy trefkrag verloor. Daar word na God geroep as Vader. Soos wat die vaders aan hulle gesinne (in die afwesigheid van die koning) daar in die vreemde beskerming moes verleen en voor moes sorg, so word daar nou na God geroep as Vader wat hom moet ontferm oor die kinders (Gerstenberger, 1996:5). Gedurende hierdie periode was die vader van die familie die beskermheer en die een wat die voortbestaan van die familie "geborg" het (Dille, 2004:29). Hoewel die kulturele konteks 'n patriargale bestaanswyse gekenmerk het, moet nie oor die vader van daardie tyd gedink word vanuit die moderne konteks van patriargalisme waar die vader dominerend en manipulerend is nie (Gerstenberger, 1996:11). Dit is 'n projeksie op die Skrif vanuit die moderne konteks van ons bestaan vandag. In die ou patriargale samelewings het die vaderfiguur twee funksies gehad: aan die eenkant was die vader die hoof van die huishouding wat met absolute gesag regeer

het en iemand was wat baie gerespekteer moes word. Tog was hierdie gesagsposisie vir 'n goeie doel. Die vader het die verantwoordelikheid gehad om die ander lede van die familie te beskerm, te ondersteun en met hulp by te staan. Beide hierdie eienskappe was ook aanwesig wanneer die term "vader" gebruik is in verband met God of ander gode (Brown, 1980: 614). Die vadermetafoor bestaan dus as 'n relasionele begrip waar die vader 'n belangrike rol binne die gesin gespeel het. Gedurende daardie periode was die vader nie die onderdrukker of emosioneel onbereikbare of die dominerende figuur wat ons vandag ken nie. Die sosiale struktuur van daardie tyd was gans anders as die een van vandag. Vir die meeste mense van daardie antieke wêreld was die familie die enigste ruimte van veiligheid, vir alle mense (kinders, vrouens, ou mense). Dit was die ruimte om te lewe en te werk. Die individu kon slegs binne die familieruimte ontwikkel. Die familie het die ruimte gebied om 'n finansiële, geestelike en 'n religieuse sinvolle bestaan te kon voer (Gerstenberger, 1996:9). Die vader binne die Bybelse konteks was dus 'n troosvolle en versorgende persoon wat met liefde na die gesin omgesien het. Die opneem van die vadertitel in die eksiliese tydperk, het oorspronklik dus 'n baie positiewe konnotasie gehad.

Die term vader het verder ook gedui op die *godsdienstige herlewing* by die mense in die na-eksiliese periode. In die afwesigheid van 'n monargiese gestruktureerde bestaanswyse waarin die godsdiens geïnstitusionaliseer was en gevolglik so onpersoonlik geraak het dat louheid en koudheid ingetree het en God die volk in ballingskap moes wegstuur om dit te kon deurbreek, roep die volk onder die omstandighede nou na God in die metaforiese spreke as Vader. Die godsdienstige herlewing in die eksiliese en na-eksiliese era was die herontdekking van God binne 'n kleiner en intiemer belewing (binne die familiekring) as teenpool van die vorige onpersoonlike massa godsdiens soos dit onder die monargiese bestaan in die beloofde land geken was. "Faith in God and openness to the absolute occur primarily and authentically in the small circle of an intimate group." (Gerstenberger, 1996:11.) Dit was juis onder die onpersoonlike massagodsdiens beoefening dat die afdwaal en koudword op godsdienstige gebied die oorhand gekry het.

Vandag met 'n lang geskiedenis agter die rug waar die kerk op 'n triomfantlike wyse oorheers het en waar daar ook vele korrupsie tot gevolg was, behoort dit vir ons maklik begrypbaar te wees dat Bybelse geloof na sy wese ten beste funksioneer op 'n

*onmiddellike* en *persoonlike* wyse in teenstelling tot die funksionering daarvan binne groot en onpersoonlike instellings. Godsiens op die persoonlike en die onmiddellike vlak bied ook bevryding en uitkoms vir diegene wat onderdruk word of swaar kry.

Die gebruik van die vadermetafoor in die na-eksiliese periode was 'n troosvolle belewing dat God Hom oor die onderdruktes en die minderbevoorregtes en die gemarginaliseerdes ontferm. Ook later in die Nuwe Testament gebruik Jesus Christus die metafoor Vader om ook aan te toon dat God 'n God is wat Hom ontferm oor die gemarginaliseerdes in die samelewing (Gerstenberger, 1996:11).

Die kulturele konteks van die na-eksiliese periode was dus uiters geskik vir die gebruik van die term "vader" as metafoor ten opsigte van God. Binne die patriargale bestaanswyse van daardie tyd was die patriargale stelsel nie gelyk aan onderdrukking of die uitbuiting van die vrou nie. Vandag egter waar die kulturele konteks een is van gelykwaardigheid van man en vrou kan die kulturele konteks van spreke oor God soos in die Bybelse tyd nie meer direk toegepas word op die postmoderne tyd nie. Daarom maak Gerstenberger tereg die opmerking dat Yahweh nooit in beginsel die vrou uitgesluit het uit die godsdienstigkultiese-werklikheid nie. God is 'n regverdige God wat Homself nog altyd positief verbind het aan sy manlike en vroulike volgelinge en op grond daarvan geëis dat sy volgelinge onderling aan mekaar gebonde moes lewe. Hieruit kan 'n mens volgens Gerstenberger die afleiding maak dat God vandag in die postmoderne tyd volle gelykwaardigheid tussen mans en vrouens sou geëis het (Gerstenberger, 1996:54).

### 3.6.2. DIE ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN GOD AS "MANLIK"

Met die kontekstuele ondersoek van die Skrif veral die Ou Testament en die periode waarin die begrip van vader as metafoor vir God sy beslag gekry het, toon Gerstenberger (1996:83) dit duidelik aan dat die ontwikkeling van 'n "manlike" beeld van God, wat later tot patriargalisme aanleiding gegee het, nie die gevolg was van 'n geslepe manlike aanslag op die werklikheid nie, maar dat dit die terloopse gevolg was van 'n poging om *monoteïsme* te vestig. Dit was 'n poging om die opdrag dat daar geen ander gode, alleen maar die een God, aanbid moet word, te gehoorsaam. Lees mens die belangrikste Ou Testamentiese geskrifte van die 6de eeu voor Christus (die tweede deel

van Jesaja, Esegiël, Deuteronomium en gedeeltes van Konings) dan is daar geen tekens dat die Israelitiese teoloë in daardie tyd gekies het vir 'n manlike beeld van God bo 'n vroulike beeld van God nie. Eerder het hulle gekies vir één God teenoor baie ander gode of godinne van die omliggende volke en kulture. Deuteronomium 6:4. *"Luister, Israel, die Here is ons God, Hy is die enigste Here. Daarom moet jy die Here jou God liefhê met hart en siel, met al jou krag."* Hierdie belydenis van hulle geloof in die na-eksiliese periode is nie om te sê dat God 'n manlike God is nie, maar dat God die *enigste* God is. Hoewel na God die heeltyd in manlike terminologie verwys word, en dit vir ons as moderne mense vandag gou opval, was dit glad nie bewustelik gekies om daarmee God as manlik voor te stel nie (Gerstenberger, 1996:85). God is Gees en God is die enigste Here, daarom praat Deuteronomium 4 vanaf vers 16 juis daaroor dat geen *manlike* of *vroulike* afbeeldinge van God gemaak moet word nie. Trouens daarom lees ons so baie in die Skrif dat God ook van sekere vroulike metafore gebruik maak wanneer God sekere kenmerke van Homself wil deurgee. Dat God mettertyd in hoofsaak as manlik beskryf word, hang saam met die sosiale en teologiese gestruktureerdheid van die Israelitiese samelewing van daardie tyd. Saam met hierdie terloopse ontwikkeling van die manlikheid van God het, nie om seksistiese redes nie, maar om teologiese redes, die metaforiese spreke oor die volk as die *bruid* van die Here ontwikkel. Met hierdie idioom van spreke gevestig het ander logiese afleidings ook spontaan gevolg. Byvoorbeeld met die Babiloniese ballingskap in 586 voor Christus, wat katastrofies was vir die volk, is die godsdienstige afvalligheid van God deur die volk in vroulike en negatiewe terminologie beskryf. Die volk se ontrouheid is uitgemaak as hoerery. Die boeke van Hosea, Jeremia en Esegiël omskryf hierdie gebeure duidelik. En tog is dit juis die *manlike* godsdienstige leiers wat in hoofsaak verantwoordelik was vir die ontrou op die gebied van die godsdiens (Gerstenberger, 1996:87). Maar die uiteinde van die terloopse ontwikkeling was die feit dat 'n manlike beeld van God oorgebly het, en in die lig daarvan het die vrou 'n ondergeskikte waarde begin ontvang. Manlike gevoelens van meerderwaardigheid is al hoe meer geïdentifiseer met die beeld van God en 'n gepaardgaande verhoogde ervaring van sonde en skuld wat verbind was aan die vrou, het tot gevolg gehad 'n ondeurdagte opvatting dat vrouwees minderwaardig is. Hierdie opvatting was dan ook so geprojekteer asof dit van God self afkomstig was (Gerstenberger, 1996:88). Uit hierdie konteks van manlike meerderwaardige en vroulike minderwaardige mensbeskouing vind die neerpen van die skeppingsverhaal in Genesis

plaas, waar die vrou uitgebeeld word as die ondergeskikte wat uit die man geneem word en as sy helper moet dien.

Die diskriminasie teen die vrou as 'n minderwaardige vorm van menswees, is duidelik nie die gevolg van 'n manlike God wat teen die vrou diskrimineer nie, maar 'n sosiale samelewing wat kulturele voorkeure toegepas het op God. "Sexual differentiations within theology are clearly the result of inadequate human imagination."(Gerstenberge, 1996:98.)

### 3.6.3 VAN 'N PATRIARGAAL GESTRUKTUREERDE SAMELEWING TOT PATRIARGALISME

Die patriargalisme soos ons dit vandag ken (sien hoofstuk 2) is inderdaad 'n verdere ontwikkeling van hierdie verworde verstaan van God. Daarom moet ook erken word dat hierdie patriargalisme selfs tot in die kerk 'n deeglike inslag gehad het. So byvoorbeeld het die vader gedurende die sewentiende eeu nie net die rol van voorsieners en beskermers van die familie gehad nie, maar het hulle vanweë vele sosiale en kerklike veranderinge ook die morele en godsdienstige beheer oor die vrou en kinders oorgeneem. Vaders het die Bybel aan die familie voorgelees en ook vir hulle daaruit gepreek (Shulman en Seiffge-Krenke, 1997:4). Dat die vaders hulleself dan ook as die eintlike verteenwoordigers van God binne die gesin gesien het, moet teen hierdie agtergrond van die ontwikkeling van die patriargalisme verstaan word.

Gedurende die moderne era was die gesagsbronne waarop jy jou kon beroep het ter wille van 'n sterker magsbasis om jou ideologie op die samelewing af te dwing, onder andere die Skrif! Sou mens dus patriargalisme as die "korrekte" verstaan van die sosiale aard van vaderwees en van manlikheid wou regverdig, het dit baie gehelp indien jy jou daarvoor op die Skrif kon beroep het. Die vaderfiguur as die groot patriarg was dus Skriftuurlik geregverdig. Maar met die aanbreek van die reformasie was hierdie prentjie weer effens omgedraai. Die nuwe leermeesters van die reformasie, moes aan die kinders leer dat hulle nie aan hulle vaders gehoorsaam moet wees en liewer die verwronge godsdiens van die Roomse kerk moet verwerp. Ook hierdie uitgangspunt naamlik om aan vaders ongehoorsaam te wees was ook Skriftuurlik gemotiveer. Esegiël 20: 18 het een van die slagspreuke vir die reformasie geword: "*Moenie volgens die*

*gebruike van julle voorvaders leef nie, moenie aan hulle maniere vas hou nie.*" Lazarus Spengler, die stadsekretaris van Nuremberg het die kinders se geloof en vertroue in die godsdienstige sieninge van hulle ouers as baie remmend beskou in die ontwaking van die reformasie. Sprengler (soos aangehaal deur Ozment, 1983:175): "How can one with a Christian mind and true hart say that, for salvation's sake, he wants to follow his parents and believe as they have done? Surely there are few today who unaware that their parents, with good intentions and following the instruction of clergy, relied on their own works…."

Vandag in die postmodernisme staan ons opnuut voor die uitdaging om metaforiese en verbeeldingryke spreke oor God, nie te laat vasval binne die skeefgetrekte waardes van ons eietydse klimaat nie. Tog staan ons onder die verpligting om kontekstueel relevante beelde te gebruik om die liefdevolle en versorgende God duidelik uit te beeld. Vir die doel van hierdie proefskrif is dit noodsaaklik ten einde sinvolle riglyne vir vaderlike ouerskap te ontgin vanuit die ryk metaforiese spreke oor God soos ons dit in die Skrif vind.

### 3.6.4 PATRIARGALISME EN DIE FEMINISTE

Die feministiese teologie het sy ontstaan te danke aan die opneem van die stryd teen die "manlikheid" van God (Biezeveld, 1996:19). Die wins van die feministiese teologie was dat hulle die metaforiese spreke oor God sterk onder die aandag van teoloë gebring het (Biezeveld, 1996:266). Die fout wat die feministe egter aan die beginfase van hul teologie gemaak het, was om die manier waarop ons vandag patriargalisme definieer gelyk te stel aan die patriargalisme soos wat dit in die Bybelse tyd gefunksioneer het. Hierdie Skriftuurlike uitsprake waarin God as Vader aangedui word reflekteer die eiesoortige patriargale konteks van die Nabye Ooste van daardie tyd en is daarom nie vergelykbaar met die patriargalisme soos wat dit hier in die 21ste eeu verstaan word nie. Die feministiese teoloë het verkeerdelik die taalgebruik in die Ou Testament as 'n baie eksklusiewe taalgebruik gelees en ervaar. Wanneer na God verwys was in vaderlike terme het die skrywers van die Bybelse tyd nie daarmee gesê dat God 'n man is nie. Hiermee was die metaforiese spreke deur die feministe te ver gevoer. 'n Metaforiese spreke is nie 'n allesverklarende beskrywende instrument nie, maar wil een bepaalde soort waarheid deurgee (Dille, 2004:4). In hierdie geval was dit om die beskermende en

versorgende karakter van die aardse vader in die periode van die ballingskap op analogiese wyse met God te verbind. Daarmee eindig die raakpunte tussen die aardse en die hemelse Vader. Nooit wou die skrywers in die Bybelse tyd ook sê dat God 'n man is nie! Met die aanwending van die naam vader vir Yahweh in die konteks van daardie tyd was dit glad nie met sinistêre bybedoelings gebruik nie. Dit het nie daarom gegaan of God 'n man was nie. Die seksuele konnotasie van hierdie metafoor was nooit ingesluit in die bedoeling van die gebruik nie. Dit was ook nooit gebruik as teenpool vir ander vroulike werklikhede (godinne) nie. Deur die metafoor van vader te gebruik het die skrywers daarmee ook nie 'n bepaalde uitspraak oor die vrou gemaak wat haar 'n minderwaardige mens gemaak het nie (Gerstenberger, 1996:5).

Die oorspronklike feministiese beweging het met die invalshoek begin om 'n bewusmaking te kweek ten opsigte van die "manlikheid" van God en in die lig waarvan die vrou dan ervaar het dat sy in 'n sekere sin uitgesluit is en nie 'n outentieke aanbiddingservaring kan meemaak nie. Aanvanklik het die feministiese teologie sterk klem gelê op die oorheersende patriargalistiese strekking van die Skrif. So wys Grey (2001:10) byvoorbeeld daarop dat dit nie net die metafoor van Vader is wat 'n manlike metafoor is nie, maar dat al die ander metafore oor God (koning, herder, ensovoorts) almal manlike metafore is. Weereens 'n bewusmaking van die manlikheid van God, alhoewel dit nie die doelbewuste idee van die skrywers was nie.

Die winspunte van die feministiese teologie was die bewusmaking van die ryke voorraad van ook vroulike of moederlike metaforiese spreke ten opsigte van God. Dat die uitspraak waarin na God verwys word as 'n Vader bloot 'n metaforiese spreke oor God is, blyk duidelik wanneer 'n mens ook verwys na God as 'n Moeder. In Jesaja 49:15 lees ons: " *Kan 'n vrou haar eie baba vergeet, haar nie ontferm oor die kind wat sy in die wêreld gebring het nie? Selfs al sou so iets kon gebeur, Ek sal jou nie vergeet nie*." God as 'n versorgende God, as een wat alle verantwoordelikheid ten opsigte van sy kinders op Hom neem word in die volgende Skrifgedeelte (Esegiël 16: vers 5 en verder) uitgebeeld met 'n mengsel van beeldryke beskrywinge wat soms 'n meer vaderlike en soms weer 'n meer moederlike uitbeelding van God voorhou. In die teks is die beelde so vermeng dat 'n mens nie die een heeltemal van die ander kan losmaak nie. In Esegiël 16:5 staan daar:" *Jy is met afsku behandel en in die veld weggegooi die dag toe jy gebore is. Toe het ek verby gekom en jou in jou bloed sien spartel. Ek het vir jou daar*

*waar jy in jou bloed gelê het, gesê:' Leef!' Ja, Ek het vir jou daar waar jy in jou bloed gelê het, gesê:' Leef, groei!' Ek het jou soos 'n veldplant laat groei, en jy het gegroei en grootgeword. Jy het 'n pragtige meisie geword, jou borste het styf geword en jou hare lank. Maar jy was kaal, jy het nie klere gehad nie. Toe Ek by jou verbykom en sien dat jy volwasse begin word het, het Ek jou onder my sorg geneem en vir jou klere aangetrek. Ek het my met 'n eed aan jou verbind en met jou 'n verbond aangegaan, sê die Here my God. Jy het Myne geword. Ek het jou gebad, die bloed van jou afgewas en jou met olie ingesmeer. Ek het vir jou 'n veelkleurige rok aangetrek en skoene van gebreide vel, Ek het vir jou klere laat dra van linne en ander kosbare stof. Ek het jou getooi met juwele: vir jou armbande en halssnoere aangesit, 'n ring aan jou neus en hangertjies aan jou ore en 'n pragtige krans op jou kop*." Hoewel hier baie elemente is van die optrede van 'n vader teenoor 'n kind is dit tog by uitstek die moederlike elemente van versorging wat die toon aangee.

Ook tekste soos Jesaja 42:14, "*Ek het lank stilgebly, Ek het geswyg, My bedwing. Nou skree Ek soos 'n vrou wat 'n kind in die wêreld bring. Ek hyg, Ek snak na asem*." Jesaja 66:13 "*Soos 'n moeder haar kind laat veilig voel, so laat Ek julle veilig voel*." herinner tog aan 'n tradisie onder die Jode dat God ook met vroulike metafore beskryf was (Grey, 2001:24).

Behalwe die vroulike en moederlike uitbeeldinge van God het die omliggende volke dikwels ook vroulike gode (godinne) gehad wat aanbid was. Die feministiese teoloë toon hierdie feit aan met die doel om tog die "ondenkbaarheid" dat God ook 'n vrou kan wees of dan ook in vroulike beelde onder woorde gebring kan word, teen te werk. Die geskiedenis het ook bewys dat die volk Israel dikwels in die versoeking gekom het om die godin Astarte te aanbid (Grey, 2001:31). Ook vir Israel was die konsep van 'n "vroulike" god dus nie so onmoontlik nie. Weereens moet daarop gewys word dat die fout wat die feministiese teoloë gemaak het, was om die metafories spreke van God as 'n Vader te ver te voer. Die spreke het nooit ten doel gehad om God as 'n man voor te stel nie. Met metafore soos Vader en Moeder het die skrywers die fokus laat val op die versorgende rol van God as Ouer (Dille, 2004:36).

Ook ander metaforiese spreke is deur die feministiese teoloë onder die aandag gebring. So word die geboorteproses wat wesentlik deel uitmaak van die vrou, ook dikwels in die

Skrif verhef tot 'n metaforiese spreke (Hammer, 1994:51) en wanneer dit op God toegepas word, kommunikeer dit natuurlik God se betrokkenheid by die mensdom met vroulike en moederlike uitbeeldinge. Numeri 11:12 sê Moses: "*Het ek swanger geword en hierdie volk in die wêreld gebring, dat U vir my sê: Dra hulle aan jou bors soos 'n oppasser met 'n suigeling doen.*" Die betekenis is duidelik dat Moses na God kyk en in metaforiese spreke God aanspreeklik hou vir die geboorte en totstandkoming van die volk. Moses voel ook dat God nie sy pligte van versorging nakom nie, maar alles aan Moses oorlaat. Metafories gesproke sien Moses God ook as 'n versorgende God wat soos 'n oppasser met die primêre versorgingstake besig behoort te wees. Die gedagte dat God soos 'n vrou geboorte geskenk het aan die volk vind mens ook in Deuteronomium 32 18: " *Jy het jou Rots, jou Skepper nie in ag geneem nie, die God wat jou in die wêreld gebring het, vergeet.*"

Die ontginning van nuwe (veral vroulike) beelde en simbole vir God soos wat deur middel van veral die feministiese teologie na vore gekom het, het egter hewige debatte tot gevolg gehad wat vandag nog steeds met intensiteit gevoer word. Sommige redeneer selfs dat die vroulike herverbeelding van God aan kettery grens (Grey, 2001:20).

Dat hierdie metaforiese spreke oor God ook in vroulike beelde nie nuut is nie, val nie te betwyfel nie. Anselmus het in die 12de eeu reeds bygedra tot die ontwikkeling van 'n tradisie om selfs Jesus Christus as 'n moeder voor te stel: Anselmus het byvoorbeeld gemediteer rondom die teks van Matteus 23:37 waar Jesus Christus sê: "*...hoe dikwels wou Ek jou kinders bymekaar maak soos 'n hen haar kuikens onder haar vlerke bymekaar maak, maar julle wou nie*!" en die volgende gebed daaroor geskryf: "And you, good Jesus, are you not also a mother? Are you not a mother who like a hen gathers her chicks beneath her wings?...And you, my soul, dead in yourself, run under the wings to Jesus your mother, and lament yours griefs under his feathers...Christ, my mother, you gather your chicks under your wings:" (Soos aangehaal in Grey 2001:25.)

Buite die Skrif om is deur skrywers en ander kunstenaars vele pogings aangewend om God as vroulik voor te stel. Die skilderye van Meinrad Graighead waar God as 'n moeder voorgestel word wat geboorte skenk aan die wêreld is 'n sprekende voorbeeld hiervan (Grey, 2001,15).

In die vrouebeweging waar daar gepoog word om die vrou te bevry, handel dit ten diepste oor die stryd teen die patriargale samestelling van die samelewing. Die man oorheers die wêreld. Die man beskik oor 'n verhewe posisie in die samelewing en die vrou staan een trappie ondertoe. Vrouens voel uitgesluit in die liturgiese handelinge (Biezeveld, 1996:9) van die erediens wanneer God net as Vader en ook met ander manlike simbolieke voorgestel word (Grey: 2001: 12). Die addisionele winspunt van die feministiese teologie in die bevryding van die vrou is onder andere daarin geleë om God as die Groot Patriarg in die hemel van patriargalisme te "bevry" (Daly, 1986:13). Soos reeds aangetoon is die uitbeelding van God as 'n Vader bloot net 'n metaforiese spreke en tog het hierdie metaforiese spreke 'n gelyk-aan-die-werklikheid status verkry. Asof God en Vader gelyk aan mekaar is. Grey (2001:3) praat van; " ... the powerful grip that patriarchy held on culture's dominant symbols and images." Gevolglik indien God dan die Groot Patriarg in die hemel is wat sy mense in die wêreld volgens sy arbitrêre wil reël en bestuur, dan is dit so dat die man as beeld van God ook sy mense hier op aarde moet reël en reguleer. Dit is dus volgens die aard van dinge so dat die samelewing dus man-gedomineerd moet funksioneer (Daly, 1986:13).

### 3.6.5. PATRIARGALISME EN DIE VADER IN DIE POSTMODERNE ERA

Toegepas op die onderwerp van hierdie navorsing lui dit soos volg: Indien patriargalisme 'n kultuurontwikkelde bestaanswyse is en indien die aard van vaderskap kultureel bepaal word en die vader vanweë die kulturele bepaaldheid dominerend, emosioneel onbereikbaar en onbeholpe is ten opsigte van die basiese versorging van die kind, dan moet die vader ook bevry word van hierdie houvas van die patriargalisme op hom. Nog verder: Indien die vader sy tradisionele rol as patriarg grond op die verabsolutering van die patriargale siening van God, dan is dit nodig dat God ook "bevry" moet word van die mensgemaakte patriargalisme waarmee ons Hom aan bande lê (Grey, 2001:10). Dit impliseer die dringendheid van vrae soos: Is die metafoor van God as Vader belangriker as enige van die ander metaforiese spreke oor Hom? Moet ons in die toekoms dieselfde fout maak deur 'n ander metafoor oor God te verabsoluteer? Is die wins van die postmodernisme nie juis dat ons leer om nie te verabsoluteer nie, maar om van die relatiwiteit van ons menslike spreke oor God voortdurend bewus te bly?

Die vraag is of hierdie ver*moeder*liking van God 'n poging is om die oorheersende manlike en vaderlike beeld van God te relativeer of is dit 'n poging om weer 'n *ander* metaforiese spreke oor God te verabsoluteer? Dit is ook nodig om te vra of dit die weg is waarop gegaan moet word om die patriargalisme soos wat dit vandag in die modernistiese samelewing funksioneer te deurbreek naamlik om ander metaforiese spreke oor God te verabsoluteer? Sou dit nie beter wees om liewer die feit dat dit bloot metaforiese spreke is wat dus nie een-op-een gelyk is aan die werklikheid nie, te beklemtoon nie? Sallie McFague (1982:153) het in haar teologie juis die fokus laat val op die belangrikheid daarvan dat alle spreke oor God analogiese en metaforiese spreke is. Gedagtig aan bostaande vraag of dit die beste metode is om patriargalisme te bevry, kla die bevindinge van die feministiese teologie hulleself aan wanneer Grey (2001:10) daarop wys dat na hoeveel jare van poog om die vrou te bevry van die patriargale dominasie, die vrou wêreldwyd steeds gebuk gaan onder die man as die "eintlike mens".

Ten einde die Skrif te gebruik as 'n openbaringsbron vanwaaruit ook die vader in die postmodenistiese samelewing vir homself sinvolle riglyne kan aflees ten opsigte van goeie vaderskap, is dit nodig dat daar nie in die slaggate van die feministiese teologie getrap word nie. Die slaggate van dié tipe teologie is om die vader-metafoor in die Bybel in 'n swak lig te stel, omdat daar deur die verwronge oë van die moderne patriargalisme na die vader-metafoor in die Bybel gekyk word. Soos reeds vroeër aangetoon, was die gebruik van die vader-metafoor gegrond op 'n baie positiewe rol van die vader. Die metaforiese spreke oor God in terme van die vader analogie was daarop gerig om alle tipes *van goeie ouerlike versorging* aan te dui by God (Dille, 2004:28). Psalm 103:13 sê byvoorbeeld: "*Soos 'n vader hom ontferm oor sy kinders, so ontferm die Here Hom oor dié wat Hom dien.*" God is as vader aangedui omdat die aardse vader in die sosiale konteks van daardie tyd, die een was wat in finale instansie al die verantwoordelikheid gedra het. Na analogie hiervan het die Israelitiese man of vrou God as Vader aangespreek wanneer hulle bo-en-behalwe aanspreekvorme soos Verlosser of Redder wou gebruik (Gerstenberger, 1996:5). Ons moet dus nie vasval in die beperkinge van die metafoor vader nie, maar op die "winspunte" van hierdie metafoor let en ook soek na ander metafore wat die ouerskap van God uitbeeld en hulle "winspunte" in nuwe metaforiese taal vertaal ten einde die postmoderne vader in sy ouerskapstaak te ondersteun. God is veel meer as ons uitsprake oor Hom en Hy..."*transcends all male and female characteristics...*" (Visser't hooft, 1982: 128.) Daarom in my strewe om 'n

vader soos God te wees, moet ek ook ruimte maak om na ander metafore ten opsigte van God se versorgende en genadige liefde te gaan soek en daardie waarheid wat deur die metafoor gekommunikeer word te ontgin en dit ook deel van my vaderskap en ouerskap te maak.

## 3.7. SKRIFGEDEELTES OOR DIE VADERSKAP VAN GOD

Hoewel die vadermetafoor 'n dominante metafoor in die Christelike teologie is, is daar tog anders as wat 'n mens sou verwag, nie 'n oorvloed van tekste in die Bybel waar na God as die Vader verwys word nie.

### 3.7.1. DIE OU TESTAMENTIESE GEBRUIK VAN DIE BEGRIP "VADER" MET VERWYSING NA GOD

In die Ou Testament word die woord vader (Hebreeus = 'ab: LXX = pater) hoofsaaklik in 'n sekulêre verband gebruik (1180 keer) en slegs 15 keer in 'n religieuse verband (Brown, 1980: 617).

Die konteks van al die uitsprake in die Ou Testament waar God as 'n Vader aangewys word is hoofsaaklik een waarin God as die *Vader* van die volk Israel (en soms as Vader van koning Dawid) aangedui word (Reinhartz, 1999:1). Die volk is dan in kollektiewe verband die *kind* (Guthrie, 1981:81; Berkhof, 1949:51).

Hier volg 'n paar verwysings na God as Vader teenoor die volk soos ons dit in die Ou Testament vind. Daar word by die aanhaal van hierdie tekste van die vertrekpunt uitgegaan dat dit metaforiese spreke oor God is in terme van die vadermetafoor. Hierdie tekste sal dan ook in hoofstuk 4 dien as bronne vanwaaruit die praktykteoretiese perspektiewe vir vaderskap in die postmodernisme ontgin word. Soos vroeër aangedui, word daar van die veronderstelling uitgegaan dat die vadermetafoor gebruik was omdat die aardse vaderfiguur 'n positiewe entiteit was en God daardeur positief uitgebeeld was. Dit het dus nie gehandel oor die minderwaardigmaking van die vrou of moeder nie of om die patriargale posisie van die man tot outokratiese heerserskap te omvorm nie.

### 3.7.1.1. Deuteronomium

In *Deut. 32:6* staan daar " *Doen julle dit die Here aan? Jy is 'n dwase volk, sonder verstand. Is die Here nie jou* ***Vader****, jou Skepper nie? Hy het jou gemaak, jou in die lewe gebring.*" Die volk van die Here onder leiding van Moses staan op die punt om die beloofde land binne te gaan (Van der Watt, 2003:236). Moses is besig met sy laaste lied oor en vir God (Childs, 1979:220). Hy dui aan dat hoewel alle volke skepsels van God is, die volk Israel in 'n unieke verhouding tot God staan (Guthrie et al. 1970:227). Die teks toon God aan as die Vader, nie in die biologiese of mitologiese sin van die woord nie, maar in 'n soteriologiese sin. Die volk het hul volksidentiteit te danke aan God wat die volk in die lewe gebring het (Hoeksema, 1976:145).

God se vaderskap dra die karakter van 'n noue betrokkenheid by sy "kind" (volk). God se vaderskap het 'n bepaalde geskiedenis met Sy "kind" (volk) deurloop. Hy het die kind in die lewe geroep, langs die pad gelei en na 'n toekomstige land gebring wat oorloop van van melk en heuning. Hy het sy kind oorlaai met alle seëninge en aangemoedig met beloftes en ondersteuning.

### 3.7.1.2. Jesaja

*Jesaja 64:8 "U is ons Vader, Here, ons is klei en U het ons gevorm, ons is almal die werke van u hande.*" Ook hier is dit duidelik dat dit nie 'n biologiese konitasie het nie, hoewel 'n daad van God se kant was. God se eie keuse en besluitneming het tot gevolg dat die Israeliete kinders van Hom geword het in die soteriologiese sin (Smail, 1983: 35).

In *Jesaja 63: 16* word God aangedui as die Een wat die volk steeds **instand hou**: " *U is tog ons Vader. Abraham weet niks van ons nie.*" Abraham mag die biologiese voorvader wees van die volk, maar dit is God wat die Vader in die soteriologiese sin (en uit eie besluit) geword het en wat deur die "grootword en groei " van die volk steeds die Vader bly (Hy is die Ewige God), terwyl die biologiese vader Abraham lank nie meer leef nie (Brown, 1980:617).

God se Vaderskap dra die karakter van aanhou met versorging. Die gedeelte in Jesaja 63:7-64:11 handel oor die liturgiese inkleding waar Israel as volk as gevolg van die

periode van ongehoorsaamheid in ballingskap, weggevoer is en dan voor God of Jahweh staan en na hul berou om genade smeek met die uitdrukking: "*U is ons Vader*" (Jesaja 64:8). "The emphasis on Yahweh's fatherhood always appears in the context of an impassioned petition for divine care." (Gerstenberger, 1996:3.) Jesaja 63:15 vertel van dieselfde opkyk na God se "brandende liefde" en die vraag word aan God gestel*: "Is U nie meer oor ons bewoë nie? U is tog ons Vader…*" Die volk bely dat God hulle Vader is en dat hulle soos klei in Sy hande is (Van der Watt, 2003:436).

### 3.7.1.3. Jeremia

*Jeremia 31: 9 " In trane sal hulle kom, met smeekgebede, maar Ek sal hulle lei, Ek sal hulle by waterstrome bring, op 'n gelyk pad, niemand sal struikel nie, want Ek het Israel se Vader geword, Efraim is my eersgeborene*." God as Vader is dus sensitief vir sy "kind" se hartseer (in trane), Hy is ingestel op Sy kind en luister na hom (smeekgebede), Hy dra en stuur hulle na beter plekke (bring hulle by waterstrome en gelykpad), Hy hou hulle heeltyd vas (niemand struikel nie). Uit God se vaderskap in die konteks van Jeremia kan mens ook aflei dat God as Vader met die ballingskap Sy seun Israel "prysgegee" het, omdat sy kind nie aan Hom as Vader gehoorsaam wou wees nie. Die Here het die kind egter weer "aangeneem" toe die kind tot berou gekom het ("*want Ek het Israel se Vader geword*.") (Van der Watt, 2003:453).

### 3.7.1.4. Maleagi

Maleagi1:6 " *'n Seun eer sy vader en 'n slaaf sy eienaar. As ek dan Vader is, waar is die eer wat my toekom?*"

God se Vaderskap vra ook na vaderlike eer wat Hom moet toekom. Die kind (volk) se verhouding met die vader (Vader) is tog 'n terugkerende respek op grond van die kind se ervaring van die vader (God) se versorging en omgee liefde (Van der Watt, 2003:565).

### 3.7.1.5. God as Vader van die koning van Israel

God se vaderskap staan in die Ou Testament nie net in die konteks van die vader-en-volk verhouding nie, maar ook in die verhouding met die koning van Israel. Ook in

hierdie konteks funksioneer die vader-metafoor hoofsaaklik om die versorgende hand van die Here aan te dui. Oor Dawid wat die koning van Israel is, sê God: " *Ek sal vir hom 'n Vader wees en hy sal vir My 'n seun wees....*" 2 Samuel 7:14.) Ook in 1 Kronieke 17:13 word hierdie verhouding van God as Vader en Dawid as seun verhaal en verder toegevoeg: " *My trou sal Ek nie aan hom onttrek nie, soos Ek dit aan jou voorganger onttrek het.*" Sien ook 1 Kronieke 22:10; 1Kronieke 28:6 (*"Ek het hom as seun gekies, en Ek sal vir hom 'n vader wees"*).

### 3.7.1.6 Die kindskap van Israel

Omgekeer: om kind van God te wees is dus nie 'n natuurlike stand van sake nie. Kindskap van God lê gegrond in 'n voorafgaande goddelike besluitneming (uitverkiesing) en verlossing. Wanneer God vir Moses na die farao toe stuur om God se wonderwerke te doen, sê God: " *Dan moet jy vir die farao sê: So sê die Here: Israel is my oudste seun. Ek het vir jou gesê laat my seun gaan, sodat hy my kan aanbid. Maar jy het geweier om hom te laat gaan, en nou gaan ek jou oudste seun doodmaak*" (Eks.4:22,23). God se verhouding met Israel is dat God homself as die Vader van die volk in kollektiewe verband bekendmaak en dat Israel as volk sy kind of seun is.

Die aard van God se vaderskap hou die implikasie in dat die "kind" (volk) sy kindskap as bevoorregting moet beskou. Juis die versorgende aard en liefdevolle aard van God se vaderskap bring hierdie begrip by die "kind" mee.

Die individu in die Ou Testament se kindskap van die Vader was te danke daaraan dat hy aan die volk behoort en juis daarom het hulle 'n besonderse opdrag om lojaal aan mekaar te bly. *Maleagi 2:10* sê: " *Ons het almal een Vader, ons is tog deur een God geskep! Waarom is die een dan ontrou aan die ander?"*

God se Vaderskap het tot gevolg gehad dat die individue in die volk ervaar het dat hulle aan mekaar behoort en het tot gevolg gehad dat kinders mekaar gerespekteer het. (Onderlinge verhouding in huisgesin).

#### 3.7.1.7. Ander volkere se beskouinge van God of gode

Die volke wat Israel omring het, het nie hierdie soteriologiese siening van die vaderskap van God of ander gode gehad nie. Die omringende volke het liewer 'n biologiese of mitologiese siening gehandhaaf (Smail, 1983:33; Brown, 1980:617). Daarteenoor, in terme van die Ou Testament, het die volk Israel of dan koning Dawid in die biologiese sin van die woord reeds bestaan en het God hul Vader geword deur Sy besluitneming, uitverkiesing en verlossing.

#### 3.7.1.8. Samevattend

God se vaderskap word beskryf in terme van die Een wat uitverkies en verlos, die Een wat in genade lief het. Aan die ander kant verwag hierdie Vader ook respek (Jeremia 31:9,20; Hosea 11:8) en gehoorsaamheid. (Deuteronomium 32:5; Jeremia 3:4,19; Maleagi 1:6). Hy openbaar hom ook as 'n Vader wat vergewe. Hy is ook 'n versorgende en voorsienende Vader in sy optrede (1 Kronieke 22:10) ten opsigte van sy kind.

### 3.7.2. DIE NUWE TESTAMENTIESE GEBRUIK VAN DIE BEGRIP "VADER" MET VERWYSING NA GOD

Die konsep "vader" vir God is een van die mees sentrale opvattinge van die primitiewe Christelike teologie (Brown, 1980:619). In die Nuwe Testament het die konsep van God as 'n Vader baie meer dominant geword as wat die geval was in die Ou Testament (Aulén, 1970:104). Jesus Christus gebruik die begrip "vader" in Sy beskrywing van God drie keer in Markus, vier keer kom dit voor in die "bron van uitsprake" wat beide Matteus en Lukas gebruik het, vier keer in die gedeeltes wat eksklusief deur Lukas gebruik word, een-en-dertig keer in die res van Matteus en 'n honderd keer in die Johannes Evangelie. Guthrie (1981:80) meld tereg op: " It is the idea of the fatherhood of God which is most characteristic of the NT teaching and especially of the teaching of Jesus."

Die metafoor waar God as 'n Vader uitgebeeld word, is een van die kragtigste en mees omvattende metaforiese spreke oor God in die Nuwe Testament (Reinhartz, 1999:7). Dit is daarom ook belangrik om te gaan kyk wat daartoe aanleiding gegee het dat hierdie metafoor selfs ander metaforiese spreke soos Herder, Koning, Leidsman, in die Nuwe

Testament op die agtergrond geskuif het? Werbick soos aangehaal deur Putman (1998:76) verwys na die Ou Testamentiese beelde soos Herder, Koning, Kneg en Redder, maar dan in die konteks van die Nuwe Testament is die Abba-ervaring van Jesus Christus volgens Werbick bevestigend van die belangrike plek wat die metafoor "vader" inneem in die Nuwe Testament en die teologie van die vroeg Christelike gemeenskap. Dit lei daartoe dat die leser van die Nuwe Testament in die versoeking kom om vanweë die omvattendheid van hierdie spreke oor God die metaforiese karakter daarvan mis te kyk. Dan word die fout gemaak om God te beperk tot 'n vaderfiguur in plaas daarvan om te besef dat God net *soos* 'n vader in sekere opsigte is, maar dat daar ook deur middel van ander metafore na Hom verwys kan word. En dan beland ons weer in die gevaar van die feministiese teologie dat God gesien word as werklik 'n Vader en daarom manlik! God is egter Gees en hoewel die Woord in manlike terme oor God praat is dit egter nie om aan te dui dat God manlik is nie (Nell, 2002:86). Volgens die Bybelskrywers word Christus aangehaal waar Hy (ook in metaforiese terme) oor God as Vader praat ten einde by ons as beperkende mense 'n aansluiting te vind. Wanneer 'n mens kyk na die inhoud wat aan hierdie metafoor "Vader" verleen word in terme van dinge soos trou, liefde, omgee, dan bevestig dit weereens dat die vader-konsep soos wat dit in die alledaagse lewe van die mense van daardie tyd bestaan het, dus 'n positiewe konnotasie moes gehad het (Gerstenberger, 1996:9). Juis daarom bedien ook Christus homself met die metafoor van die Vader in sy gesprekke met God. Dat daar ook 'n nuwe dimensie in die verhouding tussen God en die mens in die Nuwe Testamentiese of dan in die Na-Christus tydvak tot stand gekom het, word ook deur die vadermetafoor tot uitdrukking gebring. Indien jy God net as Rots of net as Koning of net as Regter verstaan, maar nog nie as Vader nie, dan het jy nog nie Christus se helderste bekendmaking van God begryp nie. Gevolglik kan jy dan ook nie die allerbeste vrug beleef en uitleef van 'n verhouding met God nie. En aangesien dit die werk van die Gees van Christus is om hierdie Abba Vader openbaring (dus een van versorging, liefde, verdraagsaamheid, ensovoorts) by die uitverkorene tot verstaan en belewing te bring, (Romeine 8:15) moet daar met gebed by God as Gees gesmeek word vir hierdie bewusmaking.

Wanneer Paulus skryf: "*En omdat ons Sy kinders is, het God die Gees van sy Seun in ons harte gestuur, en in ons roep Hy uit: "Abba!" Dit beteken: Vader!*" (Galasiërs 4:3 e.v.), sluit dit aan by die gedagte dat die vaderfiguur so 'n positiewe en kernrol gespeel

het in konteks van die Bybelse tyd dat die profete en so ook Christus dit as 'n ideale metafoor gesien het in terme waarvan God as 'n Vader voorgestel is. Om God net voor te stel as 'n God van liefde dra nie by tot die konkretisering van hierdie liefdevolle God binne die omstandighede van die mens nie. Maar indien die aardse vader 'n vader van liefde en versorging was in die tyd van die Skrif, dan maak dit sin om die liefdevolle God as 'n Vader voor te stel!

In teenstelling tot die heidene wat in vrees voor hulle gode geleef het, het die Christendom God verstaan as *'n liefdevolle* en *versorgende* Vader. Die verhouding tussen die gelowige as "kind" en God as die Vader is uitgebeeld as 'n intieme verhouding wat uniek was in vergelyking met die heidene se verhouding met hul gode (Johnson, 1999:116; Guthrie, 1981:81). Deur die gebruikmaking van die woord **"Abbà"** as aanspreekvorm van God deur Jesus Christus, dui dit op die kinderlike afhanklike verhouding wat Jesus Christus ten opsigte van God as Vader gehad het (Johnson, 1999:161; Jeremias, 1971:67).

'n Sleutelvers as Skriftuurlike openbaring ten opsigte van die verstaan van God as Vader en wat dus vir die ontwikkeling van 'n basisteorie vir hierdie proefskrif belangrik is en wat tot gevolg het dat die mens sy eie vaderskap kan herdefinieer en nuut uitleef of waardeer, is juis te vinde in Romeine 8:15 en Galasiërs 4:3 (Van der Watt, 2003:712).

Die tekste handel oor die werking van die Heilige Gees wat aan die mens die gawe skenk om God as Vader te leer ken. Romeine 8:15 " *Die Gees wat aan julle gegee is, maak julle nie tot slawe nie en laat julle nie weer in vrees lewe nie;nee, julle het die Gees ontvang wat julle tot kinders van God maak en wat ons tot God laat roep: 'Abba!' Dit beteken Vader.*" Die kind in die Bybelse tyd het nie die vader gevrees nie, maar met vertroue in die arms van die vader beskerming gesoek (Van der Watt, 2003:712).

Die Evangelie van Jesus Christus is dat Hy aan die kruis gesterf het in ons as uitverkorenes se plek (Galasiërs 1:4). Hierdie objektiewe handeling van Christus het 'n subjektiewe uitwerking op die uitverkorenes. Waar uitverkorenes deur Christus se soendood losgekoop is, kom die Gees van Christus en bewerk 'n vernuwing en 'n verandering in my persoonlike lewe (subjektief). Romeine 7:3 en verder; " *Wat die wet nie by magte was nie... nou kan ons aan die eise van die wet voldoen, ons wat ons lewe*

*nie deur ons sondige natuur laat beheers nie, maar deur die Gees."* Hierdie uitwerking van Christus se daad aan die kruis in my persoonlike lewe omsluit vele aspekte en word in die Skrif op 'n verskeidenheid van wyses bekend gestel. Een van hierdie resultate in die persoonlike lewe van 'n uitverkorene, is die nuwe dimensie om God as sy of haar **Vader** te ontdek en te leer vertrou. " *...Toe ons geestelik onmondig was, was ons slawe van wettiese godsdienstige reëls. Maar toe die tyd wat God daarvoor bepaal het, aangebreek het, het Hy sy Seun gestuur. Hy is uit 'n vrou gebore en van Sy geboorte af was Hy aan die wet onderworpe om ons, wat aan die wet onderworpe was, los te koop sodat ons as kinders van God aangeneem kan word. En omdat ons Sy kinders is, het God die Gees van sy Seun in ons harte gestuur, en in ons roep Hy uit: 'Abba!' Dit beteken: Vader!"* (Galasiërs 4:3 e.v.)

Bostaande verse maak dit dus duidelik dat die Gees van God die gebroke bestaansverhouding van 'n individu tot God na 'n heel nuwe bestaanverhouding met God transformeer (Johnson, 1999:336). Die ou ervaring van 'n harde, kritiese en veroordelende gesagsfiguur in verhouding met 'n opstandige en rebelse onderdrukte, word verander tot 'n nuwe ervaring van God as 'n liefdevolle, vergewende, versorgende, ondersteunende God wat soos 'n Vader is in verhouding met 'n kind wat in liefde met dankbaarheid gewilliglik aan die Vader gehoorsaam is.

Hierdie Skriftuurlike gegewenheid werk vanuit die veronderstelling dat God se Vaderskap die positiewe elemente van versorgende liefde omvat. Hierdie verhouding tussen God as Vader en die gelowige as Sy kind word dus in positiewe terme as vertroostend en versorgend beskryf. Soms is daar ook vermanende gedeeltes soos wanneer God sy kind straf soos 'n aardse vader, maar steeds bly die tughandeling binne die konteks van die liefdesverbond tussen 'n ouer en 'n kind. Hierdie positiewe ervaring en siening wat volg op die werking van die Gees van God in die lewe van 'n gelowige, beskik oor transformerende krag wat tot gevolg het dat 'n aardse vader wat al vasgeval het in 'n gevestigde verstaan en praktyk van vaderskap deur die vernuwende werk van die Gees, God opnuut as 'n volmaakte en liefdevolle Vader kan leer ken (Johnson, 1999:332; Guthrie, 1981:555). Meer hieroor in hoofstuk 4 wat handel oor die praktykteorie.

Waar daar dus in die Ou Testament meer gewag gemaak was van die korporatiewe idee van God as Vader vir die volk, het hierdie konsep in die Nuwe Testamentiese konteks verder ontwikkel tot 'n meer individuele verhouding tussen die Vader en sy kind. Hierdie individuele verhouding tussen God en 'n individu was nie heeltemal afwesig in die Ou Testament nie, maar hierdie intieme individuele verhouding tussen 'n persoon en God was in die Ou Testament met ander metafore soos byvoorbeeld Herder (Psalm 23) in plaas van die metafoor van Vader beskryf.

## 3.8. DIE KULTURELE KONTEKS VAN DIE FAMILIE OPSET IN DIE VROEG CHRISTELIKE KERK

Ten einde die vader se rol in die Nuwe Testamentiese tydvak beter te verstaan is dit nodig om na die kulturele opset van veral die wyse waarop die familie gefunksioneer het en waarin die vroeg Christelike kerk haar identiteit moes ontwikkel het, te gaan kyk. 'n Mens sien dikwels in die Skrif dat uitsprake wat direk betrekking het op die gesin kontrasterend is wanneer die gesinsmetafoor ingespan word om die mens se verhouding tot God uit te beeld. Paulus skryf byvoorbeeld in 1 Kor.11:3 baie positief oor die huwelik en sien dit selfs as 'n metafoor vir die verhouding tussen Christus en sy kerk, maar in 1 Kor.7 maak Paulus tog 'n saak uit dat dit beter is om nie te trou nie. Hierdie dikwels kontrasterende uitsprake in die Skrif ten opsigte van die familielewe, die huwelik en ander sake soos totale onthouding, is die beste te verklaar teen die agtergrond van die kulturele konteks van die die vroeg Christelike groepe.

In die Romeinse samelewing was die familie en ook die res van die samelewing oorheersend hiërargies en patriargalisties van aard (Van der Watt, 2003:47). Die vader van die familie (*paterfamilias*) was die hoof en het regeer by magte van die *patria potestas* wat dan deur vader tot seun oorgedra is. Hierdie vaderfiguur se mag oor die familie en die huishouding was absoluut en het die reg van *ius vitae necisque* - die reg oor lewe en dood ten opsigte van lede van die familie beskik (Sawyer, 2002:118). Die gebruik om 'n kind te verwerp (versaking) was algemene praktyk in die Griekse en Romeinse kultuur onder die *patria potestas.* Die vader of hoof van die famlie het oor volle reg beskik om te besluit of 'n kind gebore uit sy vrou of enige ander vrou in die familie die reg tot lewe het. Sou die vader besluit dat die kind versaak moes word, kon selfs die moeder geen rede verskaf oor die legitimiteit of gesondheid van die kind nie.

Hoewel sommige kinders as gevolg van hierdie verwerping gesterf het, was baie egter gered en vir aanneming geplaas.

Hierdie prentjie van wat vaderskap in daardie tyd behels het, staan eeue verwyderd van die beeld wat ons vandag van die vader het. In die Westerse konteks weet ons ook van slegte vaders, maar ons ken nie 'n Westerse beskawing waar die optrede van die vader deur wetgewing vasgelê word wat *per se* as sleg geklassifiseer word nie. Maar in die Grieks-Romeinse samelewing was dit die konteks waarin daar geleef was. Teen die agtergrond van hierdie sosio-politieke samelewing moet Paulus se familiemetafoor vir die verhouding tussen die mens en God verstaan word.

Die familiebegrippe waarmee Paulus werk is begrippe soos geboorte, nuwe lewe en ouerskap om die gemeente as 'n gemeenskap in terme van 'n familie van God te beskryf. In hierdie familie opset is God die Vader van die familie. Sawyer (2002:120) skep die woord *deusfamilias* om daarmee Paulus se teenvoeter vir die *paterfamilias* wat in die Grieks-Romeinse samelewing aan die orde was, aan te dui. Binne hierdie *deusfamilias* bly die gelowiges *kinders*. Deur kinders te bly kon die simboliek dat Christus as verheerlikte tog ons Broer is in hierdie groot familie deurentyd gehandhaaf word. In hierdie familie verval die klassifikasies van geslag, ras en status heeltemal. Jesus Christus se reaksie op die omstanders wat vir Hom gesê het dat sy moeder en broers en susters daarbuite na Hom op soek was, was: "*Wie is my moeder en broers? ...Elkeen wat die wil van God doen is my broer en my suster en my moeder.*" (Markus 3:32-35.)

Die nuwe geboorte deur die geloof het die gelowige geplaas binne die konteks van 'n nuwe familie, die familie van God. Binne hierdie nuwe familie verval alle voorafgaande bloed familiebande wat mag bestaan het. Binne hierdie opnuut gedefinieerde familie opset word die menslike ouerskap vervang deur 'n goddelike ouerskap en die gelowige raak nou 'n kind wat geheel en al afhanklik word van God as die versorgende ouer. In Markus 10:15 lees ons dat Jesus Christus sê niemand sal die koninkryk binnegaan indien hy nie soos 'n kind word nie. Binne hierdie konteks tree Paulus, maar ook Jesus Christus op as die oudste en wyser broer wat as surrogaat vir die Hemelse Ouer of Vader instaan (Sawyer, 2002:121).

Gesien teen die agtergrond van die Romeinse Ryk waar die *paterfamilias* aan die orde was en die Keiser van die Romeinse Ryk die metapatriarg was, was binne Paulus se *deusfamilias* God die Vader (metapatriarg) vir die gemeenskap van gelowiges. Met hierdie analise van die historiese konteks van daardie tyd, sowel as die analise van Paulus se teologie, kan die gevolgtrekking gemaak word dat die vroeg Christelike beweging 'n politieke en kulturele teenreaksie teen die Romeinse samelewing was. Binne die Christelike verstaan van daardie konteks het Paulus die huwelik uitgedaag met 'n lewe sonder om te trou en in onthouding: "*Dit is goed vir die man om sonder 'n vrou te lewe, maar…*" (1Kor 7:1.) " *Vir die ongetroudes en die weduwees sê ek: Dit is vir julle goed om ongetroud te bly soos ek.*" (1 Kor 7:8.) " *Van nou af moet dié wat getroud is leef asof hulle nie getroud is nie*;" (1Kor 7: 29.)

Binne die *deusfamilias* is almal kinders van God en daarom broers en susters van mekaar en dit was die teenvoeter vir die familie bestaanswyse binne die Roemeinse konteks. Binne die Grieks-Romeinse konteks het die *pater* oorheers en was die kind dikwels deur die *pater* verwerp en was die vrou 'n ondergeskikte. In die nuwe *deusfamilias* is daar geen onderskeid tussen man en vrou nie, tussen Griek en Jood nie: "*Dit maak nie saak of iemand Jood of Griek, slaaf of vry, man of vrou is nie: in Christus Jesus is julle almal één.*"(Gal 3:28.)

Paulus het verder gegaan en selfs kinderloosheid voorgestaan. Ook hierdie saak moet teen die agtergrond van die historiese konteks van daardie tyd gesien word. Vanweë die kort lewensverwagting van die ma, sowel as die hoë tol wat die vele oorloë geëis het, was daar 'n tydstip toe die geboortesyfer binne die Grieks-Romeinse opset baie laag was. Wette is uitgevaardig om die huwelik en die voortbring van kinders aan te moedig. Mans sou hulle erfreg verloor indien hulle trou en daar nie kinders uit die huwelik gebore word nie en vrouens sou ook ander voorregte verloor. Die *deusfamilias* is dus deur Paulus as teenvoeter vir die *paterfamilias* voorgehou (Sawyer, 2002:121) en in plaas van eie nuwe families deur trouery en kinders kry, plaas Paulus die klem daarop in die lig van die eindtyd om liewer tevrede te wees met jou kindskap binne die *deusfamilias.* In 'n sin is die siening van die protestantse teologie dat die huwelik en die seksuele verkeer deel is van die vervulling van ons goddelike roeping om te skep nie teenwoordig by die briewe van Paulus aan die gemeente in Korinte nie.

Omdat die kindkonsep so 'n deurslaggewende rol gespeel het in die vroeg Christelike era en die gelowige homself dus volledig as 'n kind moes identifiseer en as totaal afhanklik van die Ouer (Vader) moes stel, was seksuele aktiwiteite selfs binne die huwelik verwerp, omdat dit die status van kindskap agterhaal.

Die radikale eis van kindwees in die vroeg Christelike ontwikkeling is ook te lees in Matteus 19:13 -15. Hoewel ons vandag amper net die prentjie in ons kop het van Jesus Christus wat sy hande op 'n klompie kindertjies plaas wanneer ons die teks lees, is die kern doel van hierdie teks eerder die feit dat ons as gelowiges soos kindertjies totaal van God afhanklik moet wees (Nielsen, 1978:142). Hierdie gedeelte sluit dus aan by Jesus Christus se vermaning in Matteus 18:3 *"As julle nie verander en soos kindertjies word nie, sal julle beslis nie in die koninkryk van die hemel kom nie."* Die daaropvolgende gedeelte in die teks waar die jongman al die gebooie van jongs af onderhou het, maar intussen baie besittings het en van alles moet ontslae raak, wil juis aansluit by die eis van die radikale kindskap van die gelowige. Hy moet in alles totaal afhanklik van sy Ouer wees! Alle ouerlike verantwoordelikhede moet van afstand gedoen word (goeies en slegtes) en die gelowige moet self 'n kind word. Die jongman moet al sy besittings gaan verkoop om daarmee aan te dui dat hy alleen op God as sy Vader en daarom Versorger gaan vertrou. Jesus Christus sluit sy gesprek af met: *"Daar is niemand wat ter wille van My en ter wille van die Evangelie afgesien het van sy huis of broers of susters of moeder of vader of kinders of eiendom, of hy kry nou in hierdie tyd honderd keer soveel huise en broers en susters en moeders en kinders en eiendom, saam met baie vervolging, en in die bedeling wat kom die ewige lewe."* (Markus 10:29)

Samevattend sê die Skrifgedeelte dat alle gewone menslike bande deurbreek en afgelê moet word nadat die nuwe geboorte in die nuwe familie plaasgevind het. Nuwe broers en susters, 'n totaal nuwe familie word gewen, en alhoewel dit vervolging tot gevolg gaan hê eindig dit in die volmaakte tuiskoms by die Vaderhuis (Osiek en Balch, 1997:127). Jesus Christus self is die voorbeeld van hoe Hy sy eie wil prysgegee het en Homself aan die Vader as Ouer onderwerp het tot die dood toe. Die aardse ouerskap soos verteenwoordig deur Maria aan die voet van die kruis was bloot om net die liggaam te gaan haal. 'n Nuwe bedeling, 'n *deusfamilias* het in werking getree.

Paulus se hele idioom waarin hy met die gemeente in Korinte praat is taalgebruik vanuit hierdie konteks. Hy praat met hulle soos 'n ouer met kinders en wanneer hulle teen sy wil in gaan raas hy met hulle soos 'n ouer met kinders maak. Paulus is as ouer broer die surrogaat van die Hemelse Vader. Sy beeld wat hy inspan getuig van 'n ouer-kind verhouding: "*Ek het julle met melkkos gevoed.*" (1 Kor.3: 20.) Selfs die beeld van moederskap word deur Paulus ingespan: " *My kinders, ek verkeer van vooraf weer in geboortepyne oor julle totdat Christus in julle gestalte kry.*"

Paulus sien homself as die gelowiges se vader en oppasser, maar net Een is die ware Ouer: Dit is net God wat laat groei (1Kor.3:7) en hoewel die gelowiges baie leermeesters het, het hulle net een vader (Paulus) (1Kor.4:15) Paulus se rol as ouer voer hy nog verder en sê: " *Moet ek met 'n slaanding na julle kom,...*" (1Kor.4:21.) Hierdie rol waarin Paulus homself as 'n ouer of vader sien gee aan hom die reg om met sy kinders, die gelowiges oor selfs die mees intieme dinge te praat. Selfs in hulle sekslewe, al is van hulle reeds getroud, bly hulle sy kinders. (1 Kor.7:1-16) Paulus tree deurentyd op as die surrogaat ouer en help die gelowiges uit die water-doop as die geboorte plasma om te ontwikkel tot hierdie nuwe lewe waarin hulle gebore is (Sawyer, 2002:128).

Hierdie paradigma waarin daar 'n *deusfamilias* bestaan is nie 'n skepping van die Christendom nie. Die paradigma is die radikale ontwikkeling wat plaasgevind het ten opsigte van die gedagte wat reeds in die Ou Testament bestaan het tussen God en Sy uitverkore volk (Sawyer, 2002:128). Israel se godsdiens was familie-georiënteerd, met die familie van Abraham as die voorbeeld. Abraham demonstreer sy radikale afhanklikheid van God (as Ouer en Vader) deur sy eie land en familie te verlaat en in geloof weg te trek. Hierdie geloofspad neem vir Abraham deur verskillende familieprobleme wat uiteindelik sy klimaks bereik in God se opdrag om vir Isak, sy enigste kind uit die huwelik met Sarah, te offer. Abraham se gehoorsaamheid aan God is radikaal en hy was bereid om hierdie seun te offer. Abraham leef in radikale afhanklikheid van God. Hierdie verhaal herhaal sigself op Golgota waar die Vader wel anders as in die geval van Abraham voortgaan en toelaat dat die Seun sterf.

Vanuit hierdie agtergrond waar die familiekonsep tussen die volk as kinders (soms ook bruid) en God as die Vader (en soms as die bruidegom) reeds die metaforiese uitbeelding was vir die verhouding tussen God en uitverkorenes, het Paulus aan die

begin van die Christendom hierdie metaforiese spreke net verder en radikaler ontwikkel. Daarby het Paulus in die lig van die familiekonsep as 'n sentrale instelling in die Romeinse samelewing, die familiemetafoor as verstaanbare konsep vir die mense van sy tyd aangebied (Sawyer, 2002:129). 'n Voorbeeld hiervan is waar Paulus in die lig van die Romeinse *paterfamilias* met die *patria protestas* van die vader (m.a.w. die absolute mag om 'n kind uit die gesin te verban), met soortgelyke mag optree teenoor die kind (Christen) wat in die Christelike familie ingebore is. Waar 'n kind (Christen) in die Christelike familie oortree het (deur byvoorbeeld met sy stiefma te trou), het Paulus in die Naam van die Here tot 'n besluit gekom om hierdie man aan die Satan oor te gee, sodat sy sondige aard vernietig kon word, maar sy gees gered kon word (1 Kor.5:5).

Hierdie metaforiese spreke oor die nuwe familie was die kern van die nuwe Christelike beweging en so het dit deur die Romeinse dorpe versprei. Aan die eenkant was daar duidelike ooreenkomste tussen die familie opset binne die Romeinse konteks en tog het die Christelike inkleding daarvan radikaal verskil van die Romeinse verstaan. In die Romeinse familie opset was die Keiser as God gesien, maar in die Christelike konteks was God voorgestel as God en Vader, en Christus was die erfgenaam (en die Christene mede-erfgename). Waar in die Romeinse opset die Maagd Vesta die vuurherd in die tempel van die Keiser (god) die heeltyd moes laat brand was dit die Heilige Gees wie se vlamme die heeltyd in die harte van die gelowiges gebrand het en hulle brandende in die geloof gehou het.

Hierdie kontekstuele verklaring is belangrik sodat die ontwikkeling van 'n basisteorie vir die postmoderne vader in die postmoderne gesin, nie skeefgetrek word indien die familiemetafoor van Paulus nie in konteks gelees word nie. Die winspunte van die familiemetafoor van Paulus, lê onder andere daarin dat die Vader in die *deusfamilie* Homself aanbied as die een wat alles bied vir die kind. Die soort Vader aan wie die kind sy hele lewe kan vasmaak! Die postmoderne vader wat na aanleiding van God soos Hy Hom bekendstel deur die Bybelskrywers vader wil wees, moet in die lig van Paulus se familiemetafoor die absoluutheid waarmee God sy vaderskapverantwoordelikhede opneem tot dieselfde mate toe-eien. Meer hieroor in hoofstuk 4.

## 3.9. MENSBESKOUING EN HUWELIKSBESKOUING OM PATRIARGALISME TE OORKOM

Ten einde God te bevry van die patriargalisme waarmee die mens ook vir God in menslike kategorieë geyk het, moet ontdek word dat God slegs Gees is. Alhoewel die oorspronklike bedoeling van die gebruik van die vadermetafoor ontspring vanuit 'n positiewe beskouing van die vader in die Bybelse tyd, noop die swak voorbeelde van aardse vaders vandag dat 'n nuwe vaderbeeld geskep moet word om die uitbeelding van God as die Vader te bevry (Grey, 2001:10). Hierdie nuwe vaderbeeld moet van die patriargalisme bevry word. 'n Nuwe mensbeeld as beelddraer van God is daarvoor nodig.

Vir 'n oorsig oor die sieninge ten opsigte van die mens as beeld van God is daar heelwat te vind in Berkhof se dogmatiek (Berkhof, 1949:202). Wanneer die Skrif verklaar dat die mens na die beeld van God geskape is, maak ek deur die metode van afleiding die gevolgtrekking dat God die man en die vrou saam as beeld van God geskape het. In Berkhof se bespreking van die mens wat na die beeld van God geskape is, word daar nêrens bespreek of dit net die man of net die vrou is wat na die beeld van God geskape is nie (Berkhof, 1949:202). Hy wys wel daarop dat die mens as beeld van God nie net siel is nie, maar eers volledig is via sy liggaam (Berkhof, 1949:205). Die Bybel praat tog ook duidelik dat Adam eers met die skepping van Eva vervul en volledig was. Elke mens is dus nooit opsigself volledig nie. Die mens sou bloot volledig wees wanneer die man en die vrou in verhouding, op mekaar in afhanklikheid gerig is. Die een mens (man) is nie belangriker as die ander mens (vrou) nie. In Genesis 1:26 staan daar: " *Toe het God gesê: 'Kom ons maak die mens as ons verteenwoordiger, ons beeld…. God het die mens geskep as sy verteenwoordiger, as beeld van God het Hy die mens geskep, man en vrou het Hy hulle geskep.*"(27) Hulle is dus van gelyke waarde. Die P-Bron (Priesterlike bron) wat een van die bronne is wat as bronmaterial gebruik was vir die neerskryf van die Skrif onderstreep die feit dat verhoudinge juis menswees konstitueer (Howe, 1995:37). Die man se opdrag om oor die aarde te heers kan eers tot sy reg kom met die toevoeging van die vrou. Die man opsigself was hulpeloos en lamgelê deur sy alleenwees (Howe, 1995:38). Die mens is dus net in staat om aan die opdrag van God om as Sy beelddraer oor die aarde te heers, gehoorsaam te wees, indien die mens in wedersydse afhanklikheid van mekaar na mekaar toe draai en mekaar aanvul, soos wat

dit in die geval van die huwelik gebeur (Wolff, 1974:162). Hierdie eenwording om waarlik beelddraer van God te wees, verkry vergestalting in die verhoudingsmatige bestaan van die mens met sy medemens en kom die beste tot uitdrukking binne die huwelik. In haar boek "God and the Rhetoric of sexuality" maak Trible 'n soortgelyke saak uit (vergelyk Mills, 1998:77). Sy dui aan dat die *Ha-adam* in die skeppingsverhaal verwys na die mensdom in plaas van na die man. Hierdie mensdom wat die beeld van God vorm word dan verdeel in twee komplementêre gedeeltes van man en vrou. Om God dus die beste uit te beeld beteken 'n eenwordingsproses van die man en die vrou soos in die huwelik (Mills, 1998:77). Hierdie eenwording sluit dus in liggaamlike eenwording (seksueel), maar ook eenwording op alle ander gebiede, soos een van strewe, een van liefde. Die mens is dus op sy naaste aan die skeppingsdoel naamlik om beeld van God te wees, wanneer die mens in die huwelik (met al sy dimensies) een is met 'n ander mens. Aan die hand van Efesiërs 5:25 skryf Johnson: "the marriage relationship is a paradigm for the way God works in the world." (Johnson, 1999:419.)

Die belangrikheid van 'n verhoudingslewe binne familieverband word duidelik onderstreep in die Skrif met die oorvloedige uitbeelding van God as staande in 'n verhouding (soms as vader, eggenote, bruidegom, as moeder) met sy volk wat uitgebeeld word soms as seuns, dogters, kinders en bruid (Mills, 1998:74). God as Drie-Enige staan in verhouding met elke Persoon in die Drie-Eenheid en is dus relasioneel. Die mens bestaan sinvol in sy verhoudingsmatige bestaan in die algemeen en veral binne die huwelik en gesin. Vanweë die sondeval kan hierdie eenheid egter nooit, ook nie in die huwelik, volkome bereik word nie. In die tuin volgens die verhaal van Genesis, het Adam en Eva voor die sondeval 'n unieke soort eenheid beleef. Hierdie eenheid was sodanig van aard dat die twee nie eers bewus was van die andersheid van hul liggame nie. Eers na die sondeval was die eenheid verbreek en het die twee mense, die man en die vrou teenoor mekaar te staan gekom. Hierdie verbreking van die eenheid was nie net die aanvang van die vyandskap van die mens met God nie, maar dit was ook die ontstaan van die vyandskap tussen die man en die vrou! Die mens as Adam en Eva was as eenheid na God se beeld geskape, maar na die verbreking van die eenheid, is die beeld geskaad. Voortaan sou die mens voortdurend na sy "ander helfte" soek en uiteindelik trou om juis daardeur die voltooidheid-in-eenheid te bereik. Maar die sondeval steek 'n stokkie in hierdie eenheid sodat dit nooit in hierdie bedeling volmaak bereikbaar sal wees nie. Hoe nader twee mense binne die huwelik aan mekaar is (deur eenheid van

liefde, strewe ook seksuele eenheid), hoe gelukkiger is die mens juis omdat hy en sy dan die naaste aan die skeppingsdoel om beelddraende teenwoordigers van God te wees, kom. Petrus sê: "*Mans, julle moet verstandig met julle vrouens saamleef... Dan sal julle kan bid sonder dat iets julle hinder.*" (1Petrus 3: 7.) In die huwelik is daar dus grade van nabyheid en gevolglik van gelukkigheid. Die huwelik is egter geen statiese toestand nie en gevolglik moet daar op 'n voortgaande basis heeltyd binne die huwelik aan hierdie eenwordingsproses gewerk word. Wanneer die eenwordingsproses agteruit gaan kan dit eindig in 'n egskeiding en dit is wanneer die sondige natuur die oorhand begin kry. Die een mens dink dan dat sy voltooidheid nie te vinde is by hierdie persoon met wie hy/sy getroud is nie. Die persoon dink sy of haar geluk is te vinde by 'n ander persoon (3de), soms ook by "iets" anders soos 'n droom. Die sonde verblind die een persoon en die verbrokkeling van die eenheid begin plaasvind. Wanneer die proses omgekeer word en beide persone in die huwelik na mekaar groei kom die beeld van God meer en meer na vore.

Vir die Christen lê die sukses van die huwelik daarin dat die Christen 'n nuwe "natuur" by kry deur die werking van die Heilige Gees. Die mens is nou in staat om God te gehoorsaam (Romeine 8). Die Christenmens is nie totaal verlos van die ou natuur nie, maar die goeie kan seëvier. Eers eendag sal die Christenmens finaal verlos word van sy sondige natuur. Die Christenmens kan dus verbrokkeling binne die eenheid van die huwelik as gevolg van die sondige natuur (soos periodieke hardkoppigheid of ontrouheid) weer teëwerk en die eenwordingsproses met die ander persoon weer verbeter en selfs verder neem as wat dit voor die verbrokkeling was.

Bostaande mensbeskouing bly erkenning gee daaraan dat die man en die vrou hul aparte identiteite behou, maar in hul saamwees eers beelddraer van God word. Paul Tillich het gepoog om Godsbeelde te ontwerp wat bo die splitsing van man en vrou uitstyg. Met ander woorde: die mens word beeld van God pas wanneer die mens bo sy manlikheid of vroulikheid verhef word. Daly het hierdie soort pogings gekritiseer omrede sy beweer dat die vrou se konkrete gesukkel om te bestaan op hierdie aarde nie daardeur erkening kry nie (Grey, 2001:18).

Die mensbeskouing wat in hierdie proefskrif gehuldig word, is nie om te beweer dat die man of die vrou nie ook as individue onafhanklik kan bestaan en mens kan wees nie,

maar bloot om te sê dat die uitbeelding van God binne die mens se verhoudingsmatige bestaan waar die mens wedersyds op mekaar gerig is ten einde as God se verteenwoordigers oor Sy skepping te heers, opgesluit lê. Die eenwording binne die huwelik staan in die verlengstuk van hierdie verhoudingsmatige bestaan en kan dien as die hoogste vorm van hierdie bestaanswyse van gerig wees op mekaar ten einde God te verteenwoordig.

Hierdie mensbeskouing is belangrik omdat die rol wat die vader speel onder andere bepaal word deur die mensbeskouing wat gehuldig word. Die mensbeskouing wat binne 'n patriargalistiese denkraamwerk funksioneer is een waar die man as die belangrikste mens beskou word en daarom word ook die seuns deur die vaders grootgemaak as heerser of onderdrukker. Agter hierdie patriargale mensbeskouing lê die verkeerde opvatting dat die vrou net gelukkig as mens kan wees, indien sy haar man se strewe en drome saam met hom najaag, terwyl sy haar eie moet prysgee. Die man se strewe is daarbuite met die skep van stede, bou van brûe, terwyl die vrou haar drome moet prysgee in die lig van die daaglikse eise van die versorging van die kinders en die bestuur van die huishouding. Sou mens egter die mensbeskouing handhaaf dat die man en die vrou twee *gelyke, volwaardige mense* is, maar wat die beelddraerskap van God betref ten beste in die eenwording binne die huwelik kan uitdruk dan het dit verdere implikasies vir die verdeling van die verantwoordelikhede wat saam met die eenwording kom. Die eenwording vra na 'n woonplek waar eenwording beoefen kan word en hierdie woonplek moet instand gehou en skoon gehou word. Volgens watter riglyne moet hierdie take verdeel word? In hoofstuk 2 is daarop gewys dat vir hierdie verdeling binne die tradisionele huwelik (patriargalisme) daar spesifieke "manlike" take en spesifieke "vroulike" take was. Ook is daarop gewys dat binne die postmoderne konteks take meer pragmaties (na gelang van omstandighede soos wie werk en wie werk nie) en meer objektief verdeel word. Daar is ook daarop gewys dat hierdie meer postmoderne indeling vir die mans wat meer "vroue" funksies binne die gesinsopset hanteer, identiteitsverwarring tot gevolg het. Dit is as gevolg van die praktyk van vaderwees in die postmoderne tyd wat verskil van die ideologiese siening (patriargalisme) van wat vaderskap behels. Die vader van die posmoderne tyd is ideologies nog nie bevry van die patriargalisme nie. Hierdie proefskrif wil juis aantoon dat die vader van die postmoderne tyd ideologies bevry kan word en dat die man en vrou gelyk en volwaardig mense is wat

ten einde die opdrag om die skepping van God te bewoon, te bewerk, te bewaak en te vermeerder net in wedersydse afhanklikheid kan uitvoer.

In hierdie wedersydse afhanklikheid van mekaar van gelyk, volwaardige mense ten einde God te verteenwoordig in Sy skepping beteken dat die een mens (man) nie die ander mens (vrou) mag oorheers nie. (Nie met patriargalisme of feminisme nie).

Die geslagsverskille tussen man en vrou bevestig die feit dat die mens mekaar wedersyds nodig het ten einde die opdrag van God om Hom te verteenwoordig na te kom. Die een mens kan nie sonder die ander mens suksesvol 'n nageslag voortbring nie. In die mitologiese wêreld van die Grieke, waar die manlike god alleen alles wou oorheers en gefrustreerd is met die feit dat hy nie self die seun in die wêreld kan bring nie, word die universeel sondige geneigdheid van albei geslagte verraai, naamlik om te wil oorheers. Die patriargalisme is bloot 'n geval dat die mansgeslag daarin geslaag het om die sondige geneigdheid tot oorheersing op sosiale en kulturele terrein te institusionaliseer. Gevolglik het die mansgeslag die heersersposisie vir homself geannekseer op sosiale gebied. Binne die private sfeer was die man nie altyd so suksesvol nie en sien mens dikwels dat die vrou die "broek" dra. Dan het die vrou se universele sondige geneigdheid om te wil oorheers geseëvier. In beide gevalle van oorheersing bestaan die illusie dat oorheersing beteken die ander geslag is ondergeskik. Die siening is dan dat die ander geslag daar is om my strewes te dien en sodoende sal ek geluk vind, maar dit is die verblinding wat die sondeval meebring. Juis daar waar oorheersing plek maak vir vrywillige dien van die ander (julle moet mekaar se voete was - vgl. Joh 13:14), vind ware geluk plaas. Daar waar die man en die vrou mekaar binne die huwelik in liefde dien, met ander woorde vir die ander se drome ruimte maak naas sy/haar eie drome, kom ons die naaste aan beelddraer wees vir God. Die beeld van God kan dus die beste uitgebeeld word in die eenheid van die huwelik waar twee mense mekaar en hul eie drome bedien!

Die implikasie van ouerskap is dus daarin geleë dat ouers aan kinders leer dat hulle 'n lewensmaat moet soek sodat hulle deur te trou en mekaar in wedersydse bediening liefhê, ondersteun en aanvul tot beelddraer van God kan ontwikkel. Is die man se bydrae as ouer dan anders as die vrou se bydrae as ouer, omdat die een se geslag van die ander verskil? Daar is inderdaad biologiese en fisiologiese verskille wat wel die rol van 'n

vader en die rol van 'n moeder tot 'n mate bepaal. Hier dink mens aan byvoorbeeld die borsvoedingsproses wat slegs die ma (te danke aan haar fisiologiese bepaaldheid) kan verrig. Tog, soos reeds in hoofstuk twee aangetoon, is dit grotendeels die sosiale konteks wat die roldefiniëring van 'n vader of moeder binne 'n gegewe tydstip bepaal. In die sosiale konteks van die postmoderne samelewing waar geslagsgelykheid toenemend aan die orde is, verskil die rolle van vader en moeder al minder van mekaar. Hierdie vertrekpunt dat die rolle van vader en moeder of man en vrou baie gelyk aan mekaar is, soos wat dit ook in die postmoderne maatskappy gevind word, kan geakkommodeer word binne die Skrif op grond van die voorafgaande Skrifanalise dat die mens (man en vrou) as beeld van God geskape is. Hierdie proefskrif wil dus sê dat veranderinge in die postmoderne tyd waar die postmoderne vader meer en meer versorgingsrolle op hom neem en meer emosioneel betrokke raak by sy gesin, nie soos in die geval van die postmodernisme uit praktiese oorweginge (sien hoofstuk 2) alleen gemotiveer behoort te word nie, maar vanuit bepaalde, voorafgekose lewens-en-werklikheidsbeskouing wat in hierdie geval gebaseer is op die Skrif as openbaringsbron. Nie net moet die Skrifgedeeltes ten opsigte van die man en vrou wat in hulle saamleef as beelddraer van God hier betrek word nie, maar indien mens ook na die vroulike en versorgende metafore waarin God in die Skrif uitgebeeld word kyk, dan kom dit duidelik na vore dat die vader en man ewe eens versorgend moet optree. God het soos reeds vroeër aangetoon dikwels "vaderlike" take met "moederlike" take afgewissel.

Die vrug op hierdie verhoudingsmatige bestaan van die man en vrou in die huwelik is die voortbring van 'n kind wat opgevoed word om binne 'n verhoudingsmatige bestaanswyse te ontwikkel en wat eendag voltooidheid binne die huwelik sal bereik. Homoseksualiteit is dus nie deel van die skeppingsbedoeling nie, aangesien daar deur so 'n verhoudingsmatige bestaan nie aan die skeppingsopdrag om te vermeerder voldoen kan word nie. Volgens Genesis 1:28 het God die mens geseën met die opdrag om vrugbaar te wees (Howes, 1995:42).

Die kind wat uit die huwelik verwek word moet deur die ouers begelei word om te ontdek wat is 'n sinvolle lewe. 'n Sinvolle lewe is nie geleë in die najaag van besittings, in die ontwikkeling van die wetenskap en tegnologie met die oog op magsbeheer nie (dit kan wel nagejaag word met die oog op diensbaarheid aan beide man en vrou se strewe na 'n sinvolle lewe = bewoon, bewerk, bewaak), maar in die verhoudingsmatige bestaan van

die mens tot sy medemens met die hoogtepunt van eenwording binne die huwelik. Waar die ouers in hul verhoudingsmatige bestaan 'n voorbeeld is van twee mense wat in alles op gelykwaardige maniere mekaar aanvul, ten einde saam-saam beelddraers van God te wees, sal die kind leer dat die een mens (man) nie belangriker is as die ander mens (vrou) nie. Sodoende sal die patriargalisme deurbreek word.

Die *voorbeeld*ige lewe van die ouers as die uitbeelding van die wese van God speel nou 'n belangrike rol vir die kinders. Die verantwoordelikhede binne die huishouding as die ruimte waarin die beelddraende funksie die meeste waarneembaar is, sal ook na gelang van omstandighede verdeel word sonder verwarring van identiteit oor wat as manlik en wat as vroulik gesien word. Dit gaan dan nie om watter taak manlik (vaderlik) of wat vroulik (moederlik) is nie, maar oor die feit dat alle take uitvoerbaar is vir enige van die twee ouers. Die huwelik is 'n eenheid waarin beide se swakhede en tekortkominge deur die ander een se sterkpunte aangevul word. Sou die vrou binne 'n spesifieke huweliksopset fisiek sterker as die man wees, is daar geen rede waarom die vrou nie die take wat fisiek meer eise stel, kan hanteer nie. 'n Swaar fisiese taak kan ook gesamentlik gedoen word en al sou die vrou in die proses as die sterker een na vore tree, hoef die mans binne die mensbeskouing soos hierbo uiteengesit nie soos wat dit dikwels binne die patriargale mensbeskouing gebeur, verkleineerd te voel nie. Daar is weer ander punte waarop hy "sterker " is. Aangesien hulle gelyke helftes is en saam 'n geheel vorm, beteken dit teoreties dat die sterk en swak punte van een helfte by en persoon uitbalanseer om 'n volledige helfte te vorm en die swak en sterkpunte by die ander helfte ook uitbalanseer om 'n volmaakte helfte te vorm. Die swak punte in die een helfte is dikwels die aspekte wat die sterk punte in die ander helfte is en wanneer eenwording plaasvind, dan sluit hierdie twee helftes in mekaar soos 'n legkaart en vorm dit as eenheid 'n prentjie of beeld van God om te geniet! "It is especially important that we appreciate the power of each to compensate for the incompleteness of the other."(Howe, 1995:51.)

In plaas daarvan dat daar dus sekere take aan 'n man en sekere aan 'n vrou gekoppel word, is dit veel belangriker om te ontdek dat "ouers" in hulle spanverband God as die versorgende, as die liefdevolle, as die regverdige, as die betroubare, verteenwoordig. In 'n wyer verband sonder om in te gaan op die historiese debatte ten opsigte van die mens se vrye wil sê Howe ten opsigte van die beeld van God die volgende: "It is, then, in our

God given powers for free choice and action, for reasoning, communicating, uniting, and especially for self-giving love that we exist in the image of our Creator. As we strive consciously to exercise these powers in balance, and in partnership for the care of the created order, we become more and more like the One who has bestowed them upon us originally."(Howe, 1995:78.)

Die uitdaging van ouerskap lê onder andere daarin dat die ouers betroubaar is. Indien 'n kind na skool opgelaai moet word en huis toe geneem moet word, maak dit nie saak of die pa of die ma by die skool opdaag nie, maar die kind moet weet *'n ouer* gaan my kom haal. My *ouers* is betroubare versorgers. Op hierdie gebied is dit veral van belang om die patriargalisme wat ook vir God "gevange" geneem het as Manlik en as Vader te bevry. God as die patriargale Heerser en Regter, moet aangevul word met die metaforiese spreke waar God uitgebeeld word as die Een wat meegevoel en genadig is (Grey, 2001:53). Hierdie *vroulike* uitbeeldinge wat vanuit die feministiese teologie ontgin is, moet losgemaak word van die seksistiese verbintenis van die eienskappe. Beide man en vrou moet as ouerpaar (saam is hulle die beeld van God) daarna streef om heersend en empaties, regerend en genadig in hul verhouding met die kinders te leef. *Die vader moet dus na God as voorbeeld streef om sy ouerlike plig te kan uitvoer. En God is nie net soos 'n vader nie, maar ook soos 'n moeder.* En die pa moet nie net die vaderlike uitbeelding van God uitsif dit dan met patriargalisme belaai en as voorbeeld vir sy ouerskap neem nie. Die vader moet God in al sy beskrywinge soos wat ons dit geopenbaar in die Skrif vind gebruik as voorbeeld vir sy ouerskap. Daar moet heeltyd in gedagte gehou word dat waar sekere aspekte God in die Skrif op metaforiese wyse as vaderlik of as moederlik beskryf word, dan is dit omdat die menslike skrywers, die konteks van die patriargale samelewing van sy tyd gebruik het om God verstaanbaar konkreet vir die gelowige te maak. In die konteks van die postmoderne tyd waar vanweë veranderende omstandighede soos die toetrede van beide man en vrou tot die arbeidsmark (sien hoofstuk 2) tot gevolg het dat die tradisionele rolle van 'n vader en moeder nie meer so duidelik afgebaken is nie, en liewer opgaan in die ouerskap, is dit nodig dat die verstaan van God dan weer na analogie van hierdie nuwe konteks kreatief opnuut gekontekstualiseer word. In die feministiese teologie is veel al gemaak om belangrike eienskappe van God soos God se sin vir regverdigheid, sy relasionaliteit, sy meelewendheid, ensovoorts, wat geweldige belangrike eienskappe van ouerskap is, na

analogie van die vrou as vroulike of moederlike trekke van God te ontwikkel (Grey, 2001:55).

In die feministiese teologie word daar ook tereg gewys op die feit dat God totaal bevry moet word van die dominerende manlike uitbeelding van God. Daar moet nie aan God gedink word as eintlik manlik met net 'n paar vroulike eienskappe wat bykom nie (Mills, 1998:79). As ons in ons saamwees as beeld van God geskape is en God as die Vader soms moederlik optree of God as die Moeder soms so vaderlik optree, as God dus wat een God is oor die grense van die tradisionele indeling van vaderlike en moederlike take heen en weer beweeg, dan moet ek as ouer (hetsy vader of moeder) in my versorgende, meelewende, regerende en relasionele ouerskap daarna streef om *soos God* 'n ouer vir my kind te wees. God is dus veel meer inklusief in die postmodernisme as wat God uitgebeeld was onder die patriargalisme (Grey, 2001:113). Die feminisme is daarin geleë dat die vrou poog om haarself van die patriargalisme waarin die vrou verkeerdelik as ondergeskikte, as tweedehandse mens beleef het, te bevry (Grey, 2001:62). Deel van hierdie bevrydingspoging is om God te herdefinieer in vroulike metafore, sodat sy ook haarself kan vind as ware beeld van God. Hierdie geregverdigde poging lê egter ingebed teen die agtergrond van die individualisme van die tyd waarin die mens leef. Hierdie tydsgees te same met die reaksie teen die patriargalisme swaai die pendelum oor na die anderkant van feminisme, waarvan die einde ook 'n skeeftrekking is van die werklikheid. Die redding of bevryding lê nie daarin dat die vrou gelyk soos die man, die beeld van God is nie, maar dat die man en vrou nie elk op hulle eie ten beste beeld van God kan wees nie. In hulle saamwees en eenwording as man en vrou in die huwelik, skyn die beeld van God die helderste en daaruit volg die vader en moeder of ouerskap verantwoordelikheid in die gesinsopset.

## 3.10. GEVAAR OM DIE "VADER" KONSEP VAN GOD TE LAAT VAAR

Wanneer op die metaforiese taalgebruik in die Skrif gefokus word en op die feit dat God in terme van die vader-metafoor ter sprake gebring word, bring dit natuurlik ook ander aspekte in gedrang. Indien God dus net in terme van metaforiese spreke 'n Vader is sou dit die moontlikheid kon inhou dat 'n mens God se Vaderskap mettertyd heeltemal met 'n ander metafoor sou kon vervang! Dit sou die volgende probleme tot gevolg hê: (1) Sou mens dit wegvertaal raak 'n belangrike deel van die historiese patriargale agtergrond

waarteen hierdie konsep gefunksioneer het, skielik verlore en (2) deur dit te behou sal 'n mens voortdurend bewus kan wees van die beperking wat hierdie metaforiese spreke ten opsigte van ons verstaan van God tot gevolg gehad het. Biezeveld (1996:297) het ook in sy werk "*Spreken over God als vader - hoe kan dit anders*?" gedui op die argument dat die erkenning van die metaforiese spreke van *vader* wanneer na God verwys word implikasies kan inhou vir die Drie-Eenheids-formule van Vader, Seun en Gees.

Hierdie proefskrif het dit nie ten doel om aan die metaforiese spreke 'n totale onafhanklikheid toe te dig nie. Dit sou die implikasie inhou dat een metafoor na willekeur deur 'n ander een vervang kan word nie. In hierdie proefskrif word daar aan die eenkant vasgehou aan die feit dat die onthulling wat die metaforiese spreke wil deurgee nooit losgemaak kan word van die *realiteit* waaruit die metafoor geneem is nie. Die realiteit van die aardse vaderskap in die Bybelse konteks moet deurlopend verreken word. Dit mag ook nie verkeerdelik gevul word met inhoude uit die huidige konteks van die leser nie. Aan die anderkant moet die *oopkant* van die metafoor voortdurend ook verreken word. Onder die *oopkant* van die metafoor bedoel ek die kant wat na analogie van die aardse vader die Hemelse Vader onder woorde probeer bring. Hierdie *oopkant* wat dan die vaderskap van God probeer verwoord is juis "oop" omdat dit ruimte laat vir "ander werklikhede" uit die mens se eksistensiële bestaan wat ook as metafore ingespan kan word om die "vaderskap" verder betekenisvoller te kan maak. Die oopkant van die metafoor laat ruimte om die Vaderskap van God relevant te maak vir die konteks van die leser.

## 3.11. VOORLOPIGE GEVOLGTREKKINGE MET BETREKKING TOT DIE ROL VAN DIE VADER GEGROND OP BASISTEORETIESE PERSPEKTIEWE

3.11.1. Die metafoor "Vader" vir God soos ons dit in die Skrif vind, is ontwikkel vanuit die sosiale konteks van die eksiliese en na-eksiliese periode in die geskiedenis van Israel. In daardie konteks dui dit op positiewe ervaringe ten opsigte van die vader as een wat versorg, hulpverleen, beskerm. God as Vader is dus nie 'n patriargalistiese vader wat kinders en vrouens as minderwaardig beskou nie. Trouens Hy is 'n Vader wat aan mans en vrouens en kinders gelyke waarde heg. Almal is sy kinders en is vir Hom

van uiterste belang. Aardse vaders kan na analogie van God die Vader sy vrou, sy seuns en dogters doodernstig opneem en volkome waardig hanteer.

3.11.2. God die Vader verbind Hom tot die dood toe aan sy kinders (mans, vrouens en kinders). Aardse vaders moet na analogie van die Vader hulself deur middel van verskillende ondernemings (soos die huwelikskontrak, mondelinge beloftes soos "pa belowe", betroubaarheid, ensovoorts) hulleself tot die dood toe verbind aan hul lewensmaats en kinders.

3.11.3. God die Vader is deurentyd betrokke by die fisiese versorging van sy kinders. Na analogie van God as Vader moet aardse vaders, in lyn met die postmoderne tyd, hulself betrokke maak by die fisiese versorgingstaak van ouers.

3.11.4. God as Vader is ook emosioneel betrokke by Sy kinders. Na analogie daarvan moet aardse vaders hulle emosioneel verbind aan hul lewensmaats en kinders.

# HOOFSTUK 4

# PRAKTYKTEORETIESE PERSPEKTIEWE VIR DIE PASTORALE BEGELEIDING VAN DIE VADER BINNE DIE POSTMODERNISTIESE ERA

## 4.1. INLEIDING

In hoofstuk 2 is deur die literatuurstudie en die empiriese ondersoek aan die hand van doelgerigte vrae bevind dat die aard van vaderskap 'n drastiese verandering ondergaan het en dat vaderskap 'n radikale uitwerking op vaders in die postmoderne tyd het. Dit het aan die lig gekom dat vaders nie altyd voorbereid was vir sodanige ingrype nie en dikwels 'n behoefte het om beter vaders te wil wees, maar nie weet hoe nie. Dit het duidelik geword dat daar 'n leemte bestaan vir die pastorale begeleiding en toerusting vir jong vaders in die postmoderne era.

Ten einde te slaag in die ontwikkeling van 'n praktykteorie vir *Christelike* berading aan vaders, is dit egter nodig dat daar ook kortliks na die teologiese redes waarom berading aan vaders in die postmoderne tyd nodig is, te gaan kyk.

## 4.2. DOELSTELLING

In hoofstuk 4 is die primêre doel om 'n praktykteorie te ontwerp. Ten einde in hierdie doel te slaag, word die basisteoretiese gegewens (hoofstuk 3) in hermeneutiese wisselwerking met die metateoretiese gegewens (hoofstuk 2) en die empiriese bevindinge (hoofstuk 2) gebruik ten einde 'n praktykteorie te ontwerp.

Die poging van hoofstuk 4 is om 'n moontlike Skrifgefundeerde toerustingsmodel en beradingsmodel vir gebruik deur die pastor of Bybelse berader met betrekking tot die vader in die postmodernisme te ontwikkel.

Daar sal ook net kortliks verwys word na die aard van die beradingsproses.

## 4.3 AFBAKENING VAN DIE HOOFSTUK

4.3.1 Aanleidende oorsake tot die Pastorale berading aan vaders.
4.3.2 Die bron van kennis en inligting vir berading ten opsigte van vaderskap.
4.3.3 Die verloop van die beradingsproses aan postmoderne vaders.
4.3.4 Die psigologiese prosesse van veranderinge binne die vader tydens berading.
4.3.5 Skriftuurlike riglyne vir die postmoderne vaders.
4.3.6 Voorgestelde program vir postmoderne vaderskap.
4.3.7 Samevatting.

## 4.4 AANLEIDENDE OORSAKE TOT PASTORALE BERADING AAN VADERS

Algemeen gesproke is 'n berader iemand wat 'n ander persoon met raad bedien binne die konteks dat die radelose hom- of haarself in vasgeloopte lewensituasies bevind. Binne hierdie konteks is die wese van pastorale berading 'n hermeneutiese proses om die Christelike geloof sinvol te interpreteer vir die konteks waarbinne die mens hom of haar bevind (Louw, 1998:258).

Binne die Christelike konteks is alle vasgeloopte situasies, ten diepste die resultaat van die sondeval wat die mens vir sy geskape doel verblind. Artikel 15 van Die Nederlandse Geloofbelydenis beskryf die uitwerking van die erfsonde as volg:"Dit is 'n verdorwenheid van die hele natuur... Dit is hierdie wortel wat in die mens allerhande sondes laat uitspruit."

Hierdie sondigheid binne die konteks van vaderskap kom op verskillende maniere na vore. Eerstens is daar optredes deur vaders wat bewustelik lynreg teen die wil van God soos in die Skrif geopenbaar, in gaan. Binne hierdie konteks kry mens byvoorbeeld die geval waar vaders hul kinders op so 'n manier behandel dat hulle opstandig raak of waar vaders glad nie hul kinders vermaan nie (Efesiërs 6:4). Sodanige optredes druis direk in teen die geopenbaarde wil van God rakende vaderskap. Berading binne hierdie konteks sal dus wees dat vaders met *vermaning* as vertrekpunt beraad sal word. Die vader sal gewys moet word op die aard en wese van vaderskap aan die hand van dit wat in die Skrif oor vaderskap gesê word (vgl. hoofstuk 3).

Die geleentheid tot berading aan vaders in bostaande omstandighede word geskep daar waar familielede (kind, vrou, ensovoorts) met klagtes ten opsigte van die vader die hulp van die berader inroep. Berading binne hierdie konteks moet met groot omsigtigheid benader word aangesien die vader deur die klagte bedreiging mag ervaar en sy eie optrede sou wil regverdig. Die uitdaging vir die berader lê daarin dat hy die vader se vertroue moet wen sodat die vader bereid sal wees om sy eie inkleding van vaderskap oop te stel vir evaluering. Die vader in hierdie geval moet tot op die punt begelei word waar hy sy eie gebroke vaderskap-praktyk onbevange op die tafel plaas en hy bereid is om nuut oor vaderskap te besin en hierdie nuut gevonde insigte wat met die beradingsproses ontsluit word te internaliseer.

Tweedens kom die sondigheid en gebrokenheid van die mens se bestaan ook daarin na vore dat vaders self ten opsigte van hulle vaderskap in 'n krisis raak (sien hoofstuk 2). Dit gebeur byvoorbeeld dat 'n vader hom in 'n situasie bevind waar hy nie meer raad het met die tiener wat "buite sy beheer" geraak het nie. Dan vra die vader na raad en gewoonlik vanuit die veronderstelling dat die fout slegs by die tiener geleë is. Hierdie geleentheid tot berading is makliker as die eerste voorbeeld aangesien hierdie vader se soeke na raad reeds sê dat hy vertroue in die berader het en dat hy bereid is om te luister na raad. Die slaggat in hierdie geval is egter dat die vader nog nie noodwendig "oop" is vir die moontlikheid dat deel van die probleem met die tiener te make kan hê met sy styl van vaderskap nie. Die berader staan weereens voor die uitdaging om die vader deur middel van 'n empatiese gespreksvoering tot bewusmaking te bring oor die aard en die wese van vaderskap en die aard en wese van die vaderskapspraktyk wat daar by die vader self bestaan. Die vader moet in die lig van die gesprek oor vaderskap, die onbedoelde en dikwels onbeplande negatiewe reaksie wat sy vaderskapspraktyk by die tiener tot gevolg het, ontdek. Deur berading word die vader uitgenooi om te soek na nuwe vaderskapsdenke en -praktyk. Die vader leer om meer bewustelik goeie vaderskap te beoefen.

Derdens moet berading ook aan vaders geskied binne die konteks van algemene toerusting. Algemene toerusting geskied aan mense wat daarvan bewus is dat hulle sondigheid nie net tot uitdrukking kom in dade van direkte ongehoorsaamheid aan God of in dade wat onbewustelike sonde teen God is nie. Die sondeval het ook tot gevolg dat die mens met beperkte insigte en met 'n beperkte begrip van God se wil sit. Paulus

sê: "*Nou kyk ons nog in 'n dowwe spieël en sien 'n raaiselagtige beeld, maar eendag sal ons alles sien soos dit werklik is. Nou ken ek net gedeeltelik, maar eendag sal ek ten volle ken...*" (1Kor 13:12). Toegepas op die berading vir vaders in die postmoderne era beteken dit dat vaders ook moet besef dat vaderskap vanweë die sondeval *raaiselagtig* sal bly. Dit is dus nie 'n geval dat berading net gedoen word aan vaders wat bewustelik sondig deur 'n tipe vaderskap te beoefen wat direk indruis teen die wil van God nie. Omdat ons insigte en verstaan van sake (soos vaderskap) vanweë ons sondigheid beperk bly, is dit nodig dat berading vir vaders op voortgaande basis moet geskied. Paulus sê in die konteks: " *Vra julle voortdurend af of iets vir die Here aanneemlik is...*" (Ef.5:10) en dui verder aan dat die gelowige nie moet meedoen aan *die "vrugtelose praktyke van die duisternis*" nie (Ef.5:10). Toegepas op die tema van vaderskap moet ook die gelowige die algemene opvatting van vaderskap in die kulturele konteks van die dag voortdurend krities evalueer, want die gelowige vader wil nie meedoen aan "vrugtelose praktyke" nie. Indien die gelowige vader vasgevang sit binne 'n kultureel bepaalde, skeefgetrekte siening van vaderskap sê Paulus: "*Moet nie onverstandig optree nie, maar probeer te wete kom wat die Here wil dat julle moet doen.*" (Ef 5:17). Berading aan vaders is 'n geleentheid waar hulle te wete kan kom wat God se wil is vir vaderskap in die postmoderne konteks. "Verstandig" sou kon beteken dat daar met billikheid en met rasionele oorleg gesoek word of dan nagevors word wat die aard van Christelike vaderskap in die postmoderne tyd behels. Ten opsigte van ons "verstandige" optrede en denke staan daar: "*Moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is.*" (Romeine 12:2). Die voortdurende soeke om vaderskap nuut binne die Christelike konteks te verstaan, is dus wesentlik deel van die berading aan vaders in die postmoderne era.

Die verstaan en uitleef van 'n bepaalde vaderskapspraktyk word volgens die metateoretiese konteks mede-bepaal deur praktiese eise van die konkrete daaglikse bestaan (sien hoofstuk 2) en ook op eksemplaries wyse soos deur die voorbeelde van eie vaders en ander vaders van die gemeenskap, daargestel (sien hoofstuk 2). Die aard en wese van vaderskap soos dit in die kultuur beoefen word, word dan deur 'n voortgaande proses bewustelik en onbewustelik geïnternaliseer. Berading ten opsigte van vaderskap bring die onbewustelike geïnternaliseerde verstaan van vaderskap skielik bewustelik na vore. Vaderskap word deur berading bewustelike op die tafel geplaas

saam met die konteks vanwaaruit hierdie nood tot berading ontspring het. Wanneer hierdie vaderskap nou bewustelik op die ondersoek tafel geplaas word, begin die proses van bewustelike herdefiniëring van vaderskap en volg 'n groeiproses, wat op die duur 'n nuwe vaderskapspraktyk tot gevolg het.

## 4.5 DIE BRON VAN KENNIS EN INLIGTING VIR BERADING TEN OPSIGTE VAN VADERSKAP

Die soeke na kennis oor die aard van vaderskap as deel van hierdie voortgaande vernuwingsproses is tweërlei van aard.

Eerstens is die Skrif die middel waardeur ons God leer ken (Die Nederlandse Geloofbelydenis Artikel 2). Hoofstuk 3 bevat dan ook die basisteorie vir vaderskap gegrond op die ondersoek van die Skrif. Gedurende berading moet hierdie verworwe kennis saam met die vader ontdek en hermeneuties binne sy konteks ontsluit word.

Tweedens is die konteks (sy mikro- sowel as die makrokonteks) waarbinne die vader homself bevind, ook 'n bron waarvolgens vaderskap verstaan en uitgeleef word. Hierdie kontekstuele verstaan van vaderskap is in hoofstuk 2 aan die orde gestel en tydens berading is dit belangrik dat die vader bewus gemaak moet word van die kontekstuele invloede wat op hom inwerk. Hy moet hierdie kultuurgevormde inhoud en verstaan van vaderskap krities in die lig van die Skrif evalueer.

Dus: vanuit die basisteoretiese perspektiewe, sowel as vanuit die metateoretiese perspektiewe moet 'n program opgestel word ten einde die vader in die postmoderne tyd meer toe te rus vir die effektief Christelike beoefening van vaderskap en wat ook kan dien vir berading in tye van krisisse.

## 4.6. DIE VERLOOP VAN DIE BERADINGSPROSES AAN POSTMODERNE VADERS

Tydens die beradingsproses word deur gesprekvoering die verstaan van wat vaderskap behels, by die persoon vasgestel. Uit die empiriese navorsing (hoofstuk 2) is bevind dat

hierdie definiëringsproses insluit die verwysings na praktiese optredes soos dat vaders kinders moet tug of dat vaders met kinders 'n bal behoort te skop.

Wanneer daar egter gevra word na waarom vaders hierdie praktiese dinge soos om bal te skop en tugtiging moet doen, gaan die proses van berading oor tot die meer abstrakte sfeer. Die vader ontdek saam met die pastor (of pastorale berader) dat vaderskap te make het met abstrakte dinge soos gesag, outoriteit, standvastigheid, beskerming, sekuriteit, ensovoorts. Hierdie stadium van die berading bied nou die geleentheid aan die berader om die vader bewus te maak van die metaforiese taalgebruik wat die mens inspan wanneer dit kom by die gesprek oor abstrakte dinge. Wanneer die vader dus die rol het van beskermer dan word hierdie taak beskryf aan die hand van metafore. Die vader is byvoorbeeld soos 'n veiligheidswag wat die gesin se veiligheid ernstig opneem en beveiligingsoptredes uitvoer soos om deure in die aand te sluit. Hierdie bewuswording van die metaforiese taalgebruik bring daarmee saam 'n bewuswording van die relatiwiteit van ons verstaan van dinge en dit kan die vader help om te besef dat geen siening van vaderskap ooit volmaak is nie. Dit is relatief en sonder om bedreig te voel mag ek dit op die tafel plaas vir evaluering.

Die bewuswording van die metaforiese spreke oor die aard en wese van vaderskap bied aan die berader die geleentheid om die vader ook aan ander modelle van vaderskap bekend te stel. Hy hoef nie net te kyk na sy eie vader se vaderskap of na sy vriende se vaderskap as voorbeelde nie. Ook die model van vaderskap soos wat ons dit in die Skrif vind kan hiertoe help. Indien 'n vader ook 'n beskermer is kan ook na God gekyk word as 'n Beskermer by uitnemendheid. Die berader moet egter ook hier die vader bewus maak van die metaforiese spreke waarmee ons in die Skrif te make het. Dat God soos 'n vader is, is 'n metaforiese uitspraak oor God. Om God se Vaderskap vir die vader hermeneuties te ontsluit behels deel van die proses om die aard van vaderskap in die Skrifkonteks vir die vader te ontsluit. Die aard van vaderskap in die Skrifkonteks is in hoofstuk 3 uiteengesit. Die berader begelei die vader om deur middel van wisselwerking sy eie verstaan van vaderskap (en sy eie vaderskapspraktyk) en die Skrif se openbaringe van vaderskap hermeneuties op mekaar te laat inwerk tot bevrugting van 'n nuwe verstaan en praktyk.

## 4.7. DIE PSIGOLOGIESE PROSESSE VAN VERANDERING BINNE DIE VADER TYDENS BERADING

Die psigologiese proses wat binne die vader tydens die berading wat rondom die vader se verstaan van God se Vaderskap afspeel, is 'n wisselwerking tussen eie verstaan van vaderskap en 'n nuwe verstaan van vaderskap aan die hand van die Vaderskap van God. Die subjektiewe verstaan van die Vaderskap van God en die nuut ontdekte ontsluiting van die Vaderskap van God bied 'n verdiepende ervaring aan die vader.

Hier is dit tog nodig om net kortliks die aandag te vestig op die psigologiese proses wat afspeel binne die postmoderne vader tydens berading. Die proses waarin die beeldryke verstaan van God inspeel op die mens se verstaan van sy eie mensewees en die sinvolheid van sy verstaan verdiep is goed deur Putman (1998:11) nagevors.

Hoewel die navorsing van Putman nie direk op berading aan vaders gerig was nie, wou hy met sy navorsing die wisselwerking en gepaardgaande verdieping wat by iemand plaasvind wat op 'n bewustelike wyse oor die beelde wat hy van God het, nadink. Die proses wat met berading aan die vader in die vader afspeel, sluit nou aan by dit wat Putman bevind het.

Die navorsing van Putman was onder andere daarop gerig om te bepaal watter rol die godsbeelde wat die pastor deur intrapersoonlike kommunikasie in homself ontdek, in sy ontwikkeling as pastor speel? Na aanleiding hiervan is bevind dat die eie geloof waaroor die pastor beskik, 'n deurslaggewende rol speel in die ontwikkeling van die pastor as pastor (Putman, 1998:75). Hierdie eie geloof van die pastor word natuurlik in die intrapersoonlike kommunikasie verwoord deur die gebruikmaking van metaforiese spreke oor God of dan deur die rol van godsbeelde by die pastor self. Die rede hoekom daar van metafore gebruik gemaak word is omdat metafore die verband lê tussen die bekende en die onbekende (Putman, 1998:76). Die uitspraak dat God soos 'n vader is beteken dat die vader se vaderskapservarings binne die familie opset in verband gebring word met God as Vader en daarmee word 'n wesentlike uitspraak oor God gemaak (Putman, 1998:76). Deur die metaforiese spreke oor God word God toeganklik vir die sintuiglike bestaanswyse van die mens (Putman, 1998:78), hoewel God nie opgaan in ons menslike spreke oor Hom nie. Omdat die mens self 'n vaderlike ervaring het

(deurdat hyself 'n vader is of dat hy of sy 'n vader het) is die metafoor "vader" 'n sintuiglik-toeganklike manier om iets van God beter te verstaan.

Metaforiese spreke as indirekte spreke oor abstrakte sake, met ander woorde oor dinge wat nie sintuiglik bestaan nie, skep energie deur 'n hermeneutiese proses wat weer tot gevolg het dat nuwe verstaansmoontlikhede ontsluit word. Byvoorbeeld: die metaforiese spreke oor God veroorsaak dikwels dat die mens teenstrydighede (God/Vader, God/Moeder) ten opsigte van God ontdek op grond van menslike spreke. Aangesien hierdie teensprake inherent is aan die dinamika van die metafoor, nooi die metafoor die mens uit om homself af te vra, hoe dit moontlik is om dergelik verskillende en soms kontrasterende beelde met God in verband te bring. Dit daag die mens uit om homself af te vra *of* en *hoe* hierdie beelde ten opsigte van God vir sy eie bestaan van betekenis kan wees? Byvoorbeeld: God is 'n Vader, maar hierdie Vaderskap se versorgende funksie word met die beeld van 'n Moeder binne die mens se sintuiglike bestaan tuisgebring. Dit bring mee dat die vader dan ook sy eie vaderskap opnuut bedink en tot 'n nuwe definisie en verstaan van sy vaderskap kan kom met betrekking tot sy versorgende funksie.

Deurdat die mens nou geprikkel is om sy eie verstaan van vaderskap in die verhouding met God as Vader te ondersoek, is dit weer 'n uitnodiging aan die mens om tot 'n verdere selfekspressie (verwoording/uitdrukking) te kom. Hierdie nuwe verwoording van die self (selfekspressie) is nie 'n geval dat die persoon skielik emosioneel word of dat dit na 'n hoog-heilige diskoers vra nie. Dit moet juis outentieke selfverwoording wees wat die persoonlike lewensituasie van vaderskap in hierdie geval artikuleer. Die metafoor kry pas werklike betekenis, wanneer die mens in staat is om op positiewe of negatiewe wyse eie hoop, wanhoop, onmag, verlange en verdriet te verbind met die beeld van God soos wat dit in die metafoor tot uitdrukking kom (Putman, 1998:78). Juis deurdat die metafoor *nog* God, *nog* die mens self gevange neem (inperk), maar liewer nuuskierigheid prikkel en vryheid vir 'n ontmoeting skenk, skep die metafoor ruimte vir selfuitdrukking en identiteitsontwikkeling. Dit maak die metafoor by uitstek geskik om die verhaal van God as die Vader en die verhaal van die mens as aardse vader in die postmoderne konteks op mekaar te betrek. Die ruimte wat via die metafoor aan God gelaat word, is die ruimte waarin die mens tot sigself kan kom. In die proses waar die mens tot 'n egte selfgesprek met homself kom ook ten opsigte van vaderskap, funksioneer metafore effektief wanneer die mens eers weer bewus word van die

metaforiese aard van sy konsepte. Hierdie bewuswording van die metaforiese spreekwyse wat dus beelde van God is, het tot gevolg dat die mens homself nuut verstaan en so vind groei ook ten opsigte van vaderskap plaas.

Aan die anderkant kan die reële ervaringe van die mens se omstandighede weer 'n nuwe bewuswording van die gebrekkigheid van 'n bepaalde metaforiese spreke tot gevolg het. Byvoorbeeld die bewuswording van die vrou dat sy in 'n patriargale samelewing as minderwaardig gesien word en dus deur die man onderdruk word, het by die vrou 'n bewuswording laat ontstaan van die eensydigheid van die beeld van God as Vader. Onmiddellik sit dit 'n nuwe kreatiewe proses aan die gang waarin die vrou soek na ander metaforiese spreke oor God ten einde haarself as gelykwaardige mens sinvol te kan beleef in haar verhouding met God. Die metafoor van God as Vader verloor nie daar deur sy betekenis nie, maar kan weer opnuut gevul word met 'n ruimer betekenis.

Die feministiese teologie wat voortdurend worstel met die manlike en vaderlike metaforiese spreke oor God en by die pa in die postmoderne tyd 'n bewuswording van die metaforiese spreke oor God skep, daag die postmoderne pa uit om nuwe inhoude oor God se Vaderskap vanuit die Woord te ontdek en dit te internaliseer.

Dit verleen aan die postmoderne pa wat as gevolg van die postmoderne tydsgees baie meer bewus is van die relatiwiteit van ons taalgebruik en spreke oor die werklikheid, geleentheid om die persepsies ten opsigte van sy eie vaderskap te relativeer en aan te vul of selfs te vervang met totaal nuwe inhoude. Nuwe persepsies word ontwikkel vanuit 'n voortdurende gesprek met ander vaders, met moeders en deur die bestudering van die Skrif.

McFague en Werbick (vergelyk Putman, 1998:79) wys daarop dat ons geloof staan of val met betrekking tot die vraag of ons metaforiese verstaan van God geloofwaardig is. Wanneer ons voorstelling van God nie meer diensbaar is aan die mens se sinvolle verstaan van homself nie en daarom ook nie meer bydra om God sinvol te laat deel wees van sy lewensverhaal nie, dan verloor daardie voorstelllinge hul betekenis en word die geloof bedreig. In die tyd waarin ons leef en waar God nie meer 'n vanselfsprekendheid is nie, daag dit ons uit om weer *heurities* met die Skrif om te gaan. Ons moet die metaforiese beeld oor God soos geopenbaar in die Skrif opnuut weer

rekonstrueer en selfs verder gaan, deur heurities te werk te gaan en nuwe beelde te ontwerp vir die sinvolle spreke oor God vir die pa (mens) in die postmoderne tyd.

Die vraag ontstaan nou of die mens met hierdie aksie van herkonstruering van beelde en met die generering van nuwe beelde, nie dalk verval in totale subjektivisme en relativisme (postmodernisme) nie? Hier moet in gedagte gehou word dat ons in die Bybel vind dat God die mens kom ontmoet in die konteks van sy tyd. Daarom is dit noodsaaklik om die konteks van die metaforiese spreke oor God in die tyd van die teks van die Bybel te verstaan. Die karakter van die vadermetafoor in die na-eksiliese tydvak vertoon heelwat anders as die karakter van die metafoor "vader" in die postmoderne tyd. (Sien hoofstuk 3) Eers moet hierdie bewuswording plaasvind en dan moet die trefkrag van die metafoor binne tydskonteks ondersoek word. So word binne die konteks van 'n bepaalde era ontdek wat God van Homself wou bekend maak toe Hy die mens van daardie tyd binne hulle metaforiese spreke ontmoet het. Dan word daardie bekendmakinge geneem en opnuut relevant gemaak met behulp van nuwe metaforiese spreke oor God wat sinvol en geloofwaardig aansluit by ons eie lewensverhaal. Hoewel die "bekende" kant van die metaforiese spreke oor God dus relatief is, bly die "oopkant" waarheen die metafoor verwys, met ander woorde die bekendmaking aangaande God, onveranderlik nuut!

Bostaande psigologiese proses speel meestal op 'n onbewustelike wyse af binne die vader tydens die beradingsproses. Hoewel dit nie noodsaaklik is dat die vader onder berading bewus hoef te wees van die teorie agter die psigologiese proses of dit te verstaan nie, is dit wel noodsaaklik dat die berader die dinamika van hierdie proses moet begryp.

Vervolgens is dit belangrik om na die Skrifinligting ten opsigte van God as Vader te gaan kyk in die beradingsproses.

## 4.8. SKRIFTUURLIKE RIGLYNE VIR POSTMODERNE VADERS

Die teksgedeeltes ten opsigte van die Vaderskap van God wat in hoofstuk 3 (basisteorie) aangedui is, word hier in berekening gebring met die oog daarop om die

tekste uit die Skrif hermeneuties vir die vader in die postmoderne tyd toepaslik te "vertaal". Dit sal dan dien as riglyne vir berading aan die vader.

Een van die mees sentrale uitdagings vir die postmoderne vader (sien hoofstuk 2) is die eis van groter betrokkenheid by die dag tot dag versorging van die kinders. Onder die ou patriargale bedeling het die vader min te make gehad met die daaglikse versorging en die emosionele betrokkenheid by die gesin. Ondersoeke (hoofstuk 2) het duidelik uitgewys dat postmoderne vaders vanweë die praktiese veranderinge soos die vrou se toetrede tot die arbeidsmark genoodsaak was en bereid was om hierdie stap nader aan die gesin te neem. Daar is egter geen voorbeelde en rolmodelle vanuit die patriargale verlede wat die postmoderne vader tergelykertyd as versorgend en manlik kan uitbeeld nie. Die volgende gedeeltes uit die Skrif kan dus as baie bevrydend aandoen vir vaders wat graag die emosionele en versorgende rol as vader wil intergreer met 'n nuwe vorm van manlikheid wat nog *macho* nog patriargalisties gerig is. Dit bied ook die ruimte om nie soos die patriargale vader aan die moeder te abdikeer wanneer dit kom by die verantwoordelikheid van die kind se daaglikse bestaan nie. Die Skrif bied aan vaders die geleentheid om nie net die geestelike nie, maar ook die emosionele en fisiese verantwoordelikheid ten opsigte van die kind en die gesin ernstig op te neem.

### 4.8.1. POSTMODERNE VADERS AANVAAR VOLLE VERANTWOORDELIKHEID VIR HUL KINDERS

In *Deut. 32:6* staan daar " *Doen julle dit die Here aan? Jy is 'n dwase volk, sonder verstand. Is die Here nie jou **Vader**, jou Skepper nie? Hy het jou gemaak, jou in die lewe gebring.*" (Bybel 1983) Soos in hoofstuk 3 daarop gewys toon die teks aan dat God as die Vader, nie in die biologiese of mitologiese sin van die woord nie, maar in 'n soteriologiese sin in 'n verhouding met Sy volk staan. Die volk het hul volksidentiteit te danke aan God wat die volk in die lewe gebring het. Dieselfde geld vir die teks in *Jesaja 64:8* "*U is ons Vader, Here, ons is klei en U het ons gevorm, ons is almal die werke van u hande*." (Bybel 1983)

Na analogie van bostaande vers sou mens kon wys op die aardse vader se taak om meer as net 'n vader in die biologiese sin van die woord 'n vader te wees. Die sinvolheid van die volk Israel se bestaan is juis verbind aan die feit dat God Hom op 'n "tweede

manier" naas die van Skepper, aan die volk verbind: God word ook hulle Verlosser en Herskepper!

Die aardse vader se vaderskap behels inderdaad meer as net betrokke wees by die bevrugtingsproses (skeppende). Die mate waarin die vader in die pre-moderne en moderne era as't ware die kind se versorging tot op 'n laat stadium van die tienerjare aan die ma "afgestaan" het, was dus Skriftuurlik gesproke nie geldig nie. In die pre-modern en moderne fase was die vaders in 'n sekere mate vervreemd van die baba en kleuter. Alhoewel die vaders in die pre-moderne en moderne era behoefte aan emosionele betrokkenheid by die baba gehad het, was dit kultureel gesproke binne die patriargale bestaan nie moontlik nie. Met die verdwyning van die patriargalisme in die postmoderne era bied dit 'n geleentheid om die postmoderne vaders se behoefte aan emosionele betrokkenheid en selfs betrokkenheid ten opsigte van die fisiese versorging van die baba en kleuter te regverdig. God was nie net met die Skepping by die mens betrokke nie, maar neem die verantwoordelikheid ten opsigte van redding en heilsame voortbestaan van die mens op Hom. In lyn hiermee kan die postmoderne vader dus soos God die verantwoordelikheid vir die fisiese versorging van die baba en kleuter en die verdere ontwikkeling van 'n heilsame lewensstyl en identiteit aktief op hom neem.

Ook in die Nuwe Testament vind ons hierdie soteriologiese betrokkenheid van God by die gelowige. Paulus skryf: "*Daarom kniel ek in gebed voor die Vader aan wie die hele gemeenskap van gelowiges in die hemel en op die aarde sy bestaan te danke het.*" (Bybel, 1983: Ef.3:14) Alhoewel God die Skepper is van alle mense, is God nie die Vader vir alle mense nie. Soos reeds hierbo daarop gewys tree God se Vaderskap in uit 'n besluit wat God geneem het ten opsigte van die uitverkorenes. En saam daarmee het God as Vader dan totale verantwoordelikheid vir Sy uitverkore kinders opnuut toegeëien. Daarom neem Hy die inisiatief om hulle te verlos deur Sy Seun te stuur. Daarna neem Hy as Vader die inisiatief om die Gees te stuur om die versoende uitverkorenes tot bewusmaking van hul kindskap te bring. Die gelowige is nou bewus van sy kindskap van God as Vader. Die hele gemeenskap van gelowiges het hulle bestaan te danke aan God die Vader wat besluit het om 'n Vader vir hulle te wees.

Na analogie van hierdie inisiërende, verkiesende en uitvoerende optrede van God as Vader word die gevolgtrekking gemaak dat 'n aardse vader dieselfde proses moet

deurgaan. Alhoewel hy die biologiese vader is, wat dus impliseer dat die man en vrou 'n besluit geneem het om 'n kind te verwek, moet die vader na die geboorte van die kind 'n tweede "toe-eiening" ten opsigte van die kind doen. Hierdie toe-eiening deur die vader geskied dikwels op 'n onbewustelike wyse. (Dit is deel van die fase van ekstase van die pa soos reeds in hoofstuk 2 aangedui) Die pa is opgewonde oor die nuwe kleinding. 'n Nuwe dimense van menswees vind plaas. Dit alles dui op die positiewe toe-eiening van die kind. Teoretiese bewusmaking van die nuwe vader van hierdie gebeure kan natuurlik met berading meehelp om hierdie fase net verder te verdiep.

Hierdie tweede toe-eieningsproses kan tydens berading ook tot hulp wees vir die vader wat op 'n seun gehoop het en toe 'n dogtertjie ryker geword het. Aangesien die moderne tegnologie reeds voor die fisiese geboorte die geslag van die baba kan bepaal, beteken dit dan ook dat die tweede toe-eieningsproses reeds in aanvang kan neem nog voor die fisiese geboorte van die kind.

In dieselfde lyn kan berading gedoen word aan ouers wat "moes" trou deur hierdie ouers die geleentheid te bied om die "onbeplande" baba toe te eien.

Deur die toe-eieningsdaad word die vader ontsluit as 'n bron van energie waardeur die kind kan opgroei. Hierdie energie vloei van die vader uit, in die vorm van liefde na die kind wat die kind in staat stel om te kan groei. Hierdie energiebron sluit in die fisiese versorging soos voedsel, klere, warmte, huis, ensovoorts, maar dit sluit ook in 'n warm emosionele verbintenis en geestelike betrokkenheid.

Dit is egter ook baie meer as dit. Hierdie vader as bron vir die lewe bied ook die veiligheidsruimte vir die kind om al oefende die waardes wat die vader ***uitleef*** te internaliseer. Hierdie internalisering is energie-genererend en verleen daarom vir die kind groeikrag ten opsigte van persoonlikheid en lewens-en-wêreldsbeskouing indien die waardes wat die vader as ouer uitleef positiewe en goeie waardes is.

Die modelle waarna postmoderne vaders soek ten einde hul as postmoderne vaders te kan identifiseer, is dus steeds by God as Vader te vinde soos wat Hy homself in sy Skrif openbaar.

### 4.8.2. POSTMODERNE VADERS IS OP 'N VOORTGAANDE EN DEURLOPENDE BASIS BETROKKE BY SY KINDERS

In *Jesaja 63: 16* word God aangedui as die Een wat die volk steeds **instand hou**: *" U is tog ons vader. Abraham weet niks van ons nie…"* (Bybel 1983). Abraham mag die biologiese voorvader wees van die volk, maar dit is God wat die Vader in die soteriologiese sin (en uit eie besluit) geword het en wat deur die "grootword en groei " van die volk steeds die Vader bly (Hy is die Ewige God), terwyl die biologiese vader Abraham lank nie meer leef nie. God se vaderskap dra die karakter van aanhou met versorging. Jesaja 63:15 vertel van dieselfde opkyk na God se "brandende liefde" en die vraag word aan God gestel; "*Is U nie meer oor ons bewoë nie? U is tog ons Vader…*" God se vaderskap dra die karakter van 'n noue betrokkenheid by sy "kind" (volk). God se vaderskap het 'n bepaalde geskiedenis met Sy "kind" (volk) deurloop. Hy het die kind in die lewe geroep, langs die pad gelei en tot 'n toekomstige bestaan wat oorloop van alle seëninge aangemoedig met beloftes en ondersteuning.

Die postmoderne vader kan dus aan die hand van God se Vaderskap deurlopend by sy kind, soos wat die kind van baba tot volwasse persoon groei, betrokke wees.

### 4.8.3. POSTMODERNE VADERS SE EMOSIONELE BETROKKENHEID

**Jeremia 31: 9** " *In trane sal hulle kom, met smeekgebede, maar Ek sal hulle lei, Ek sal hulle by waterstrome bring, op 'n gelyk pad, niemand sal struikel nie, want Ek het Israel se Vader geword, Efraim is my eersgeborene.*" (Bybel, 1983). God as Vader is dus sensitief vir sy "kind" se hartseer (in trane), Hy is ingestel op Sy kind en luister na hom (smeekgebede), Hy dra en stuur hulle na beter plekke (bring hulle by waterstrome en gelykpad), Hy hou hulle heeltyd vas (niemand struikel nie).

Met groot deernis praat God as Vader oor Efraim as 'n verlore kind in Jeremia 31:18 - 20; "*Efraim is nie my troetel kind nie, 'n kind in wie Ek my verlustig nie, en tog, elke keer as Ek hom bestraf, dink ek met hartseer aan hom, en is Ek ontstel oor hom, want Ek het hom baie lief. Sê die Here.*" Die deernis en liefde van 'n Vader kom hier duidelik na vore. As God met soveel deernis handel selfs met 'n kind wat nie sy primêre aandag is nie,

hoeveel te meer behoort 'n aardse vader nie met deernis te handel met sy kinders nie, selfs met die een wat dalk nie die soetste een is nie.

Die postmoderne vader mag dus meer emosies demonstreer in sy verhouding met sy kind. Waar die patriarg van die pre-moderne en moderne eras min emosionele bande en betrokkenheid teenoor die kind openbaar het, vind ons ruimte daarvoor in die postmoderne era. Postmoderne vaders wat emosioneel meer betrokke is by hulle kinders en nie rolmodelle uit die samelewing kan vind vir hierdie nuwe gewaarwordinge en ervarings binne hul eie gemoed ten opsigte van hul kinders nie, kan weereens by God as Vader 'n positiewe rolmodel vind van emosionele betrokkenheid by sy "kinders".

## 4.8.4. POSTMODERNE VADERS EN GESAG

Binne die konteks van die patriargale vader was gesag, selfs absolute gesag een van die uitstaande kenmerke van die vader. Die postmoderne vader se benadering is een waarin afstand gedoen word van die outokratiese- en eenrigting beheer styl. Die gevaar is dat die gewig nou totaal na die anderkant toe oorswaai en dat daar binne die verhouding tussen die postmoderne vader en kind geen gesagsverhouding meer bestaan nie. Die Skrif getuig egter dat gesag 'n rol behoort te speel. Hierdie gesagsposisie word in terme van *eer* in die Skrif beskryf. Maleagi 1:6 " *'n Seun eer sy vader en 'n slaaf sy eienaar. As ek dan vader is, waar is die eer wat my toekom?*" (Bybel 1983) Die Tien Gebooie (Eksodus 20) praat van eer jou vader en jou moeder. Binne die patriargale konteks is "eer" hermeneuties ontsluit as outokratiese gesag wat op 'n onbevraagde wyse erken moes word. Binne die konteks van die Skrifgedeelte egter, was die eer waarna God vra, eer en erkenning wat volg op Sy deurlopende versorging en redding van die volk. Die kind (volk) se verhouding met die vader (Vader) word onder andere gekenmerk deur respek wat gegrond is op die kind se ervaring van die vader (God) se versorgende - en omgee liefde en wat 'n wisselwerking tussen kind en vader tot gevolg het. "*Ek sal goed wees vir hulle, soos iemand goed is vir seun wat vir hom werk.*" (Maleagi 3:17).

In die postmoderne konteks is 'n vader se eer nie 'n ondergeskikte en vreesagtige houding van 'n kind teenoor 'n monster van 'n pa nie. Die eer is liewer een van dankbare

en erkentlike eer wat in die hart van die kind ontspring op grond van die bewuswees van die vader se deurlopende onbaatsugtige en dienende versorging aan hom of haar.

Die aard van God se vaderskap hou die implikasie in dat die "kind" (volk) sy kindskap as bevoorregting moet beskou. Juis die versorgende en liefdevolle aard van God se vaderskap bring hierdie begrip van dankbaarheid en eer by die "kind" mee. Aardse vaders wat dus geen gevoel ten opsigte van hul kinders in hul optrede vertoon nie of wat nooit by die fisiese en emosionele versorging van sy kind by betrokke is nie, sal tervergeefs "aandring" op respek en dankbaarheid vanaf die kind se kant.

God se vaderskap word beskryf in terme van die Een wat uitverkies en verlos, die Een wat in genade liefhet. Aan die ander kant verwag hierdie Vader ook respek (Jeremia 31:9,20; Hosea 11:8) en gehoorsaamheid. (Deuteronomium 32:5; Jeremia 3:4,19; Maleagi 1:6). Hy openbaar hom ook as 'n Vader wat vergewe. Hy is ook 'n versorgende en voorsienende Vader in sy optrede (1 Kronieke 22:10) ten opsigte van sy kind.

### 4.8.5. VADERS MOET MET KINDERS DROME KAN DEEL

Emosionele betrokkenheid by die kind vra ook dat die vaders iets van hulleself en hulle eie drome met hul kinders moet deel. Johannes 14:10 vertel ook van 'n soortgelyke verhouding van die Vader se kant af teenoor die Seun. Die Vader deel Sy waarheid, Sy *plan* met die Seun. Die Seun word toevertrou met die droom/ideaal van die Vader. Dikwels is dit juis die probleem in aardse verhoudings dat die vaders nie sy eie "droom" met die kinders kan deel nie. Dikwels verloop hierdie droom tot 'n vae, ondeurdagte doellose bestaan. Vaderskap kan juis die vader opnuut weer na die sin en doel van sy eie lewe laat vra.

Die gevaar moet vermy word dat die vader in hierdie fase sy kind wil wegstuur van sy eie "nuttelose" voorbeeld van 'n lewe. In hoofstuk 2 is bevind dat vaders wat ervaar dat hulle lewe 'n mislukking is, deels vanweë drome wat nie waar geword het nie, geneig is om kinders te veel te wil dryf of te negatief oor hulleself te oordeel in gesprek met die kinders. Opnuut kan sin en betekenis in die Vaderskap van God vir sy eie lewe ontdek word en dit kan deurgegee word aan sy kind. Daar kan ontdek word dat suksesvolle vaderskap nie in die eerste plek bepaal word deur finansiële suksesse deur die vader

nie, maar deur abstrakte waarhede soos betroubaarheid, beskikbaarheid, emosionele en fisiese betrokkenheid, ensovoorts.

### 4.8.6. 'N AARDSE VADER SE NALATENSKAP EN ERFENIS

Enige aardse vaderskap en kindskap het ook die wetlike implikasies van erfgoed en ook dieselfde metafoor word deur Paulus gebruik ten opsigte van die kindskap van God. Romeine 8:17 sê: "*En omdat ons kinders is, is ons ook erfgename. Ons is erfgename van God, erfgename saam met Christus.*" Ons het deel aan sy heerlikheid. Galasiers 4:7 sê: " *Jy is dus nie meer 'n slaaf nie; jy is nou 'n kind van God. En omdat jy kind is, het God jou ook sy erfgenaam gemaak.*" Hierdie erfenis, naamlik die Ewige Lewe, is die grootste erfenis wat 'n vader as ouer aan sy kind kan nalaat. In die verbondgedagte het die aardse vader hier onuitputlike geleenthede om te vertel van die erfenis en nalatenskap wat op homself en sy kind wag. 'n Erfenis wat veel meer inhou as bloot net die erfgeld of porsie uit die boedel. Trouens dit kan aan die vader wat min materiële goed kan nalaat, sy selfwaarde bevorder indien ook die hemelse erfenis deel is van dit wat sy kinders kan erf as mede-erfgename saam met Jesus Christus.

### 4.8.7. VADERS MOET SO OPTREE DAT KINDERS SE GESINDHEID TEENOOR HULLE EEN IS VAN RESPEK EN VERWONDERING

Daar kan van die gesindheid van die "kind" teenoor die vader gelees word in Jeremia 31:18 waar die "kind" by die besef van sy oortredinge tot die Vader bid en erkenning gee aan die vader se vermoë om selfs met die terugkeer na die vader te help."*Bring my terug na U toe dat ek my kan bekeer...*" (Bybel 1983).

### 4.8.8. VERWONDERING

Wanneer ons kyk na die Vaderskap van God dan leer Lukas 10:21 ons dat Jesus Christus tot die Vader gebid het, maar dat Hy ook die Vader aanbid en geprys het. Daar was dus 'n *verwondering* van die kant van Jesus ten opsigte van die Vader. Daarmee moet veronderstel word dat Jesus Sy Vader prysenswaardig gevind het. Sou die aardse vader dan God se Vaderskap as voorbeeld stel vir goeie vaderskap, sal die aardse vader homself moet afvra of die uitleef van sy eie vaderskap so deur sy seun of dogter

ervaar word, dat die kinders hom as vader wil prys vir sy vaderskap. 'n Prysenswaardige vader op aarde sal leef volgens die voorbeeld van God as Vader.

### 4.8.9. KINDERS VOLG DIE VOORBEELD

Die hele Johannes 14 en gedeeltes van 15,16,17 openbaar heelwat oor die verhouding tussen die Vader en die Seun wat eksemplaries vir die aardse vader en kind verhouding kan geld.

In Johannes 14:1-4 lees ons van die woonplek by die Vader. Die Vader se woonplek is die werklikheid van die koninkryk van God waaraan kinders van God nou reeds in beginsel deel het, gedeeltelik iets van die vrede beleef, maar dit eers eendag ten volle sal ervaar. Die Vader se woonplek is dus die utopia waarheen ons oppad is. Dit is die plek waar die beginsels van die Vader se huislike koninkryk ten volle geldig is. Toegepas op die aardse vaderskap, sou mens kon sê dat 'n aardse vader 'n lewens-en-werklikheidsbeskouing moet handhaaf (in beginsel) en in die praktyk moet probeer uitleef sodat die lewenswerklikheid van die vader soos 'n "woonplek" moet funksioneer waarna die kinders ook streef om in te woon. Hierdie aardse "woonplek" of lewenswerklikheid van die vader sal dus, indien die vader self kind van God is, bestaan uit die beginsels waarop die Koninkryk van God self gebou is. 'n Nie-Christelike aardse vader se "woonplek" (sy lewens-en-werklikheidsbeskouing) kan natuurlik ook vir sy kinders dien as 'n "woonplek" waarna hulle streef om in te bly, alhoewel dit nie noodwendig God insluit nie. Daar kan in so 'n "woonplek" ook liefde en trou, regverdigheid en billikheid heers, maar dan nie geskoei op die belydenis van die Koning van die koninkryk nie, maar bloot vanuit 'n humanistiese vertrekpunt. Dikwels gebeur dit ook dat kinders daarna streef om die "woonplek" van hulle vaders binne te gaan, soms omdat hulle nie bewus is daarvan dat die vader se "woonplek" op beginsels gebou is (soos eie liefde, onmiddellike plesier bo-alles,) wat op die lange duur destruktief vir die woonplek sal word nie. Of dikwels is dit so dat die kinders geen ander alternatief ken of aan blootgestel is as die "woonplek" of dan lewens-en- wêreldsbeskouing waaraan hulle blootgestel word nie. Dan beland die kinders wanneer hulle groot is binne hierdie "woonplek" van die vader en tree veral die seuns dan op soortgelyke wyse op en word die sondes van die vaders net maar op die derde en vierde geslag oorgedra. Deur middel van berading oor die aard van God se Vaderskap kan hierdie verwronge

beskouing van vaderskap gedekonstrueer word en 'n nuwe vaderskapsbeskouing en -praktyk kan ontwikkel word.

In Johannes 14:6 lees ons van 'n verdere aspek van vaderskap wat Jesus Christus aanwys waar Hy Homself identifiseer met die Vader. In Johannes 14:7 staan:*"As julle My ken, sal julle My Vader ook ken."* (Bybel, 1983). Jesus as Kind identifiseer homself so met die Vader dat Hyself die Vader is of word in Sy optredes. Hyself leef die Vader se Wese uit, voor- en in die wêreld. Toegepas op aardse vader-en-kind verhouding is dit die ideaal dat die vader so 'n voorbeeld is dat kinders die vaders se lewens-en-werklikheidsbeskouinge - wat dan die wese van die vader is - ten volle toe-eien en as't ware die vader in die werklikheid verteenwoordig. Die behoefte van die vader om homself te verewig soos in hoofstuk 2 uitgewys is, word binne die Christelike konteks op 'n heel ander wyse tot werklikheid gebring. Volgens die Oedipus-analogie word die vader deur die seun bedreig en die vader wil die seun doodmaak om vir ewig te kan bly voortleef. In ander mitologiese verhale word die skeppende vermoë van die vader as waarborg vir sy eie voortbestaan aangegryp. Hy wil net kinders verwek en sodoende homself deur sy skeppende nalatenskap verewig. Binne die Christelike- en verbondskonteks is dit meer as net die biologiese reproduksie wat moet plaasvind. Binne die Christelike konteks gaan dit ook oor die tuisbring van die kind binne die "woonplek" of lewens-en-werklikheidsbeskouing van die Christen vader wat veronderstel is om te korrespondeer met die beginsels van die Koninkryk van God.

## 4.9. PROGRAM VIR POSTMODERNE VADERSKAP

Al bogenoemde inligting kan dien om 'n program vir berading te ontwikkel. Die volgende voorbeeld kan dien as 'n praktiese program vir die toerusting van postmoderne vaders. Uit die aard van die saak sal die aanbieding en toepassing van die program aangepas moet word na aanleiding van die situasie voorhande. Binne groepsverband as deel van 'n toerustingsnaweek aan vaders sal dinge meer algemeen geskied as byvoorbeeld waar 'n enkelvader vanweë spesifieke omstandighede die berader om hulp nader. Die program hieronder vertrek vanuit die aanname dat dit as 'n toerustingsgeleentheid aan postmoderne vaders sal dien.

## 4.9.1. INLEIDING: NUWE TENDENSE VAN POSTMODERNE VADERSKAP

As deel van die inleiding is 'n bewusmaking van nuwe tendense ten opsigte van vaderskapsbeskouinge en ervaringe belangrik. Die program aanbieder begin deur te wys op nuwe tendense van vaderskap in die postmoderne tyd. Resente inligting kan voortdurend bygewerk word deur navorsing te doen op die verskillende webblaaie. Vir resente data en ontwikkelinge binne die Suid-Afrikaanse konteks is daar die RGN se projek oor vaderskap by **http://www.hsrc.ac.za/fatherhood/index.html.** Vir meer internasionale tendense is die navorsing wat deur die *Centre for Fathering* (NCF) gedoen word 'n nuttige bron **[http://www.fathers.com.]** Hierdie webblaaie het dan ook ander verwysings wat nagegaan kan word.

## 4.9.2. DEEL VADERSKAP ERVARINGS

Net so belangrik soos wat dit is om deur middel van die aantoon van tendense ten opsigte van postmoderne vaderskap 'n bewusmaking by vaders aan die gang te sit, net so belangrik is dit om te verneem na vaders se eerstehandse ervarings van vaderskap. Hierdie gesprek kan in klein groepies geskied aan die hand van die volgende algemene vrae:

- Watter aspek van jou vaderskap ervaar jy as die lekkerste?
- Watter aspek van jou vaderskap ervaar jy as onaangenaam?
- Watter emosionele gewaarwordinge het jou kinders in jou lewe ingebring?
- Hoe vergelyk jou tipe vaderskap met die van jou vader?

Na hierdie gesprek in die groot groep, is dit moontlik dat elke vader aan die hand van die volgende vraelys wat uitgedeel moet word, genoeg tyd kry om op sy eie deur die vrae te werk. Hierdie vrae was deel van die empiriese navorsing by hoofstuk 2 en is hier verwerk om gebruik te kan word vir die berading aan vaders.

**Vraelys:**

1. Hoe oud was jy toe jy jou eerste kind gehad het?

2. Beskryf en vertel meer omtrent sekere omstandighede rakende jou kind ten opsigte van dinge soos byvoorbeeld: beplanning, tydsberekening, siektes, ontwikkeling afwykinge, ensovoorts.
3. Somtyds hoor 'n mens dat mans uitsprake maak soos: "Ek is vandat ek kinders het, 'n ander mens." Ander mans voel weer dat vaderskap byna geen uitwerking op sy menswees tot gevolg gehad het nie. Het vaderskap in jou lewe 'n klein of 'n groot rol gespeel om jou te vorm soos wat jy vandag is? Afgesien daarvan dat jy meer tyd afstaan en meer geld spandeer (*kwantitatief*), dink jy dat vaderskap jou kwalitatief 'n ander persoon gemaak het? Met ander woorde het jy anders ontwikkel en gegroei as wat jy sou ontwikkel het indien jy nie 'n vader geword het nie? Het jou vaderskap 'n betekenisvolle bydrae gemaak dat jy nou is wat jy is? (Ten opsigte van jou toegerustheid (*skills*), jou persoonlikheid, of die kwaliteite van die rigting waarin jou lewe gegaan het?) Indien dit so is, beskryf hoe en indien dit nie so is nie, beskryf hoekom nie. Dink jy vaderskap het jou volwassenheid enigsins beïnvloed? Hoe het vaderskap jou uitkyk en benadering van verantwoordelikhede verander indien wel?
4. Wat is die belangrikste gevoelens en belewinge, positief en negatief wat jy beleef ten opsigte van vaderskap?
5. Dink jy dat hierdie selfde gevoelens of emosies beleef kan word binne enige ander konteks soos byvoorbeeld by die werk of in verhoudinge met ander persone? Waarom en waarom nie?
6. In terme van jou werksverlede of jou beroep, watter impak indien enige het vaderskap op jou werk gehad? Dink jy dat jy op werksterrein al veel verder sou gewees het of maar op dieselfde plek indien jy nooit kinders sou gehad het nie? Enige verdere aspekte wat jy wil noem ten opsigte van vaderskap en die invloed daarvan op jou werk?
7. Hoe het vaderskap jou verhouding met jou lewensmaat beïnvloed? Watter impak het vaderskap op jou seksualiteit gehad? Frekwensie van jou sekslewe? Die kwaliteit daarvan? Ander aspekte?
8. Hoe het vaderskap jou geaffekteer in jou verhouding met ander familielede? Jou siening van jou eie ouers? Jou verhouding met jou eie broers en/of susters? Het jy meer of minder begrip begin toon of minder of meer krities geraak?
9. Watter invloed het jou vaderskap gehad op jou ervaring en gevoelens van jou eie kinderjare? Het jy nagedink oor die maniere waarop jou eie ouers jou groot gemaak het? Positiewe of negatiewe ervaringe wat jy deurgegaan het?

10. Hoe het vaderskap jou sosiale lewe en vriendskappe beïnvloed? Die hoeveelheid mense met wie jy interaksie het? Die tipe van mense met wie jy tyd spandeer? Hoe gereeld kom julle bymekaar uit? Hoe het die aard van vriendskappe indien wel verander?
11. Beskryf (indien enige) die uitwerking wat jou vaderskap gehad het op jou betrokkenheid in die samelewing of organisasies waaraan jy behoort (het)?
12. Het vaderskap enige betekenisvolle uitwerking gehad ten opsigte van jou begeerte om die lewens-en-wêreldsbeskouinge van ander mense aan te neem en jou eie te maak?
13. Het vaderskap enige invloed op jou gehad ten opsigte van jou eie siening van hoe individue van mekaar verskil of die andersheid van ander mense?
14. Hoe het vaderskap enigsins jou denke en beplanninge oor die toekoms verander?
15. Het vaderskap enige gevolge gehad oor wat jy as prioriteite sien of bepaal in die lewe?
16. Het vaderskap jou morele siening van sake verander?
17. Het vaderskap jou ingesteldheid ten opsigte van godsdiens verander? In terme van jou geloof? In terme van jou godsdienstige optrede en uitlewe? Het jou vaderskap enige verandering by jou tot gevolg gehad ten opsigte van jou siening van God (as Vader)?
18. Watter impak indien enige het die vaderskap gehad op jou ingesteldheid ten opsigte van jou gesondheid? Dieet? Oefening? Rook, drink, dwelmgebruik?
19. Watter impak het die vaderskap op jou gehad ten op sigte van die plek waar jy bly? Die wyse waarop jou lewensruimte organiseer, verdeel en instand hou?
20. Dink jy dat vaderskap veroorsaak dat jy meer konflik eise beleef wat nie die geval sou gewees het indien jy nie kinders gehad het nie? Brei uit.
21. Het vaderskap enige veranderinge gebring ten opsigte van jou selfbeeld of waardegevoel oor jou self?
22. Is daar enige areas van vermoëns of selfwaarde wat jy nie sou ontwikkel het indien jy nie 'n vader geword het nie?
23. Is daar enige ander areas wat jy sou ontwikkel het indien jy nie vader geword het nie? Sou jy enige ander keuses in die lewe gemaak het of enige ander belange ontwikkel het?
24. Wat is volgens jou ten opsigte van vaderskap, die primêre voordele en die primêre nadele?

25. Oor die algemeen beskou, is jy van oordeel dat vaderskap 'n positiewe of 'n negatiewe beïnvloeding op jou lewe tot gevolg gehad het?
26. Indien jy 'n towerwens kon gehad het, hoe sou jy veranderinge wou aanbring ten opsigte van die getal kinders wat jy het? Die spasiëring van jou kinders? Wat nog?
27. Beskryf hoe jy die rol van die vader sien?
28. In alledaagse taal, wat behels dit om 'n goeie vader te wees?
29. Wat beskou jy as 'n vader se belangrikste take? Ten opsigte van sy kinders? Ten opsigte van vrou?
30. Is daar sekere dinge wat net 'n pa kan doen?
31. Is daar sekere dinge wat net 'n ma kan doen?
32. Wat is die moeilikste ding van vaderskap?
33. Sommige mans is net betrokke as broodwinners. Ander mans is weer meer direk betrokke by alledaagse aktiwiteite ten opsigte van die kinders. Sommige mans is die primêre versorger van die kinders. Beskryf jou patroon van betrokkenheid by die kinders.
34. In terme van persentasie skatting; hoe verdeel julle die volgende tussen man en vrou in julle opset. 1) tyd afstaan aan ouerskap (goed saam met kinders doen of vir kinders doen)? 2) getal ouertake wat julle het om te doen? 3) Verantwoordelikhede van ouerskap (maak afsprake vir kinders, maak seker dat hulle het wat hulle benodig … klere, kos, toesig, opvoeding)? Was dit nog altyd so of het jou betrokkenheid oor tyd heen verander? Indien dit verander het in watter opsig?
35. Is daar enige iets uit jou agtergrond of verlede wat oorsaaklik is waarom jy 'n vader is soos wat jy tans is?

## SAMEVATTING VAN HIERDIE SESSIE

Die vaders het bewus geraak van die feit dat dit nie so eenvoudig is om 'n vader te wees nie. Eie ervarings en die tendense sou hierdie feit onderstreep het. Saam met hierdie bewuswording van hierdie kompleksiteit van vaderskap is daar 'n behoefte na riglyne en voorbeelde van goeie vaderskap in die postmoderne tyd.

### 4.9.3. VADERS IN DIE MEDIA

Die derde deel van die program ten opsigte van berading aan postmoderne vaders is die bewusmaking van die wyse waarop vaders in die media uitgebeeld word. Die rede vir hierdie sessie is dat vaders bewus gemaak moet word van die invloed van die media op die vorming van konsepsies ook ten opsigte van vaderskap. Dis menslik om na voorbeelde te soek wanneer enige taak uitgevoer moet word. Vaders soek (onbewustelik en bewustelik) na voorbeelde oor hoe om goeie vaders te wees. Vaders se eie vaders, ook ander vaders van dieselfde generasie (vriende) en die media uitbeelding van vaders is invloedryke voorbeelde van vaderskap. Die volgende vrae kan gevra word ten einde die gesprek in klein groepies aan die gang te kry rondom voorbeelde van vaderskap:

- Hoe 'n soort vader was jou vader vir jou? (Wat sal jy wil toe-eien en wat sal jy liewer wil vermy?)
- Hoe word vaders vandag in die media uitgebeeld? (Noem voorbeelde van advertensies bv. waar die pa nors en negatief reageer teenoor almal, maar wanneer hy eers met sy nuwe, spesifieke model motor gery het, is hy skielik so ontspanne dat die jong seuntjie toestemming kry om 'n tatoeëermerk te mag kry, voorbeelde van televisieprogramme waar vaders op verskillende maniere uitgebeeld word ("*married with children*") en vra na voorbeelde waarop sportsterre as vaders in die media uitgebeeld word.)
- Hoe 'n soort vadervoorbeeld is jou vriende wat ook vaders is, vir jou?

**SAMEVATTEND**

Daar is heelwat uitbeeldinge van vaderskap vandag. Party is positief ander nie. Al hierdie voorbeelde dra daartoe by dat die vaders in die groep hul eie opinies en sieninge van wat goeie vaderskap behels verder vorm.

By hierdie geleentheid word God as Vader ook deel gemaak van die nadenke ten opsigte van goeie vaderskap.

### 4.9.4. GOD AS VADER IS 'N VOORBEELD VAN GOEIE VADERSKAP

In hierdie sessie moet die vaderskap van die postmoderne vader tot 'n nuwe dimensie gebring word. Hierdie sessie word in twee dele verdeel: die eerste deel handel oor God se Vaderskap as voorbeeld van goeie vaderskap en die tweede deel vertrek vanuit die verstaan dat God se Vaderskap die wesentlike van my aardse vaderskap konstitueer.

#### 4.9.4.1. GOD DIE VADER AS VOORBEELD VAN VADERSKAP

##### 4.9.4.1.1. INLEIDEND

Hierdie deel het ten doel om die aardse vader bewus te maak van die Vaderlike uitbeeldinge van God in die Skrif. Dit kan aan die hand van die volgende vrae gedoen word:

1. Aanvaar jy dat beelde oor God soos herder, koning, vredevors, ensovoorts, metaforiese spreke oor God is?
2. Aanvaar jy dat wanneer na God verwys word as 'n Vader en soms as 'n Moeder, dat dit ook metaforiese spreke oor God is?
3. Wanneer jy dink aan God as 'n Vader, watter tipe positiewe en/of negatiewe gedagtes kom by jou op?
4. Kan jy aan optredes van God dink vanuit die Bybel wat jou herinner daaraan dat God 'n Vader is?
5. Is daar enige eienskappe van God se Vaderskap wat jy sou wou toepas en deel wou maak van die manier waarop jy vandag 'n vader is en wil wees? Noem en bespreek hulle.
6. Het jou verstaan van God as Vader enige uitwerking oor hoe jy 'n vader vir jou kinders wil wees?

### 4.9.4.1.2 BASIESE RIGLYNE VIR VADERSKAP NA AANLEIDING VAN GOD SE VADERSKAP

1. Vaders moet betrokke raak by die fisiese dag-tot-dag versorging van die baba/kind. Dit sluit in betrokkenheid by die bad, voeding en speelaktiwiteite van die kind. God is ook versorgend betrokke by ons primêre bestaansbehoeftes van kos en klere.
2. Vaders behoort vooraf 'n bewustelike besluit te neem dat hy by die konkrete en fisiese bestaan en opgroeiproses van sy kind betrokke gaan wees. Hy moet nie verval in die patriargiese kultuurkonsep van vaderskap uit die moderne fase nie. Hy is nie net 'n broodwinner wat harder moet werk sodat daar genoeg inkomste vir sy gesin is nie. As Vader voorsien God ook aan sy kind, maar God is op veel meer wyses betrokke as net om te voorsien in die daaglikse behoeftes van kos en klere. Hy stel belang in my denke, my uitkyk op die lewe, my ervaringe wat ek deurmaak en my emosionele gewaarwordinge. Met Sy Gees woon Hy binne-in my! Vaders wat by die daaglikse konkrete bestaan van hul kinders betrokke is, help daartoe dat kinders nie opgroei met 'n ideologiese of droombeeld van die vader ver weg in sy wêreld by die werk nie. Vaders wat konkreet betrokke is by hul kinders is vaders van vlees en bloed en kinders is veel meer blootgestel aan hierdie vaders. Dit het tot gevolg dat beïnvloeding deur die vader se voorbeeldige lewe veel sterker neerslag vind.
3. Dit bring die uitoefening van dissipline in 'n heel nuwe kategorie. Die patriargale siening van dissipline was hoofsaaklik die uitoefening van lyfstraf wanneer 'n kind buite die verwagte riglyne opgetree het. Dikwels was die vaders nie eens by of bewus van die oortredings nie, maar is deur die moeder ingelig en ingeroep om die dissipline uit te voer. Binne die postmoderne tyd en met God as Vader tot voorbeeld, is dissipline veel eerder dit waarvoor die woord oorspronklik staan naamlik "dissipelskap". Jesus was "n "dissipel" van Sy Vader en het net gedoen wat die Vader Hom beveel het om te doen. As Vader wat heilig is, was Jesus Christus gemotiveerd om soos die Vader te wees. Aardse vaders se lewe moet so "heilig" wees, gevul met betroubaarheid, opregtheid, eerlikheid, liefde, opofferings teenoor die kind, die kind se belange op die hart dra dat die kind deur die voorbeeldige lewe van die vader 'n dissipel van die vader wil word. Die kind word dus deur die voorbeeld van die vader gedissiplineer. Wanneer vaders dus sê: "Jy mag nie rook nie", moet hulleself die voorbeeld uitleef! Vaders wat hul vrouens met respek en eer

behandel se kinders (dissipels) sal ook so wil doen. Vaders kan nie van kinders verwag om gereeld en getrou Bybel te lees en kerk toe te gaan indien hy nie self sigbaar Bybel lees en bid en kerkbesoek aflê nie. Vaders wat hardwerkend is en met inherente dissipline sy werk doen en afhandel, se kinders (dissipels) sal soortgelyk innerlike dissipline ontwikkel en hul skoolhuiswerk op eie motivering wil aanpak en afhandel.

**4.** Emosionele interaksie tussen vader en kind is ook noodsaaklik. Van God as Vader lees ons van vele emosionele reaksies ten opsigte van Sy kinders. Sefanja 3:17 "*Die Here jou God is by jou, … Hy is vol vreugde oor jou, Hy is stil-tevrede in sy liefde. Hy jubel en juig oor jou.*" Treur, hartseer, blydskap, teleurstelling is almal emosies volgens die Skrif wat God as Vader ervaar in Sy verhouding met Sy kinders. Dit is nodig vir die aardse vader om by geleentheid alleen met sy kind te verkeer. Die baba vas te hou sonder dat moeder noodwendig by is. Moeders is goed in voeling met hul emosies en vaders ervaar dikwels dat hulle tweedeklas ouers is, omrede die emosionele band tussen moeder en kind, van die moeder die hoof-ouer maak. Vaders moet tyd alleen met kinders deurbring en tydens sulke geleenthede moet vaders vir hulleself bewustelik afvra oor hul emosionele belewenis.

**Vrae soos:**

- Waarom is jy bang om met jou kind alleen te wees?
- Watter emosies beleef jou kind nou terwyl julle saam televisie kyk of saam op die mat stoei?
- Watter emosies is daar by jou teenwoordig tydens die interaksie?
- Watter emosies sou jy graag wil beleef en waarom beleef jy dit nie?
- Voel jy emosioneel verbind aan jou kind?

5. Die vader moet sy drome en lewe deel: Die vader moet terwyl die kind nog klein is reeds bostaande emosionele inoefening doen sodat die vader ook emosioneel verbonde kan raak by die kind. Emosionele verbondenheid het verder tot gevolg dat soos wat die kind groter raak en sy drome en ideale begin deel aan die vader, die vader in reaksie hierop ook homself emosioneel aan die kind sal blootstel. Die vader moet luister na die kind se drome, maar kan ook sy eie drome (wat nog nie bereik is nie) deel. Sodoende raak die vader 'n meer realistiese persoon, iemand met vlees en

bloed, een wat nie alles al bereik het nie en daarom is hy nie die "*outsider*" wat so dikwels die geval was tydens die moderne fase nie.

6. Laastens is die moreel-etiese raamwerk waarvolgens die vader lewe geweldig belangrik. Reeds iets hiervan het ter sprake gekom onder die hofie "dissipline". Dit behels veel meer. Die moreel-etiese raamwerk , meer nog, die vader se hele lewens-en-werklikheidsbeskouing moet korreleer met sy daaglikse optredes. Konsekwentheid tussen my lewens-en-werklikheidsbeskouing (belydenis) en my daaglikse optredes is die enigste "gesag" in die postmoderne werklikheid wat oortuigingskrag het. Net so min as wat die wet by magtige was in die Ou Testament om die harte van die Israeliete te verander, net so min is die reëls in ouerhuise wat deur die ouers (vader) self nie nagekom word nie, in staat om van buite af kinders se lewens te beïnvloed. In die konsekwente uitleef van die vader se oortuigings lê opgesluit betroubaarheid, opregtheid en navolgingswaardigheid.

### 4.9.4.2 DIE GENEREREND KRAG VAN GOD TOT 'N NUWE BEGRIP EN UITLEEF VAN VADERSKAP

Bostaande waarheid stel die tweede deel aan die orde: God se Vaderskap het die vermoë om my aardse vaderskap totaal te vernuwe. Die krag van God lê nie *per se* in Sy voorbeeldigheid nie, maar in Sy genererende krag. Die Gees van Christus in my as gelowige vader stel my in staat om 'n vader soos God te word. Praktiese berading om vaders tot goeie vaders te begelei sluit dus in 'n bekeringsproses. Al is die vader gered vanuit die duisternis na Sy wonderbare lig, is dit ook nodig dat die vader "gered" moet word vanuit die tradisioneel gevormde vaderskap na 'n-in-God-nuut-ontdekte vaderskap! Deur gebedsafhanklikheid en gelowige nadenke vanuit die Woord oor die Vaderskap van God werk die Gees van Christus vernuwend in op die vadergees.

- Aardse vaders moet dus oor hulle vaderskap bid.
- Aardse vaders moet dus die Woord lees en bewustelik God se Vaderskap in die Woord nalees.
- Aardse vaders moet teenoor God erken dat uit eie vermoë kan hulle nie goeie vaders wees nie.
- Aardse vaders moet bereid wees om die heeltyd hul denkraamwerk van wat vaderskap behels in die lig van die Woord te herevalueer. (Voortgaande bekering.)

### 4.9.4.3. HOE LYK GOD SE VADERHART?

- God is 'n Vader wat altyd getrou is en nooit verander nie (Hebr 13:5, Mal 3:16).
- God as Vader is die verpersoonliking van liefde. Hy het ons selfs as vyande lief gehad (1 Jon 4:8, Rom 5:8).
- Hy ag ons waardevol en ons is op sy hande ingegraveer (Jes. 49:16).
- Hy is die Vader wat ons ontmoet (Exod 25:22).
- Hy het ons geken nog voordat ons gebore was (Jer 1:5).
- As Vader is Hy dag en nag beskikbaar. Hy sluimer of slaap nooit nie (Ef 2:18, Ps 122: 1).
- Hy is so nou by ons betrokke dat selfs die hare op ons kop getel is (Mat 10:30).
- As Vader voorsien Hy in ons behoeftes en bied Hy beskerming (1 Tim 6:17, Ps. 91:14).
- As Vader gee Hy vir ons goeie gawes (Mat 7:11).
- As vader dissiplineer Hy ons uit liefde uit (Hebr 12:7-12).

## 4.9.5 PRAKTIESE VADERSKAP

### 4.9.5.1. LIEFDE (1 KORINTIËRS 13:4-5)

- Verbale en fisiese uitleef van jou liefde vir jou kind.
- Liefde is TYD en daarom moet jou kind prioriteit geniet.
- Laat die vreugde om saam met jou kind te wees sigbaar op jou gesig vertoon.

### 4.9.5.2. KOMMUNIKASIE (JAKOBUS 1:19)

- Luister met die oog daarop om beter te verstaan en jou kind te ken.
- Praat ten einde te bemoedig en kommunikeer inligting sodat jou kind *jou* beter kan verstaan.
- Maak tyd om met volle aandag te luister en neem tyd om te praat.

#### 4.9.5.3. BESKIKBAARHEID (DEUTERONOMIUM 6:7)

- Maak jou kind betrokke by aktiwiteite binne sy ervaringswêreld en betrek hom ook by aktiwiteite buite sy ervaringswêreld.
- Maak dit vir jou kind moontlik om jou te bereik en te besoek by jou werk en pas jou werkskedule ook so aan.
- Wees deel van jou kind se daaglikse versorgingsroetine.

#### 4.9.5.4. VOORSIENING (1 TIMOTEUS 5:8)

- Beskerm jou kinders.
- Wees vir hulle 'n voorbeeld van 'n vredemaker.
- Versorg ook op finansiële wyse jou kinders.
- Wys hulle om God eerste te plaas ook wanneer dit kom by finansies.
- Pamperlang jou kinders.
- Vra God om jou te help om aan hulle emosionele behoeftes te voorsien.

#### 4.9.5.5. OPLEIDING (SPREUKE 22:6)

- Bid vir jou kind en seën jou kind.
- Help jou kind om die Woord te verstaan.
- Die kerk en die kategese vervang nie jou aandeel nie. Dit is net aanvullend by dit wat jy primêr aan jou kinders oordra. Leer hulle dus self uit die Woord aangaande die Goeie Tyding van Jesus Christus deur wie God ons Vader geword het.
- Die mens is geskape na die beeld van God en is die verteenwoordiger van God. Die vader moet elke dag homself afvra tot watter mate het hy deur die dag God se Vaderhart aan sy kinders vertoon.

### 4.10. SAMEVATTING

Die uitbeelding van God as Vader in die Skrif is een waarin God sy ganse Wese op die spel plaas ten einde sy kinders te wil versorg, te wil begelei en in versoening met Homself te wil bring. Dit sluit uitbeeldinge in van praktiese optredes soos om kos te gee

aan die volk, om die volk te klee, om die volk te leer loop, om die volk te tug, ensovoorts. Uit al hierdie konkrete dade van fisiese versorging van die volk as kind van God, kom die aard van God se Vaderskap na vore. Hierdie Vaderskap is allesomvattend en sluit ook vele tradisioneel moederlike take in. God se vaderskap gaan op in God se ouerskap. In die ouerskap word daar afwisselend ruimte gemaak vir vaderlik en moederlike optredes. In die praktyk beteken dit dat vaders en moeders hul vader-komponent of hul moeder-komponent nie moet laat oorheers nie, want dit kan in die pad staan om fisies versorgend en emosioneel (vaders tydens die patriargalisme) by die kind betrokke te wees. Vaderskap en moederskap moet kan opgaan in ouerskap. Die mens se beeldraende (geskape na die beeld van God) vermoë word ontsluit (sien hoofstuk 3) daar waar man en vrou as eenheid deur in hul verhoudingsmatige eenwording funksioneer. In die praktyk van die gesin beteken dit daar waar vader en moeder een word in ouerskap, daar sien en ervaar die kind die liefde van sy ouers en van God ten beste.

Na analogie van God die Vader kan die vader met sy hele menswees (fisies, emosioneel en geestelik) sy vaderskap uitleef as teenvoeter vir die beperkende vaderskap soos dit gevind word by die patriargalisme, die modernisme en selfs die postmodernisme van vandag .

# HOOFSTUK 5

# FINALE SAMEVATTING

## 5.1. SAMEVATTING VAN HOOFSTUK 2

Die postmoderne vader se rol het drasties verander. Die grootste oorsaak tot hierdie verandering is nie ideologies bepaald nie, maar wel deur die praktyk van die lewe wat verander het. Die vrou se toetrede tot die arbeidsmark het aanpassings ten opsigte van vaderskap tot gevolg gehad.

Die vrou se suksesvolle betreding van die tradisioneel manlike terrein van broodwinner het ook die aftakeling van patriargalisme op die markplein en binne die sfeer van die huisgesin meegebring. Die vader was nie meer die uitsluitlike broodwinner buite die huisgesin nie, gevolglik was die ma ook nie meer die uitsluitlike fisiese versorger van die kinders en huishouding binne die huisgesin nie. Die versorgingstake is nie meer langs die tradisionele lyne en volgens die ideologiese opvatting van patriargalisme verdeel nie. Praktiese aspekte soos beskikbaarheid van tyd en beurte maak, het die deurslag gegee vir die verdeling van take tussen pa en ma.

Die voordele van hierdie veranderinge is die wins dat vaders meer emosioneel met hul kinders betrokke is en dit bring baie persoonsverruiming en positiewe emosionele ervaringe mee.

## 5.2. SAMEVATTING VAN HOOFSTUK 3

God se Vaderskap het primêr vanweë die stryd van die feministe teen die patriargalisme onder die loep gekom. Die winspunte in hierdie debat is die nuwe bewusmaking van die metaforiese spreke in die Skrif. Meer spesifiek is dan die feit dat God die Vader ook 'n metaforiese spreke oor God is. Hoewel dit ruimte skep vir 'n nuwe verstaan van God se Vaderskap bring dit ook 'n onrustigheid binne die kerklike tradisie se verstaan van God as Vader. Die bewuswees van die metaforiese spreke oor God as Vader het byvoorbeeld 'n nuwe debat laat ontstaan oor die inkleding van die belydenis van die kerk oor die Drie-Eenheid van God as Vader, Seun en Heilige Gees.

Tesame met die bewusmaking van God se Vaderskap deur die feministiese teologie het die drastiese veranderinge ten opsigte van die rol van die postmoderne vader ook daartoe bygedra dat Christen navorsers die Vaderskap van God soos dit tot openbaring kom in die Skrif ondersoek het ten einde aardse vaderskap met nuwe inhoude te vul.

Met die besef dat die spreke oor God as 'n Vader metaforiese spreke is, is ook ontdek dat God se "ouerskap" meer insluit as net die vaderlike beskrywinge van God se betrokkenheid by die mens. God se "ouerskap" het ook soms duidelike "moederlike" optredes ingesluit en dit het die verruiming tot gevolg gehad dat die postmoderne vader sy vaderskap soos God kan verruim tot 'n breër ouerskapsrol wat ook optredes insluit wat onder die patriargale bestel as "moederlik" beskou is.

## 5.3. SAMEVATTING VAN HOOFSTUK 4

'n Moontlike Skrifgefundeerde beradingsmodel vir postmoderne vaders word in hoofstuk 4 voorgestel.

Die aanleidende oorsake wat tot gevolg het dat vaders berading of verryking ten opsigte van hul vaderskap verlang word aangetoon.

Daar word aangedui dat die berading 'n hermeneutieseproses is waardeur die Skrifgefundeerde waarhede ten opsigte van God se Vaderskap en die kultureel bepaalde geïnternaliseerde beskouing van vaderskap wat in die vader se vaderskapspraktyk weerspieël word, ontsluit word en in 'n wisselwerkingsproses verdiepend en korrektief op die vader inwerk.

Die metaforiese aard van die spreke in hierdie hermeneutieseproses bied die groeikrag vir nuwe insigte ten opsigte van eie vaderskap en God se Vaderskap. Outentieke selfekspressie ten opsigte van eie verstaan van vaderskap bring sinvolheid en verryking.

God wat soos 'n Vader is openbaar emosionele warmte teenoor sy kinders, staan Pa op 'n dikwels "ma-likke" wyse vir die versorging van sy kinders en neem self die verantwoordelikheid van sy kinders op Hom. Hy nooi sy kinders uit om deel te word van

sy eie identiteit en dus om hul lewens in te rig volgens die (goeie) beginsels van sy Koninkryk

## 5.4. AANBEVOLE TERREINE VAN STUDIE

5.4.1. Die implikasies van die metaforiese verstaan van God as 'n Vader ten opsigte van kerklike tradisie van die verstaan van God as Vader.

5.4.2. Postmoderne vaders en die aard en toepassing van dissipline ten opsigte van kinders.

5.4.3. Die aard van die verhouding tussen postmoderne vaders en postmoderne moeders.

5.4.4. Postmoderne vaders en die begrip "hoof van die huis".

5.4.5. Postmoderne vaders en die periode van swangerskap.

## 5.5. ABSTRACT

**PASTORAL COUNSELLING TO THE POSTMODERN FATHER**

The role of the father in postmodern times has changed dramatically and the new challenges posed to fathers due to these changes prompted this study.

The aim of this study is to design a theory for a practice that could possibly be used by a Biblical counsellor or therapist to counsel and enrich fathers amidst the challenges of the postmodern world.

The research was done on the basis of the practical theological model of Zerfass and contains the following structure:

- A metatheoretical evaluation of fatherhood in related subject areas revealed by literature studies.
- The metatheoretical evaluation was combined with an empirical research by means of interviews with fathers. An applicable questionnaire was used to research the conceptual understanding of fatherhood and practice of post-modern fatherhood with the fathers.

- A basic theory on which Scriptural perspectives on fatherhood have been researched.

The metatheoretical research indicated that the main reason for the dramatic changes to fatherhood is not ideological based but due to practical changes in society. Due to the women's very successful entering of the workplace, a predominantly men's territory, many things have changed on the family front. Men were forced to share responsibilities in the practical care taking of children at home. A search for new models to post-modern fatherhood started. The old patriarchal model failed to provide ways of meaningful understanding and processing the new challenges of fatherhood brought on by practical changes in the society of a postmodern world.

Linked to this search for new models of postmodern fatherhood is the feminist's struggle against patriarchy. The research indicated that the main pillar of patriarchy was the theological concept of God as Father. The feminist produced a lot of material on the ways and means to free God and society of patriarchy.

The basic theory on which Scriptural perspectives on fatherhood have been researched took into consideration the results of feminist's studies. One benefit from the feminist's struggle was the emphasis put on the metaphorical character of theological discourse. God our Father is a metaphorical discourse, which bring into play the hermeneutic process of interpretation. Realising the metaphorical character of theological language we can enhance our understanding of God by reconstructing our concept of God's fatherhood. Through research we rediscovered many other complimenting metaphors of God in a parental capacity (God sometimes acts like a Mother, He gave birth to His people etc.) which can help the postmodern father to come to a better self-expression when it comes to the challenges posed to him today. Very often these new roles were traditionally restricted to the women's territory.

The conclusion of the research is that through the process of pastoral hermeneutics the post-modern father can discover the cultured derived practice of his fatherhood and evaluate this post-modern fatherhood in terms of God's fatherhood as it has been revealed through the process of researching the Scripture. The interaction between his understanding of what fatherhood means and of God's fatherhood enables the father to

come to a new and meaningful self-expression of his own fatherhood in post-modern times.

## 5.6. KEY TERMS

- Father
- Fatherhood
- Child
- Family
- nuclear family
- post-modern
- pastoral counselling
- God as Father

## 5.7. OPSOMMING

Die rol van die vader in die postmoderne tyd het dramaties verander en die nuwe uitdaginge waarvoor die vaders te staan kom, het hierdie studie tot gevolg gehad.

Die doelwit van hierdie studie was om 'n praktyk-teorie te ontwerp wat deur 'n Bybelseberader of terapeut vir berading aan vaders en verryking van vaders te midde van die uitdagings in hierdie postmoderne wêreld.

Die navorsing was gedoen volgens die prakties teologiese model van Zerfass en het die volgende struktuur gevolg:

- 'n Metateoretiese beoordeling van verwante studies oor die onderwerp soos wat dit na vore gekom het uit die literatuur studies.
- Die metateoretiese beoordeling was gekombineer met 'n empiriese navorsing by wyse van onderhoude met vaders. ' n Toepaslike vraelys was gebruik ten einde die konseptuele begrip van vaderskap en die praktyk van postmoderne vaderskap soos wat dit by vaders bestaan te ondersoek.

- 'n Basisteorie ten opsigte van Skriftuurlike perspektiewe oor vaderskap was nagevors.

Die metateoretiese navorsing het aangedui dat die hoofrede vir die dramatiese veranderinge ten opsigte van vaderskap nie ideologies was nie, maar vanweë praktiese veranderinge in die samelewing. Te danke aan die vrou se baie suksesvolle toetrede tot die arbeidsmark wat vantevore primêr die domein van die man was, het dinge binne die familie opset baie verander. Mans was genoodsaak om medeverantwoordelikheid te neem vir die praktiese versorging van die kinders tuis. 'n Soeke na nuwe modelle vir postmoderne vaderskap het begin. Die ou patriargalistiese model was nie meer geskik om die nuwe uitdaginge van vaderskap, soos aangedryf deur die praktiese veranderinge in die samelewing sinvol te verstaan of te verwerk nie.

Hand aan hand met hierdie soeke na nuwe modelle vir postmoderne vaderskap vind mens die feministiese stryd teen patriargalisme. Die navorsing het aangedui dat die hoof rede vir die ontstaan van patriargalisme die teologiese siening van God as Vader was. Die feministiese teologie het 'n groot hoeveelheid materiaal die lig laat sien ten opsigte van maniere en wyses waarop God en die samelewing van patriargalisme bevry kon word.

Die basisteorie waarin Skriftuurlike perspektiewe ten opsigte van vaderskap nagevors is het die resultate van die feministiese studies in berekening gebring. Een voordeel uit hierdie stryd van die feministe was die bewusmaking van die metaforiese karakter van teologiese taal. God ons Vader is 'n metaforiese uitspraak, wat interpretasie as 'n hermeneutieseproses binne spel plaas. Wanneer mens die metaforiese karakter van teologiese uitsprake besef is die mens in staat om sy verstaan van God te verbeter, deur die mens se konsepte ten opsigte van God se Vaderskap te rekonstrueer. Deur navorsing herontdek die mens vele ander verwante metafore waarin die ouerlike optrede van God na vore tree (God tree soms op soos 'n Moeder, Hy het geboorte geskenk aan Sy volk, ensovoorts). Hierdie metafore stel die postmoderne vader in staat om tot 'n beter selfuitdrukking van homself te kom te midde van die eise wat vandag aan hom gestel word. Heel dikwels was hierdie nuwe rolle vroeër beperk tot die vroulike gebied.

Die gevolgtrekking van die navorsing is dat deur die proses van pastorale hermeneutiek word die postmoderne vader bewus van die kultureel bepaaldheid van sy vaderskapspraktyk en evalueer hierdie postmoderne vaderskap in die lig van God se Vaderskap soos wat dit na vore getree het deur die bestudering van die Skrif. Die interaksie tussen die postmoderne vader se beskouing van vaderskap en God se vaderskap stel die vader in staat om tot 'n nuwe en betekenisvolle selfuitdrukking van sy vaderskap te kom.

## 5.8. SLEUTELTERME

- Vader
- Vaderskap
- Kind
- Familie
- Kern gesin
- Postmoderne
- Pastorale berading
- God as Vader

## 5.9. BIBLIOGRAFIE

AULéN, L. 1970. The Drama and the Symbols: A book on images of God and the problems they raise. London: S.P.C.K. 211 p.

BACKETT, K, 1987. The Negotiation of Fatherhood. (*In* Lewis, C. en O'Brien, M., (*eds.*) Reassessing Fatherhood. London: Sage Publication. 270 p.)

BALLARD, C.A. & GREENBERG, M., 1995. Teaching responsible fathering. (*In* Shapiro, J.L., Diamand M.J. & Greenberg, M., *eds.* 1995. Becoming a Father. New York: Springer Publishing Company. p. 155 - 165.)

BALMARY, M. 1979. Psychoanalyzing Psychoanalysis. London: John Hopkins University Press. 184 p.

BARBOUR, I.G. 1974. Myths, models and paradigms. The nature of scientific and religious language. London: SCM Press LTD.198 p.

BENSON, L. 1986. Fatherhood: A Sociological perspective. New York: Random House. 371 p.

BERKHOF, L. 1949. Systematic theology. Michigan: W.M.B. Eerdmans Publishing Co. 784 p.

BERNARD, K. 1995. The Good-Provider role: Its rise and fall (*In* Kimmel, M.S. & Messner, M.A., *eds.* 1995. Men's Lives: Massachusetts: A Simon and Schuster Company. p.149 - 163.)

BEST, S. & KELLNER, D. 1991. Postmodern Theory: Critical Interrogations. London: Macmillan Education LTD. 324 p.

BIEZEVELD, K.1996. Spreken over God Als Vader: Hoe kan het anders? Baarn: Uitgeverij Ten Have. 332 p.

BLOS, P. 1985. Son and Father: Before and beyond the Oedipus complex. New York: The Free Press. 186 p.

BOYNE, R. & RATTANSI, A. 1990. Postmodernism and Society. London: Macmillan Education Ltd. 301 p.

BROWN, C., *ed*. 1980. The New International Dictionary of New Testament Theology. Devon: The Paternoster Press. Volume 1. 822 p.,Volume 2. 1023 p. & Volume 3. 1481 p.

BYBEL. 1983. Die Bybel: nuwe vertaling. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

CABRERA, N.J., TAMIS-LEMONDA, C.S., BRADLEY, R.H., HOFFERTH, S. & LAMB, M.E. 2000. Fatherhood in the Twenty-First Century. *Child Developtment,* 71(1):127 - 136, January/February.

CHAMBERS, M., GREW, R., HERLIHY, D., RABB, T.H. & WOLOCH, I. 1974. The Western Experience: to 1715. New York: Knopf. 619 p.

CHEAL, D. 1991. Family and the state of theory. (*In* Marsiglio, W., *ed*. Fatherhood *:* Contemporary Theory, Research, and Social Policy, London: SAGE Publications. 320 p.)

CHEAL, D. 1992. It's now or never: Modernity, postmodernity and the politics of prioritisation in family studies. Paper presented at the Theory Construction and Research Methodology Workshop at the annual conference of the National Council for Family Relations. (*In* Marsiglio, W., *ed.* Fatherhood : Contemporary Theory, Research, and Social Policy. London: SAGE Publications. p. 24.)

CHILDS, B.S. 1979. Introduction to the Old Testament as Scripture. London: SCM Press Ltd. 688 p.

COHEN, D. 2001. The father's book: being a good dad in the 21st century. England: J. Wiley. 283 p.

COLEY, R.L & MORRIS, J.E. 2002. Comparing Father and Mother Reports of Father Involvement. *Journal of Marriage & Family*, 64(4):982 -998, November.

COLMAN, A. & COLMAN, L. 1981. Earth Father/Sky Father: The changing Concept of Fathering. Englewood Cliffs: Prentice-Hall INC. 206 p.

COLTRANE, S. 1995. The Future of fatherhood: Social, Demographic, and Economic Influences on Men's Family Involvement. (*In* Marsiglio, W., *ed.* Fatherhood: contemporary theory, research, and social policy. London: SAGE Publications. p. 255 - 274.)

CORNELL, D. 1998. Fatherhood and its discontents. ( *In* Daniels, C.R., *ed.* Lost Fathers: The politics of fatherlessness in America. London: MacMillan Press LTD. p.183 - 202.)

COSFORD, J. 1978. Deficiencies in the paternal role as a causative factor of maladjustment in primary school boys: a psycho-pedagogical study. Pretoria: UNISA. (Verhandeling - M.Ed.) 303 p.

CUNNINGHAM-BURLEY, S 1987. The Experience of grandfatherhood. (*In* Lewis, C. & O'Brien, M., *eds.* reassessing fatherhood. London: Sage Publication. p. 270.)

DALY, K.J. 1995. Reshaping fatherhood: finding the models. (*In* Marsiglio, W., *ed.* Fatherhood: Contemporary Theory, Research, and Social Policy. London: SAGE Publications. p. 21-40.)

DALY, M. 1986. Beyond God the Father: Toward a Philosophy of Women's Liberation. Great Britain: The Women's Press Limited. 225 p.

DE KLERK, B.J., VAN RENSBURG, F.J., LOTTER, G.A. & KRüGER, P.P. 2004. Woorbediening: Gereformeerde Eksegese vir prediking en pastorale berading. Potchefstroom : PU vir CHO. 99 p.

DIAMOND, M.J. 1995. The Emergence of the Father as the Watchful Protector of the Mother -Infant Dyad. *(In* Shapiro, J.L., Diamand, M.J. & Greenberg, M., *eds*. Becoming a Father. New York: Springer Publishing Company. p. 243- 252.)

DICKIE, J.R.1987. Interrelationships within the Mother-Father-Infant Triad. ( *In* Berman, P.W. & Pedersen, F.A. Men's Transitions to Parenthood: Longitudinal Studies of Early Family Experience. New Jersey: Lawrence Erlaubaum Associates Publishers. p.113-143.)

DILLE, S.J. 2004. Mixing Metaphors: God as Mother and Father in Deutero-Isaiah. London: T&T Clark International. 200 p.

DU TOIT, B. 2000. God? Geloof in `n postmoderne tyd. Bloemfontein : CJF Uitgewers. 188 p.

EEKELAAR, J. & ŠARČEVIĆ, P. 1993. Parenthood in Modern Society. Dordrecht: Martinus Nijhoff Publishers. 618 p.

FROSH, S. 2002. After Words: The personal in gender, culture and psychotherapy. New York: Palgrave Publishers Ltd. p.168.

GALLUP. 1996. Survey on aspects of fatherhood for the National Centre for Fathering (NCF). [http://www.fathers.com.] [Datum van gebruik: 16 Oktober 2003].

GERSTENBERGER, E.S. 1996. Yahweh The Patriarch: Ancient Images of God and Feminist Theology. Minneapolis: Fortress Press. 168 p.

GORDON, I.J. 1975. Human Development. New York: Harper & Row Publishers. p. 418.

GREEN, M. 1976. Goodbye Father. London: Routledge & Kegan Paul Ltd. p.169.

GREIF, G.L. & DeMARIS, A. 1995. Single Fathers With Custody: Do They Change Over Time? (*In* Marsiglio, W., *ed.* Fatherhood: Contemporary Theory, Research, and Social Policy. London: SAGE Publications. p. 193 - 210.)

GREY, M. 2001. Introducing Feminist Images of God. Cleveland: The Pilgrim Press. 133 p.

GRISWOLD, R.L. 1998. The History and Politics of Fatherlessness. (*In* Daniels, C.R., *ed.* Lost Fathers: The Politics of Fatherlessness in America. Hampshire: Macmillan Press LTD. p. 11 - 32.)

GROSSMAN, F.K. 1987. Separate and Together: Men's Autonomy and Affiliation in Transition to Parenthood. (*In* Berman, P.W. & Pedersen, F.A. Men's Transitions to Parenthood: Longitudinal Studies of Early Family Experience. New Jersey: Lawrence Erlaubaum Associates Publishers. p.89-112.)

GURWITT, R.L., 1995. Aspects of Prospective Fatherhood. (*In* Shapiro, J.L., Diamand M.J. & Greenberg, M., *eds.* Becoming a Father. New York: Springer Publishing Company. p. 294 - 315.)

GUTHRIE, D. 1981. New Testament Theology. England: Inter-Varsity Press. 1064 p.

GUTHRIE, D., MOTYER, J.A., STIBBS, A.M. & WISEMAN, D.J. 1970. The New Bible Commentary Revised. Leichester: Inter-Varsity Press. 1310 p.

HADLEY, D.M. 1999. Masculinity in Medieval Europe. London: Addison Wesley Longman Limited. 285 p.

HAMMER, M.L. 1994. Giving Birth: Reclaiming Biblical Metaphor for Pastoral Practice. Kentucky: Westminster/John Knox Press. 226 p.

HAWKINS, A.J., CHRISTIANSEN, S.L., SARGENT, K.P. & HILL, E.J. 1995. Rethinking Fathers' Involvement in Child Care (*In* Marsiglio, W., *ed.* Fatherhood: Contemporary Theory, Research, and Social Policy. London: SAGE Publications. p. 41 - 56.)

HOCHSCHILD, A,R. 1995. (a) The second shift: Employed women are putting in another day of work at home. ( *In* Kimmel, M.S. & Messner, M.A., *eds.* Men's Lives: Massachusetts: A Simon and Schuster Company. p. 443 - 447.)

HOCHSCHILD, A,R. 1995. (b) Understanding the future of fatherhood: The 'daddy hierarchy' and beyond. (*In* Van Dongen, M.C.P., Frinking, G.A.B. & Jacobs, M.J.G., *eds*. Changing Fatherhood: An Interdisciplinary Perspective. Amsterdam: Thesis Publishers. p. 219 - 230.)

HOEKSEMA, H. 1976. Reformed Dogmatics. Michigan: Reformed Free Publishing Association. 917 p.

HOWE, L.T. 1995. The Image of God: A Theology for Pastoral Care and Counseling. Nashville: Abingdon Press. 187 p.

HYMAN, J.P. 1995. Shifting Patterns of Fathering in the First Year of Life: On Intimacy Between Fathers and Their Babies. *(In* Shapiro, J.L, Diamand, M.J. & Greenberg, M., *eds*. Becoming a Father. New York: Springer Publishing Company. p. 155 - 165.)

JEREMIAS, J. 1971. New Testament Theology. Volume One. London: SCM Press Ltd. 330 p.

JOHNSON, L.T. 1999. The Writings of the New Testament: An Interpretation. Minneapolis: Fortress Press. 694 p.

JORDAAN, W. 2005. Hier kom 'n nuwe seksuele orde: Wat word van eeue oue identiteite? *Rapport*: 3, Januarie 16.

JUNG, C.G. 1985. The Significance of the father in the destiny of the individual, (*In* Samuels A., *ed*. The Father: Contemporary Jungian Perspectives. London: Short Run Press Ltd. p. 229 - 247.)

KNIBIEHLER, Y. 1995. Fathers, patriarchy, paternity . (*In* Van Dongen, M.C.P., Frinking, G.A.B. & Jacobs, M.J.G., *eds*. Changing Fatherhood: An Interdisciplinary Perspective. Amsterdam: Thesis Publishers. p. 201 - 217.)

KNIJN, T. 1995. Towards post-paternalism? Social and theoretical changes in fatherhood. (*In* Van Dongen, M.C.P., Frinking, G.A.B. & Jacobs, M.J.G., *eds*. Changing Fatherhood: An Interdisciplinary Perspective. Amsterdam: Thesis Publishers. p. 1-20.)

KüNG, H.1978. Does God Exist? Oxford: University Press. 839 p.

LAMB, M.E. 1986. The Changing Roles of Fathers. (*In* Lamb, M.E., *ed.* The Father's Role: Applied Perspectives. New York: John Wiley & Sons Inc. p.3-28.)

LAMB, M.E. 1995. (a) Paternal influences on child development (*In* Van Dongen, M.C.P., Frinking, G.A.B. & Jacobs, M.J.G., *eds*. Changing Fatherhood: An Interdisciplinary Perspective. Amsterdam: Thesis Publishers. p. 145 - 157.)

LAMB,M.E. 1995. (b) The Changing roles of fathers. *(In* Shapiro, J.L, Diamand, M.J. & Greenberg, M., *eds*. Becoming a Father. New York: Springer Publishing Company. p.18 -35.)

LAMB, M.E. 1997. (a) The Development of Fathers-Infant Relationships. (*In* Lamb. M.E., *ed.* The Role of the Father in Child Development. New York: John Wiley & Sons Inc. p. 104 - 120.)

LAMB, M.E. 1997. (b) Fathers and child development: an introductory Overview and Guide. (*In* Lamb, M.E., *ed.* The Role of the Father in Child Development. New York: John Wiley & Sons Inc. p. 1 - 18.)

LAMB, M.E., PLECK, J.H. & LEVINE, J.A. 1986. Effects of Paternal Involvement on Fathers and Mothers. (*In* Lewis,R.A. and Sussman, M.B., *eds.* Men's Changing Roles in the Family. New York: The Haworth Press. p. 67 - 83.)

LaROSSA, R.1995. Fatherhood and Social Changes. ( *In* Kimmel, M.S. & Messner, M.A., *eds.* Men's Lives: Massachusetts: A Simon and Schuster Company. p.448 - 460.)

LASSEN, E.M. 1991 The father image in imperial propaganda and 1 Corinthians 4:14 - 21, *Tyndal bulletin* 42(1):127 - 136.

LAVINE, T.Z. 1989. From Socrates to Sartre: the philosophic Quest. New York: Bantam Books. 426 p.

LEMAIRE, T. 1978. Over de waarde van kulturen. Baarn: Uitgeverij Westland Schoten. 509 p.

LOUW. D.J. 1998. A Pastoral Hermeneutics of Care and Encounter: A Theological design for a basic theory, anthropology, method and therapy. Cape Town: Lux Verbi. 506 p.

MANDER,G. 2001. Fatherhood today: variations on a theme. *Psychodynamic Counselling* 7.2 , 140(1):158(18) May 2001.[ ISSN 1353-3339 print/ISSN 1470-1057 online © 2001 Taylor & Francis Ltd. http://www.tandf.co.uk/journals. DOI: 10.1080/135333300110041255.] [Datum van gebruik: 20 Junie 2003]

MARCIANO, T.D. 1986. Why Are Men Unhappy in Patriarchy? (*In* Lewis, R.A. & Sussman, M.B., *eds.* Men's Changing Roles in the Family. New York: The Haworth Press. p.17 - 30.)

MARSIGLIO, W., *ed.* 1995. Fatherhood: Contemporary Theory, Research, and Social Policy. London: SAGE Publications. 320 p.

MCFAGUE, S. 1982. Metaphorical Theology. Model of God in Religious Language. Philadelphia: Fortress. 145 p.

MILLS, M.E. 1998. Images of God in the Old Testament. Londen: Cassell Wellington House. 159 p.

MOUTON, J., *red.* 1987. Wetenskapbeelde in die geesteswetenskappe. Pretoria: RGN-Drukkery. 251 p.

MOUTON, J., *red.* 1988. Metodologie van die geesteswetenskappe: Basiese begrippe. Pretoria: RGN-drukkery. 303 p.

NELL, E. 2002. Die gebruik van metafore in Pastorale terapie met spesifieke verwysing na die vadermetafoor in die Bybel. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat (Skripsie - M.A. Teologie.) 96 p.

NIELSEN, J.T. 1978. Het Evangelie Naar Mattheüs. Volumes 2. Nijkerk: G.J. Callenbach. 267 p.

OSHERON, S. 1995. The "New" Father - and the Old: Understanding the Relational Struggle of Fathers. *(In* Shapiro, J.L., Diamand, M.J. & Greenberg, M., *eds.* Becoming a Father. New York: Springer Publishing Company. p. 198 - 209.)

OSIEK, C. & BALCH, D.L. 1997. Families in the New Testament World: Households and House Churches. Kentucky: Westminster John Knox Press. 329 p.

OZMENT, S. 1983. When Fathers Ruled: Family life in Reformation Europe. London: Havard University Press. 238 p.

PALKOVITZ, R.J. 2002. Involved fathering and men's adult development: provisional balances. New York: Lawrence Erlbaum Associates. 308 p.

PALOMBA, R. 1995. New Fathers: Changes in the family and emerging policy issues. (*In* Van Dongen, M.C.P., Frinking, G.A.B. & Jacobs, M.J.G., *eds*. Changing Fatherhood: An Interdisciplinary Perspective. Amsterdam: Thesis Publishers. p. 183 - 196.)

PEDERSEN, F.A. 1987. Introduction: A Perspective on Research Concerning Fatherhood. (*In* Berman, P.W. & Pedersen, F.A. Men's Transitions to Parenthood: Longitudinal Studies of Early Family Experience. New Jersey: Lawrence Erlaubaum Associates Publishers. p.1-12.)

PIETERSE, H.J.C. 1994. Metateorie as wetenskaplike benadering in die praktiese teologie. *Praktiese Teologie In Suid Afrika*, 9(1): 93-100.

POLLACK, S.W. 1995. A Delicate Balance: Fatherhood and Psychological Transformation - A Psychoanalytic Perspective. (*In* Shapiro, J.L, Diamand, M.J. & Greenberg, M., *eds*. Becoming a Father. New York: Springer Publishing Company. p. 316 -331.)

POPENPOE, D. 1998. Life Without Father. (*In* Daniels, C.R., *ed*. Lost Fathers: The politics of Fatherlessness in America. London: MacMillan Press Ltd. p. 33 - 49.)

PUTMAN, W. 1998. Gods beelden en levensverhaal: een onderzoek met behulp van de Waarderingstheorie en zelfkonfront. Tilburg: Tilburg University Press. 229 p.

REINHARTZ, A. 1999. Introduction: "Father" As Metaphor In The Fourth Gospel. (*In* Reinhartz, A., *ed*. *Semeia 85*. Atlanta: The Society of Biblical Literature. p.1-10.)

RICOEUR, P. 1974. "Fatherhood": From Phantasm to Symbol: in The Conflict of Interpretations: Essays in Hermeneutics. Evanston: Northwestern University Press. 512 p.

ROBINSON, B.E., & BARRET, R.L, 1986. The Developing Father: Emerging roles in Contemporary Society. New York: The Guilford Press. 224 p.

SACHS, B. 1995. Breadwinner. *(In* Shapiro, J.L., Diamand, M.J. & Greenberg, M., *eds*. Becoming a Father. New York: Springer Publishing Company. p. 60.)

SAWYER, D.F. 2002. God, Gender and the Bible. New York: Rouledge. 184 p.

SHAPIRO, J.L, DIAMAND, M.J. & GREENBERG, M., *eds*. 1995. Becoming a Father. New York: Springer Publishing Company. 381 p.

SHECKET, P. 1995. Support for Fathers: A Model for Hospital-Based Parenting Programs. *(In* Shapiro, J.L., Diamand, M.J. & Greenberg., M., *eds*. Becoming a Father. New York: Springer Publishing Company. p. 135-143.)

SHULMAN, S. & SEIFFGE-KRENKE, I. 1997. Fathers and Adolescents: Developmental and clinical perspective. London: Routledge. 249 p.

SMAIL, T.A. 1983. The Forgotten Father. London: Hodder and Stoughton. 189 p.

STAINES, G.L.1986. Men's Work Schedules and Family Life. (*In* Lewis, R.A. & Sussman, M.B., *eds.* Men's Changing Roles in the Family. New York: The Haworth Press. p.43 - 65.)

STEPHEN, F, 2002. Afterwords: the personal in gender, culture and psychotherapy. New York: Palgrave. 168 p.

SULLIVAN, R. 2000 Family futures: issues in research and policy.Die artikel was sy lesing gelewer by die Sewende Konferensie van die Instituut vir Familie Studies in Australië. *Family Matters* , 58(4):46 - 51, Autumn.

THOMPSON, G.G, 2000. Proclaiming the gospel to postmodernists. Potchefstroom: PU vir CHO, (Thesis submitted in fulfilment of the requirements for the degree of Philosophiae Doctor in Practical Theology - 144 p.)

VAN DER WATT. J., *red.* 2003. Die Bybel A-Z. Paarl: Christelike Uitgewersmaatskappy Vereeniging. 1102 p.

VAN DONGEN, M. 1995. Men's aspirations concerning child care. The extent to which they are realised. (*In* Van Dongen, M.C.P., Frinking, G.A.B. & Jacobs, M.J.G., *eds.* Changing Fatherhood: An Interdisciplinary Perspective. Amsterdam: Thesis Publishers. p. 91 -105.)

VENTER, C.J.H. 1993. Basisteoretiese perspektiewe op kommunikasie in die bediening. *In die Skriflig*, 27(2):247 - 260.

VISAGIE, I.J.H. 1986. Modelle en Teologiese Kognitiwiteit. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch. (Verhandeling - M.A.) 209 p.

VISSER'T HOOFT, W.A. 1982. The Fatherhood of God in an Age of Emancipation. Geneva: World Council of Churches. 163 p.

WOLFF, H.W. 1974. Anthropology of the Old Testament. Philadelphia: Fortress Press. 293 p.

WOLSON, P. 1995. Some reflections on Adaptive Grandiosity in Fatherhood. (*In* Shapiro, J.L, Diamand, M.J. & Greenberg, M., *eds*. Becoming a Father. New York: Springer Publishing Company. p. 286 - 293.)

ZERFASS, R. 1974. Praktische Theologie als Handlungwissenschaft (*In* Klosterman, F. & Zerfass, R. reds. Praktische Theologie heute. Muchen: Kaiser.)

## 5.10. BYLAAG: VRAELYS

### A *PERSOONLIKE GEGEWENS*

1. Ouderdom
2. Kwalifikasies:
   2.1. Hoogste graad van Skoolopleiding
   2.2. Naskoolse opleiding
3. Huidige Beroep

### B *HUWELIK*

4. Huwelikstaat
5. Huweliksdatum
6. Indien geskei:datum van egskeiding
7. Kinders: Ouderdomme en geslag

### C *OUERHUIS*

8. Hoeveel kinders was julle in die gesin?
9. Wat was jou rangorde?
10. Hoe het jy jou ouers se huwelik beleef?
11. Vertel my meer van jou pa en jul verhouding?
12. Het die ervaring van jou eie vader se vaderskap ten opsigte van jou as kind op enige manier 'n uitwerking gehad op hoe jy jou vaderskap verstaan en uitleef?

### C DIE UITWERKING VAN VADERSKAP OP JOU LEWE

13. Hoe oud was jy toe jy jou eerste kind gehad het?
14. Vertel my iets oor die vooraf beplanning en aanloop tot jou vaderskap?
15. Watter praktiese veranderinge het in jou lewe plaasgevind as gevolg van die feit dat jy 'n vader geword het?

16. Is daar enige praktiese take in die fisiese versorging van jou kinders waarby jy betrokke is?
17. Dra jy en jou lewensmaat eweveel verantwoordelikheid ten opsigte van die fisiese versorging van jul kind(ers)?
18. Was die verdeling van verantwoordelikhede altyd so of het dit en hoekom het dit verander?
19. Watter taak vind jy die moelikste om te verrig wanneer dit kom by die fisiese versorging van jou kind(ers)?
20. Het jou vaderskap enige veranderinge meegebring oor hoe jy oor jouself voel en dink?
21. Watter tipe emosies het jou vaderskap by jou tot gevolg gehad?
22. Het jou vaderskap enige veranderinge meegebring oor hoe jy oor die toekoms dink?
23. Het die gevolge van jou vaderskap enige invloed of veranderinge ten opsigte van jou werk meegebring. Oor jou jy oor jou werk voel, die voordelige of nadelige uitwerking wat dit op jou werk gehad het?
24. Watter tipe veranderinge het jou vaderskap tot gevolg gehad ten opsigte van jou verhouding met jou lewensmaat?
25. Watter tipe veranderinge het jou vaderskap tot gevolg gehad ten opsig van jou siening van jou eie ouers en vader?
26. Watter tipe veranderinge het jou vaderskap tot gevolg gehad ten opsigte van jou vriendekring?
27. Het jou vaderskap enige veranderinge tot gevolg gehad ten opsigte van jou betrokkenheid by jou gemeenskap en kulturele aktiwiteite?

D JOU BESKOUING VAN VADERSKAP

28. Behoort die fisiese versorging van kinders gelyk op tussen 'n vader en 'n moeder verdeel te word Wat is jou opinie?
29. Is daar sekere take ten opsigte van jou kinders wat net 'n pa kan doen?
30. Is daar sekere dinge ten opsigte van jou kinders wat net 'n pa behoort te doen?
31. Is daar sekere take ten opsigte van jou kinders wat net 'n ma kan doen?
32. Is daar sekere take ten opsigte van jou kinders wat net 'n ma behoort te doen?
33. Beskryf hoe jy die rol van die vader sien?
34. In alledaagse taal, wat behels dit om 'n goeie vader te wees?

35. Wat beskou jy as 'n vader se belangrikste take?
    - ten opsigte van sy kinders?
    - ten opsigte van vrou?
36. Is daar enige iets uit jou agtergrond of verlede wat ek behoort te weet om jou as vader beter te verstaan?
37. Hoe het jy geleer om 'n vader te wees?

E JOU VADERSKAP EN GODSIENS

38. Beskou jy jouself as 'n Christen?
39. Hoe gereeld lees jy Bybel?
40. Hoe sou jy die kwaliteit van jou gebedslewe beskryf?
41. Het vaderskap jou ingesteldheid ten opsigte van godsdiens verander?
    - In terme van jou geloof?
    - In terme van jou godsdienstige optrede en uitleef van jou oortuigings?
42. Het vaderskap jou morele uitkyk op sake verander?
43. Hoe sou jy die kwaliteit van jou betrokkenheid by jou plaaslike gemeente beskryf?
44. Tot watter mate beïnvloed jou verhouding met die Here soos jy Hom leer ken vanuit die Bybel jou alledaagse lewe?
45. Het jou vaderskap enige verandering by jou tot gevolg gehad ten opsigte van jou siening van God die Vader?
46. Wat verstaan jy onder metaforiese taalgebruik?
47. Aanvaar jy dat beelde oor God soos herder, koning, vredevors, ens metaforiese spreke oor God is?
48. Is die verwysing na God as Vader 'n metaforiese spreke oor God? (Verduidelik jou siening)
49. Is God 'n man?
50. Wanneer jy dink aan God as 'n Vader watter tipe gedagtes kom by jou op?
51. Wanneer jy dink aan God as 'n Vader, watter tipe emosies ervaar jy?
52. Noem eienskappe van God se Vaderskap? Met ander woorde: Watter kenmerke het God dat Hy 'n Vader genoem word?
53. Het jy al daaraan gedink dat 'n mens 'n vergelyking tussen jou eie vaderskap en God se Vaderskap kan trek?

54. Is daar enige eienskappe van God se Vaderskap wat jy sou wou toepas en deel wou maak van die manier waarop jy vandag 'n vader is en wil wees? Noem en bespreek hulle.
55. Vandat jy 'n vader is, het jou ervaring van God en opinie oor God verander?

F. AFRONDING

56. Het jy enige laaste gedagtes oor vaderskap? Dinge wat ons nie bespreek het nie, maar wat jy tog dink belangrik is ten opsigte van vaderskap?
57. Het jy enige vrae of opmerkings ten opsigte van hierdie onderhoud? Enige voorstelle hoe om hierdie onder houd beter en makliker te maak?